

**HOLISTIESE EVANGELISASIEBEDIENING AAN DIE ARMES**

**DEUR**

**JOHN DUDLEY GREYVENSTEIN**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**Magister Artium (Teologie)**

in die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor Malan Nel

Julie 2004

MET OPREGTE DANK AAN JESUS CHRISTUS MY VERLOSSER, WAT MY  
IN MY MIDDELJARE GEROEP HET, EN IN DIE PROSES DEURLOPEND  
TOERUS OM AS SY DIENSKNEG BETROKKE TE WEES IN 'N HOLISTIESE  
EVANGELISASIEBEDIENING AAN DIE ARMES

## SAMEVATTING

### 1 Agtergrond en ondersoek

Daar is op grond van die probleemstelling naamlik: ***Gebrek aan en/of ontbreking van holistiese evangelisasieprojekte aan armes in gemeentes*** besluit om die saak aan die hand van literatuurstudies asook 'n empiriese studie verder te ondersoek en regulerende stappe voor te stel na aanleiding van die bevindinge. Bosch (1979:227) vat die essensie van wat tydens die literatuurstudie bevind is goed saam, wanneer hy sê dat woordgetuie en daadgetuie nie teenoor mekaar gestel mag word nie, want God se woord is 'n klankvolle daad en God se daad is 'n sigbare en tastbare woord. Van die mees insiggewende bevindinge van die empiriese studie is dat baie min lidmate aktief by evangelisasie en by barmhartighedsaksies (holistiese evangelisasie) betrokke is. Alhoewel gemeentes lidmate oplei in evangelisasie en in barmhartighedsaspekte, bly die meeste van hulle nie langer as een jaar daarby betrokke nie.

### 2 Regulerende Stappe

Daar is besluit om die voorstelle vir die regulerende (strategiese) fase binne die beginsels van die gemeentebouproses te doen, en 'n sistemiese benadering is gevolg. Dit beteken dat die bediening van holistiese evangelisasie beskou word as subsisteem van al die ander bediening van die kerk, en dat die meeste beginsels van gemeentebou wat op die makrovlak van die gemeente van toepassing is, ook op die subsisteem holistiese evangelisasie van toepassing is. Voor daar met die fisiese motivering, ontvriësing en missieformulering (Fase 1) begin kan word, is dit noodsaaklik dat daar eers iets oor die kerk en armes en armoede gesê word. Elke gemeente kan na gelang van omstandighede self besluit hoe die toeligting van die besondere tema gedoen moet word, asook wie die teikengroep/e moet wees. Tydens die Gemeente-analise (Fase 2) is dit noodsaaklik dat toepaslike vrae gevra word om die gemeente se profiel van holistiese evangelisasie weer te gee. Dit moet aspekte dek soos of lidmate daarvoor opgelei is, spesifieke gawes / belangstellingsveld, ens. Volgens Nel (1994:164, 165) is dit verder ook belangrik dat bepaalde faktore behandel moet word, soos byvoorbeeld sosiologiese, demografiese, en ekonomiese faktore wat 'n invloed op die bepaalde gemeente kan hê. Die inligting wat ingesamel word tydens die opstelling van die gemeenteprofiel (interne gegewens) en die situasie en omgewingsdiagnose (eksterne gegewens) moet nou as 't ware dialoog begin voer en

met mekaar in verband gebring word. Wat die Strategiebeplanning en -implementering (Fase 3 en 4) betref, moet aspekte soos die gemeente se swak en sterkpunte, omskrywing van geïdentifiseerde behoeftes en probleme, spesifisering van die missie, formulering van doelwitte, aksiestappe ter bereiking van doelwitte, en strategiese program met tydskedules, metodes, bronne en verantwoordelike persone, aangespreek word. Dit is belangrik dat doelwitte deur gemotiveerde lidmate op 'n georganiseerde wyse beplan en uitgevoer word. Dit is dan laastens in Fase 5 (Evalueer, stabiliseer en proses herhaling) belangrik dat die gemeente in sy gemeentebouproses deurlopend evalueer of hy ten opsigte van holistiese evangelisasie nog op koers is. Hierdie evaluering moet met gereelde intervalle plaasvind, maar ten minste formeel een keer per jaar.

## SUMMARY

### 1 Background and investigation

Using the Problem statement as a basis, namely the *Need for and/or lack of holistic projects for the evangelisation of the poor in congregations*, it was decided to investigate the matter, utilising both literature studies and an empirical study, and to suggest regulatory steps in accordance with the conclusions arrived at. Bosch (1979:227) summarises the essence of the findings of the literature study by stating that verbal witnessing (verbal attestation) and witnessing by actions (active attestation) should not be set opposite one another, because the Word of God is a deed full of sound, and God's action is a visible and concrete word. One of the most informative findings of the empirical study is that very few members of the congregation are actively involved in evangelisation and acts of compassion (holistic evangelisation). Although congregations train their members in evangelisation and in aspects of compassion, most of them do not remain involved for longer than one year.

### 2 Regulatory Steps

It was decided to follow the suggestions for the regulatory (strategic) phase using the principles of the congregation-building process, and a systemic approach was followed. This means that the ministering of evangelisation is considered a sub-system of all other ministries of the church, and that most of the principles of congregation-building that apply to the macro level of the congregation, will also apply to the holistic evangelisation sub system. Before one can start with the physical motivation, defrosting, and mission formulation (Phase 1), however, it is essential that something first be said about the church, poor people, and poverty. Each congregation should decide for itself, according to circumstances, how the specific theme should be elucidated, and who should be the target group(s). During the Analysis of the Congregation (Phase 2), it will be essential that questions be asked in order to obtain information on the profile of the congregation regarding holistic evangelisation. This should cover aspects such as whether members of the congregation have been trained in these aspects, and what their specific gifts / fields of interest, etc., are. According to Nel (1994:164, 165), it furthermore is also important that specific factors be covered, for example sociological, demographical, and economical factors which may

exert an influence on the specific congregation. The information gathered during the drawing-up of a profile of the congregation (particulars of internal factors) and during the diagnosis of the situation and environment (particulars of external factors) now need to be related to one another, and a dialogue should be started between the two sets of factors. Regarding Strategy Planning and Implementation (Phases 3 and 4), aspects such as the congregation's weak and strong points, definition of identified needs and problems, specification of the mission, formulation of aims, actions taken to reach aims, and strategic programmes with time schedules, methods, sources, and persons responsible, need to be addressed. It is important that aims be planned and carried out by motivated members of the congregation in an organised way. Lastly, it is important that, in Phase 5 (Evaluation, stabilisation, and repetition of the process), the congregation in its congregation-building process, constantly evaluate whether it is still on track with regards to holistic evangelisation. This evaluation should take place at regular intervals, but should occur formally at least once per year.

**HOOFSTUK 1: BESTEK VAN NAVORSING**

1	Inleiding	18
1.1	Navorsingsprobleem	18
1.1.1	Formulering van die hoofprobleem	18
1.1.2	Probleemstelling	19
1.1.3	Onderliggende probleme met navorsingsdoele	19
1.1.3.1	Skerp verdeling in kommissie doelwitte	19
1.1.3.2	Onbetrokkenheid van lidmate	20
1.1.3.3	Opleidingsprogramme	20
1.2	Hipotese	21
1.3	Tema	21
1.4	Aanleidende faktore	21
1.5	Grense van navorsing	21
1.5.1	Plek binne die gemeente	21
1.5.2	Bestek van probleemareas	22
1.6	Navorsingsdoel	22
1.7	Veld van Praktiese Teologie	23
1.8	Navorsingsmetodiek	23
1.8.1	Inleidende opmerkings	23
1.8.2	Metodiek	23
1.8.2.1	Agtergrond	23
1.8.2.2	Model en konsepte	24
1.8.2.3	Toepassing van metodiek in hierdie navorsing	25
1.8.2.3.1	Hermeneutiese benadering	25
1.8.2.3.2	Empiriese navorsing	26
1.8.2.3.3	Regulerende (Strategiese) perspektief	26
1.8.2.3.4	Toepassing van proses	27
1.9	Relevansie van navorsing	27
1.10	Konseptualisering	27
1.11	Opbou van die verhandeling	28

<b>DEEL 1:</b>	<b>HERMENEUTIESE FASE (LITERATUURSTUDIE):</b>	
	<b>BYBELSTEOLOGIESE PERSPEKTIEWE</b>	
<b>HOOFSTUK 2:</b>	<b>BYBELS-TEOLOGIESE FUNDERING VIR EVANGELISASIE</b>	
2.1	Evangelisasie in perspektief	29
2.1.1	Beskrywing van die begrip “evangelisasie”	29
2.1.2	Sending versus evangelisasie	32
2.2	Probleme met evangelisasie	34
2.3	Ou Testamentiese motivering vir evangelisasie	35
2.4	Nuwe Testamentiese motivering vir evangelisasie	36
2.4.1	Agtergrond	36
2.4.2	Opdrag vanuit Nuwe Testament om evangelie te verkondig	38
2.5	Die Drie-enige God en evangelisasie	44
2.5.1	God as die God wat stuur	44
2.5.2	Evangelisasie volgens Jesus	46
2.6.3	Werking van die Heilige Gees in evangelisasie	46
2.5.3.1	Agtergrond	46
2.5.3.2	Aktiwiteite deur die Heilige Gees bewerk	48
2.5.3.3	Die Heilige Gees se werk in verhouding tot evangelisasie	48
2.5.3.3.1	Die Heilige Gees en die groot opdrag	48
2.5.3.3.2	Die krag van die Heilige Gees	49
2.5.3.3.3	Die Heilige Gees en kommunikasie	49
2.5.3.3.4	Die Heilige Gees en bekering	49
2.5.3.3.5	Die Heilige Gees en leiding	50
2.5.3.3.6	Die Heilige Gees en gebed	50
2.6	Wese en plek van evangelisasie	50
2.7	Motiewe vir evangelisasie	51
2.7.1	Motivering om evangelie te verkondig	51
2.7.2	Verbondsherstel	53
2.7.3	Koning en Koninkryk	53
2.7.4	Opdrag van Jesus	53
2.7.5	Omgee vir ander	53
2.7.6	Eer van God	54
2.7.7	Vergifnis van sonde	55
2.7.8	Debat oor negatiewe en positiewe motiewe	55
2.8	Doel van evangelisasie	56



2.8.1	Redding tot dissipelskap	56
2.8.2	Redding tot diens	57
2.8.3	Redding tot lidmaatskap van die kerk	58
2.8.4	Verkondig volle konsekwensie van evangelie	58
2.8.5	Verkondig hoop en geloof	59
2.9	Teiken vir evangelisasie	59
2.10	Aard en omvang van die evangelie	61
2.11	Die verkondigers van die evangelie	62
2.12	Effektiwiteit van evangelisasie	64

**HOOFSTUK 3: DIE KERK (GEMEENTE) AS GOD SE EVANGELIS**

3.1	Inleiding	65
3.2	Kerk as geroepenes van Christus: Die getuienistaak	69
3.2.1	Agtergrond	69
3.2.1.1	Stigting van die kerk uit 'n Ou Testamentiese gesigspunt	70
3.2.1.2	Kerkwording vanuit 'n Nuwe Testamentiese gesigspunt	70
3.2.2	Die getuienistaak van die kerk (instrument om die evangelie te verkondig	71
3.2.3	Die kerk, die getuienistaak en die Heilige Gees	77
3.2.4	Die kerk se getuienistaak en sy verhouding tot die wêreld	78
3.2.5	Hindernisse in die kerk vir evangelisasie	80

**HOOFSTUK 4: BYBELS-TEOLOGIES BEGRONDING VIR HOLISTIESE****EVANGELISASIE**

4.1	Inleiding	86
4.1.1	Bepaalde perspektiewe	86
4.1.2	Die drie-enige God en holistiese evangelisasie	89
4.1.2.1	God die Vader is die oorsprong en vervulling van holistiese evangelisasie	89
4.1.2.2	Jesus Christus, die model vir holistiese evangelisasie	90
4.1.2.2.1	Inleiding	90
4.1.2.2.2	Aard en karakter van Jesus se diens	91
4.1.2.3	Die Heilige Gees as die een wat holistiese evangelisasie bemagtig	93
4.2	Die kerk en holistiese evangelisasie	94
4.3	Die verhouding tussen woord en daad (Holistiese evangelisasie)	97
4.4	Spanninge tussen woord- en daadverkondiging	99
4.5	Bedoeling van holistiese evangelisasie	100
4.6	Bybels-teologiese fundering vir diens (Diakonia) van barmhartigheid	101
4.6.1	Agtergrond	101
4.6.2	Diakonaat	102
4.6.2.1	Agtergrond	102
4.6.2.2	Ontwikkeling en tendense van die diakonaat	103
4.6.3	Diens (Diakonia)	104
4.6.3.1	Kenmerk van diakonia	104
4.6.3.2	Diakonia as reaksie op die gekruisigde Jesus	105
4.6.3.3	Diakonia en koinonia	106
4.6.4	Barmhartigheid	107
4.6.4.1	Inleidende opmerkings	107
4.6.4.2	Barmhartigheid en God	108
4.6.4.3	Barmhartigheid en Christus	110
4.6.4.4	Barmhartigheid en die Heilige Gees	112
4.6.4.5	Motiewe vir barmhartigheid	113
4.6.4.6	Barmhartigheidsdiens en die koms van die Here	113
4.6.5	Die gemeenskaplike liefdesverpligting van die gemeente	113
4.7	Diensevangelisasie	120
4.8	Evangelisasie en sosiale betrokkenheid	123
4.9	Verhouding tussen die kerklike en staatgeoriënteerde evangelisasie en diens van barmhartigheid	126

**DEEL 2: EMPIRIESE STUDIE****HOOFSTUK 5: BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN RESULTATE VAN HOLISTIESE EVANGELISASIE IN GEMEENTES EN SAMEWERKING MET ANDER INSTANSIES SOOS WELSYNSORGANISASIES**

5.1	Inleiding	128
5.2	Bespreking van empiriese ondersoek: Voorbereiding en keur van teikengroep en inwin van inligting	128
5.2.1	Ondersoek by gemeentes	128
5.2.1.1	Vraelys vir gebruik by gemeentes	128
5.2.1.2	Loodsstudie by gemeentes	129
5.2.1.3	Seleksie van gemeentes, uitstuur en inwin van vraelyste	129
5.2.2	Ondersoek by welsynsorganisasies	131
5.2.2.1	Vraelys vir gebruik by welsynsorganisasies	131
5.2.2.2	Seleksie van welsynsorganisasies, uitstuur en inwin van vraelyste	131
5.3	Bespreking van bevindinge van empiriese ondersoek	131
5.3.1	Gemeentelike besonderhede	131
5.3.1.1	Evangelisasie: algemeen	131
5.3.1.1.1	Motiewe	132
5.3.1.1.2	Opleiding in en volhoubare betrokkenheid by evangelisasie	132
5.3.1.1.3	Teikengroepe	135
5.3.1.2	Diens van barmhartigheid	135
5.3.1.2.1	Bevindinge	136
5.3.1.2.2	Betrokkenheid	136
5.3.1.2.3	Teikengroepe	137
5.3.1.3	Totale bediening: Diens van barmhartigheid en evangelisasie	137
5.3.1.3.1	Wyse van funksionering	138
5.3.1.3.2	Belangrikste bediening	139
5.3.1.4	Holistiese bediening aan armes	139
5.3.1.4.1	Frekwensie	139
5.3.1.4.2	Kernaksies	140
5.3.1.4.3	Samewerking	141
5.3.1.4.4	Terrein	142
5.3.1.4.5	Belangstelling in model	142
5.3.2	Bevindinge van ondersoek gedoen by welsynsorganisasie	143

5.3.2.1	Oogmerk van welsynsorganisasies	143
5.3.2.2	Bedieninge onder armes	143
5.3.2.3	Kerk se betrokkenheid by welsynsorganisasies	144
5.3.2.4	Die Staat se betrokkenheid by welsynsorganisasies	145

<b>DEEL 3:</b>	<b>REGULERENDE FASE</b>	
<b>HOOFSTUK 6:</b>	<b>ONTWIKKELING VAN 'N GEÏNTEGREERDE HOLISTIESE EVANGELISASIE BEDIENING AAN DIE ARMES</b>	
6.1	Inleiding	146
6.2	Regulerende aksies as integrale deel van gemeentebou	146
6.2.1	Agtergrond tot benadering van voorgestelde proses	146
6.2.2	Gemeentebou as 'n sistemiese benadering	148
6.3	Begrensing van primêre probleme soos tydens empiriese fase gediagnoseer	148
6.4	Voorgestelde regulerende proses	149
6.4.1	Fase 1: Motivering, ontvriësing en missieformulering	149
6.4.1.1	Inleidende notas	149
6.4.1.2	Toepaslike wyses van motivering vir holistiese evangelisasie aan die armes	151
6.4.1.2.1	Verheldering van begrip armes en armoede	151
6.4.1.2.2	Prediking, temas vir selgroepe, gemeentekonferensies	151
6.4.1.3	Formulering van 'n missie vir holistiese evangelisasie	152
6.4.2	Fase 2: Gemeente-ontleding	153
6.4.2.1	Gemeenteprofiel	154
6.4.2.2	Situasie en omgewingsdiagnose	154
6.4.2.3	Gemeentediagnose en –evaluering	155
6.4.2.3.1	Voorbeelde van algemeenste swakpunte	156
6.4.2.3.2	Voorbeelde van algemeenste sterkpunte	157
6.4.2.3.3	Enkele voorstelle vir moontlike bedreigings	157
6.4.2.3.4	Enkele voorstelle oor uitdagings	157
6.4.2.4	Agtergrondinligting vir gemeentes	157
6.4.3	Fase 3: Strategiese beplanning	158
6.4.3.1	Agtergrondinligting	158
6.4.3.2	Strategiese beplanning vir 'n holistiese evangelisasiebediening	159
6.4.3.2.1	Vasstelling van die gemeente se swak- en sterkpunte asook behoeftes en probleme	159
6.4.3.2.2	Verfyning van die missie	160
6.4.3.2.3	Formulering van doelwitte	160
6.4.4	Fase 4: Implementering van strategiese plan ter bereiking van doelwitte	161
6.4.5	Fase 5: Evalueer, stabiliseer en herhaal proses	163

**HOOFSTUK 7: SAMEVATTING VAN STUDIE**

7.1	Agtergrond	164
7.2	Doel van die navorsing	164
7.3	Benadering tot navorsing	164
7.3.1	Hermeneutiese fase	165
7.3.1.1	Die kerk as God se “holistiese” evangelis	165
7.3.1.2	Die Drie-enige God en holistiese evangelisasie	166
7.3.1.3	Gemeenskaplike (holistiese) liefdesverpligting van die gemeente	167
7.3.2	Empiriese fase	168
7.3.3	Regulerende (strategiese) fase	169
7.4	Geïntegreerde model vir holistiese evangelisasie	170
7.4.1	Fase 1: Motivering, ontvriësing en missieformulering	170
7.4.2	Fase 2: Gemeente-ontleding	170
7.4.2.1	Gemeenteprofiel	170
7.4.2.2	Situasie en omgewingsdiagnose	171
7.4.2.3	Gemeentediagnose en –evaluering	171
7.4.3	Fase 3: Strategiese beplanning	172
7.4.4	Fase 4: Implementering van strategiese plan ter bereiking van doelwitte	172
7.4.5	Fase 5: Evalueer, stabiliseer en herhaal proses	172

**BYLAE**

Bylaag A	Vraelys aan gemeentes	174
Bylaag B	Vraelys aan welsynorganisasies	180
Bylaag C	Agtergrondinligting oor die kerk, armes en armoede	181
Bylaag D	Die kerk en holistiese evangelisasie onder die armes	183
Bylaag E	Agtergrondinligting aan gemeentes wat erns met opleiding wil maak	191
Bylaag F	Voorbeeld van prakties holistiese evangelisasiebediening aan behoeftige gesinne in Jan Niemandpark, Pretoria	193



## HOOFSTUK 1: BESTEK VAN NAVORSING

### 1 INLEIDING

#### 1.1 NAVORSINGSPROBLEEM

##### 1.1.1 Formulering van die hoofprobleem

Armstrong (1979:45, 51) huldig die mening dat min kerke gereed is om hulle verantwoordelikheid van evangelisasie te aanvaar en dat die gemiddelde lidmaat nie baie entoesiasies oor evangelisasie is nie. Volgens hom is die kerk wat nie 'n missionêre kerk is nie, ook nie 'n diensknegkerk nie. Armstrong (1979:47) stel dit duidelik om 'n diensknegkerk te wees, moet die kerk:

- die mensdom van God se groot genade en liefde bewus maak, en
- die nood en lyding van mense verlig.

Daar moet 'n gesonde balans wees tussen evangelisasie en sosiale opheffing. Die twee begrippe sluit mekaar nie uit nie, en is in effek twee kante van dieselfde muntstuk. Die kerk moet as diensgemeenskap die hele mens bedien, liggaamlik sowel as geestelik. Evangelisasie wat die hele mens wil bedien kan nie die sosiale dimensie van die mens ignoreer nie (Armstrong 1979:58). Heitink (1999:305) is van mening dat min navorsing gedoen is op die gebied van die ontwikkeling van Christenskap op sosiale gebied.

Coleman (1986:60) meen die oogmerk van Bybelse evangelisasie is nie slegs om siele te red nie, maar om mense na die beeld van Jesus te transformeer. Ek stem met Coleman saam as hy sê dat die mens altwee brode van die lewe nodig het om te kan bestaan, naamlik:

- die Woord van God, en
- die materialistiese brood van die lewe.

Evangelisasie is woord en daad, anders is dit ongehoorsaamheid (Coleman 1986:155).

Die volgende bespreking vat 'n beskouing van Bosch (1979:202-204) saam:

Daar was 'n neiging in evangeliese kringe dat Christus slegs as Heer van die kerk gesien moes word en nie ook as Heer van die kosmos nie. Dit het dus in 'n groot mate gegaan om verlossing *uit* die aarde in plaas van vernuwing *op* die aarde. Onder "heiligmaking" is 'n proses van onttrekking van die wêreld verstaan en verlossing is as die vergewing van sondes gesien. Evangelisasie is gesien as die boodskap wat ewige rus of genesing bewerkstellig en nie bloot "tydelike versagting" van toestande in hierdie wêreld nie. Die verbetering van sosiale omstandighede is dus teologies irrelevant. Daar was, gepaardgaande hiermee, die foutiewe siening dat sekere sendingprogramme

soos onderwys en sending bloot 'n middel tot 'n doel was. Die aksies is nie as sending of evangelisasie beskou nie, maar bloot as aksies om die teikengroepe van evangelisasie vir die evangelie "sag" te maak. Diens is dus gesien as 'n middel om mense met die evangelie te konfronteer. Diens is dan eintlik as opsioneel beskou. Dit was nie 'n prioriteit nie, maar kon gedoen word as daar tyd daarvoor was. Dit was dus belangriker om vissers van mense te wees as wat dit was om voete te was. Daar is egter deesdae 'n poging om getuieis en diens nader aan mekaar te bring. Dit slaag egter nie altyd nie, want diens bly steeds ondergeskik aan die evangelie as iets wat agterna bygevoeg word.

Ek ondersteun Bosch (1979:206) se standpunt dat indien die evangelie aan iemand gebring word met die klem net op persoonlike verlossing of die vervulling van sy / haar persoonlike behoeftes, dit goedkoop genade is. Bosch (1979:209) sê dan verder dat:

Wanneer iemand se persoonlike vroomheid tussen hom en sy medemens gaan staan, wanneer sy godsdienstige toewysing hom vir sy naaste toesluit, wanneer die werkinge van die Heilige Gees tot die terrein van persoonlike etiek beperk word, wanneer Christenskap slegs in terme van heilige handeling op gesette tye gedefinieer word, wanneer Bybeluitsprake wat met mense se konkrete node te doen het, vergeestelik word, wanneer verlossing tot die mens se persoonlike verhouding met God beperk word, wanneer 'n persoon minus al sy verhoudinge gered word, wanneer strukturele en geïnstusionaliseerde sonde nie aan die kaak gestel word nie, het ons met 'n onbybelse eensydigheid en 'n onegte Christendom te doen.

Samevattend meen Bosch (1979:212-213) die evangelie is nie net vir die siel van die enkeling bedoel nie, maar vir die **hele** mens in die **hele** samelewing. Die kerk moet nie net in getalle (numeries) groei nie maar ook in sy onderlinge verhouding tussen lidmate en sy rol en roeping in die wêreld (geïnkarnearde evangelisasie).

### 1.1.2 Probleemstelling

Gebrek aan en/of ontbreking van holistiese evangelisasieprojekte aan armes in gemeentes.

### 1.1.3 Onderliggende probleme met navorsingsdoele

#### 1.1.3.1 Skerp verdeling in kommissiedoelwitte

Gemeentes se evangelisasie en diens van barmhartigheid word vanuit verskillende kommissies bedryf. Evangelisering konsentreer nog te veel op siele wen, en diens-van-barmhartigheid-inisiatiewe is meesal gebaseer op 'n tjekboekbenadering, met ander woorde die skenk van donasies aan liefdadigheidsorganisasies. Dit is nie geïnkarnearde diensevangelisasie nie.

**Doel:** Om die Bybelse beginsels van diensevangelisasie (“service evangelism”) na te vors en te verklaar, ten einde 'n suiwer Bybelse bedoeling van holistiese evangelisasie te vestig.

#### 1.1.3.2 Onbetrokkenheid van lidmate

Die 80/20 beginsel is ook in die kerk sigbaar. Slegs enkele lidmate is by evangelisering en die diens van barmhartigheid betrokke. Die oorgrote meerderheid is tevrede om maandeliks hulle dankoffers te gee vir die kerkraad om na goeddunke mee te handel.

**Doel:** Om na te vors of hierdie verskynsel in ooreenstemming is met die Bybelse bedoeling om getuie en dienskneg te wees en, indien nie, remediërende voorstelle te maak wat wel Bybels gefundeerd is.

#### 1.1.3.3 Opleidingsprogramme

Min kerke het werklik goeie **volhoudende** evangelisasie-opleidingsprogramme gereed. Pligte word steeds geag die verantwoordelikheid van die leraar en die kerkraad en gewillige lidmate te wees. Waar evangelisasiekursusse soos “Getroue Getuies” en “EE111” wel bygewoon word, word ondervind dat opgeleide persone nie volhoudend in evangelisasie-aksies betrokke bly nie en hulleself mettertyd uitrangeer.

**Doel:** Om die Bybelse beginsels van dissipelskap na te vors en, veral waar dit met die gawe van (geïnkarnearde) evangelisasie saamgaan, die volhoudende verantwoordelikhede te verstaan, te omskryf en voldoening te verseker.

## **1.2 HIPOTESE**

Gemeentes wat die Bybels-teologiese fundering van evangelisasie verstaan en internaliseer, is volhoudend by holistiese evangelisasieprojekte betrokke.

## **1.3 TEMA**

Bybels-teologiese beskouing van holistiese evangelisasie onder die armes in geselekteerde gemeentes in Pretoria: die ontwikkeling van 'n geïntegreerde model.

## **1.4 AANLEIDENDE FAKTORE**


Die Here het my persoonlik geroep om by dissipelmaking en evangelisasie betrokke te raak. My wye praktiese ervaring van gemeente-aktiwiteite, kerkrade en evangelisasie die afgelope 30 jaar, het my oortuig dat die probleme soos bespreek in paragrawe 1.1.3.1 tot 1.1.3.3 nie die Bybelse bedoeling van holistiese evangelisasie is nie. Hierdie gestelde probleme werk inhiberend in op die uitbreiding van God se koninkryk en ek ag dit as dringend genoeg dat dit verdere navorsing regverdig ten einde oplossings te vind en hulle dienooreenkomstig te implementeer.

## **1.5 GRENSE VAN NAVORSING**

### **1.5.1 Plek binne die gemeente (Kerk)**

Holistiese evangelisasie (evangelisasie en diens van barmhartigheid) staan nie los van die bediening van die gemeente nie. Dit is 'n integrale deel van die opbou van die gemeente.

Die hele spektrum kan diagrammaties soos volg voorgestel word:



Figuur 1: KOMMUNIKASIE VAN DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS TERWYL IN DIENS VAN GOD, MEKAAR EN DIE WÊRELD (Nel 1994:96).

### 1.5.2 Bestek van probleemareas

Daar sal op die volgende probleemareas, uitdagings en leemtes gekonsentreer word:

- Aanleidende faktore vir die kerk (gemeentes) se beperkte motivering om by holistiese evangelisasieprojekte betrokke te raak.
- Ontbreking, onvoldoende en/of oneffektiewe evangelisasie en / of die integrasie van bestaande aksies.
- Identifisering en mobilisering van bronne, intern en ekstern tot die gemeente, om holistiese evangelisering tot sy volle konsekwensie te ontplooi en in stand te hou.

## 1.6 NAVORSINGSDOEL

Soos in paragraaf 1.4 genoem, ag ek die problematiek betreffende hierdie aspek so belangrik dat dit verder nagevors moet word. Die probleme blyk uiters aktueel te wees en die doel van die ondersoek is om vas te stel of die veronderstelde probleme enige substansie het, en indien wel, remediërende aksies te identifiseer en te formuleer vir praktiese implementering en deurlopende instandhouding, met ander woorde 'n voorgestelde, geïntegreerde gemeentelike model vir holistiese evangelisasie.

## 1.7 VELD VAN PRAKTIESE TEOLOGIE

Hierdie studie hoort tuis in die Praktiese Teologie: Evangelistiek. Volgens Heitink (1999:12) word die Praktiese Teologie in drie aksiedomeins verdeel, te wete:

- Individu en sy godsdiens,
- Kerk en geloof, en
- Godsdiens en gemeenskap.

Hy noem dat die derde domein aspekte soos evangelisering, diakonia en die toerus van lidmate insluit. Hierdie navorsing word dus hoofsaaklik tot die aksiedomein van “Godsdiens en gemeenskap” beperk.

## 1.8 NAVORSINGSMETODIEK

### 1.8.1 Inleidende opmerkings

Heitink (1999:6) omskryf Praktiese Teologie soos volg: ‘Practical Theology as a theory of action is the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society.’ Die definisie word dan soos volg in ‘n praxis 1 en ‘n praxis 2 verdeel:

#### Praxis 1

Die verkondiging van die Christelike geloof (“Mediation of the Christian faith”). Hierdie verkondiging vind deur middel van kommunikasie binne bepaalde strukture plaas. Praktiese Teologie wil navors hoe die prosesse plaasvind en hoe die strukture aangepas kan word sodat die Christelike geloof optimaal verkondig kan word (Heitink 1999:8/9).

#### Praxis 2

Die praxis van die moderne gemeenskap (“the praxis of modern society”). Dit sluit die aksies, ideale, verhoudinge, doelwitte, ensovoorts, van individue en groepe in. Praxis 1 vind binne Praxis 2 plaas, en die twee kan nooit van mekaar losgemaak word nie (Heitink 1999:9).

### 1.8.2 Metodiek

#### 1.8.2.1 Agtergrond

Dit is hier eerstens belangrik dat die begrippe praxis en teorie omskryf word.

Met **praxis** word bedoel die aksies van individue en groepe in die gemeenskap, binne en buite die kerk, wat bereid is om in hulle private sowel as hulle openbare lewens deur die Christelike tradisie geïnspireer te word en wat op die verlossing van die mensdom wil konsentreer.

Heitink (1999:151) bedoel met **teorie** 'n omvattende hermeneuties-teologiese stelling wat Christelike tradisie in verhouding tot die ondervinding (lewe en aksies) van die moderne mens wil stel. Hy (Heitink 1999:152) is verder van mening dat die teorie altyd in die praktyk getoets moet word en dit verlang empiries-georiënteerde, prakties-teologiese navorsing. Die praxis moet ook deurlopend deur die teorie hersien word. Samevattend meen Heitink (1999:155) dat 'n teorie van aksie aan die volgende vereistes moet voldoen. Dit moet:


- op konkrete aksiedomeins berus,
- die konteks van die aksies en die aksies self in hulle huidige situasie analiseer met die oog op potensiaal, en
- op 'n empiriese basis berus ten einde aksiemodelle en strategieë vir die verskillende aksiedomeins te ontwikkel.

#### 1.8.2.2 Model en konsepte

Heitink (1999:163/5) onderskei drie konsepte in die metodologie van Praktiese Teologie, te wete:

- verstaan,
- verduidelik, en
- verandering.

Praktiese Teologie het “verandering” as doelwit en dit gee die strategiese riglyne vir transformering. Dit word diagrammaties soos volg geïllustreer:



Figuur 2: Illustrasie van die prakties-teologiese metodologie (Heitink 1999:163/5)

Die **hermeneutiese sirkel** verteenwoordig die interpretasie van die menslike aksie volgens Christelike tradisie.

Die **empiriese sirkel** verteenwoordig die analisering van die menslike aksie volgens feite en potensiaal.

Die **regulerende sirkel** verteenwoordig die ontwikkeling van aksiemodelle en strategieë vir die verskillende aksiedomeins.

Hierdie drie perspektiewe moet in verhouding tot mekaar beskou word.

### 1.8.2.3 Toepassing van metodiek in hierdie navorsing

#### 1.8.2.3.1 Hermeneutiese benadering

Die fokus is hier op die **wat** en **hoekom** van evangelisasie en daar sal eerstens skriftuurlik ondersoek ingestel word na die Bybelse beginsels vir 'n holistiese siening van (geïnkarneerde) evangelisasie. Toepaslike literatuurstudie sal ook uitgevoer word ten einde na te vors wat die mening van die onderskeie outeurs in hierdie verband is. Hierdie eerste twee fases van die ondersoek is hoofsaaklik teoreties van aard en daar



sal dus deskriptief te werk gegaan word om sekere beginsels en die essensie van die probleem te beskryf.

#### 1.8.2.3.2 Empiriese navorsing

Ek stem met Heitink (1999:221) saam dat empiriese navorsing die “wie doen wat” met die “waar” en “wanneer” verbind asook dat navorsing in Praktiese Teologie nie by die hermeneutiese fase kan ophou nie. Dit moet wel ook “verduidelik” hoe die “verstaan” -element van dit wat nagevors word, in die Christelike tradisie oftewel die praktyk vergestalt word.

Soos genoem, is daar wisselwerking tussen die drie sirkels. Die inligting soos deskriptief beskryf in die “verstaan” -element van die hermeneutiese benadering, moet nou met empiriese navorsing aangevul word om die uitvoering daarvan in die praktyk te verduidelik. Kwantitatiewe tegnieke sal toegepas word, wat op semi-gestruktureerde vraelyste gebaseer sal wees. Die gestelde hipotese sal getoets word nadat die bevindinge gedurende hierdie proses geanaliseer en verwerk is. Die empiriese navorsing sal hoofsaaklik beperk word tot die volgende organisasies:

- geselekteerde gemeentes in Pretoria, en
- welsynsorganisasies, byvoorbeeld die Christelike Maatskaplike Raad (CMR).

Bevindinge sal getabuleer en grafies voorgestel en verwerk word om tot ‘n gevolgtrekking te kom.

#### 1.8.2.3.3 Regulerende (strategiese) perspektief

Praktiese Teologie wil as ‘n teorie wat die Christelike geloof aan die praxis van die moderne gemeenskap verkondig, poog om verandering deur middel van bestuur en regulering te bewerkstellig. Die “wie doen wat” moet nou met die “hoe” en “intensie” verbind word. Strategiese aksie wil metodies volgens plan te werk gaan (Heitink 1999:202). Die Bybel doen ‘n dringende beroep op die mens tot bekering en verandering. Praktiese Teologie wil as normatiewe dissipline hierdie verandering as sy doelwit stel (Heitink 1999:204). Een van die eienskappe van die regulerende sirkel is dat dit dit wat verkeerd is, wil regstel. Die patroon kan dan tipies soos volg lyk: definisie van die probleem, diagnose, plan, ingryp en evaluasie (Heitink 1999:212).

#### 1.8.2.3.4 Toepassing van proses

Die voorgenoemde proses is soos volg in hierdie navorsing toegepas:

i) Hermeneutiese fase:

Die Bybels-teologiese fundering van holistiese evangelisasie is ondersoek en deskriptief beskryf.

ii) Empiriese fase: Hoe hierdie beginsels in die praktyk in gemeentes verstaan en uitgevoer word.

iii) Strategiese fase: 'n model is ontwikkel waarvolgens:

- metodies te werk gegaan is om die probleme en tekortkominge wat geïdentifiseer is te analiseer,
- doelwitte gestel word om in ooreenstemming te kom met die Bybelse-teologiese beginsels;
- strategiese beplanning gedoen word met die oog op implementering, deurlopende evaluering en regstellende stappe.

### 1.9 RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING

Die resultaat van die navorsing behoort die kerk opnuut te laat besin oor sy opdrag tot holistiese evangelisasie en die noodsaaklikheid daarvan juis in hierdie eeu waar maatskaplike probleme steeds toeneem.

### 1.10 KONSEPTUALISERING

#### 1.10.1 Holistiese evangelisasie

Dit is evangelisasie in sy volle konsekwensie, naamlik woord en daad. (Jesus het nie net die Woord verkondig nie, maar ook siekes gesond gemaak, brood gegee en uiteindelik sy lewe.

#### 1.10.2 Diens van barmhartigheid (diakonia)

Die diens moet in terme van die dienswerk van Christus verstaan word. Ons lees in Markus 10:45: "Want die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense". Barmhartigheid moet in terme van God se groot barmhartigheid of goedgesindheid verstaan word. Dit moet die mens tot diens van mededeelsaamheid, genade en ontferming aanspoor.

## 1.11 OPBOU VAN DIE VERHANDELING

Hoofstuk 1	:	Bestek van navorsing
<b>Deel 1</b>	:	<b>Hermeneutiese fase (Literatuurstudie)</b> <b>Bybels-teologiese perspektiewe</b>
Hoofstuk 2	:	Bybels-teologiese fundering vir evangelisasie
Hoofstuk 3	:	Die kerk (gemeente) as God se evangelis
Hoofstuk 4	:	Bybels-teologiese begronding vir holistiese evangelisasie
<b>Deel 2</b>	:	<b>Empiriese ondersoek</b>
Hoofstuk 5	:	Bespreking van die empiriese ondersoek en resultate ten opsigte holistiese evangelisasie in gemeentes en samewerking met ander instansies soos welsynsorganisasies.
<b>Deel 3</b>	:	<b>Strategiese (regulerende) aksies</b>
Hoofstuk 6	:	Ontwikkeling van 'n geïntegreerde holistiese evangelisasie bediening aan die armes
Hoofstuk 7	:	Samevatting van studie
Bylaes		

## DEEL 1: HERMENEUTIESE FASE (LITERATUURSTUDIE): BYBELS- TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE

### HOOFSTUK 2: BYBELSE TEOLOGIESE FUNDERING VIR EVANGELISASIE

#### Matteus 28:19 – 20

*“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”*

#### 2.1 EVANGELISASIE IN PERSPEKTIEF

##### 2.1.1 Beskrywing van die begrip “evangelisasie”

Evangelisasie is afgelei van die Griekse woord euaggelion, wat in die Nuwe Testament “goeie nuus” beteken. DuBose (1983:116,118,122-123,128) is van mening dat evangelisasie die werk is om die goeie nuus te verkondig. Volgens hom is die Nuwe Testamentiese model van evangelisasie, “geïnkarnearde evangelisasie” en is die diepste betekenis hiervan om teenwoordig te wees. Hy stel dit egter duidelik dat teenwoordigheid en kommunikasie nie die volle wese van evangelisasie omsluit nie. Hy bevestig verder dat evangelisasie in die Nuwe Testament omvattende kommunikasie, naamlik woorde en daede, vereis. Volgens hom het Jesus die volmaakte voorbeeld van geïnkarnearde evangelisasie as “Gestuurde” van God gedemonstreer. Ek stem ook met hom saam dat die evangelisasie van die Christen ten diepste in Christus gewortel is en dat Christene natuurlik eerstens diensknegte moet wees alvorens hulle diens kan gaan doen.

Bosch (1991:1) sluit by die sturgedagte van DuBose aan in die volgende stelling: “The term “mission” presupposes a sender, a person or persons sent by the sender, those to whom one is sent, and an assignment.” Hy meen verder dat met die stelling aanvaar word dat die een wie stuur, die gesag het om te stuur.

DuBose (1983:122-123,128) maan Christene om te besef dat evangelisasie nie altyd op suksesse uitloop nie en dat hulle baie maal verwerping en vyandige gesindhede en gevare te wagte kan wees. Selfs Paulus en Jesus was nie hiervan uitgesluit nie. Ek vind aanklank met sy siening dat pogings om evangelisasie slegs aan die kommunikasie van die goeie nuus te koppel waarby daede uitgesluit is, nie in lyn is met Nuwe Testamentiese evangelisasie nie.

Vir Schutte (1998:38) is evangelisasie om na ander in die liefde van Jesus uit te reik, met hulle te identifiseer, vir hulle om te gee, en jou geloof op so 'n wyse met hulle te deel dat hulle vrywilliglik daarop reageer en 'n begeerte het om as 'n dissipel God te vertrou, lief te hê, en te gehoorsaam en lidmaat van die gelowige gemeenskap te word. Dit is verder vir Schutte (1998:32) belangrik dat die kerk moet beseef dat sy evangelisasie-arbeidsveld nie net buitgemeentelik is nie, maar dat die kerk ook as getuie na homself moet draai, omrede daar die sogenaamde post-Christelike heidendom binne die kerk is. Hy stel dit ook duidelik dat die gemeente wat nie 'n evangeliserende gemeente is nie, self evangelisasie nodig het (Schutte 1998:33). Hy huldig verder die mening dat die wêreld van die kerk verwag om die "soeker" en "vreemdeling" raak te sien en met liefde te akkommodeer. Hy meen dat die getuie se doel in evangelisasie nie is om te bewys dat Jesus Christus die Seun van God is nie, maar eerder om deur sy optrede te wys dat hy glo dat Jesus God se Seun is.

Guder (1985:8-40, 48) is van mening dat die missie van die kerk is om die werke van redding wat God in Jesus begin het, te voltooi. Hy sê die boodskap wat verkondig moet word, is die goeie nuus van God wat in Jesus mens geword het en tussen ons kom woon het. Volgens hom is die boodskappers die kerk, wat as liggaam van Christus, sy getuies moet wees. Hy meen verder dat dit slegs moontlik is om getuies van God se verlossing te wees, as die kerk Jesus se inkarnasie verstaan en sy rol om dit te verkondig. Hy beklemtoon ook dat die kerk sy missie moet verstaan in terme van 'n mensdom wat van sy Skepper vervreem is, en tog deur die Skepper in liefde uitgekies is. Hy meen verder dat die bedoeling van God se verlossingsplan is om die mens met Hom te herenig en dat God sekere mense uitverkies het om sy opdragte uit te voer tot redding van almal. God het aanvanklik vir Israel vir die taak uitgekies en later, sedert die Nuwe Testament, alle gelowiges. Indien die geroepenes nie insig in hierdie roeping het nie, kan hulle onder die wanindruk kom dat die verlossing net vir hulle bedoel is. Diegene wat deur God geroep is beleef ook die voordele van hulle roeping en dit is 'n voorreg om God te ken en in sy liefde en genade te deel. Om gered te wees is nie net 'n voorreg nie maar bring ook 'n verantwoordelikheid mee. God se werke word nie noodwendig deur oorweldigende magsvertoon gekenmerk nie. Dit is 'n geloofsaak om te sien en te hoor wat God doen en God kies meesal die mees onwaarskynlike mense om sy werk te doen. Dit gaan oor wie Jesus is en wat God deur Hom vermag het. Guder (1985:8-40, 48) beklemtoon dat Jesus sy dissipels voorberei het om sy evangelie te verkondig en sy kerk te bou, en in aansluiting hierby meen hy dat die kerk deur God geseën word om vir die wêreld tot seën te wees en 'n draer van die goeie nuus te wees. Hy stel dit verder dat Jesus nie net sy dissipels geroep het om vissers

van mense te wees nie, maar dat Hy hulle ook vir die vernedering en glorie van die taak toegerus het. Die dissipels moes beseft dat hulle nie in die wêreld waarheen hulle gestuur is sou inpas nie, en dat hulle hul kruis sou moes opneem indien hulle Jesus wou volg en verkondig. Die dissipels se boodskap kon nie van hulle as mense en hulle lewenswyse geskei word nie. Jesus het dus nie sy dissipels opgelei om goeie kommunikeerders te wees nie maar betroubare getuies. Hulle totale lewenswyses moes gesag aan hulle getuie gee. Hy (Guder) voel dus sterk dat die fundering vir evangelisasie is dat die liggaam van Christus kanale moet wees waardeur die werk van Christus uitgevoer kan word. Die evangelie moes en moet as't ware gestalte kry in die liggaam van Christus.

Guder (1985:48) dui aan dat dit volgens Handeling 17 duidelik is dat die evangelie 'n radikale boodskap sou wees en dat dit lewens sou verander. Dit is 'n taak wat nie in mense se eie krag sou kon plaasvind nie, en God het dieselfde Heilige Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, beloof om Christene toe te rus om die boodskap te verkondig. Die verkondiging van die evangelie is dus duidelik 'n uitvloeisel van God se opdrag en nie 'n strategie wat deur die mens bedink is nie. Die Gees sou hulle transformeer om getuies te wees van wat hulle self beleef het. Die getuie wat gelewer moes word is beskou as 'n geïnkarnearde getuie. Dit is om aan almal van Christus se teenwoordigheid in die wêreld te getuig. Hulle moes alle grense en kulture oorbrug om dit te kon doen.

Volgens Guder (1985:136-138) is evangelisering slegs moontlik omdat God dit so deur die werking van die Heilige Gees bestem het. Dit is 'n aksie wat tot vandag toe nog nooit opgehou het nie. Dit is nie net moontlik om die evangelie te verkondig nie maar ook om dit effektief te doen. Die evangelie kan dus verstaanbaar verkondig word en is vir almal beskikbaar en nie net vir die intellektueles nie. Dit moet geloof in alle nasies bewerk. Samevattend is hy van mening dat die effektiwiteit van evangelisasie nie in die sukses wat dit behaal, gemeet kan word nie. Jesus het gewaarsku dat daar verskillende reaksies sou wees op die aanhoor van die evangelie. Dit sal in verskillende tipes grond val met verskillende resultate maar tog sou daar uiteindelik 'n groot oes wees. Hy maan ter afsluiting dat Evangeliste kan net so min geloof wek as wat die boer groei in sy gesaaides kan bewerk. Die mens saai maar God maak nat en laat groei.

Volgens Miles (1986:i) definieer Billy Graham, die wêreldberoemde evangelis, evangelisasie as die aanbieding van die **hele Christus** deur die **hele kerk** aan die **hele mens** in die **hele wêreld**. Evangelisasie en maatskaplik-sosiale betrokkenheid is twee kante van die dieselfde muntstuk, en as die een kant van die muntstuk ontbreek, het die muntstuk sy waarde verloor. Miles (1986:i) beskou evangelisasie en

maatskaplik-sosiale betrokkenheid as't ware as bloedbroers. Hy het 'n verdere mening dat 'n individueelgerigte evangelie sonder 'n maatskaplik-sosiale betrokkenheid 'n siel sonder 'n liggaam is en maatskaplik-sosiale evangelie sonder 'n individueelgerigte evangelie 'n liggaam sonder 'n siel is. Die een is spook en die ander 'n lyk.

Miles (1986:ii) haal Robert Hamblin, hoof van die Southern Baptists aan, wat homself soos volg oor evangelisasie uitspreek:

I feel social ministry and evangelism are inseparable. I've never believed social ministry is evangelism, but social ministry can and should be evangelistic. Neither do I believe we should do social ministries to evangelize. We should do social ministries because we love people and want to meet their needs.

Kraus (1980:14-15) se benadering is dat elke ding wat die kerk doen, nie evangelisasie is nie. Evangelisasie is 'n unieke identifiseerbare aktiwiteit. Dit sentreer rondom die verhouding met Jesus Christus en die reaksie van geloof, naamlik die verbintenis aan Christus en sy kerk. Hy stel dit duidelik dat liturgie, opleiding en diens van barmhartigheid almal elemente het van evangelisasie, maar nie op sigself evangelisasie is nie. Evangelisasie is nie net om van Jesus te getuig nie. Die getuie moet die verhaal met homself identifiseer asook die persoon teenoor wie daar getuig word.

Samevattend stem ek saam met Miles (1986:14-15) dat evangelisasie beskou kan word as 'n onderneming van die koninkryk van God. Dit sluit elemente in soos om te bestaan, om te doen en om te vertel, veral om te vertel van God se regering oor die totale heelal in en deur Jesus Christus. Hy (Miles) meen die doel is dan om mense en strukture deur die krag van die Heilige Gees sodanig te verander dat hulle Jesus as Here erken. Met hierdie benadering word evangelisasie as die werk van die Heilige Gees gesien. Hy is die inisieerder van evangelisasie. Die evangelie is soos 'n tweesnydende swaard, en maak nie verskoning om alle mense te dissipeleer nie.

### 2.1.2 Sending versus evangelisasie

Daar gaan nie in hierdie verhandeling gepoog word om die verskillende standpunte oor evangelisasie en sending te verdedig nie. Die klem word in hierdie verhandeling deurlopend op die term "evangelisasie" geplaas, aangesien dit oor holistiese evangelisasie gaan wat die verkondiging van die goeie nuus in **woord** en **daad** is. Dit is vir duidelikheidshalwe tog noodsaaklik dat bepaalde sieninge in hierdie verband beskou word.

Bosch het reeds in 1979 (1979:13) beweer dat daar in die vorige eeu hoofsaaklik klem gelê is op die term “sending”. Volgens hom was dit veral die geval in kringe wat nou verbonde was aan die Wêreldraad van Kerke. Die gebruik het geswaai van of skaarsheid van die term tot die oormatige gebruik daarvan. Alles soos byvoorbeeld gesondheids- en welsynsdienste, jeugprojekte, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling, en die bekamping van rasisme, waarby die kerk betrokke was, is as sending geklassifiseer. Bosch (1979:12) huldig die mening dat indien alles wel sending is, dan is niks meer sending nie. Gedurende die middel-sewentigs het die begrip “evangelisasie” wat tot op daardie stadium verwaarloos was, weer opgang gemaak in ekumeniese kringe. Dit was veral te danke aan die klem wat die Internasionale Kongres oor Wêreldevangelisasie in Julie 1974 in Lausanne, daarop gelê het. Daar was volgens hom veral na die Wêreldraad van Kerke se byeenkoms in Nairobi van November tot Desember 1975 ‘n neiging om sending en evangelisasie in dieselfde asem te noem. Die enigste onderskeid was dat daar tussen die voorwerpe (teikengroepe) onderskei is. Hy meen verder dat daar ook ‘n geografiese onderskeid getref was in die sin dat sending gemik was op verafgeleë plekke, en evangelisasie op die onmiddellike omgewing. Volgens Bosch (1979:13-15) was daar ook ander sieninge, naamlik dat die onderskeid eerder moet wees dat sending betrekking het op heidene en evangelisasie “nie meer Christene”. Die Rooms-Katolieke handhaaf blykbaar steeds die benadering. Hy noem ook ‘n derde mening, naamlik dat die twee terme eintlik sinonieme is, en dat geen onderskeid, hetsy geografies of teologies, gemaak moet word nie. Die trek van grense en klassifisering van die verskillende Christelike groepe is in elke geval nie so ‘n eenvoudige taak nie en die voorgenoemde onderskeid is dus nie altyd suiwer, of selfs moontlik nie.

Kuiper (1961:7) sluit aan by die debat, maar meen dat die verkondiging van die evangelie aan heidene in verafgeleë lande net so geregtig is op die term evangelisasie as wat die verkondiging van die evangelie aan ‘n mens se bure is.

Bosch (1979:19-21) stel egter ook ‘n alternatiewe benadering voor om die twee begrippe te definieer, naamlik om dit nie op geografiese of teologiese beginsels te onderskei nie. Sy siening is dat beide sending en evangelisasie te make het met die feit dat die kerk die grense van die wêreld oorsteek. Sending het te make met die oorsteek van grense want dit beskryf die totale taak van die kerk in opdrag van God. Dit gaan om die heil van die wêreld. Die kerk het nie net met sending te make nie, maar moet “binne-buite” gerig wees. Sending is die getuienis van die hele kerk om die hele evangelie aan die hele wêreld met woord en daad te verkondig. Met die stelling in ag genome, word evangelisasie dan geag as die wesenlike dimensie, oftewel die kern van die Christelike sending tot die wêreld. Indien evangelisasie teologies verstaan



word, bevat dit 'n element van uitnodiging. Die barmhartige en genadige God nooi die individu uit. Die kernelement is die uitnodiging tot dissipelskap. Dit het soos sending met die oorsteek van grense te doen, maar die oorsteek van die grens van ongeloof na geloof.

Al die voorgenoemde benaderings het voor-en nadele in die definiëring van sending en evangelisasie. Sover dit hierdie verhandeling aanbetref, is my benadering nie om die een of ander definisie of mening soos dit in die literatuur gevind word, aan te hang nie. My mening is dat die twee begrippe sinoniem is in wese en funksie, en dit word dan ook as sodanig aangewend. Dit is veral noodsaaklik om dit as sodanig te hanteer, ten einde die volle Bybels-teologiese fundering van "sending" of te wel "evangelisasie" te verstaan. Anders gestel, is dit uiters noodsaaklik om die sending of "stuurgerigheid" van God, Jesus en die Heilige Gees te verstaan ten einde die volle impak van evangelisasie te verstaan.

## **2.2 Probleme met evangelisasie**

Dit is vir Guder (1985:144-149) 'n probleem dat Christene opgelei word om gesprekke te manipuleer ten einde 'n geleentheid vir getuienislewering te skep. Volgens hom plaas hierdie soort evangelisering min klem op die verhouding tussen die getuie en die hoorder. Die klem is hoofsaaklik om 'n geleentheid te skep dat 'n getuieis gelever kan word en in opvolging dat die hoorder 'n besluit moet neem sodat 'n siel gered kan word. Alhoewel die beginsel van evangelisering is dat elke Christen te alle tye sal getuig, moet daar gewaak word dat die getuieis nie van die fisiese optrede van die getuie self geskei word nie. Hierdie metodiek kan die klem te veel plaas op evangelisasie as 'n tower formule vir siele wen, met min verwysing na die doel hoekom mense gered moet word. Die heerskappy van die Here moet tog in die etiese, politieke, sosiale en ander optredes van die mens vergestalt word. Christene se verkondiging van die evangelie moet ook deur hulle dade en optredes ondersteun word. Die evangelie moet in die getuie se lewe vergestalt word, sodat dit nie net gehoor word nie, maar ook gesien word. Dit is geïnkarnearde evangelisasie. Jesus het hierdie beginsel van geïnkarnearde evangelisasie goed gedemonstreer, want sy getuieis en dade het met mekaar ooreengestem. Dit is moeilik om die evangelie onder mense te verkondig waar daar in hulle omstandighede en probleme gedeel moet word, en ook jou lewe met hulle te deel. Dit is baie makliker om van die studeerkamer na die preekstoel te gaan om die Woord te verkondig maar dit is nie geïnkarnearde evangelisasie nie.

## **2.3 OU-TESTAMENTIESE MOTIVERING VIR EVANGELISASIE**

Schutte (1998:26) meen dit mag voorkom dat God in die Ou Testament net in Israel belang gestel het en dat Hy van die ander nasies vergeet het. Dit is egter nie die geval nie, want God is ook hulle regverdige Regter. Israel word in die Psalms en deur die profete opgeroep om God te eer. God het ook van hulle gehoorsaamheid gevra en daarom die aanbidding van afgode so sterk veroordeel. Hy beklemtoon die Bybelse beginsel dat Israel slegs tydelik ter wille van die verlossingsplan van God afgesonder is. Alle nasies sou tog nageslag van die vader van alle nasies word en hierdie belofte kry in die Nuwe Testament en ook nou sy beslag. Israel kon slegs op God se genade reken, wat 'n groot eer maar ook 'n verantwoordelikheid vir hulle meegebring het. Israel het nie opdrag gehad om uit te beweeg en met missionêre werk besig te wees nie. Hulle opdrag was eerder om so te leef as bewys dat God in hulle midde teenwoordig was (Schutte 1998:27).

Brueggemann (1993:37) het 'n interessante benadering vir sy motivering van evangelisasie vanuit die Ou Testament. Hy aksentueer twee aspekte vir sy benadering te wete:

- dat evangelisasie is eintlik 'n: "*three-scene drama* in which each scene must be kept distinct from the others."
- Dat die drama van evangelisasie beslis nie afgehandel is nie, en dat dit in al sy fasette herhaal moet word.

Dit is vir hom 'n saak van erns dat evangelisasie nie as afgehandel beskou moet word sodra die boodskap verstaan word nie. Dit is altyd iets wat in die tye van afvalligheid, wanpersepsie en vervreemding herhaal moet word.

Brueggemann (1993: 39) verdeel die drama in die volgende drie tonele:

- i) Die (versteekte) oorwinning van God (en Jesus) oor die bose,
- ii) Die aankondiging van die oorwinning, en
- iii) Die toe-eiening van die oorwinning in die werklike lewe.

Vervolgens is 'n kort oorsig van twee van die drie tonele wat Brueggemann (1993:48-93) as motivering van evangelisasie vanuit 'n Ou Testamentiese perspektief skets:

Brueggemann (1993:48) noem sy **eerste toneel**: "Outsiders Become Insiders." Hierdie toneel speel af teen die agtergrond van Josua 24 waar Josua die volk by Sigem toegesprek het en hulle gemaan het om te kies wie hulle wil dien. Die keuse was tussen die afgode van die voorvaders of die Here. Indien hulle die Here sou kies moes hulle nie verder toelaat dat die afgode hulle denke en / of identiteit beïnvloed nie (Brueggemann 1993:65). Volgens Brueggemann (1993:70) is hierdie gebeure in

Josua 24 belangrik omrede dit 'n "kaart" is van hoe die Kanaäniete en ander buitestaanders, Israëliete geword het, met ander woorde deelgenote van die verbond van God. Daar word steeds vandag soortgelyke omstandighede soos in daardie dae ondervind. Volgens hom is die benadering wat Josua gevolg het 'n basis vir hoe evangelisasie vandag toegepas kan word. Buitestaanders (ongereddtes) kan steeds uitgenooi word om deel te word van die binnekring (gereddtes) wat die ewige lewe het.

Brueggemann (1993:71) se **tweede toneel** speel af teen die titel: "Forgetters Made Rememberers." Volgens hom is dit 'n algemene tendens dat buitestaanders 'n teiken vir evangelisasie is. Daar moet egter nie vergeet word nie van die "insiders" wat afgedwaal is en ongevoelig teenoor hulle redding staan. Hierdie tweede toneel konsentreer dan daarop om hierdie afgedwaalde "insiders" te evangeliseer. Hy verwys in hierdie verband na die feit dat persone soos Moses en Jeremia terdeë besef het dat 'n mens nie van die weldade van God moes vergeet nie. Dit was (is) egter ook waar dat, sodra dit met die mens goed (ge)gaan het, hulle maklik van God vergeet (het). Israel het in sulke tye maklik die gebooie van God vergeet. Brueggemann (1993:90) glo dat daar vandag 'n groot probleem van vergeetagtigheid onder mense is en dat dit 'n oorsaak is dat die kerk nie die nodige energie aan sending spandeer nie. Volgens hom is dit slegs die oordenking aan God en sy weldade wat die mens nog aanspoor om barmhartig te wees en te aanbid. Brueggemann (1993:91) skets die toneel teen die agtergrond van Nehemia 8 waar Esra by die Waterpoort die wet aan die volk voorgelees het. Hy meen dat Nehemia 'n model vir evangelisasie is. Mense vergeet vandag ook om God se dade te oordink en leef ook in situasies waar geloof maar swak is. Die mens is egter op 'n stadium waar 'n verlore erfenis herwin kan word. Die mense kan egter net soos in Nehemia se tyd herinner word om weer God se weldade te onthou. Dit kan egter nie binne 'n konteks van ongelowige buitestaanders gedoen word nie maar binne die konteks van gelowiges met die klem weer op gebed, samekoms van die gelowiges en die nakoming van God se voorskrifte.

## **2.4 NUWE TESTAMENTIESE MOTIVERING VIR EVANGELISASIE**

### **2.4.1 Agtergrond**

Schutte (1998:28) ondersteun die Bybelse beginsel dat die koninkryk van God inderdaad met die koms van Jesus naby gekom het, maar dat die finale totstandkoming nog in die toekoms lê. Ons leef dus tussen die alreeds en die nog nie. Matteus 24:14 verklaar dat die evangelie oor die hele aarde verkondig moet word, dan

sal die einde kom. Schutte (1998:27) bevestig dat hierdie tussentyd met sendingsaktiwiteite gevul moet word.

Dit is verder volgens Handelingte duidelik dat die vervolgte Christene gevlug het en sodoende die evangelie wyd verkondig het. Telkemale as die een persoon of persone nie gereed vir die sendingtaak was nie, het God iemand anders vir die taak geroep. Schutte (1998:30-31) skets die volgende voorbeelde in die verband, naamlik:

- Paulus se opdrag om die evangelie aan die heidene te verkondig toe die ander apostels nie daarvoor gereed was nie, en
- toe Jerusalem as gemeente nie hulle sendingtaak na behore kon uitvoer nie, het God die gemeente in Antiogië begin gebruik en Barnabas en Saulus uitgestuur.

Schutte (1998:30) verwys na die kerk in Handelingte wat grootliks sy verantwoordelikheid vir sy sendingtaak aanvaar het en dat baie mense na die kerk toe gekom het as gevolg van die nuwe lewe van die kerk.

Paulus het volgens 1 Korintiërs 9:16 geen twyfel gehad dat sy missionêre werk 'n noodsaaklikheid was nie. Paulus was diep bewus van sy afhanklikheid van God (1 Kor 16:9) en dat die boodskap van versoening aan hom toevertrou was (2 Kor 5:18). Hy het homself as 'n gesant van Christus (2 Kor 5:20) beskou deur wie God sy werk doen.

Volgens Green (1970:96, 97) was die aanknopingspunt in die vroeë kerk om die evangelie aan die Jode en heidene te verkondig, hoofsaaklik om op die lyding en die opstanding van Jesus en die vervulling van professieë te konsentreer. Die besprekings het enige plek, teenoor enigiemand, plaasgevind. Die begeerte was om die evangelie orals te verkondig, selfs aan die reisendes soos die ontmande Ethiopiër (Green 1970:98). Green (1970:113) se siening is dat dit geen maklike taak was om Jesus as gekruisigde te verkondig nie. Die Jode het 'n koning verwag wat hulle van Romeinse oorheersing sou verlos en nie iemand wat vernederend aan 'n kruis sou sterf nie. Volgens Green (1970:134-137, 177-193) dui Handelingte duidelik aan wat die strategie van evangelisering was, want na aanleiding van Jesus se opdrag is die evangelie eers in Jerusalem, toe in Palestina en Samaria verkondig, waarna dit na Antiochië, Asië, Europa en Rome uitgedra is. Die Christene wat uit Jerusalem gevlug het, het die evangelie wyd verkondig, want hulle kon nie die goeie nuus vir hulleself hou nie. Hierdie verkondiging kon natuurlik nie sonder die werking van die Heilige Gees plaasvind nie. Handelingte is deurspek van die werkinge van die Heilige Gees in die verkondiging van die evangelie.

## 2.4.2 Opdrag vanuit die Nuwe Testament om die evangelie te verkondig

Daar sal nie in hierdie gedeelte gepoog word om volledig na alle verwante Skrifdele te verwys nie, maar dit is noodsaaklik dat die begroning vir evangelisasie eerstens vanuit die Skrif belig word. Die volgende tekste word in die verband aangehaal en behandel:

### 2.4.2.1 Matteus 28:19 – 20 (Algemeen bekend as die groot opdrag)

*“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”*

Jesus se laaste woorde aan sy dissipels is om sy boodskap van verlossing en hoop aan alle mense te verkondig. Hulle moes nuwe dissipels maak, hulle doop, en leer om aan Jesus gehoorsaam te wees. Jesus verseker sy dissipels dat hy hulle nie alleen laat om die taak te doen nie en dat hy, dit is deur sy Heilige Gees, met hulle sal wees. Bosch (1991:57) is van mening dat daar oor die algemeen konsensus onder Bybeluitleërs is dat die hele evangelie van Matteus vanaf die eerste verse opbou tot hierdie laaste verse, die sogenaamde “groot sendingopdrag.” Dit is volgens hom ‘n fout om hierdie verse in isolasie van die hele Matteus te beskou. Dit moet in konteks van die hele Matteus evangelie verstaan word. Indien dit wel nie in die betrokke konteks van plasing beskou word nie, word die gevaar geloop dat dit tot ‘n blote slagspreuk verskraal word. Bosch (1991:57) vat dit mooi saam wanneer hy sê: “One thing contemporary scholars are agreed upon, is that Mathew 28:18-20 has to be interpreted *against the background of Matthew’s gospel as a whole*, and unless we keep this in mind, we shall fail to understand it.”

Stock (1994:439) stem saam met Bosch wanneer hy sê: “The Great Commission constitutes the major climax not only of the third part of Matthew’s story but also of his entire Gospel.” Stock (1994:440) beklemtoon die feit dat, alhoewel vers 17 aandui dat die dissipels getwyfel het, asook dat hulle steeds slagoffers van kleingeloof in die toekoms kon word, hulle “nonetheless undertake the worldwide missionary task to which he commissions them.” Hy wys ook uit dat al het sommige dissipels Jesus tydens die kruisiginggebeure verlaat, Jesus hulle tog weer met homself versoen en aan hulle die groot opdrag gee. Die Jode was van mening dat die kruisiging die teken was van oorwinning oor Jesus. Stock (1994:440) stel dit egter duidelik dat juis die kruisiging die verlossing vir alle volke geword het. Matteus 1:23 verwys na Immanuel (God met ons)

en Jesus kom bevestig in die laaste vers van Matteus dat sy dissipels nie alleen sal wees nie want hy sal met hulle wees tot aan die voleinding van die wêreld.

Henry (1991:1775) lewer die volgende kommentaar oor die teksdeel:

Jesus kom so naby aan sy dissipels ná sy opstanding dat hulle twyfel in sekerheid verander word. Hy het met hulle soos 'n vriend gepraat sodat hulle ten volle tevrede sou wees met die opdrag. Jesus besef dat die mense sy dissipels kon vra met watter gesag hulle optree, en daarom is sy invalshoek dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is. God het onder andere hierdie gesag aan Jesus gegee as beloning vir die feit dat hy sy lewe vir alle mense afgelê het. Elke knie sal voor Hom buig en elke tong sal bely dat hy Here is. Die Here Jesus bevestig sy gesag aan sy dissipels, sodat hulle nie meer skaam hoef te wees vir die kruis nie, maar sal besef dat Jesus dit oorwin het en verhewe is bo die kruis, sonde en die dood. Die diepste betekenis van die woord "gaan" is nie net 'n bevel nie, maar ook 'n aansporing vir die dissipels om uit te gaan en die evangelie aan die mense te verkondig. Hulle moet nou sonder enige vrees as't ware tot by die mense se huise gaan, en nie iewers staties wag dat die mense na hulle moet kom nie. Die feit dat die dissipels nou na alle nasies toe gestuur word verskil van hulle aanvanklike opdrag om net die Jode te evangeliseer. Christus se genade moet nou aan almal, ook die heidene, verkondig word en niemand is uitgesluit nie. Die dissipels moet hulle uiterste bes doen om al die nasies Christennasies te maak. Almal kan nou na God se gemeente genooi word en moet met die teken van die doop in die gemeente ingelyf word. Die doop moet in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees geskied en nie in die naam van 'n mense nie. Die bedoeling hiervan is dat dit met gesag vanuit die hemel (die Drie-enige God) moet geskied. Dit bevestig ook verder die erkenning van die Drie-eenheid. Die doping vereis aksie, en daarom moet die nuwe bekeerlinge (dissipels) geleer word, veral om ook diensbaar vir God te wees. Die lering sluit egter ook in dat die nuwe gelowiges in die wil van God onderleg moet word en moet weet hoe om dit toe te pas. Jesus bevestig ten slotte dat hy by hulle is (nie sal wees nie). Hy is deur sy Gees met hulle onder alle omstandighede, al gaan hulle deur moeilike omstandighede. Jesus is met hulle, elke dag, tot aan die voleinding van die wêreld. Hierdie belofte is ook vandag geldig vir die kerk. Ons is nie alleen in die aanslag van die duiwel nie, en sal ook nie wees totdat die nuwe bestel (wederkoms) aangebreek het nie.

Volgens Arias & Mortiner (1992:19-23) plaas Matteus die klem van sending / evangelisasie op dissipelmaking. Hy lê deurgaans groot klem op lering. Hulle mening is dan ook dat indien die Matteus-evangelie as riglyn vir evangelisasie gebruik word, moet die klem op Christelike opleiding val. Hulle beskou Christelike opleiding

gelykstaande aan evangelisasie en beveel aan dat dit evangelisties gedoen moet word. Dit beteken die evangelisering van elke geslag in die waarhede van die koninkryk, binne die gemeenskap van dissipels binne al die verskillende ondervindinge van die lewe. Hulle stel dit duidelik dat dissipels nie gebore word nie maar gemaak word. Dit is 'n lewenslange proses. Jesus se voorbeeld van dissipelmaking het egter nie net godsdienstige opleiding ingesluit nie maar ook vereis dat die mense alles geleer moes word wat hy sy dissipels geleer het. Dit het ook die praxis van die regte lewenswyse ingesluit. Die koninkryk van God is nie teoreties van aard nie maar 'n saak van leef en doen. Jesus het vereis dat vrugte gedra moet word wat by die bekering pas. Die praxis van die dissipel in die koninkryk van God het fundamenteel met die naaste, en veral die naaste in nood, te make. Jesus se opdragte en leringe het grootliks die klem op die koninkryk van God geplaas.

#### **2.4.2.2 Handeling 1:8**

Jesus het in Handeling 1:8 die volgende woorde bevestig:

*“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

Die dissipels het 'n verwagting gehad dat Jesus weer die koninkryk van Israel sou oprig. Jesus antwoord hulle egter in vers sewe dat alles, met ander woorde ook die toekoms in God se mag bepaal word en dat dit nie vir hulle nodig was om alles te weet nie.

De Villiers (1977:30) verklaar die opeenvolgende vers 8 op die volgende wyse: Die woord “maar” verbind vers agt met vers sewe, ten einde die dissipels te laat besef dat hulle nie die tye of geleenthede van die koninkryk hoef te weet nie. Wat egter wel vir hulle van belang was, was dat hulle krag van die Heilige Gees sou ontvang en Jesus se getuies sou wees. De Villiers (1977:30) meen die woorde “julle sal” is 'n voorsegging sowel as 'n bevel. Dit is volgens hom Lukas se manier om die sendingopdrag te formuleer. Die dissipels moes hulle nie oor God se hantering van die toekoms bekommer nie, maar hulle kon wel hulle taak vir die toekoms weet. Hulle sou dinge doen waarvoor hulle nie vroeër kans gesien het nie. Alles wat hulle in effek in die toekoms sou doen en sê sou saamgevat word in die begrip “getuies” vir Jesus. Hulle moes getuig van alles wat hulle saam met Jesus beleef het, maar in besonder van sy opstanding. Hy (De Villiers) meen die sendingopdrag lê ten diepste in die woorde dat hulle Jesus se getuies sou wees. Jesus stel dus ook hulle foutiewe siening reg dat hy

nie Jerusalem gaan opbou nie, maar dat hulle krag sal ontvang en dat hulle sy getuies sou wees. Vir De Villiers (1977:30) is die verwysing dat die dissipels Jesus se getuies moes wees tot in die uithoeke van die wêreld, 'n aanduiding dat die evangelie nie net vir die Jode bedoel was nie, maar vir alle volke, ook die heidene. Paulus is dan ook die apostel wat spesifiek hierdie taak op hom geneem word.

Volgens Kistemaker (1990:52) plaas Lukas in effek die tema vir die hele boek Handeling in hierdie enkele vers in perspektief. Hy is verder van mening dat hierdie teks die **belofte** van Pinkster aanspreek asook die **mandaat** om van Jesus te getuig. Wat die belofte aanbetref trek hy 'n parallel tussen Jesus en die dissipels in die sin dat, alvorens Jesus met sy bediening begin het en om Hom teen die aanslae van Satan te versterk, hy ook met die Heilige Gees gedoop is (verwys Mat 3:16). Die dissipels staan voor die uitdaging om die kerk van Christus te begin bou en geweldige versoekinge te beleef, en daarvoor ontvang hulle ook die belofte van die krag van die Heilige Gees. Wat die mandaat aanbetref kan die dissipels net getuies wees as die Heilige Gees in hulle woon en hulle vir die taak bekragtig. Kistemaker (1990:54) stel dit duidelik dat die mandaat egter nie net tot die dissipels beperk is nie, maar dat dit "applies first to the twelve apostles and then to all believers who witness effectively for Jesus Christ." Die twaalf het Jesus gesien en gehoor en begin om die evangelie in Jerusalem te verkondig tot in Rome. Van Rome af het die evangelie die hele wêreld bereik.

Wagner (2000:55) meen dat die evangelisasieopdrag van Hand 1:8 die vyfde opdrag in hierdie verband is. Hy verwys na Mat 28:19, Mark 16:15, Luk 24:47 en Joh 20:21 vir die ander vier Skrifdele waar die groot sendingopdrag voorkom. Volgens hom is dit behalwe in Joh 20:21, uit al die ander Skrifdele duidelik dat die sendingopdrag van Jesus 'n internasionale en globale implikasie het. Hy (Wagner 2000:57) beklemtoon dat die geweldige taak van evangelisasie nie sonder die kragtige werking van die Heilige Gees gedoen kan word nie.

Volgens Barret (2000:6) is die belofte aan die dissipels die krag wat hulle nodig sou hê om getuies te wees, wonderwerke te doen, en met gesag op te tree. Volgens hom is die verwysing na die Heilige Gees nie soseer as die derde Persoon van die Drie-eenheid nie, maar as die Gees wat die krag gee. Sy (Barret) siening dat die sending universeel is, ondersteun ook die gedagterigting van Wagner soos hierbo genoem, naamlik dat die sendingopdrag 'n internasionale implikasie het.

#### 2.4.2.3 Romeine 10:13-15



*“want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar hoe kan ‘n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: Hoe wonderlik klink die voetstap van die wat die goeie boodskap bring.”*

Volgens Henry (1991:2220) moet die geloof in die hart bestaan alvorens dit met die mond bely kan word. Die belydenis van geloof in God moet gedoen word met gebed en lofprysing. Hy (Henry) is van mening dat die essensie van die voorwaardes vir verlossing beslag kry in die feit dat die mens sy hele siel en liggaam aan God moet toevertrou / toewy. Dit siel word toegewy deur met die hart te glo en die liggaam word toegewy deur met die mond ons geloof te bely. God is die God van almal, sonder onderskeid. Dus elkeen, Jood en nie-Jood, wat die naam van Jesus aanroep, sal gered word. Henry (1991:2220) stel dit verder ook duidelik dat die geloof nie aangebore is nie, en dat die mens eers die goeie nuus moet hoor alvorens hy kan glo. Volgens hom is die prediker en die hoorder nie onderling van mekaar uitgesluit nie. Dit is vir elkeen ‘n seën om saam in die evangelie betrokke te wees in die sin dat die hoorder homself in die geloof van die prediker kan verbly en die prediker homself in die gehoorsaamheid van die hoorder. Hy stel dit duidelik dat God die God van die oes is, en dat hy arbeiders toerus en uitstuur om die oes in te bring. Die voetstap van diegene wat die goeie boodskap verkondig klink goed, want die boodskap is ‘n boodskap van vrede en versoening tussen God en mens. Evangeliste wat die goeie tyding verkondig moet ook verseker dat hulle lewens in ooreenstemming is met hulle boodskap. Die heiligheid van evangeliste kristalliseer in die mooiheid van hulle voete wat hulle dra om die goeie nuus te verkondig (Henry 1991:2221).

Hodge (1975:345) het reeds in 1975 langs dieselfde lyne as Henry gedink naamlik dat God geen onderskeid tussen Jood en heiden maak nie want beide is sondaars. Beide sal volgens dieselfde maatstawwe geoordeel en gered word. Elkeen wat dus sy toevlug na God in geloof neem, sal gered word. Hodge (1975:346) bevestig die Bybelse beginsel dat dit God se wil is dat almal gered moet word, en daarom moet die evangelie ook aan almal verkondig word. Dit is dus in God se raadsplan so bestem dat mense deur die hoor van die evangelie tot geloof kan kom en sy Naam aanroep. Hy (Hodge) stel dit dus verder duidelik dat indien God se vereiste vir redding geloof is, hy ook die middele vir die vereiste, naamlik die verkondiging van die evangeliebodskap, tot die mens se beskikking sal stel. Hodge (1975:347) sluit grootliks by Henry aan in sy kommentaar betreffende die klink van die voetstap, in dié sin dat hy dit as die

liefdevolle, heuglike gesindheid beskou waarmee die evangelis die evangelie verkondig.

Pauck (1961:296) benader die Skrifdeel eerstens vanuit die oogpunt dat die vier stellings in werklikheid ineengevleg is, en dat die een as't ware uit die ander vloei. Hy stel dit in sy woorde soos volg: "one cannot preach if one is not sent; it follows from this that one cannot hear if one is not preached to; and from this, that one cannot believe if one does not hear, and, finally, that one cannot be saved if one does not call upon God." Die kern is dus dat verlossing in God se sending gesetel is, en indien God nie self die predikers stuur nie, hulle boodskap vals sal wees en dit beter vir mense sal wees om nie hierdie vals boodskap te hoor nie. Indien hulle dit wel hoor, sal hulle geloof vals wees, en sal dit eintlik beter wees as hulle dan glad nie glo nie en God nie aanroep nie. Wat die klink van die voetstappe aanbetref is Pauck (1961:298) se invalshoek effens anders as dié van Henry en Hodge. Hy beskou dit vanuit die oogpunt dat die voetstappe mooi klink, omdat die motiewe van die predikers skoon en rein is. Hulle doen dit nie vir eie gewin nie maar slegs om gehoorsaam aan God te wees en tot redding van die aanhoorders. Hy is tweedens ook van mening dat die voetstappe mooi klink omrede die hoorders weens hulle sondige toestand eintlik begerig is om die goeie boodskap te hoor. Die goeie boodskap is natuurlik die goeie nuus van Christus se verlossing aan die kruis, en niemand sal die goeie nuus aanneem indien hy nie eerstens die goeie maar sondige dinge van hierdie wêreld ten gunste van geloof afkeur nie.

#### **2.4.2.4 Lukas 24:46-49**

*"Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' Julle is getuies van hierdie dinge. En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is."*

Bosch (1991:91) beskou die Lukasevangelie in dieselfde lig as die van Matteus, naamlik dat Lukas ook vanaf die eerste vers opbou tot 'n klimaks in die laaste vers. Hy (Bosch) se argument is dat Lukas se siening van die Christelike sending in die volgende feite belig word, naamlik:

- Dit is die vervulling van Bybelse beloftes;
- die beloftes word slegs vervul na die dood en opstanding van Christus;
- die kern van die evangelie is berou en vergifnis; en
- dit is vir alle nasies bedoel.

Dit moet deur getuies in die krag van die Heilige Gees uitgevoer word.

Groenewald (1989:278) stem saam met punt twee hierbo van Bosch as hy sê dat die “Messias moes die lydensweg kom bewandel en sterwe” en “van beslissende belang is dat Hy op *die derde dag* opgestaan het *uit die dood*.” Hy meen dat daar juis om die voorgenoemde redes bekering en vergifnis van sondes in Jesus se Naam verkondig kan word. Hy (Groenewald) beaam dat die goeie boodskap aan al die nasies verkondig moet word en die apostels het aanvanklik die taak gekry. Jesus sou egter die belofte van die Vader (die Heilige Gees) aan hulle stuur om hulle sodoende met krag van bo vir die taak toe te rus.

Talbert (1982:231) benader die teksdeel vanuit die hoek dat Lukas van mening is dat die opstanding van Jesus as’t ware weer sy (Jesus se) verhoor heropen en dat die Jode weer ‘n kans kry om Jesus as Here te erken. Hulle moet berou toon anders sal hulle van die volk van God afgesny word. Die getuienis wat oor die saak gelewer word, moet meewerk dat daar tot ander insigte gekom word. Die getuienis is egter nie net tot Jerusalem beperk nie maar is vir alle nasies bedoel. Volgens Talbert (1982:232) was die toets vir ‘n ware profeet of alles wat hy voorspel het, gerealiseer het. Weens die siening is daar gesag in hierdie opdrag van Jesus want al die profetiese woorde wat hy aangaande Homself gespreek het, is vervul. Lukas lê verder klem op die feit dat die Heilige Gees die dissipels sal toerus. Talbert (1982:232) meen dat vir Lukas daar geen evangeliese uitreik sonder die bekragtiging van die Heilige Gees kan wees nie. Sy siening is dat Jesus nie sy dissipels verlaat het alvorens hy hulle onder die beskerming van God geplaas het nie.

## 2.5 DIE DRIE-ENIGE GOD EN EVANGELISASIE

### 2.5.1 God as die God wat stuur (sendende God)

DuBose (1983:41, 42, 44, 46, 49) se benadering ten einde die teologiese begroning van sending te verstaan, word begrond in die noodsaaklikheid dat daar kennis geneem word van die wye toepassing van die term in beide die Ou en Nuwe Testamente. Hy sê dat sending in die Ou Testament veral wys op God se voorsienigheid, straf en genade. God **stuur** byvoorbeeld vir Adam en Eva uit die paradys as gevolg van die sondeval. God **stuur** engele om Sodom en Gomorra uit te wis maar **stuur** Lot en sy gesin vooruit om die verdelging vry te spring. Josef word voor sy broers na Egipte **gestuur** en die impak van hierdie gebeurtenis op die verlossing van Israel is algemeen bekend. Later **stuur** God vir Moses om die Israeliete te bevry en nog later verskeie profete om sy wil,

oordele en tog ook genade aan sy volk bekend te maak. So is die hele Ou Testament deurtrek van voorbeelde van die sendende God. In Maleagi 3:1 sluit die Ou Testament as't ware af met die belofte dat God sy BoodsAPPER (Johannes die Doper) voor Jesus sou **uitstuur**.

DuBose (1983:49-52) verduidelik die stuurgerigtheid verder soos volg:

In aansluiting by die Ou Testament begin die Nuwe Testament (Mat 11:10-15) met die boodskap van Johannes die Doper wat toe wel as boodskapper voor Jesus **uitgestuur is**. Die Nuwe Testament sit die tradisie voort van God se sending ten opsigte van sy genade, ensovoorts. Veral Johannes lê baie klem op Jesus as die "**Gestuurde**" van God. Jesus het nie gekom om sy eie wil te doen nie maar van God wat Hom **gestuur** het. In Handeling 3:20 en 26 dui Petrus dan ook aan dat God Jesus vir die verlossing van sondaars **gestuur** het. Handeling 10 lê ook klem op Jesus se **stuur** van die twaalf dissipels. Handeling 13 gaan egter voort en beskryf die sending van Paulus en die verstrooide gelowiges ten einde die evangelie te verkondig. Paulus sê dit in Handeling 18:28 waar hy aandui dat God se boodskap van verlossing na die heidennasies **gestuur** word. Paulus self het as die "**gestuurde**" bekend gestaan. Die Heilige Gees stuur ook die kerk om Paulus en Barnabas op 'n spesiale sending te **stuur**. Na Jesus se hemelvaart word die Heilige Gees as Trooster na gelowiges **gestuur**.

DuBose (1983:53-54,60) wil dan sien dat die diepste betekenis van die Bybelse **stuur** of te wel **sending** waarvan hierbo maar enkele gevalle genoem is, is dat wie ookal **gestuur** was, **gestuur** was om God se doel te bereik. Dit is duidelik dat daar altyd 'n "Krag", naamlik God, is wat **stuur**, iemand wat **gestuur** word, en 'n doel van God wat met die sending bereik moet word. Sending is dus die modus operandi van die Heilige God. Die alomteenwoordige God wil deur middel van sy sending sy genade, tereg wysings en genade betoon. Kuiper (1961:14) meen verder dat sending nie net die modus operandi van God demonstreer nie, maar ook die natuur (wese) van God asook sy doelwitte. God se sending moet dus in sy voorsienigheid, oordeel en genade beskou word. Die Drie-enige God is die outeur van verlossing. God het in sy raadsplan besluit dat hierdie verlossingsplan van Hom deur die verkondiging van die evangelie bekendgestel moes word. Volgens hom is God dus inderwaarheid die outeur van evangelisasie. Bosch (1991:10) vind aansluiting by die voorgenoemde gedagtes in sy siening dat sending God se "ja" aan die wêreld is. God se betrokkenheid in die wêreld is implisiet in sy wese. God se "ja" aan die wêreld word dan ook sigbaar in die kerk se betrokkenheid in die realiteite van ongeregtigheid, verdrukking, armoede, diskriminasie en geweld. Die sending kerk kan onmoontlik nie sy oë vir hierdie realiteite toemaak nie.

## 2.5.2 Evangelisasie volgens Jesus

Bosch (1979:241) se siening is: met God se stuur van sy Seun Jesus na hierdie wêreld, het God se bemoeienis met die wêreld 'n nuwe vorm aangeneem en dit is in wese God se laaste bemoeienis met die wêreld. Sedert Jesus se koms, sterwe, opstanding en hemelvaart kan die wêreld geen ander Verlosser meer verwag nie. Volgens hom is Jesus as gestuurde (sendeling) tegelykertyd die model en fundering vir ons sending.

DuBose (1983:66) neem die aspek effens verder, in die sin dat die Evangelies dit duidelik maak dat Jesus nie net die "Gestuurde" van God is nie maar dat hyself ook stuur. Jesus het self sy sending vanaf die Vader in verband gebring met diegene wat hy gestuur het. In Johannes 20:21 sê Jesus dat, soos die Vader Hom gestuur het, so stuur hy ook sy dissipels. Jesus het sy Gees gestuur om by gelowiges te wees na sy hemelvaart.

Bosch (1979:57-58) se siening is dat die werklike basis vir Jesus se sending gesoek moet word in sy ontferming. Hy meen dat hierdie feit Jesus onderskei van alle kontemporêre groepe soos byvoorbeeld die Fariseërs, Sadduseërs, Selote ens. Jesus het Hom tot die uitgeworpenes van die samelewing gewend sodat hy hulle die boodskap van God se ontferming kon meedeel. Hy plaas ook die klem van die eise van die wet op die liefde vir die naaste. Jesus het in al sy wonderwerke die totale nood van die mens aangespreek naamlik armoede, siekte, honger, sonde, demoniese versoekinge en bedreiging deur die dood.

Kuiper (1961:18-19) voel egter dat alhoewel Jesus die Hoof van alle sendelinge / evangeliste is, is hy in 'n klas van sy eie en niemand kan met Hom vergelyk word nie. Hy het die evangelie geskep en is ook die sentrale tema van die evangelie.

## 2.5.3 Die werking van die Heilige Gees in evangelisasie

### 2.5.3.1 Agtergrond

Kuiper (1961:18-20) meen dat die professieë van Jesus se geboorte, bediening, dood en opstanding volgens 2 Petrus 1:21 deur die Heilige Gees geïnspireer is. Dieselfde Heilige Gees het met Pinkster 'n klein groepie gelowiges bekragtig om die wêreld vir Jesus aan te durf met die verkondiging van die evangelie. Hy (Kuiper) bevestig dat die Gees vir altyd met die kerk sal wees en dat 'n tweede Pinkster dus ondenkbaar is. Die Heilige Gees roep mense vir die evangelisasietaak, rus hulle toe, en begelei hulle.

Persone wat die evangelie verkondig mag struikelblokke ondervind, maar die evangelie self kan volgens 2 Timoteus 2:9 nooit gebind word nie. Die Heilige Gees wat die Gees van waarheid is, verseker die behoud van die evangelie, want sonder hierdie behoud sou die evangelie lankal verlore gewees het. Daar sal tot aan die einde van tye altyd iemand wees wat die ware evangelie verkondig (Kuiper 1961:18-20).

Die Heilige Gees het nie vir Christus kom vervang nie maar sy teenwoordigheid is die teenwoordigheid van Christus. Die Gees sit die sending van die Seun voort. Bosch (1979:241) bevestig die Bybelse beginsel dat Jesus saam met sy sendingopdrag ook sy Gees aan sy dissipels belowe het. Volgens Bosch (1991:113) word die werking van die Heilige Gees in sending baie meer prominent in die Lukasevangelie as in Markus of Matteus se evangelies behandel. Dieselfde Gees wat Jesus vir sy bediening toegerus het, het ook die dissipels vir hulle bediening toegerus. Hy (Bosch) bevestig dan dat die Gees die dryfveer vir evangelisasie is. Van Engen & Thiersma (1994:86-87) stem inderwaarheid met die voorgenoemde siening van Bosch saam as hulle sê dat die Heilige Gees die inisieerder van sending was. Volgens hulle het die Heilige Gees diegene wat die blye evangelie in die vroeë kerk verkondig het, vooruitgegaan en 'n honger vir die waarheid in die heidene geplaas. Die Gees het die wettiese Jode voorberei om 'n evangelie van vryheid te aanvaar wat deur die opgestane Jesus aangebied is. Hulle verwys ook spesifiek na Jesus se belofte in Matteus 28:20 dat hy altyd met sy dissipels sou wees asook in Johannes 14:18 dat hy hulle nie as weeskinders sou agterlaat nie maar na hulle toe sou kom. Hulle bevestig dan dat die Heilige Gees die vervulling van hierdie beloftes is, en ook 'n bewys is dat die verrese Jesus leef en met ons is. Hierdie lewende Jesus wil steeds mense transformeer, gesondmaak en red net soos toe hy op aarde was. Petrus is 'n sprekende voorbeeld van die belofte dat die dissipels krag sou ontvang wanneer die Heilige Gees op hulle kom. Dieselfde Petrus wat Christus verloën het, en geslaap in plaas van gebid het, het manhaftig voor duisende in Jerusalem gepreek nadat hy die Gees ontvang het. Evangeliste moet nie in eie krag probeer doen wat slegs die Heilige Gees met bonatuurlike vermoë kan doen nie. Handeling 1 is vol van voorbeelde van tekens, wonders en genesings wat in die krag van die Heilige Gees gedoen is. Nuwe bekeerlinge het na Petrus se preek op Pinksterdag mekaar en God liefgekry. Hulle was nie meer onder die beheer van hulle besittings en onafhanklikheid nie. Hulle het begin om alles met hulle vriende en die noodlydendes te deel. Hulle het 'n gemeenskap begin demonstreer wat uiters noodsaaklik is vir geïnkarnearde evangelisasie (Van Engen & Thiersma 1994:86-87).

#### 2.5.3.2 Aktiwiteite wat deur die Heilige Gees bewerk is

Volgens Knoetze (2002:153-158) werk die Heilige Gees die volgende aktiwiteite in evangelisasie mee:

- Hy gee die boodskap wat aan alle mense van alle tale, volke en rasse verkondig moet word;
- Hy skep die metode, naamlik die kerk, waardeur hierdie evangelie verkondig moet word;
- Die dissipels moes vir die Heilige Gees wag alvorens hulle met hulle verkondiging kon begin. Die Gees begin sending en die mens kan dit nie in eie krag doen nie. Die Gees roep die boodskappers en rus hulle volgens Handeling 1:8 toe om die evangelie tot in die uithoeke van die wêreld te verkondig;
- Die Gees gee aan die kerk besondere gawes, charismata, in die vorm van persone en sekere vermoëns sodat God se Naam geëer kan word, gemeentes gestig kan word en die boodskap aan ongelowiges verkondig kan word;
- Die Heilige Gees oortuig van sonde en herskep sondaars;
- Die Heilige Gees maak nie net mense bekwaam vir hulle diens nie, maar werk ook mee dat gelowiges ander vir diens kan oplei.

Arias & Mortiner (1992:84) benader die saak eerstens vanuit die Johannesevangelie (20:22) waar bevestig word dat nadat Jesus sy dissipels meegedeel het dat hy hulle stuur net soos sy Vader Hom gestuur het, hy oor hulle geblaas het om die Heilige Gees te ontvang. Die Heilige Gees word in hierdie evangelie ook die Parakleet, dit is Helper, genoem. Die dissipels sou nooit alleen wees nie, want die Helper sou vir altyd by hulle wees. In Johannes is die sending van die Heilige Gees, in relasie tot Jesus, om te verheerlik, openbaar, om getuie te wees en om lewe te gee. In verhouding tot die dissipels en gelowiges was die Heilige Gees se sendingtaak dié van onderrig, herinner en lei. Laastens was die Heilige Gees se taak in verhouding tot die wêreld dié van oortuig, vermaan, verlig, en oordeel. Hierdie krag en leiding van die Heilige Gees was die waarborg vir die dissipels om hulle sending na die wêreld te doen.

### 2.5.3.3 Die Heilige Gees se werk in verhouding tot evangelisasie

#### 2.5.3.3.1 Die Heilige Gees en die groot opdrag

Watson (1976:169-171) plaas die klem weer op die Heilige Gees en die groot opdrag. Hy verwys na Jesus se stelling dat die Heilige Gees van Hom sal getuig. Die een groot doel van die Gees is dus om Christene meer effektief te maak as getuies in hulle

evangelisasietak. Jesus het self in Handeling 1:8 aan sy dissipels gesê dat hulle krag sal ontvang as die Heilige Gees oor hulle kom en dat hulle sy getuies sal wees. Die kerk het inherent die begeerte om te getuig. Dit kan ook nie anders nie omrede die Heilige Gees in die kerk woon. Dit is nie nodig om iemand aan te spoor om te getuig daar waar die Gees in so 'n persoon werksaam is nie. Geen ander motivering kan die werk van die Heilige Gees vervang nie.

#### 2.5.3.3.2 Die krag van die Heilige Gees

Dit is vir Watson (1976:171,173) bloot net nie moontlik om te probeer om van Jesus te getuig sonder die krag van die Heilige Gees nie. Dit is wel moontlik om mooi woorde te preek, maar slegs die Heilige Gees kan lewens verander. Die kragtige werking van die Heilige Gees was baie duidelik in die vroeë kerk omrede Christene, ongeag hulle omstandighede, totaal toegewyd was aan Christus asook aan mekaar.

#### 2.5.3.3.3 Die Heilige Gees en kommunikasie

Die Heilige Gees is nie net gestel op geestelike ervarings nie, maar ook oor die waarheid van die evangelie van Jesus Christus. Jesus het gesê dat hy die Gees van die waarheid is en dat hy die dissipels in die waarheid sou lei. Watson (1976:173-174) bevestig die feit dat die Gees wil sien dat die ware Woord gekommunikeer word. Die kerk wat van die Woord wil afsien en net op die Gees vertrou loop die gevaar dat skyn geestelike ervarings beleef kan word en vice versa. Die geskiedenis het bewys dat waar vernuwing deur die Gees en geesvervuldheid beleef word, dit uitloop op effektiewe evangelisasie.

#### 2.5.3.3.4 Die Heilige Gees en bekering

Volgens Watson (1976:175-177) het die vroeë Christene geweet dat hulle nie sonder die werking van die Heilige Gees iemand na Christus kon bekeer nie. Dit is alleen die Heilige Gees wat klipharde harte kan oopbreek en trotse eie wil kan verander om onder die heerskappy van Christus te kom. As die Gees nie die nuwe lewe gee nie, sou die mens in sy eie sondes verdrink het. Die beteken nie dat die persoon wat die evangelie verkondig nie eie inisiatief en insigte hoef te gebruik nie. God gebruik mense om sy werk hier op aarde te doen, maar dit word deur die Heilige Gees geïnspireer en bekragtig.



#### 2.5.3.3.5 Die Heilige Gees en leiding

Evangelisasie word baie gekortwiek omdat Christene in die verkeerde rigting werk en nie reg gelei word deur die Heilige Gees nie. Dit was 'n kenmerk van die vroeë kerk dat hulle onder die korrekte leiding van die Heilige Gees gewerk het. Hierdie leiding moet nie altyd in die bonatuurlike gesoek word nie, want die Heilige Gees lei ons ook deur die rasonale denke (Watson 1976:178-179).

#### 2.5.3.3.6 Die Heilige Gees en gebed

Die mening is dat, indien Christene in hulle evangelisasiebediening nie konstant van die Heilige Gees afhanklik is nie, hulle die gevaar loop om op hulleself te begin staatmaak. Konstante afhanklikheid van God impliseer volhardende gebed. Die Christen is in 'n geestelike stryd teen die bose van hierdie wêreld gewikkel, en daarvoor het hulle die volle geestelike wapenrusting asook gebed nodig. Selfs Paulus het besef dat dit onmoontlik is om die evangelie sonder vurige gebed te verkondig (Watson 1976:180-181).

### 2.6 WESE EN PLEK VAN EVANGELISASIE

Nel (1981:78-79) beweer dat evangelisasie ongelukkig nie die tyd en aandag in gemeentes geniet wat dit moet nie. Dit is so asof die kerk nie die noodsaaklikheid van hierdie belangrike taak besef nie en dit eintlik as die "stiefkind" van kerklike aktiwiteite behandel. Hy is van mening dat hierdie toedrag van sake moontlik toegeskryf kan word aan die onkunde wat betreffende die saak bestaan, soverre dit die betekenis, motiewe en doel van evangelisasie betref, asook die verband tussen gemeente en evangelisasie.

Nel (1981:78-79) stem saam dat evangelisasie ten diepste is om die goeie nuus van Jesus se verlossing aan die kruis te verkondig. Die evangelie is dus onlosmaaklik aan die persoon en daad van Jesus Christus gekoppel. Hierdie goeie nuus moet aan almal, gelowiges en ongelowiges, met woord en daad verkondig word. Die klem is uiteraard op persone wat vervreemd is van Christus en sy kerk, en sodoende buite kerkverband geraak het, maar nog binne die kring van die verbond is. (Nel 1981:83-84,99).

### 2.7 MOTIEWE VIR EVANGELISASIE.

#### 2.7.1 Motivering om die evangelie te verkondig.

- Green (1979:xiii –xvi) stel as motivering die feit dat die vroeë Christene vas oortuig was van die waarhede in die Skrif, en dat mense daarsonder verlore was. Die evangelie het 'n besonderse impak op hulle lewens gehad en hulle wou dit verder in andere se lewens indra. Christenskap was nie vir hulle net die beoefening daarvan vir een uur op 'n Sondag nie, maar dit het hulle totale lewens deurspek. Hy brei verder uit met die siening dat die Apostels deur die Heilige Gees aangeraak was en hulle lewens totaal daardeur verander was en dit het hulle gemotiveer om ook in ander mense se lewens in te skryf. Dit het meegebring dat die vroeë kerk gekenmerk was dat eenaars en slawe, Jode en heidene en rykes en armes tesame aan die nagmaalstafel aangesit het. Alle skeidslyne het verdwyn.
- 'n Tweede motivering volgens Green (1970:286-287) was dat die liefde wat die Apostels van God in Jesus ondervind het, 'n verdere motivering was om die evangelie te verkondig. Hulle het uitgevind en ondervind dat liefde 'n groot dryfveer in mense se lewens is en selfs Paulus het gesê dat God se liefde deur die Heilige Gees in hulle lewens uitgestort is. Evangelisering is in wese 'n motivering van wat God is, naamlik liefde, en hoe hy dit in die kruisiging en opstanding van Jesus gedemonstreer het. Die mens moet lief hê want God het hom eerste liefgehad.
- Green (1970:294-298,301) se derde motivering vir die verkondiging van die evangelie is dat die vroeë Christene gevoel het dat hulle lewens in ooreenstemming met hulle belydenis moes wees. Hulle het besef dat God se oog op hulle gerig was en hulle wou Hom behaag in alles wat hulle gedoen het. Paulus het dan ook in Kolossense 1:10 'n versoek gerig dat die mense tot eer van die Here moes lewe deur te doen wat hy verlang en vrugte moes dra deur goeie werke te doen. Paulus was verder van mening dat elke mens se goeie werke met vuur getoets sou word om vas te stel of dit op Christus as fondament gebou was en dan 'n beloning dienooreenkomstig te ontvang. Die Christene het persoonlik verantwoordelik aan God gevoel om die evangelie te verkondig.
- Ter aanvulling van die voorgenoemde motiverings meen Green (1970:301-304) verder dat Jesus self besorgd was oor die redding van mense en geglo het dat die mens homself nie kan red nie. Niemand is regverdig voor God nie. Die mens kan slegs op een van twee paaie wandel, naamlik die breë weg na die verderf of

die smal weg na die hemel. Die vroeë Christene was oortuig dat Jesus die enigste Weg na saligheid was en hulle besorgdheid oor die verlore mense was 'n belangrike motivering om die boodskap van verlossing te verkondig. Dit was deur die verkondiging van die evangelie deur hierdie besorgde Christene dat God se lig in die blinde harte van mense ingeskyn het.

- Die feit dat die vroeë kerk verwag het dat Jesus spoedig sou terugkeer was 'n dringende motivering om die evangelie te verkondig. Dit is veral in 1 Tessalonisense 1 duidelik dat daar 'n eskatologiese hoop was op die wederkoms van Christus. Die mense het hulle van afgodery bekeer en in geloof op Jesus se koms gewag (Green 1970:322).
- Guder (1985:140-144) neem die voorgenoemde motiverings van Green bietjie verder in sy siening dat evangelisasie noodsaaklik is as 'n bewys van gehoorsaamheid. Christene het steeds soos die Apostels 'n verpligting om die Vleesgeworde Woord aan die wêreld te verkondig. Mense moet die evangelie hoor en daarop reageer. Op dieselfde wyse wat kommunikasie 'n verhouding tussen twee mense bevorder, so word die verhouding tussen God en die mens deur kommunikasie van die evangelie versterk, dit is die versterking van geloof. Hy is van mening dat die mense wat van God in die Ou en Nuwe Testament getuig het, Hom geken het, en dit was uit hierdie verhouding met Hom dat hulle getuienis ontstaan het. Hy stel dit dan ook duidelik dat daar nie 'n keuse is om te evangeliseer nie, want dit is 'n noodsaaklike gehoorsaamheid aan God se opdrag. Dit is die manier hoe God sy doel wil bereik. Die voorgenoemde siening sluit aan by Paulus in die sin dat hyself hierdie noodsaaklikheid besef het en dit duidelik stel in 1 Korintiërs 9:16 dat dit 'n taak is wat hy nie uit eie keuse doen nie maar wat aan hom opgedra is. Die evangelie moet te alle tye aan al die mense regdeur die wêreld verkondig word en nie net op Sondae nie. Alle persone het nie die gawe om te preek nie maar almal het die opdrag om te getuig.

### 2.7.2 Verbondherstel

Nel (1981:104-108) meen die verbondherstel is ook 'n motivering om die evangelie te verkondig. God het Israel as verbondsvolk vir Hom afgesonder maar hulle het deur hulle afvalligheid die verbond met Hom verbreek. God kan ten spyte hiervan nie die verbond met hulle verbreek nie, want dit sal meebring dat hy met Homself in konflik kom. God het immers bepaal dat Christus uit hulle gebore sou word om die verbond te herstel. Jesus se koms, lewe en werk en sy kruisdood is tekenend van God se verbondherstel met sy volk. Sy siening is dus dat evangelisasie as motief het om diegene wat die verbond met God verbreek het, tot die verbond te herstel.

### 2.7.3 Koning en koninkryk

Die Koning en koninkryk is volgens Nel (1981:109-111) 'n verdere motivering vir die verkondiging van die evangelie. Die feit dat Jesus Christus as Koning die koninkryk naby gebring het, dien as groot motivering vir evangelisasie. Die feit dat Jesus as Koning en Here bely word, gee moed om Hom as Saligmaker en Verlosser te verkondig. Gelowiges kry deel aan die hemelse koninkryk, en koning en koninkryk is dus belangrike aspekte vir evangelisasie. Evangelisasie is om te soek dat mense die koningsheerskappy van Jesus in hulle harte toelaat.

### 2.7.4 Opdrag van Jesus

Die opdrag wat Jesus aan sy dissipels gegee het om na al die nasies heen te gaan, die evangelie aan hulle te verkondig en dissipels te maak, dien volgens Nel (1981:111-113) as 'n belangrike motivering vir evangelisasie, want dit is belangrik om gehoorsaam te wees aan die groot opdrag soos opgeteken in Matteus. 28:18–20. Die Heilige Gees bekragtig elke gelowige en maak hulle gehoorsaam aan hierdie opdrag. Gelowiges moet gehoorsaam wees aan Jesus wat die opdrag gegee het.

### 2.7.5 Omgee vir ander

Nel (1981:113-119) noem ook omgee vir ander as 'n motivering om die evangelie te verkondig. Hy grond dit op die feit dat God sy liefde in Christus in die harte van sy kinders uitstort deur die werking van die Heilige Gees. Gelowiges mag dus nie meer vir hulleself leef nie maar vir Jesus. Aansluitend hierby is ook die liefde vir die naaste. Hy voel sterk daar moet met Jesus se liefde 'n besorgdheid wees oor die verlorene van

hierdie wêreld, dit is diegene wat sonder Jesus is. Gelowiges kan nie anders om as gevolg van die liefde van Jesus wat in elkeen leef, besorg te wees oor die nood, behoeftes en verlorenheid van mense nie. Jesus, soos God, is nie net oor die saligheid van die mens besorg nie. Sy besorgdheid is allesomvattend. Jesus het nie net die geestelike brood gegee nie, maar ook die lewensbrood. Liggaam en siel was ewe belangrik vir Jesus. Die gemeente moet in sy evangelisasiebediening die mens se totale nood aanspreek. Die kerk mag nie onderskei tussen redding van die siel en redding van die mens nie.

Kuiper (1961: 99-100) sluit by hierdie siening aan en bevestig dat dit uiters noodsaaklik is dat die Christen wat die boodskap van verlossing aan die ongereddes wil verkondig (evangelisasie), gemotiveer moet word deur sy liefde vir hulle. Hy verwys na Lukas 6 waar onderskei word tussen twee tipes liefde naamlik die liefde vir vriende en die liefde vir vyande. Gelowiges moet hulle naaste liefhê omdat hulle God liefhet. Die liefde vir die vriend konsentreer hoofsaaklik op die tydelike en materialistiese welstand van die persoon, en nie noodwendig op sy geestelike en ewigheidsbestemming nie. Die verkondiger van die evangelie moet egter ook diegene wat hom vervloek en vervolg liefhê, en vir hulle bid soos wat Jesus vir diegene gebid het wat Hom aan die kruis vasgespyker het.

Kuiper (1961:101-103) meen dat indien die evangelis God en Christus liefhet, sal hy selfs in die grootste teleurstellings volhard om die evangelie te verkondig. Sy liefde vir en geloof in God sal hom motiveer om onder die moeilikste omstandighede nie moedeloos te word met die verkondiging van die evangelie nie. Vervolging sal altyd deel wees van diegene wat van Christus getuig. Deur hulle volhardende liefde vir God en hulle naaste sal die tyd aanbreek wanneer elke tong sal bely dat Jesus die Christus is.

#### 2.7.6 Die eer van God

Vir Nel (1981:119-120) gaan dit in evangelisasie ook oor die eer van God. Evangelisasie wil verlore nes red, maar dit gaan ten diepste oor die eer van God. Waar daar met evangelisasie oor die heilsmag en heilisdade van God getuig word, word hy geëer. Alle eer, heerlikheid en lof kom God toe. Kuiper (1961:114,116) wil by hierdie gedagte aansluit met sy siening dat Christene in hulle evangelisasietaak aan al die nasies, die feit verkondig dat Christus Koning en Verlosser is. Hy is nie net Koning van die kerk nie maar van die heelal in geheel. Slegs diegene wat Jesus as Verlosser aanneem sal God as Koning eer. Die redding van siele, groei van die kerk en die koms van God se koninkryk gaan alles net oor die eer van God.

### 2.7.7 Vergifnis van sonde

Paulus sê in Romeine 3:23 dat almal gesondig het en nie deel het aan die heerlikheid van God nie. Die kernprobleem van die mens is sy sonde. Coleman (1986:16,28) sluit aan by die Bybelse beginsel dat God liefde is, asook dat hy nie die mens alleen los in hierdie sondige toestand nie, en bied deur die evangelie vergifnis en versoening in Jesus. Hierdie verlossing op grond van die mens se sondebelydenis en aanneming van Jesus as Verlosser in geloof moet aan almal verkondig word. Die feit dat saligmaking slegs in Jesus moontlik is en dat hy die enigste Middelaar tot God is, plaas volgens Coleman 'n groot verantwoordelikheid op alle gelowiges om met elke geleentheid hierdie goeie nuus aan almal te verkondig.

### 2.7.8 Debat oor negatiewe versus positiewe motiewe

Die motiewe soos bespreek in paragrawe 2.7.1 tot 2.7.7 is myns insiens almal suiwer motiewe vir evangelisasie. Bosch (1991:5) plaas egter ietwat van 'n ander dimensie op motiewe vir evangelisasie as hy na Verkuyl en Dürr verwys met die onsuivere motiewe wat hulle lys naamlik:

- Die imperialistiese motief, waar daar gepoog is inboorlinge te verander tot onderdane van koloniale owerhede;
- Die kulturele motief, waar daar gepoog is om die evangelis (sendeling) se “verhewe” kultuur op die teikengroep af te dwing;
- Die romantiese motief, waar die klem eerder daarop was om na verafgeleë, eksotiese lande en mense te gaan;
- Die kerkboumotief, waar die klem daarop was om 'n bepaalde denominasie en geloof op ander mense af te dwing.

Bosch (1991:5) volstaan darem gelukkig nie net by die negatiewe motiverings soos hierbo genoem nie. Hy verwys na Freytach en Verkuyl wat die volgende positiewe motiverings vir evangelisasie noem:

- Die motief van bekering. Hierdie motief neig ongelukkig om die heerskappy van God net tot die redding van siele te verskraal;
- Die eskatologiese motief. Die nadeel van hierdie motief is ongelukkig dat daar soveel klem op die toekoms gelê word en dat die behoeftes van mense in hulle huidige omstandighede afgeskeep word;
- Die kerkplantmotief. Dit beklemtoon die gemeenskap van die heiliges;

- Die menslikheidsmotief wat daarna streef om geregtigheid in die wêreld te bevorder, maar ongelukkig word God se heerskappy in die proses gelyk gestel aan 'n verbeterde samelewing.

## **2.8 DOEL VAN EVANGELISASIE**

### **2.8.1 Redding tot dissipelskap**

Volgens Lukas 19:10 sê Jesus self dat hy gekom het om te soek en te red wat verlore is. Nel (1981:122-123) sluit by hierdie teks aan en meen die doel van evangelisasie is dus ten diepste om diegene te red wat verlore is. Dit sluit vergifnis van sonde, bekering, ewige lewe en veel meer in. Jesus het gekom om verlore nes met God te versoen. Hy maan egter dat die kerk moet onthou dat dit nie net om die redding van siele gaan nie, maar ook oor die maak van dissipels soos in Jesus se groot opdrag. Dissipels van Jesus moet nie net dissipels maak nie maar hulle dissipels leer om ook dissipels te maak. Sy siening is verder dat evangelisasie nuwe bekeerlinge diep onder die volle implikasie van dissipelskap moet bring, anders is dit skynbekering.

Coleman (1986:138-140) sluit in 'n groot mate by Nel aan as hy die vraag vra naamlik as die verkondiging van die evangelie nie die kerk as instelling se plig is nie, hoekom moet die groot opdrag so 'n persoonlik saak vir almal word? Volgens hom is die antwoord eenvoudig daarin geleë dat die kerk uit mense bestaan, en deur hierdie mense, sy lidmate, funksioneer. Die kerk het gewis die verantwoordelikheid om aan die opdrag gehoorsaam te wees, en dit is waarom elke lidmaat op sy beurt die taak het om die werk te doen. Christene het te lank en te maklik die bediening van die woord net oorgelaat aan persone wat daarvoor opgelei is. Hulle kan of wil hulleself nie met hierdie professionele ampte van Woordbediening identifiseer nie. 'n Groot bydraende faktor is natuurlik dat die taak tradisioneel aan die ampte gekoppel is, en nie aan dissipelmakers nie. Die groot opdrag stel egter hierdie wankonsepsie reg, naamlik dat elke volgeling van Jesus die verantwoordelikheid het om dissipels te maak. Hierdie opdrag verg nie spesiale gawes nie, want elke persoon kan in woord en daad begelei word om Jesus te volg. Die funksie van dissipelmaking maak nie die ander funksies van die kerk, soos prediking, lering, ensovoorts, ongedaan nie, maar is ondersteunend daartoe.

Coleman (1986:128-130) meen verder dat baie mense wat wel 'n besluit neem om Jesus as Verlosser aan te neem, gou weer weg dwaal, of hulle lewens reflekteer nie die besluit wat hulle geneem het nie. Daar is nie krag in hulle getuienisse nie, en die liefde

van Jesus is nie in hulle lewens sigbaar nie. Hy meen verder dat die sogenaamde bekerings nie in 'n verbeterde toestand van die samelewing sigbaar is nie. Dit het dus nie 'n ooreenstemmende morele impak gehad nie, en dit bring mee dat dissipelskap opnuut ondersoek moet word. Dit help nie om tot die uiteindes van die wêreld net met die verkondiging van die evangelie besig te wees nie. Die groot opdrag is tog om dissipels te maak. Bekering is wel om na Jesus te keer maar dit is nie waar die proses eindig nie. Dissipels moet aanhoudend van Jesus en sy genade leer. Dissipels wil van nature al hoe meer soos Jesus word en deel aan sy bediening hê. Dit bring reprodusering van ander dissipels mee, en so word God se taakmag vergroot, totdat almal tot aan die einde van die wêreld met die evangelie bereik is. Jesus het nie net die groot opdrag gegee nie maar die voorbeeld in sy eie bediening gestel. Dissipels moet hierdie voorbeeld van Jesus navolg. Jesus het nie gekom om Homself te red nie maar die mensdom

### 2.8.2 Redding tot diens

Nel (1981:123) sien redding tot diens as 'n volgende doelwit vir evangelisasie. Volgens hom stel Romeine 6 dit duidelik dat die gelowige homself tot beskikking van God moet stel. Waar die sondaarmens slaaf van Satan was moet hy as geredene, nou deur die reddende genade van Jesus Christus, dienskneg van God wees.

Nel (1981:60, 61-63) onderstreep die gedagte van 2 Korintiërs 9:1 en 1 Petrus 4:10 dat die kerk Christus dienend moet verkondig. Die Here Jesus het ook gekom om te dien en sy lewe as losprys te gee. Die dienskarakter van die kerk is dus ten sterkste in die voorbeeld van Jesus gefundeerd. Die liturgie inisieer hierdie dienswerk, en dit lei weer tot liturgie. Hy meen verder dat, net soos diens en liturgie bymekaar hoort, so is daar ten nouste 'n band tussen diens (diakonia) en getuienis (marturia). Die kerk moet verkondig en dien, en dien en verkondig. Die kerk wat nie 'n dienende kerk is nie, is nie kerk nie. Die kerk moet priesterlik dienend in hierdie wêreld teenwoordig wees.

Nel (1981:64-68) meen daar is groot eenstemmigheid dat dit diens is wat die nood van mense aanspreek. Die kerk moet dienend as liggaam van Christus in hierdie wêreld sigbaar wees. Sy Hoof het tog self die voorbeeld gestel en die liggaam kan tog nie anders optree nie. Hierdie diens, as evangelisasietaak, roep tot dissipelskap van Jesus Christus. Sy benadering is dat indien hierdie diens in wese elemente van die Christusdiens en koninkryksdiens insluit, dit meer is as sosiale rehabilitasie. Hy voel sterk dat die kerk nie net vir homself bestaan nie, maar soos die Here om dienend vir hierdie wêreld te leef. Dit moet evangeliese diens wees waar daad en getuienis hand-aan-hand gaan. Die mening is dan dat die kerk 'n tweeledige taak het te wete:



- Onderlinge sorg en opbou, en
- Die dra van die goeie nuus na die wêreld.

Samevattend stel hy voor dat die kerk as deel van sy priesterlike funksie die nood van mense moet aanspreek en ook versoenend moet optree. Sodanige diens aan die gemeente is evangeliserend van aard en is 'n getuienis tot eer van God en redding van mense. Volgens hom het al die ampte 'n verantwoordelikheid dat daar 'n eenheid tussen die diens en die getuienis gehandhaaf word .

### 2.8.3 Redding tot lidmaatskap van die kerk

Nel (1981:124-125) bepleit dat die doel van evangelisasie nie net oor die redding van die sondaar moet gaan nie, maar ook die terugbring na die kerk. Hy plaas met ander woorde groot klem op die gedagte van gemeenskap. Dit is 'n Nuwe Testamentiese beginsel dat die wat gered is, by die gemeente gevoeg is. Gemeente sluit in begrippe soos liggaam van Christus, gemeenskap van gelowiges, ensovoorts.

### 2.8.4 Verkondig volle konsekwensie van die evangelie

Guder (1985:153-157) maan weereens dat daar gewaak moet word dat die primêre doelwit van evangelisasie nie net die wen van siele word, waar resultate aan sekere maatstawwe gemeet word nie. Dit moet ook nie net aan 'n sekere gebeurtenis soos bekering of wedergeboorte gekoppel word nie. Hy stel dit duidelik dat hierdie metodes nie in ooreenstemming is met die voorbeeld wat Jesus gestel het nie, en dit openbaar ook nie die volle betekenis van evangelisering volgens die Nuwe Testament nie. Hy beklemtoon dat indien Christene gehoorsaam aan God as sy getuies wil wees, moet sy koninkryk in sy volle konsekwensie en die eenheid onder sy getuies, sentraal in die getuienistaak wees. As Christus die mens oproep om Hom onder die armes en die uitgeworpenes te dien, dan moet dit in gehoorsaamheid gedoen word. Evangelisasie moet die hele evangelie verkondig, anders is dit ongehoorsaamheid. Christene moet nie net woorde van liefde, genade en hoop praat waarvan hulle in die Bybel lees nie, maar hulle optredes moet dit ook reflekteer. Indien Christene nie liefde, genade en vergifnis uitlewe nie, help dit ook nie om daaroor te praat nie. Die kerk moet ook versigtig wees om nie teologiese terme in sy metodes van evangelisering in die wêreld te gebruik nie want dit kan onverstaanbaar wees en die kommunikasie benadeel. Die wêreld moet die boodskap verstaan en dieselfde boodskap in getuies se lewens hoor en sien.

### 2.8.5 Verkondiging van hoop en geloof

Die reddende werk van God bring 'n lewendige hoop in Christene mee. Hierdie hoop wat in Christene leef reflekteer hulle geloof. Christene tree dan ook in hierdie hoop in die wêreld op as bewys van hulle geloof, en dit is sigbaar in hulle getuienislewering. Guder (1985 158-166) meen in die lig van die voorgenoemde stelling dat evangelisasie dan 'n geleentheid vir die Christen is om sy hoop en geloof te verkondig in 'n wêreld waar daar nie veel hoop is nie. Die getuienis moet die Christen se besorgdheid oor sy naaste se welstand reflekteer. Hy bevestig dat indien evangelisering te make het met die swakhede en sondes van mense en in liefde daarmee handel en geloof versterk, dit baie mense sal aantrek wat hulp nodig het. Christene moet die laste van die swakkes help dra en hulle die hoop gee wat God in Jesus gegee het. Hy sê tereg dat geen enkele persoon die volle taak van evangelisasie alleen kan uitvoer nie. Dit is die werk van die hele liggaam van Christus onder die leiding van die Heilige Gees. Dit is 'n geloofsdaad, en getuies hoef nie te weet wat die sukses van hulle getuienis is nie.

## 2.9 DIE TEIKEN VAN EVANGELISASIE

God maak bemoenings met die mens want hy het die mens na sy beeld geskep en die mens is waardevol vir God. Die mens as sondaar het God nodig. Die sondaarmens as objek van God se liefde, kan egter nuut gemaak word. Dit is die rede van God se verskeie sendings na die mens met die hoogtepunt in Jesus se sending. Johannes bevestig in 1 Johannes 4:9 dat God se liefde juis ge-openbaar word in sy sending van Jesus na die wêreld, sodat die mens deur Hom die lewe kan hê.

Volgens DuBose (1983:69-70) is God nie in geheime plekke met sy sending besig nie maar in die werklikheid van hierdie wêreld, naamlik onder sy mense. Moses, die profete en Jesus is nie na misterieuse plekke gestuur nie, maar wel na die mensdom van hierdie wêreld. Die mens wat God so haat en in sonde verval, is maar ook die mens vir wie God liefhet en vir wie hy sy enigste Seun gegee het. Johannes 3:17 bevestig juis dat Jesus nie na die wêreld gestuur is om dit te veroordeel nie maar sodat die mens gered kan word. Soos die Vader Jesus na die wêreld gestuur het, so stuur hy ook sy dissipels na die wêreld.

Hy bevestig verder die Bybelse beginsel dat God se totale sending voortspruit uit die sondeval van die mens. God het die sondaar mens so lief en is so besorg oor die mens, dat sy totale plan voortvloei uit hierdie oënskynlike predikament. Die sonde van die eerste Adam het skeiding tussen God en mens gebring, maar deur die

soenverdienste van die tweede Adam is daar weer versoening tussen God en die mens. DuBose (1983:69-70) verwys na waar Paulus dit in Romeine 8:29 duidelik stel dat die uitverkorenes weer gelykvormig moet word aan die beeld van Jesus. God wil dus die gebroke beeld van die mens weer in Jesus herstel. Dit is die blye evangelie wat verkondig moet word. Hy onderstreep verder die feit dat evangelisasie natuurlik binne 'n gemeenskap plaasvind wat bepaalde etiese dimensies inhou. Die herstel van die hele mens moet aangespreek word. Daar moet 'n waardesisteem gevestig word wat berus op die morele aspekte soos deur God vereis. Die profete het groot klem gelê op morele beginsels wat die aard en wese van 'n heilige God reflekteer. Die Nuwe Testament sit hierdie gedagte voort, naamlik dat die liefde van God in die mens se verhouding moet kristalliseer. Evangelisasie moet dus nie net die liefde van God aksentueer nie, maar ook dat die wil van God gehoorsaam moet word. God stuur mense na mense om hierdie waarheid van die evangelie uit te dra. Slegs mense wat die genade van God ontvang het, kan hierdie genade verkondig. Christene het die "Brood" van die lewe ontvang en weet wie die oorsprong van hierdie brood is. Die verkondiging van hierdie blye nuus / evangelie moet uit dankbaarheid en in nederigheid geskied (DuBose 1983:78-79,85-87).

Om by evangelisasie betrokke te wees, is volgens DuBose (1983:94) om in die wese van God se sending betrokke te wees. Paulus beklemtoon in Romeine 10:12-15 hoe noodsaaklik dit is dat die evangelie verkondig moet word vir mense om tot geloof te kom. Paulus bevestig dan ook dat diegene wat die evangelie verkondig, se voetstaptes wonderlik klink.

Markus was van mening dat die evangelie net effektief was vir diegene wat berou gehad het oor hulle sonde, wat die evangelie geglo het en bereid was om hulleself op te offer om as dissipels vir Jesus te volg. Paulus was self oortuig dat die evangelie vir die Jood en Griek bedoel was. Paulus was nie skaam vir die evangelie nie, en was geroepe om dit aan almal, ook die heidene te verkondig. Paulus het klem daarop gelê dat die evangelie die waarheid was, dat dit 'n boodskap van hoop was en dat dit tot redding kon lei. Diegene wat gered is, moes egter die ou lewe aflê en dit het dus sekere etiese implikasies gehad. Paulus het ook beklemtoon dat niemand die krag van God in hulle lewens sou ervaar nie indien hulle nie in die opstanding van Jesus geglo het nie. Hy bevestig in 1 Korintiërs 15:14 dat as Christus nie opgewek is nie, die prediking sonder inhoud is en dan sal die geloof ook sonder inhoud wees (Green 1970:61-71). Dit is volgens die Skrif duidelik dat die evangelie aan al die mense verkondig moet word. Ons lees in Johannes 3:16 dat God die **wêreld** so liefgehad het dat hy sy enigste Seun gegee het sodat **elkeen** wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Die blye nuus is nie net vir spesifieke mense gereserveer

nie, maar is daar om aan almal verkondig te word sodat elkeen wat Jesus Christus in geloof as Redder en Saligmaker aanneem, gered kan word.

## 2.10 AARD EN OMVANG VAN DIE EVANGELIE

Green (1970:56-60) is van mening dat die evangelie wat verkondig moet word, die goeie nuus van Lukas 24:47 is naamlik dat daar in Jesus se naam vergewing van sondes en bekering aan al die nasies is. Dit moet egter nie net verkondig word nie maar moet 'n ware getuienis wees. Die Apostels was getuies van Jesus se lewe, dood en opstanding, en kon met entoesiasme en oortuiging getuienis van al die gebeure lewer. Jesus, die Vleesgeworde Woord het self die inhoud van die Woord geword. Die goeie nuus wat die Apostels verkondig het, was niks anders as die goeie nuus van Jesus nie. Die kern van die evangelie is nie wat God van sondaars verlang nie, alhoewel dit 'n belangrike element van die evangelie is. Die kern is wat God in Christus vir sondaars gedoen het. Dit is die goeie nuus, naamlik dat God voorsiening gemaak het vir die sondaar se verlossing van sonde en die hel. Die sondaar moet besef dat hy hom moet bekeer van die sonde en die hel, maar ook dat hy dit nie in eie krag kan doen nie, maar slegs met die leiding van die Heilige Gees. Dit is die wese van verlossende genade (Kuiper 1961:154-155,160).

Volgens Kuiper (1961:168-173) is die evangelie wat verkondig moet word, 'n omvattende evangelie want:

- dit verkondig die volle evangelie van Jesus se geboorte, lewe, sterwe en opstanding;
- Dit is 'n belangrik, want dit vertel van God se interpretasie van Jesus se verlossingswerk;
- Dit is God se uitnodiging van verlossing aan almal wat die evangelie hoor;
- Dit is God se belofte van die ewige lewe vir almal wat Jesus as Saligmaker aanneem;
- Dit is God se liefdevolle versoek aan sondaars om sy genadegawe aan te neem;
- Dit is 'n opdrag in die sin dat elkeen wat in Jesus Christus glo, God as Koning van hulle lewe moet erken en dien;
- Dit is die enigste evangelie wat verlossing van sondes en die ewige lewe deur genade verkondig. Alle ander gelowe se evangelie eis dat die mens iets vir sy verlossing moet doen.

Green (1970:61-71) vul die bestek van die evangelie aan met Markus se siening dat die evangelie net effektief was vir diegene wat berou gehad het oor hulle sonde, wat die evangelie geglo het, en bereid was om hulleself op te offer om as dissipels vir

Jesus te volg. Hy verwys ook na Paulus wat self oortuig was dat die evangelie vir die Jood en Griek bedoel was. Paulus was nie skaam vir die evangelie nie en was geroepe om dit aan almal, ook die heidene te verkondig. Paulus het klem daarop gelê dat die evangelie die waarheid was, dat dit 'n boodskap van hoop was en dat dit tot redding kon lei. Diegene wat gered is moes egter die ou lewe aflê en dit het dus sekere etiese implikasies gehad. Paulus het beklemtoon dat niemand die krag van God in hulle lewens sou ervaar nie indien hulle nie in die opstanding van Jesus geglo het nie. Hy bevestig in 1 Korintiërs 15:14 dat as Christus nie opgewek is nie, die prediking sonder inhoud is, en dan sal die geloof ook sonder inhoud wees.

## **2.11 DIE VERKONDIGERS VAN DIE EVANGELIE**

Green (1970:208-211) benader hierdie aspek vanuit die oogpunt dat die evangelie in die vroeë tyd deur "informele sendelinge" verkondig is. Die dissipels was nederige mense wat geen formele teologiese opleiding gehad het nie. Christenskap is lank deur gewone mense beoefen. Hy verwys ook na Handeling 8 waar dit duidelik is dat dit gewone Christene was wat vir vervolging gevlug het wat die evangelie wyd verkondig het. Dit kan aanvaar word dat hulle dit nie deur formele prediking verkondig het nie maar in hulle normale omgang met mense met wie hulle in aanraking gekom het. Soos daar geen onderskeid getref is tussen voltydse en deeltydse evangeliste nie, is daar ook geen onderskeid getref op grond van geslag nie. Volgens Green (1970:208-211) was elke mens geroep om getuies te wees en dit het vrouens ingesluit. Jesus het self vrouens in sy bediening ingesluit en hulle was altyd naby Hom. Handeling, Romeine en die Evangelies verwys na vroue wat met die verkondiging en die bediening van die Woord betrokke was.

Guder (1985:8-40,48) benader die saak van geroepenes om die evangelie te verkondig soos volg:

Hy meen God het sekere mense uitverkies om sy opdragte uit te voer tot redding van almal. God het aanvanklik vir Israel vir die taak uitgekies en later, sedert die Nuwe Testament, alle gelowiges. Indien die geroepenes nie insig in hierdie roeping het nie, kan hulle onder die wanindruk kom dat die verlossing net vir hulle bedoel is. Diegene wat deur God geroep is, beleef ook die voordele van hulle roeping en dit is 'n voorreg om God te ken en in sy liefde en genade te deel. Om gered te wees is nie net 'n voorreg nie, maar bring ook 'n verantwoordelikheid mee. Dit is 'n geloofsaak om te sien en te hoor wat God doen en God kies meesal die mees onwaarskynlike mense om sy werk te doen. Dit gaan oor wie Jesus is en wat God deur Hom vermag het. Jesus het

sy dissipels voorberei om sy evangelie te verkondig en sy kerk te bou. Die kerk is deur God geseën om vir die wêreld tot seën te wees en 'n draer van die goeie nuus te wees, dit is die evangelie van Jesus. Jesus het sy dissipels geroep om vissers van mense te wees en het hulle ook toegerus vir die vernedering en glorie van die taak. Die dissipels se boodskap kon nie van hulle as mense en hulle lewenswyse geskei word nie. Hulle totale lewenswyses moes gesag aan hulle getuienis gee. Die fundering vir evangelisasie is dus dat die liggaam van Christus kanale moet wees waardeur die werk van Christus uitgevoer kan word. Dit is 'n taak wat nie in mense se eie krag sou kon plaasvind nie, en God het dieselfde Heilige Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, beloof om Christene toe te rus om die boodskap te verkondig. Die verkondiging van die evangelie is dus duidelik 'n uitvloeisel van God se opdrag / aksie en nie 'n strategie wat deur die mens bedink is nie. Die Gees sou hulle transformeer om getuies te wees van wat hulle self beleef het. Hulle moes alle grense en kulture oorbrug om dit te kon doen.

Green (1970:214-228) neem die saak verder as Guder en bevestig dat Christene nie net die evangelie kon verkondig nie, maar moes ook verseker dat hulle eie lewens in ooreenstemming was met wat hulle verkondig het. Hy meen dat die Nuwe Testament groot klem plaas op die verband tussen evangelieverkondiging en 'n heilige lewe, en verwys spesifiek na 1 Tessalonisense 2:1-13 waar dit juis die kwaliteit van Paulus se lewe was wat die mense van Tessalonisense oortuig het dat dit nie die woorde van mense is wat hy verkondig nie maar die woorde van God. Hy (Green) onderstreep dus die feit dat die verhouding tussen geloof en ooreenstemmende gedrag nie geskei kan word nie. Die vroeë Christene het volgens Green (1970:214-228) die volgende eienskappe gehad wat 'n groot impak op die antieke wêreld gehad het:

- Die **gemeenskap** wat hulle met mekaar gehad het, het alle grense van geslag, klas en geleerdheid afgebreek en dit het 'n enorme aantrekkingskrag gehad. Jode en heidene wat tot bekering gekom het, het saam aan die nagmaalstafel gesit;
- hulle karakters is deur die liefde van Jesus getransformeer. Die kwaliteite van Jesus was sigbaar in diegene wat 'n ware bekering gehad het. Hulle het die ou lewe afgelê en die nuwe lewe in Christus gedemonstreer;
- hulle het die evangelie met 'n opgewondenheid en entoesiasme verkondig. Daar was vreugde en blydskap in hulle lewens al is hulle in die tronk gegooi. Hebreërs 12:2 stel dit duidelik dat die vreugde wat vir Jesus in die vooruitsig was, Hom nie vir die kruis laat terugdeins het nie, en die vroeë Christene het in die vreugde gedeel;

- die Bybel stel dit duidelik dat Christene vervolgt sal word en dit moeilik in hierdie wêreld sal hê. Petrus, Johannes en Paulus het almal hulle deel aan ontberingsgedra in die verkondiging van die evangelie, en
- die evangeliste was so vervul met die Heilige Gees, dat hulle die woord met krag verkondig het. Die krag het hulle ook in staat gestel om siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf, wat 'n demonstrasie was van Jesus wat die bose aan die kruis oorwin het.

## **2.12     EFFEKTIWITEIT VAN EVANGELISASIE**

Guder (1985:136-138) maan dat die effektiwiteit van evangelisasie nie gemeet kan word aan die sukses wat dit behaal nie. Jesus het gewaarsku dat daar verskillende reaksies sou wees op die aanhoor van die evangelie. Dit sal in verskillende tipes grond val met verskillende resultate, maar tog sou daar uiteindelik 'n groot oes wees. Hy (Guder) bevestig dan ook verder dat evangeliste net so min geloof kan werk as wat die boer groei in sy gesaaides kan bewerk. Die mens saai, maar God maak nat en laat groei. Hy bepleit verder dat daarteen gewaak word om nie die evangelie af te water net om suksesse te soek. Dit sou afbreuk doen aan die evangelie indien die boodskap van verlossing net 'n beroep op diensbaarheid sou doen. Dit kan eensydig wees as die klem van die evangelie net geskoei is op die redding van die mens en die volheid wat die geredde mens kan belewe, maar as daar versuim word om die eise van Christenskap ook te verkondig. Christus moet as Here van die volle spektrum van die skepping verkondig word, tesame met die eise vir gehoorsaamheid en diensbaarheid. Die sukses van die verkondiging van die evangelie moet dus nie aan die resultate van kerkgroei of ander statistieke gekoppel word nie. Dit sou ook oneties wees as die hoofdoel net is om siele vir Christus te wen. Effektiewe evangelisasie is dan om onder die leiding van die Heilige Gees die evangelie verstaanbaar te verkondig, sodat almal wat dit hoor toegerus kan word om op hulle beurt betroubare getuies te wees, wat deur hulle lewenswyse gereflekteer word (Guder 1985:139-140).

### HOOFSTUK 3 : DIE KERK (GEMEENTE) AS GOD SE EVANGELIS

Mat 16:18

“... en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

#### 3.1 INLEIDING

Ons lees in Joh 3:16 dat God die wêreld so lief gehad het dat hy sy enigste Seun (Jesus) gegee het (om sy lewe aan die kruis vir sondaars af te lê) sodat elkeen wat dit glo, gered kan word. Guder (2000:49) sluit by hierdie Bybelse feit aan, en konstateer dat dit die blye evangelie is wat verkondig moet word. Hy brei dan verder uit, in die sin dat daar 'n duidelike ooreenkoms is tussen God se sending van Jesus, en Jesus se sending van sy dissipels. Volgens Guder (2000:50) het Jesus sy dissipels vir hulle apostoliese bediening voorberei, en sou dit beslag kry met die uitstorting van die Heilige Gees op hulle. Guder (2000:50) beskou hierdie aspek as 'n belangrike basis in die vorming van die kerk as instrument vir evangelisasie en hy beklemtoon dit soos volg: “Their transition from discipleship to apostolate was Jesus’ intention in his formation of the church as the community which was to “prolong the logic of his own ministry in an imaginative and creative way amid historical circumstances that were in many respects new and different.” Hy (Guder) bevestig dan ook dat hierdie feit in al vier die evangelies beslag kry.

Armstrong (1979:39) sê dat die kerk bestaan om God te eer. Die kerk moet dit doen deur 'n getuie te wees, 'n lig vir die wêreld. Christene moet God eer sodat hy ook deur andere geëer kan word. Christene moet dus besef dat wat hulle doen en bely 'n effek op ander mense het. Dit bring natuurlik die besef mee dat dissipels nie vir Christus gewen sal word as Christene se dade nie met hulle belydenis ooreenstem nie.

Daar word met Guder (2000:50) saamgestem in sy mening dat die kerk as't ware met die uitstorting van die Heilige Gees gebore is. Hierdie siening word dan ook mooi in Hand 8:1 onderstreep waar Jesus sy dissipels die versekering gegee het dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom en dat hulle sy getuies sou wees. Volgens Guder (2000:51) is dit hoekom die kerk bestaan en hy voeg dan by “From Pentecost on, the church must be understood primarily and centrally in terms of its mission as God’s people.” Die vroeë kerk het hulleself dan ook as getuie van God



se daad beskou, veral van Jesus se lewe, dood en opstanding (Guder 2000:52,53). Guder (2000:67) verwys na Bosch se stelling naamlik: “mission is not primarily an activity of the church, but an attribute of God.” asook na Jürgen Moltman in ‘n verdere aanhaling “It is not the church that has a mission of salvation to fulfil to the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church.” Bosch (1991:390) onderstreep die gedagte in sy stelling dat sending verstaan moet word as afgelei van die aard van God. Hy voeg dan by: “The classical doctrine on the Missio Dei as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another “movement”: Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world.” Guder (1998:5) is van mening dat onder andere Newbigin gehelp het dat die kerk insien dat God se sending ‘n roeping en sending van die kerk van Jesus Christus is. Guder (1998:102) vra die vraag hoe die kerk as gemeenskap moet optree om God se heerskappy tussen sy eie mense asook aan diegene in verafgeleë plekke te verkondig? Sy antwoord op die vraag is dat dit sending volgens die voorbeeld van Jesus Christus moet wees. Volgens hom demonstreer Jesus in sy uitvoering van God se sending dat die kerk God as gemeenskap, dienskneg en evangelis moet verteenwoordig. Guder (1998:108) stel dit baie duidelik dat hierdie drie “rolle” naamlik gemeenskap, dienskneg en evangelis nie in kompetisie met mekaar staan nie. Die kerk moet as’t ware die drie rolle deur dieselfde lens beskou en verseker dat dit mekaar komplimenteer.

Volgens Bosch (1991:390) is dit nie die kerk wat ‘n missie van verlossing het nie, maar wel die Seun en die Gees, deur die Vader, wat die kerk insluit. Guder (1998:82) verwys ook in hierdie verband na Newbigin wat van mening is dat die kerk se sending gegrond moet wees in die persoon en werk van Christus, asook “trust in the reality and power of the Holy Spirit.”

Bosch (1991:391) haal Schmitz aan wat sê: “The church stands in the service of God’s turning to the world.” God se sending is egter groter as die kerk se sending, want dit omsluit beide die kerk en die wêreld. Die kerk is slegs bevoorreg om deel te mag hê aan hierdie sending. Bosch (1991:370) bevestig dat die kerk nie die begin of doel van sending kan wees nie. Hy stel dit duidelik dat die kerk nie ondergeskik aan sending gemaak moet word nie maar dat sending ook nie ondergeskik aan die kerk gemaak moet word nie, want beide kry beslag in die Missio Dei. Die kerk moet van stuurder na gestuurde verander. Bosch (1991:372) verwys dan ook spesifiek na 1 Pet 2:9 om hierdie stelling van hom te staaf. Volgens hierdie teksdeel is die kerk nie die sender nie maar die gestuurde. Sy mening is dan verder dat sending nie soseer ‘n aktiwiteit van die kerk is nie maar eerder die kerk wat aan die werk is. Die versoek is dan ook dat

daar nie van kerk en sending gepraat moet word nie maar eerder van die sending van die kerk. Dit is verder weersprekend om van 'n sending sonder kerk of 'n kerk sonder sending te praat. Bosch (1991:373) vat die voorgenoemde siening van hom saam in die sin dat die kerk in sy sending verby sy mure moet beweeg en direk in die samelewing betrokke moet wees met werke van vrede en geregtigheid. Guder (1998:85) maan ook dat die kerk versigtig moet wees om nie in 'n produsent-verbruiker-model vasgevang te word nie. Volgens hom het so 'n benadering die gevaar dat lidmate gedistansieer kan word van hulle roeping, naamlik geroepenes wat gestuur word, want hulle is eerder "verbruikers" van die "produkte" wat die kerk aanbied.

Kraus (1980:85) is van mening dat evangelisasie altyd 'n belangrike prioriteit van die Bybel-gefundeerde kerk sal wees. Hy waarsku dat die doel nie eerstens kerkgroei is nie, maar die feit dat die kerk geroep is om in die sendingtaak van God te deel. Hy beklemtoon die feit dat die kerk 'n Bybelse mandaat het om die evangelie te proklameer en nuwe gelowiges in die gemeenskap van gelowiges te inkorporeer. Bo en behalwe hierdie feit is daar ook nog die werking van die Heilige Gees wat gelowiges dring om die verlossende genade van Jesus Christus met die ongelowiges te deel. Kraus (1980:85) dink langs dieselfde lyne as Guder met sy mening dat die kerk die voortsetting van God se bemoeienis met die wêreld is. Hy noem die volgende enkele voorbeelde van die kerk se verskeidenheid van pogings om by sending betrokke te wees:

- Dit was soms die totale kerk in beweging na die wêreld toe en ander kere slegs geïsoleerde groepe;
- Dit het soms met geweld gepaard gegaan, en ander kere met erge vervolging;
- Dit is soms as handlangers van die staat beskou, en ander kere as Christelike kontra-kultuur;
- Die klem was met tye op die redding van enkelinge en dan weer op die stigting van die kerk, en
- Met tye het die kerk in sy sending in die volle spektrum van die samelewing betrokke geraak, en ander kere weer het die kerk in "isolasië" van die wêreld gelewe.

Brueggemann (1993:43) het 'n beskouing dat evangelisasie as't ware 'n drama is wat in drie tonele afspeel, en dat die kerk 'n verantwoordelikheid het om mense in die drama in te nooi. Die kerk moet ook verseker dat hierdie revolusionêre gesprek deurlopend plaasvind en dat dit die volle waarheid is. Hy meen dat die evangelie eintlik

‘n uitnodiging tot ‘n alternatiewe lewenswyse is en dat dit nie deur die kerk afgedwing moet word nie maar eerder ‘n uitnodiging daartoe moet wees.

Bosch (1991:11) verwys na Gassman se beskrywing van die sendingkerk in terme van sakrament en teken in die volgende stelling: "It is sign in the sense of pointer, symbol, example or model; it is a sacrament in the sense of mediation, representation or anticipation." Die sendingkerk moet nie gelykstaande aan God se heerskappy geag word nie, maar is ook nie losstaande daarvan nie. Die kerk word vanuit die wêreld geroep en dan weer daarheen gestuur. Dit moet die vrug van die Heilige Gees dra en heenwys na wat sal kom.

Bosch (1979:91-92) het ‘n verdere beskouing, naamlik dat die kerk het in sy poging om by sending betrokke te wees, nog altyd met vraagstukke soos byvoorbeeld rassisme, maatskaplike probleme, slawerny, armoede en die rol van die vrou in die kerk te make gekry. Volgens Handeling 2 was die stigtingsuur van die kerk ook die stigtingsuur van sending. Die neiging was egter dat die kerk mettertyd intern gerig was en sy eksterne gerigtheid afgeskeep het. Die eerste Christene, waarvan die meerderheid Jode was, het daarop gekonsentreer om die Jode te evangeliseer (Bosch 1979:102). Die kerk het egter in die Konstantynse era sy pelgrimskarakter verloor. Die kerk het hom in die tyd as heilsinstituut gevestig. Dit het oor lidmaatskap van die kerk gegaan, asook om leiers op te lei om die genade te "beskerm" wat êrens in dokumente vervat was. Die kerk in beweging het die gevestigde kerk geword waarbuite geen redding was nie. Sending se betekenis was nou kerkuitbreiding. Heelwat jare later was die Westerse wêreld weer van mening dat alle heidene vêr oor die see gewoon het en het sending die werk van reisigers vêr oor die see geword. Dit was ‘n staatkerklike onderneming en sendelinge kon slegs na lande reis waarby die staat ‘n koloniale belang gehad het. Alhoewel die Hervormers nie presies geweet het wat sending was nie, het hulle besef dat Europa self ‘n sendingveld was. Hulle was van mening dat die wêreld die kerk binne getree het en het sodoende hulle werk binne die historiese Christendom gesien. Die klem in hierdie tydperk was egter steeds op die vestiging van suiwer teologiese leerstellings en belydende Christelike gedrag. Van vroeg in die agtiende eeu het die sendinggenootskappe op die toneel verskyn wat tot in die twintigste eeu die sendingtoneel oorheers het (Bosch 1979:118,123,125,135).

Hy (Bosch) is verder ook van mening dat daar vandag bepaalde sieninge is dat die kerk nie meer relevant is nie. Wat vir hom kommerwekkend is, is dat sodanige opmerkinge nie vanuit ongelowige oorde kom nie, maar deur Christene self gemaak word. Dit wil dus blyk dat Christene wie so ‘n siening huldig, van mening is dat hulle die

kerk as institusie ontgroe het en nie meer die kerk nodig het nie. Die vraag ontstaan dan onwillekeurig hoe relevant die kerk dan nog in vandag se moderne eeu is. Hy meen tog dat daar is in teenstelling met die voorafgaande siening tog die mening dat indien die kerk sou verdwyn, die Christendom ook sal verdwyn. Hy beklemtoon die feit dat die beeld van die kerk in gedrang kom wanneer gelowiges, wat fisies naby aanmekaar is, tog geestelik verdeeld is. Verder stel hy voor dat bepaal moet word of die feit dat kerkgeboue deesdae maklik afgebreek word en plek vir kommersiële geboue moet maak, werklik tekenend is van die feit dat die kerk nie meer aan sy funksie voldoen nie of is die probleem dieperliggend in die sin dat die kerk sy funksie in die gemeenskap verloor het.

Heyns (1977:1,2) bly egter positief en meen dat ongeag die kritiese vrae teenoor die kerk, bly die feit van die saak dat die kerk 'n Goddelike instelling is en homself besig hou met die werk van God met dien effek dat daar met die kerk rekening gehou sal moet word.

### **3.2 DIE KERK AS GEROEPENES VAN CHRISTUS: DIE GETUIENIS TAAK.**

#### **3.2.1 Agtergrond**

Schutte (1998:23-24) wil alvorens die saak behandel word, eers sien dat die begrip kerk en die opdrag en motivering vir die werk van die kerk bespreek word. Hy vra die vraag "Wat is kerk?" en antwoord dan dat die kerk se wortels ten diepste in die Ou Testament lê. Die vroegste kerk het homself as 'n voortsetting gesien van die volk Israel, die volk van God in die Ou Testament. Die kerk, hetsy uit die Ou Testament of die Nuwe Testament, dui op 'n kultiese byeenkoms, wat 'n daad van gehoorsaamheid is in 'n bepaalde verhouding met God. God is die skepper en instandhouer van hierdie verhouding. Die Ou Testament het bepaal wie deel van die geloofsgemeenskap kon wees en wie nie (Deut 23:1-8) terwyl die Nuwe Testament hierdie skeiding in Jesus Christus afbreek.

Dit is dus in die lig van die voorgenoemde noodsaaklik dat alvorens die getuienistaak van die kerk behandel word, daar eers enkele sake betreffende die stigting van die kerk bespreek word.

### 3.2.1.1 Die stigting van die kerk uit 'n Ou Testamentiese gesigspunt.

Volgens die bronne wat nagevors is, is hier twee gesigspunte wat behandel kan word. Carson (1987:14-15) se siening word eerstens behandel. Hy verwys na Levitikus 26:12 waar God aan sy volk sê dat hy hulle God sal wees en hulle sy volk. Die Bybelse doktrine van die kerk het dus direk verband met God se openbaring oor Homself. Die verlossingsboodskap dui eintlik aan hoe die kerk in sig kom as God se mense, die dissipels van Jesus en die gemeenskap van die Heilige Gees. Daar kan gesê word dat die kerk se roeping geleë is in sy roeping om God se volk te wees. Dit is 'n lewenslange verbond. Die kerk bedien nie net vir God nie maar ook diegene wat die volk van God uitmaak. Die bediening vind in die wêreld plaas. Carson (1987:14-15) verwys na die drieledige bediening van die kerk naamlik:

- Dit bedien God in aanbidding;
- Dit is 'n bediening aan die heiliges, en
- 'n getuie aan die wêreld.

Volgens Carson (1987:17) het die beginsel van die volk van God as 'n "samekoms" reeds sy oorsprong in die Ou Testament, omdat die volk Israel by Sinai saamgekom het. God het Faraó opdrag gegee dat hy Sy volk moes laat trek sodat hulle Hom in die woestyn kon aanbid. Die vergadering was 'n samekoms om God te ontmoet, en God het sy volk bymekaar gebring sodat hulle sy stem kon hoor en Hom kon aanbid (Carson 1987:18).

Heyns (1977:34) se beskouing word as 'n **tweede** siening in die verband voorgehou. Hy ondersteun die Bybelse feit dat Jesus na die aarde gekom het om sondaars te verlos en dat dit ook die diepste motivering vir die oorsprong van die kerk is. Die kerk sou met ander woorde nie bestaan het as daar nie 'n sondeval was nie. Die kerk het dus nie ontstaan na aanleiding van God se skeppingswoord nie maar na aanleiding van sy verlossingswoord.

### 3.2.1.2 Kerkwording vanuit 'n Nuwe Testamentiese gesigspunt.

In Carson (1987:20,21) se beskouing van kerkwording vanuit 'n Nuwe Testamentiese gesigspunt is die benadering dat 'n nuwe bedeling van aanbidding ingelei is met die uitstorting van die Heilige Gees tydens Pinkster. Die kerk het bymekaargekom om God te aanbid en te prys. Die Evangelies beklemtoon dat daar aanbid moet word en dat daar van sondes bekeer moet word en dat die Here se Naam aangeroep moet word. Dit is dus geen toeval dat die Nuwe Testamentiese Kerk gevorm word met die

uitstorting van die Heilige Gees in 'n byeenkoms van gelowiges wat besig was met lofpysing nie. Die kerk nader nou tot die troon van God, die Regter van almal, as heiliges wat in 'n feestelike geleentheid byeenkom. Die korporatiewe aanbidding is nie opsioneel vir die kerk net omdat dit tradisioneel nog altyd so was nie. Dit is intendeel die uitdrukking van die hele bestaanswese van die kerk (Carson 1987:22).

Alhoewel die kerk aanvanklik in die Tabernakel en later in die Tempel aanbid het, is die simbole nou in die verrese Jesus vervul en is dit nou geestelik deur die werking van die Heilige Gees. Die kerk is dus nou die byeenkoms van God se volk en die volk waar God inwonend teenwoordig is (Carson 1987:27). Hierdie nuwe volk is nie minderwaardig omrede dit geestelik van aard is nie (Carson 1987:33). Hierdie geestelike kerk veg nie met die swaard ten einde toe te sien dat God se wil op aarde gedoen word nie. Die wapen van die kerk is die Woord van God, en dit bring mense na God. Die kerk is nie aan 'n gebied gekoppel nie maar is algemeen (katoliek). Dit is nie in 'n spesifieke stad nie want die nuwe Jerusalem is nog aan die kom. Die kerk is versprei onder die nasies van die wêreld, hulle is pelgrims en vreemdelinge in hierdie wêreld. Die kerk besef dat God se nuwe koninkryk aan die kom is en moet sy belydenis as sodanig uitdra (Carson 1987:34-5). Die Nuwe Testamentiese begrip van "gemeenskap" (koinonia), hou in dat God se genade en sy erfing in die nuwe koninkryk, deur gelowiges gedeel moet word. Elke gelowige moet heiligheid nastreef en die Kerk moet in die voorbeeld van Jesus toeneem. Alhoewel die kerk na die sondaars moet uitrek met die verlossende boodskap, mag sondaars nie onverwyld in die gemeenskap van die kerk toegelaat word nie (Carson 1987:38). Die bou van die kerk is nie in gevaar nie, en is onoorwinlik en onvernietigbaar op grond van Jesus se eie woorde in Matteus 16:18 naamlik dat selfs die magte van die doderyk dit nie sal oorwin nie (Berkouwer 1976:165).

### 3.2.2 Die getuienistaak van die kerk (Instrument om die evangelie te verkondig)

Volgens Stedman (1995:130,143) is die kerk 'n instrument van God waarmee hy die wêreld wil bereik. Dit is God se bedoeling dat die mense as't ware vir Jesus moet sien werk in die bediening van die ware kerk. Christene mag nie die aktiwiteite wat hulle met die pyn van die wêreld in aanraking bring, verontagsaam nie. Die hongeres moet gevoed word, die naaktes geklee word, en die siekes besoek word sodat hulle Christus te midde van hulle lyding kan ervaar.

Schutte (1998:25) bevestig dat die opbou van die gemeente daarin bestaan dat die gelowiges toegerus word en opgelei word vir hulle dienswerk wat na binne en buite

gerig moet wees. Die kerk kan nie groei nie as hy nie gehoorsaam is aan sy taak om positief gestalte te gee aan die openbaring van God nie. “Kerk” kan dus nie ‘n statiese begrip wees nie, maar ‘n gebeurtenis. Volgens hom het God ‘n deel van die mensdom, naamlik die kerk, gekies om met die res van die mensdom oor God te praat. Dit gee die sendingbeslag aan die kerk. Dit is dus vir hom (Schutte) belangrik dat die kerk as gestuurde van Christus moet leef en werk vir die toekoms van die koninkryk.

Kuiper het reeds in 1961 (118,120,122-123) die algemene siening ondersteun dat die kerk sonder enige twyfel God se agent vir evangelisasie is. Met kerk bedoel hy die organisatoriese kerk wat deur middel van sy spesiale strukture bestaan, sowel as die kerk as die gemeenskap van die heiliges. Volgens hom is beide God se agente vir evangelisasie. Dit beteken dat amptenare sowel as lidmate die evangelie aan die ongereddes moet verkondig. Evangelisasie is nie belangrik vir die welvaart van die kerk nie maar inderwaarheid vir die bestaan van die kerk. Die kerk wat nie in evangelisasie betrokke is nie, is nie besig om die hele raadsplan van God te proklameer nie. Die kerk moet sorg dat hy nie net leraars oplei nie, maar ook evangeliste.

Carson (1987:46-47) brei uit op die voorgenoemde gedagterigting, en sluit aan by die Bybelse feit dat Jesus na sy hemelvaart die dissipels opdrag gegee het om vissers van mense te word. Die kerk is ‘n sendingkerk, en die groot opdrag is om dissipels van die nasies te maak. So het ook Paulus die getuienis aan die ongelowige volke gelewer. Die dissipels was getuies van Jesus se dood en opstanding, en was instrumenteel om die openbaring van Jesus aan die kerk te verkondig. Hy voel sterk oor die feit dat sending nie ‘n opsie in die doktrine van die kerk is nie maar dat dit die roeping van die kerk in die wêreld is. Hy maan verder dat indien dit afgeskeep of verwaarloos word, die lewe en werk van die kerk in gevaar is. Die sendingkarakter van die kerk vloei vir hom voort uit die feit dat God Jesus ook met gesag, genade en liefde na hierdie wêreld gestuur het. Hierdie getuienis van Christus se kerk kry nie net uiting in die lewering van getuies tot die uiteindes van die wêreld nie, m.a.w. ‘n sendende getuienis nie. Dit is ook ‘n roepende getuienis van elke volk, stam, nasie en taal na die hemelse Jerusalem. Dit word vergestalt in die kleiner aardse gemeentes wat deur ‘n onderlinge band van liefde aan mekaar geheg word.

Volgens Hodges (1977:23) is dit dus duidelik dat die sendingmandaat nie ‘n addisionele funksie of opsie is nie, maar dat dit sentraal is in die ewigheidsplan van God. God het die mens vir Homself geskape en Jesus gestuur om die mens vir Hom te

verlos. Die sendingtaak is vir die kerk gegee om die verlossingsboodskap te verkondig en dissipels te maak om God se heilsplan te volvoer. Guder (2000:120) stem hiermee saam en pleit dat gelowiges nie die verantwoordelikheid wat hulle met hulle verlossing ontvang het naamlik om deel van God se sending te wees, moet verontagsaam nie. Enige iets minder as dit word as die verskraling van die gelowige se taak beskou. Guder (2000:130) sê "it is common to all the biblical accounts of calling that to be called means being given a task. Christian existence is existence in the execution of a task." Hy brei dan verder uit op die gedagte in die sin dat die Christen se bestaansreg in verhouding tot God se sending beskou moet word. God roep Christene individueel en korporatief (die kerk). Volgens Guder (2000:131) is die essensie van God se roeping dat Christene van sy Godheid, sy bestaan in die verlede, hede en toekoms asook sy betrokkenheid (God Immanuel) by die mens moet getuig.

Die kerk is egter volgens Carson (1987:146) nie net geroepenes as getuies van Christus nie, maar het in sy verbondenheid in Jesus ook priesterstatus verkry. As priesters moet die kerk die wêreld in der waarheid uitdaag om die deugde van die Verlosser te herken. Die kerk moet in uitvoering van sy priesterlike taak, voorrang daaraan gee om die gaping tussen die wêreld en God te vernou. Soos God sy Seun gestuur het om Hom in die wêreld te openbaar, so word die kerk met dieselfde opdrag gestuur tot aan die einde van die tyd.

Heyns (1977:47) meen die kerk dui op bekeerde mense wat deur God saamgeroep is. Die sameroeping kom nie van elders af nie en is nie toevallig nie. Dit het 'n vaste struktuur en organisasie en behoort tot die gemeenskap van gelowiges. Die gemeenskap van gelowiges hou nie op as die gelowiges nie byeen is nie. Die byeenkoms is nie staties nie en hou nooit op nie. God roep gedurig en mense antwoord gedurig in gehoorsaamheid).

Heyns (1977:50) stel dit onomwonde dat God uit alle nasies en volke die kerk vir Hom uitgekies het. Die kerk behoort dus aan niemand anders nie en geen ander kerk behoort aan God nie. Alhoewel God die enkeling by name roep en tot bekering lei word hy in die gemeenskap van die gelowiges opgeneem. God seën nie net sy kerk op materiële gebied nie, maar gee ook sy versekering van nimmerwykende teenwoordigheid. God gee nie net nie maar eis ook dat sy Kerk Hom moet eer en in heiligheid moet wandel. Die geroepenes (kerk) moet besef dat hulle net tydelik (pelgrims) in die wêreld is. Hulle is op pad na die beloofde Vaderland.

Volgens Heyns (1977:65) verontagsaam die kerk sy taak as getuie indien hy nie die waarheid korrek weergee nie, of glad nie weergee nie of sy eie sieninge weergee. Die kerk moet as getuie getuig en mag nie swyg nie. Daar mag nie onderskeid in die



belangrikheid van die verskillende funksies gemaak word nie, want almal sentreer as getuies van Christus. Die kerk kry sy mandaat as getuie direk van Christus af, en hoef nie daarvoor om verskoning te vra nie.

Berkouwer het reeds in 1976 (391,392) 'n pleidooi gerig dat die kerk nie sy heiligheid, wat afgesonder vir Christus impliseer, verkeerd moet verstaan nie en niks met die sondige wêreld te doen wil hê nie. Hierdie afsondering beteken nie om tot stilstand te kom nie, maar om steeds aan te gaan met die sendingopdrag voor oë.

Carson (1987:48-49) wil sien dat die kerk as aanbiddingsgemeenskap sigbaar word op die wyse waarop hulle God loof en as't ware as 'n stad (Jerusalem) op die berg ander na God trek. Die lofprysing van God dien dan ook as 'n getuienis tot die wêreld. Carson (1987:57-8) beskou die gemeenskap van die kerk as gemeenskap met die Here. Hy verduidelik dat die fundamentele bedoeling van Koinonia is nie soseer die gemeenskap van die gelowiges nie maar eerder die gemeenskaplike band wat hulle in Christus het. Hierdie gemeenskap met Christus is individueel en korporatief. Saligmaking is 'n individuele ondervinding. Hierdie saligmaking bind die mense egter saam as die lede van die liggaam van Christus. Daar is slegs een kerk, en die bedieninge (gawes) word aan die kerk gegee ter opbouing van die liggaam en die verskeidenheid mag nie die kerk verdeel nie.

Volgens Carson (1987:42) is die Ou Testamentiese volk van God eerstens as aanbiddingsgemeenskap gesien, daarna as 'n heilige gemeenskap en laastens as 'n getuie, 'n stad op die berg. In die Nuwe Testament gaan dit oor die getuienis van Jesus en sy sending en diegene wat hy geroep het. Om dissipel van Jesus te wees is egter geen maklike taak nie. Beide Jesus en Paulus het die volgelinge van Jesus gewaarsku dat hulle vervolgd sou word en dat hulle moes ly. Jesus self is gekritiseer, mishandel, geslaan, en gekruisig. Mense sou ook so diegene haat wat van Jesus getuig (Carson 1987:276). Carson (1987:293-300) is verder van mening dat die vervolging van die dissipels gelei het tot verstrooiing van Christene, met die verspreiding van die evangelie as resultaat.

Heyns (1977:4) is van mening dat die nadenke oor die kerk nie in die eerste plek vanuit die hoek van die eienskappe of beskouing van die Kerk gedoen moet word nie. Die aanbeveling is dat die Kerk in die geheel van God se handeling gesien moet word want dit gaan in essensie oor God se handeling en sy bedoelings in geheel. Heyns (1977:16) sê verder:

“Wanneer Jesus Christus ‘n kerk in die lewe roep en hy spreek tot die kerk en oor die kerk, en hy gee aan die kerk sy Gees om die wêreld te lei in alle waarheid, en wanneer die apostels die wye wêreld ingaan om die kerk gestalte te gee onder die nasies, is dit God wat sy verlossingswoord voortsit en sal bly voortsit totdat ook die verlossing sy volheid aan die einde bereik het: ‘n volheid wat vanaf die skepping reeds beoog is: ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde met ‘n nuwe Jerusalem waarin daar geen tempel sal wees nie en die verlostes uit die nasies sal in die lig van die heerlijkheid van God wandel.”

Die kerk staan vir Heyns (1977:17) steeds in diens van God se skeppingsbedoeling naamlik in diens van die Koninkryk. Die kerk het sy bestansreg en voortsetting slegs in die feit dat dit deur die Woord geroep is en dit homself steeds sonder enige voorbehoud onderwerp aan die Woord en die Woord aan andere verkondig. Hy (Heyns1977:19) bevestig dat die Woord is nie ter wille van die kerk nie maar die kerk bestaan ter wille van die Woord. Die kerk moet die Woord aan mense verkondig sodat dit ‘n gelowige gemeenskap kan vestig. Dit gaan dus in die kerk oor mense wat as sondaars tot geloof gekom het en nou as gelowiges in die kerk na die verkondiging van die Woord luister. God het in sy genade sondaars gered, en hulle betuig nou as kerk (verlostes) hulle gehoorsaamheid aan God (Heyns 1977:20).

Guder (2000:159) bou voort op die voorgenoemde siening van Heyns met sy opmerking dat die gemeente in die erediens as’t ware deur God geroep word om sy getuies in ‘n bepaalde plek te gaan wees. Die evangelie rus gelowiges toe om getuies te wees. Gelowiges moet die erediens met die wete verlaat dat hulle opnuut geroep is om getroue getuies vir Christus te wees.

Green (1990:19-20) huldig die mening dat die enigste mense wat Christus aan andere kan voorstel, diegene is wat Hom ken. Volgens hom is die kerk die ambassadeurs van Jesus en hy wil graag deur die kerk na die wêreld uitreik. Hy bevestig die feit dat God se genade die beste waargeneem kan word in die lewens van mense wat reeds onder sy genade lewe. Christene het nie net die genade ontvang nie, maar ook die voorreg om die evangelie met andere te deel. Hy maan verder dat mense egter nie net in Christus se kerk opgeneem moet word nie maar ook die verantwoordelikhede aanvaar wat daarmee saamgaan. Christus het verkies om nie engele vir die taak te gebruik nie, maar doodgewone mense. Hy beskou dit as ‘n wonderlike voorreg dat begenadigde sondaars ander mense tot Jesus kan lei. Paulus was self verstom dat hy wat eens Christene vervolg en vermoor het, deur God geroep was om die evangelie te verkondig.

Die volgende bespreking is 'n samevatting van Kraus (1980:87-102) se sienswyse betreffende die evangeliese lewenswyse van die kerk:

Hy meen dat indien evangelisasie 'n hoë prioriteit vir die kerk is, sal die volgende aspekte 'n belangrike rol speel sodat die kerk 'n getuienislewende lewenstyl kan aankweek:

- Die eerste mikpunt moet wees om aan die sendingopdrag van God gehoorsaam te wees deur onder die leiding van die Heilige Gees die werk van Jesus Christus voort te sit en volhoudend onder sy heerskappy te staan;
- Evangelisasie is om die lewe met iemand te deel. Die kerk kan nie iets deel wat dit nie het nie. Die kerk kan slegs vrug dra in die verhouding wat hyself deel het aan die geestelike lewe;
- Die geestelike lewe word deur die gemeenskap van gelowiges verdiep. Die gemeenskap met ander gelowiges is ook evangelisasie en die kerk wat swak vaar op hierdie gebied, sal ook op die gebied van evangelisasie swak vaar;
- Evangelisasie sal effektief wees wanneer daar 'n gesonde balans is tussen aanbidding, getuienislewering en gemeenskap tussen gelowiges. Aanbidding is dus 'n voorvereiste vir effektiewe evangelisasie;
- Effektiewe evangelisasie is ook afhanklik daarvan dat diegene wat die spesiale gawes daarvoor het, dit gebruik;
- Bekering impliseer 'n lewenslange pad van geestelike groei. Evangelisasie moet aanleiding gee tot hierdie groei en die gemeenste moet voorsiening maak vir sodanige groei, en
- Die kerk se strukture sal voorsiening maak vir evangelisasie, indien dit 'n prioriteit vir die kerk is.

Dulles wat bekend is vir sy vyf modelle van die kerk, skets die kerk ook as "aankondiger" van die goeie nuus (Dulles 1987:76). Hy beskryf dit as: "one who receives an official message with the commission to pass it on." Hy (Dulles 1987:77) verwys in die verband na Barth wat van mening was dat die kerk, soos Johannes die Doper, nie na homself moet verwys nie, maar na Jesus. Dulles (1987:79) maan dat die kerk nie moet dink dat hy die draer van God se heerskappy is nie, maar slegs die aankondiger daarvan. Hy (Dulles 1987:84) verduidelik dan dat die doel van hierdie model bloot die verkondiging van die goeie nuus van Christus is en daarom het dit 'n sterk evangelistiese inslag. Die kerk se verantwoordelikheid is dus nie om mense te bekeer nie, of om God se koninkryk te laat kom nie, maar slegs om die evangelie te verkondig in terme van die groot opdrag. Dit is vir Dulles (1987:92, 93) belangrik dat die kerk die evangelie nie net in woorde verkondig nie, maar ook in daad. Die

bevoorreedes van hierdie model is volgens hom (Dulles 1987:97) nie uitsluitlik die lidmate van die kerk nie, maar almal wat die goeie nuus hoor, asook diegene wat in daad bygestaan word.

### 3.2.3 Die kerk, die getuienistaak en die Heilige Gees.

Volgens Carson (1987:80-87) se beskouing van hierdie saak, lei die Gees die kerk om mense wat geesvervuld is, te kies om sy bediening uit te voer. Die Gees kan egter ook direk, soos met Paulus, in iemand se lewe ingryp, en hom tot 'n bediening roep. Die Gees inspireer die hele kerk om in woord en daad 'n getuie vir Christus te wees maar struktureer die kerk vir die getuienistaak volgens die gawes wat hy uitdeel. Evangelisasie is nie die enigste sendingfunksie van die kerk nie. Die ander ampte van die kerk soos pastors, ouderlinge en diakens het ewe-eens die taak om te getuig in die uitvoering van hulle funksies. Hodges (1977:144) ondersteun die gedagte met sy siening dat die sendingtaak van die kerk dus nie net vir die sendingkommissie is nie of slegs vir kerke wat 'n sendingvisie het nie. Elke kerk en gelowige moet deelagtig wees in die dringende verantwoordelikheid van die kerk se sendingmissie.

Carson (1987:66-76) beklemtoon die feit dat die inwonende Gees verlang dat die kerk as tempel heilig moet wees. Hy brei verder uit op hierdie siening van hom met die stelling dat hierdie heiligheid deur die Gees in die gelowige gewerk word, waardeur hy nie net die hart skoonmaak en vernuwe nie, maar ook die gemeenskap van die heiliges gebruik om mekaar op te bou. Hy bevestig dat gelowiges saamwerk aan God se "gebou" (kerk) met Jesus as die Hoeksteen. Die Heilige Gees moet die kerk as liggaam van Christus versorg, met God as die voedingsbron. Die kerk groei soos die lede mekaar opbou. Die Gees gee die verskillende gawes wat nodig is vir die lede om mekaar op te bou. Die opbou (heiligmakingsproses) van die kerk gebeur nie oornag nie maar neem tyd. Die Gees verwyder nie die gelowige uit die wêreld nie, maar lei hom in 'n proses van beproewing en groei in die wêreld. Die kerk van Christus word saam in die liefde van God opgebou, deur die werking van die Gees. Die Gees gebruik ook die Woord as 'n swaard om gelowiges se harte binne te dring met die waarheid van Christus.

Hodges (1977:49-50) sluit by die voorgenoemde gedagtes aan in die sin dat gelowiges met die opbouing van die kerk, vir aanbidding toegerus word maar ook om getuies in die wêreld te wees. Die gawes wat die Heilige Gees aan die kerk gee, is nie om die kerk mooi te laat lyk nie, maar is noodsaaklike gawes waarsonder die kerk nie kan funksioneer nie. Dit is noodsaaklik vir die oorlewing en ontwikkeling van die kerk, en

het 'n noue band met die bediening van elke lid van die liggaam van Christus. Volgens Hodges is die gawes die gereedskap om die kerk mee te bou. God laat die kerk as 'n heilige tempel bou waarin hy kan woon. Jesus, as Hoof van die liggaam, bestuur die funksies van die lede, dit is die bouers.

Stedman (1995:90-94) lê baie klem op die feit dat die Heilige Gees toegelaat moet word om in die kerk te werk. Volgens hom het die vroeë kerk dit duidelik aan nuwe bekeerlinge gestel dat hulle by wedergeboorte nie net deel van die liggaam van Jesus geword het nie, maar dat hulle ook gawes gekry het wat hulle moes ontdek en gebruik. Hy beveel verder aan dat die gawes van die kerk nie net in die kerk aangewend moet word nie maar ook in die wêreld. Sy siening is dat die bediening van die liggaam van Christus in effek die bediening van Jesus is. Die gawes moet sodanig aangewend word dat dit mense na God toe aantrek en na die liggaam van Jesus toe. Hy meen die kerk word met die gebruik van die gawes Jesus se mond, voete en hande in die wêreld. Dit verkondig Jesus se evangelie en bewys sy liefde en ewige plan as redding vir 'n gebroke wêreld (Stedman 1995:60,83, 84).

#### 3.2.4 Die kerk se getuienistaak en sy verhoudinge tot God en die wêreld.

Nel (1994:23) sê: "As teken van die Koninkryk is die kerk gerig op die verandering (beking) van die wêreld. Die kerk het tot bestaansdoel om mense te help om die regering of Koningskap van God te erken, die gawe van sy Seun te aanvaar, en onder die leiding van die Gees van harte onder die regering van God te buig en Hom uit dankbaarheid as Koning te dien." Dit is vir Nel (1994:26) belangrik dat elke kerk en plaaslike gemeente die evangelie met woord en daad kommunikeer. Hy sê dat indien dit gedoen word: "word die gemeente onderhou en versorg, en só groei die gemeente en kom nuwe gemeentes tot stand." Nel (1994:29) meen verder dat ongeag die wyse van verkondiging, die doel steeds moet wees: "om mense met die goeie woorde en dade van God in Christus te bedien." Volgens hom is die verkondiging van die evangelie die essensie vir die voortbestaan, aldan nie van die kerk. Hy gaan sover om te sê dat, indien die evangelie nie gehoor, verstaan, geglo en geleef word nie, die bediening aan, en die bediening van die gemeente nie tot sy volle reg kom nie. Vir Nel (1994:33) lê die diepste betekenis van Christen wees en gemeente wees eintlik in sendelingwees.

Heyns (1977:59) meen dat in die lig van die feit dat die kerk die heil in Christus moet verkondig, dit as 'n instrument optree tussen die wêreld en Christus. Christus self bou

hierdie brug tussen die wêreld en Homself, en die kerk sal die funksie moet bly vervul solank daar nog mense is wat nie in Christus glo nie. Die kerk moet self deurlopend groei om aan sy Godgestelde doel te beantwoord. Elke lidmaat van die kerk moet as't ware die Woord bedien deur van sy Christenskap te getuig. Die kerk moet ook genade en barmhartigheid aan sy naaste bewys. 'n Christen weerkaats die hoop van die Gees op die wyse waarop hy sy liefdesdiens bewys aan diegene in nood.

Heyns (1977:66-77) voel verder ook sterk dat die essensie vir die bestaanswese van die kerk gesetel is in sy verhouding met God. Die kerk kan nie sonder hierdie verhouding bestaan nie en dit vorm die basis vir alle ander verhoudinge. Dit is vir hom (Heyns) duidelik volgens die Skrif dat God die Vader in sy raad besluit het om die kerk te stig, mense tot die kerk uitverkies het, en Jesus en die Heilige Gees gestuur het om die uitverkorenes bymekaar te maak. Jesus was die Stigter van die nuwe bedeling, en het gepreek dat toegang tot die kerk deur bekering verkry word. Jesus het egter nie net aangedui dat lidmaatskap tot die kerk deur middel van bekering verkry word nie, maar ook dat hy as Christus bely moet word, en dit is ook die boodskap wat die kerk moet verkondig.

Heyns (1977:95-106) pleit dat die kerk homself nie as eksklusief mag beskou nie en hom sodoende nie van die wêreld mag afsonder nie. Die kerk moet uit die Skrif verstaan dat hy self uit die wêreld kom, steeds daarin woon, daarheen uitgestuur word en daaruit bedreig word. "Wêreld" dui ook op die mense wat onder die mag van die bose is, en hulle behoort, net soos die kerk, aan die Here, en die kerk mag hulle nie afwys nie. Die kerk is ekklesia, dit is uitgeroepenes deur God uit al die nasies en volke om dan saamgeroepenes in die wêreld te wees. Indien die kerk die wêreld ignoreer sal die wêreld die kerk ignoreer en sal die kerk die wêreld verloor. Die kerk het veral met Pinkster, kerk vir die wêreld geword. Die kerk het nie noodwendig oplossings vir die probleme van die wêreld nie, maar verkondig die beginsels soos in God se Woord.

Hodges (1977:55) dink langs dieselfde lyne as Heyns in sy siening dat die kerk se arbeid onder die ongelowiges beslag kry in sy sendingtaak, wat nie net siele wil wen nie maar ook God se genade herskeppend in die mens wil laat inwerk. Lidmaatskap van die kerk is nie op grond van ras of enige iets anders nie, behalwe deur geloof in Jesus.

Vervolgens is 'n kort oorsig van Watson (1999:180-188) se siening synde die uitdaging vir die verhoudinge van die kerk tot die wêreld:

Om God te aanbid vra ook om opofferings te maak. Gelowiges word onder andere deur die skrywer van die Hebreërbrief aangemoedig om hulle **besittings met andere te deel**. Geloof raak elke aspek van Christene se lewe en hulle mag hulleself nie van die

werklikhede van die wêreld soos armoede afsonder nie. Daar is niks fout daarmee om geld te hê nie maar die liefde vir geld is ook die wortel van baie kwaad. Dit is onverstaanbaar dat die kerk geld kan opgaar of dat die westerse wêreld nuwe karre en huise koop en in weelde leef terwyl dit daagliks met die armoede van die derde wêreld en hongerlydendes gekonfronteer word. God se liefde word gemeet aan die feit dat hy sy Seun vir ons gegee het, en die kerk se liefde word veral in hierdie dae gemeet in die mate wat hy aan andere gee.

### 3.2.5 Hindernisse in die kerk vir evangelisasie

Green (1990:79-81) benader hierdie aspek vanuit die oogpunt dat mense nie na Christus getrek sal word nie as hulle nie self sien dat hy 'n verandering gebring het in die lewens van diegene wat Hom verkondig nie. Hy voel sterk dat die kerk mense na Jesus moet aantrek. Volgens hom moet die krimpende getal lidmate in baie kerke mense tot onrus stem. Dit is vir hom ook duidelik dat eredienste geen verband met die omstandighede van die lidmate het nie. Hy bespeur geen teken onder lidmate dat die Sondagdienste enige effek op hulle lewens het nie. Die meeste aktiwiteite word volgens hom uitgevoer deur 'n klein groepie mense, wat hoofsaaklik vrouens is. Mans en tieners is skaars en onbetrokke, en konserwatisme is tekenend in die meeste besluite en optredes, en die Heilige Gees word min ruimte toegelaat om lidmate / kerkraadslede te vernuwe.

Die volgende aspekte is kortliks Green (1990:397-401) se siening ten opsigte van bepaalde hindernisse wat die kerk mag ondervind om die evangelie te verkondig:

- Die meeste kerke is sodanig georganiseer dat dit hoofsaaklik “instandhouding” van bestaande lidmate wil doen en wil nie uitreik om nuwe lidmate te werf nie.
- Baie predikante het nog min of selde iemand na die Here toe gelei. Evangelistiek word nie as vak in baie teologiese kolleges of seminariëms aangebied nie. Predikante kan dus in gemeentes georden word sonder dat hulle ooit aan 'n evangelisasie-uitreik deelgeneem het.
- Baie lidmate het nie 'n verhouding met Jesus nie, en is dus nie in staat om iemand anders in die verband te begelei nie. 'n Mens kan tog nie iemand aan 'n persoon (Jesus) voorstel wat jyself nie ken nie. Baie lidmate is ook nie seker of hulle self Christene is nie, en kan dus nie met oortuiging getuig nie.
- Die vroeë kerk was ewe-eens baie afhanklik van die leiding van die Heilige Gees terwyl die kerk van vandag meer staat maak op die leiding van kommissies en ander kerkleiers.

- Die klem van getuienislewering het ook van elke lidmaat afgeskuif op slegs die predikant, wat in elk geval daarvoor betaal word.
- Daar is aanvanklik na die mense toe gegaan met die evangelie terwyl die siening vandag is dat mense na die kerk (gebou) toe moet kom om na preke te luister.
- Die vroeë Christene het met hulle lewens wat drasties deur Jesus getransformeer is, 'n impak op ongelowiges gemaak, maar vandag is dit selfs moeilik om Christene se gedrag van die res van die wêreld te onderskei.

Green (1990:397-401) se siening is dat die kerk sal kwyn as daar nie dringend aandag aan die saak van evangelisasie gegee word nie. Volgens hom is dit na aanleiding van Jesus se groot opdrag duidelik dat evangelisasie 'n belangrike saak vir Hom (Jesus) was en so behoort dit ook vir sy kerk te wees. Evangelisasie was in die vroeë kerk die hoogste prioriteit, terwyl die indruk gelaat word dat dit vir die kerk van vandag 'n baie lae prioriteit is.

Stedman (1995:146-151,162) huldig ook 'n mening ten opsigte van hindernisse vir evangelisasie met sy uitspraak dat die werk van evangelisasie nie gedoen kan word nie as daar nie onderlinge eenheid in die liggaam is nie. Daar word baie skade aan die evangelie van Jesus gedoen as die kerk evangeliseer terwyl hy geestelik ongesteld is. Volgens hom lê die Nuwe Testament groot klem daarop dat Christene mekaar se laste moet dra, sondes teenoor mekaar moet bely, mekaar aanmoedig en ook vermaan, en mekaar met die Woord, liedere en gebed bedien. Hy beklemtoon ook verder dat die onderlinge gemeenskap sigbaar onder die Christene van die vroeë kerk was. Hulle het in huise bymekaar gekom om mekaar te leer en saam te bid. Hulle het dan, gevul met hierdie onderlinge liefde, na die wêreld uitgereik en verlore nes na die kerk toe aangetrek. Stedman (1995:38,41) maan dat as daar verdeeldheid tussen Christene is, dit die kerk en mense se lewens kan vernietig. Hy pleit dat Christene in harmonie moet saamleef as die kerk sy roeping wil vervul. Die eenheid kan net bewerkstellig word deur die werking van die Heilige Gees. Christene kan ook volgens Stedman (1996:16-17) 'n vals Christenskap reflekteer, as gevolg van onkunde of selfs net blote ongehoorsaamheid. Sulke optrede kan net soveel skade doen as die gedrag van ongelowiges. Hulle doen skade aan die geloofwaardigheid van die evangelie en die eer van God. Die kerk moet die liggaam so opbou dat die bese dit nie kan beskadig nie.

Watson (1999:117-128) maan dat die kerk daarteen moet waak om nie steeds te wil voorgee dat statiese **kerkgeboue** die kerk van God is nie. God woon nie in geboue nie maar elke gelowige is die tempel van God. Volgens hom het kerkgeboue die gevaar dat dit immobiliteit kan aandui, want die groot opdrag is "gaan" maar die gebou sê



“kom”. Verder voer hy aan dat kerkgeboue diskrimineer tussen verskillende klasse van mense en dit is nie vir alle rasse toeganklik nie. Sy aanbeveling is dat die kerk veel eerder die geld wat hy aan kerkgeboue spandeer, aan die opleiding van mense moet spandeer wat kan help om die evangelie te verkondig en die Liggaam van Christus as lewendige Tempel op te bou. Hy lewer ‘n sterk pleidooi dat die kerk dus ernstig oor die noodsaaklikheid van sy bouprogramme moet besin teenoor funksies wat tot die uitbreiding van die Koninkryk bydra. Evangelisasie en die uitnodiging aan mense om na die kerk (gebou) te kom, sal nie die gewenste resultate lewer nie. Ten slotte beveel hy aan dat die kerk moet ‘n geestelike huis bou en geestelike offers bring wat vir God aanneemlik is en nie net stene op mekaar lê nie. Elke geestelike steen wat ingebou word, moet tot eer van God wees.

Volgens Barna (1995:35-42) word mense regoor die wêreld as’t ware met die evangelie gebombardeer as gevolg van die verskeidenheid van evangelisasie-aksies. Hy stel dit duidelik dat navorsing toon dat baie mense nie die mees algemeenste tekste van die Bybel soos Johannes 3:16 of ander frases ken of verstaan nie. Volgens hom het hulle het ook geen begrip van die groot opdrag nie. Hy beweer dat mense meer geneig is om die besonderhede van algemene televisie programme te ken en te onthou as enige evangelieverwante sake. Hy stem sodoende nie saam met die algemene opmerking dat alles reeds gedoen is om mense met die evangelie te bereik nie. Hy tref ‘n onderskeid tussen om aan die evangelie blootgestel te word en om die evangelie te hoor. Volgens hom meen ongelowiges dat die verkondiging van die evangelie weens die volgende drie redes nie suksesvol is nie:

- Hulle kan nie die relevansie van die evangelie insien nie,
- Hulle verstaan nie wat Christene / evangeliste aan hulle wil verkondig nie,
- Die oplossing wat in die dood en opstanding van Jesus aangebied word, voldoen nie aan hulle vereistes nie.

Hy voel verder sterk oor die feit dat mense iemand soek wat hulle materiële behoeftes, drome en probleme kan oplos. Hy meen ook daar is aktiwiteite wat die kerkvervreemdes en/of ongelowiges eerder ‘n afsku in die kerk en evangelie sal gee as om hulle daarvoor opgewonde te kry, en noem dan die volgende voorbeelde van sulke aktiwiteite:

- Om mense telefonies te kontak en hulle na die kerk uit te nooi.
- Om sonder ‘n afspraak by mense se woonplekke op te daag en hulle met die evangelie te konfronteer.

Hy beklemtoon dat daar onthou moet word dat ongelowiges nog nie die belangrikheid van hulle besluite besef nie, en dat hulle voel dat die voorgenoemde maniere van

kontak maar nog net iemand is wat iets op hulle wil afforseer. Volgens hom het navorsing getoon dat slegs die volgende twee strategieë hulle belangstelling prikkel:

- Waar gelowiges eerlike verhoudings met hulle aanknoop, vir hulle wys dat hulle omgee, en hulle uiteindelik na die kerk uitnooi.
- Waar die kerk programme borg wat nie geloofgebaseer is nie soos sportprogramme, konserte, en ander gemeenskapsprojekte, en dan diegene wat dit bywoon, uitnooi om ook die kerkdienste by te woon.

Barna (1995:63-69) het waargeneem dat kerkvervreemdes net in die kerk belangstel indien hulle van mening is dat die kerk hulle lewensgehalte kan verbeter. Diesulkes meen ook verder dat die evangelieboodskap die meeste respek sal afdwing indien dit verkondig word deur iemand wat hulle ken en indien hulle die stellings wat verkondig word, kan glo. Barna meen die probleem wat die kerk dus moet aanspreek, is hoe moet sy evangelisering strategieë / modelle lyk, sodat dit 'n opregte liefde vir die ongelowiges demonstreer en vir hulle 'n belewenis gee wat nie die evangelie sal benadeel nie. Hy maan dat die kerk moet onthou dat ongelowiges bereik moet word en dat God die pogings sal seën. Hy is oortuig dat metodes wat in die verlede onder ander omstandighede en kulture gewerk het, nie noodwendig meer in vandag se tye van toepassing is op die moderne mense en geïntegreerde kulture nie.

Volgens Guder (1985:144-149) word evangelisering in baie gevalle gekoppel aan bepaalde wyses wat gevolg moet word. Christene word opgelei om gesprekke te manipuleer ten einde 'n geleentheid vir getuienislewering te skep. Sy mening is dat hierdie soort van evangelisering min klem plaas op die verhouding tussen die getuie en die hoorder. Die klem is hoofsaaklik om 'n geleentheid te skep dat 'n getuie gelever kan word en in opvolging die hoorder 'n besluit moet neem sodat 'n siel gered kan word. Hy maan dat, alhoewel die beginsel van evangelisering is dat elke Christen te alle tye sal getuig, daar gewaak moet word dat die getuie nie van die fisiese optrede van die getuie self geskei word nie. Sy standpunt is dan dat hierdie wyse die klem te veel kan plaas op evangelisasie as 'n towerformule vir siele wen, met min verwysing na die doel hoekom mense gered moet word. Hy beklemtoon die feit dat die heerskappy van die Here vergestalt moet word in die etiese, politieke, sosiale en ander optredes van die mens. Christene se verkondiging van die evangelie moet ook deur hulle dade ondersteun word. Dit is vir hom kernnoodsaaklik dat die evangelie in die getuie se lewe vergestalt moet word, sodat dit nie net gehoor word nie, maar ook gesien kan word. Dit is geïnkarnearde evangelisasie. Volgens hom het Jesus hierdie beginsel van geïnkarnearde evangelisasie goed gedemonstreer. Hy het met individue as enkelinge

gehandel en deurentyd sy liefde gedemonstreer. Jesus se getuienis en sy dae het met mekaar ooreengestem. Hy het getuig dat God 'n liefdevolle Vader was na wie die verlorenes kon terugkeer, en net so was Hy (Jesus) 'n vriend na wie prostitute, uitgeworpenes en ander sondaars kon kom vir hulp.

Coleman (1986:39) maan egter dat daar met groot omsigtigheid besin moet word oor die wyses van geïnkarneerde evangelisasie. Hy stel dit duidelik dat daar nooit van die oortuigende krag van die Skrif, gebed en die werkinge van die Heilige Gees vergeet mag word nie. Geen mens kan werklik vir Jesus namaak of Hom inkarnear nie. Verskeie herlewings is met gebed en die verkondiging van die evangelie begin. God het self onderneem om sy kerk te bou, en bevestig dat die magte van die hel dit nie sal oorwin nie.

Volgens Armstrong (1979:54-59,74) moet daar met versigtigheid omgegaan word met die begrip "Evangelisering", want daar kan 'n wanbegrip wees ten opsigte van die betekenis daarvan en die middele wat gebruik word om te evangeliseer. Hy is van mening dat daar gevalle kan wees waar dit voorkom of mense evangelisering verwerp terwyl hulle eerder die wyse verwerp wat gebruik word om dit te doen. Verdere verwarring wat ondervind word, is die gebrek om onderskeid te tref watter wyse die mees toepaslike is vir bepaalde omstandighede. Daar is 'n gepaste wyse vir elke situasie. Evangeliste moet nie onder die wanindruk verkeer dat dit 'n besondere wyse is wat mense vir Jesus wen nie. Christene kan slegs getuig, terwyl dit die Heilige Gees is wat oortuig. God gebruik gelowiges as instrumente om verlorenes na Hom toe te trek. Sy siening is verder dat evangelisering wat ten doel het om die hele persoon te bereik, nie die sosiale omstandighede van die persoon kan ignoreer nie. Hy is van mening dat die stelling dat geloof 'n persoonlike saak is nie beteken dat dit niks met die nood van die wêreld te doen het nie.

Guder (1985:190-191) pleit dan nou dat die kerk homself nie net as 'n instelling moet sien wat die voordele van redding aan sy lidmate oordra nie. Hy meen dit was juis hierdie benadering van die kerk wat veroorsaak het dat die klem eerder op die voordele van redding fokus asook op die verantwoordelikhede van die getuies. Christene is verkeerdelik van mening dat dit slegs nodig is om hulle aan die reëls van die kerk te onderwerp en aan die kerklike aktiwiteite deel te neem. Daar word gemeen dat gehoorsaamheid aan dié aktiwiteite, redding sal verseker. Die kerk moet opnuut besef dat redding en verantwoordelikheid nie geskei kan word nie en dat hy geroepe is om getuie te wees van God se genade aan die hele skepping. Die kerk is nie perfek

nie, maar moet gehoorsaam wees aan God se opdrag, en die saak van redding in God se hande laat.

## **HOOFSTUK 4: BYBELS-TEOLOGIESE BEGRONDING VIR HOLISTIESE EVANGELISASIE**

### **4.1 INLEIDING**

#### **4.1.1 Bepaalde perspektiewe**

Soos vroeër genoem, moet daar gewaak word dat die primêre doelwit van evangelisasie nie net die wen van siele word nie, waar resultate aan sekere maatstawwe gemeet word. Dit moet ook nie net aan 'n sekere gebeurtenis soos bekering of wedergeboorte gekoppel word nie. Guder (1985:153-157) is van mening dat hierdie metodes nie in ooreenstemming is met die voorbeeld wat Jesus gestel het nie, en dit openbaar ook nie die volle betekenis van evangelisering volgens die Nuwe Testament nie. Hy stel dit onomwonde dat indien Christene gehoorsaam wil wees aan God as sy getuies, moet sy koninkryk in sy volle konsekwensie en die eenheid onder sy getuies, sentraal staan in die getuienistaak. As Christus die mens oproep om Hom onder die armes en die uitgeworpenes te dien, dan moet dit in gehoorsaamheid gedoen word. Volgens hom moet evangelisasie die hele evangelie verkondig, anders is dit ongehoorsaamheid. Hy maan dat Christene nie net oor woorde van liefde, genade en hoop moet praat waarvan hulle in die Bybel lees nie, maar hulle optredes moet dit ook reflekteer. Indien Christene nie liefde, genade en vergifnis uitlewe nie, help dit ook nie om daaroor te praat nie. Die wêreld moet die boodskap verstaan en dieselfde boodskap in getuies se lewens hoor en sien.

Volgens Guder (1985:158-166) bring die reddende werk van God 'n lewendige hoop in Christene mee en reflekteer dit hulle geloof. Hy voer verder aan dat Christene dan ook in hierdie hoop in die wêreld optree as bewys van hulle geloof, en dit is sigbaar in hulle getuienislewering. Hy beskou evangelisasie as 'n geleentheid vir die Christen om sy hoop en geloof te verkondig in 'n wêreld waar daar nie veel hoop is nie. Hy pleit egter dat die getuienis die Christen se besorgdheid oor sy naaste se welstand moet reflekteer. Indien evangelisering te make het met die swakhede en sondes van mense en in liefde daarmee handel en geloof versterk, sal dit baie mense wat hulp nodig het nader trek. Christene moet die laste van die swakkes help dra en hulle die hoop gee wat God in Jesus gegee het. Hy stel dit duidelik dat geen enkele persoon die volle taak van evangelisasie kan doen nie. Dit is die werk van die hele liggaam van Christus onder die leiding van die Heilige Gees. Dit is 'n geloofsdaad, en getuies hoef nie te weet wat die sukses van hulle getuienis is nie.

Volgens Van Engen & Thiersma (1994:9-11) is geïnkarneerde inkarnasie om op pad te wees, as't ware langs diegene wat deur die samelewing verwerp is. Dit is om tussen die armes te wees. Jesus het deur alle tyd en grense gebreek om by ons te wees en so moet ons ook bereid wees om met die fisiese en emosionele stryd van ons naaste gemoed te wees. Die uitdaging om die armes te bemagtig begin by die noodsaaklikheid om eerstens by hulle teenwoordig te wees. Dit mag selfs beteken om by hulle te lokaliseer. Daar is natuurlik diegene wat dink dat dit nie werklik nodig is om te herlokalisier nie maar dat dit slegs 'n saak van die hart is. Genadiglik was dit egter nie by Jesus net 'n saak van die hart nie. Die gevaar van herallokasie-inkarnasie is dat diegene wat dit doen, self so oorweldig kan word deur die onmenslikheid wat teenoor die armes betoon word, dat hulle mismoedig kan word.

Van Engen & Thiersma (1994:13-14) verwys onder andere na Skrifdele soos Fillipense 2:5-8 en Johannes 1:14 om Jesus se inkarnasie te onderskryf waarin aangedui word dat die Woord vlees geword het, en tussen ons kom woon het. Dit is belangrik om kennis te neem van Jesus se geïnkarneerde lewenswyse van wag, voorbereiding en gebed. Dit sal help dat ons as mense nie in swakheid probeer om te doen wat Jesus nie self gedoen het nie. Ons moet Jesus se roeping duidelik verstaan. Moeder Theresa het soos volg geantwoord nadat 'n vraag aan haar gevra is hoe sy haar roeping gekry het om die armes te bedien: (Van Engen & Thiersma 1994:14) "My call is not to serve the poor. My call is to follow Jesus. I have followed him to the poor. But if he called me to the rich, I would go to the rich."

Dit is belangrik om te kyk waar God werk en om Hom daarheen te volg. Die mens het nie al die antwoorde nie, en kan ook nie al die nood oplos nie. Die bediening behoort aan God en nie aan die mens nie. Ons moet God vertrou en nie op eie krag en projekte staatmaak nie.

Volgens Van Engen & Thiersma (1994:15-16,19, 39) is daar baie debat oor die vraag of woorde of dade voorkeur moet kry in geïnkarneerde evangelisasie. Jesus se woorde en dade het beide altyd van liefde en medelye getuig. Evangeliste moet verseker dat hulle woorde en dade dieselfde liefde en medelye demonstreer. Dit sou sinneloos wees om noodlydendes te versorg of om die evangelie te verkondig as dit nie met dieselfde liefde en barmhartigheid van Jesus geskied nie. Hulle mening is dat om lief te hê beteken om tot voordeel te wees, om bystand te gee, of om te help. Christene as die naaste van ander, moet dus bystand verleen en help soos ons onself sou gehelp het. Sonder dit word die take maar net take wat afgehandel moet word. Daar moet 'n bereidheid wees om te ween oor die pyn en gebrokenheid van mense soos Jesus oor Jerusalem geweet het.

Geïnkarneerde evangelisasie moet volgens Van Engen & Thiersma (1994:22) nie net ten doel hê om mense in 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus te bring nie, maar ook om hulle in die geloofsgemeenskap in te trek. Hulle verwys in hierdie verband na die evangelie van Johannes waar die vrou by die put nie net deur Jesus vergewe is nie, maar ook 'n getuie vir Hom geword het. Evangelisasie moet poog om mense wat deur die evangelie “vernuwe” is, aan te moedig om ook “change agents” vir Jesus tussen hulle eie mense te word.

Arias & Mortiner (1992:78-79,82-83) verwys na John R.W. Stott, die argitek van die Lausanne Kongres van Wêreldevangelisasie in 1974, wat van mening is dat Johannes se evangelie meer geïnkarneerd as mondelings is. Jesus bevestig self in Johannes 17:18 en 20:21 dat soos die Vader Hom gestuur het, so stuur hy ook sy dissipels na die wêreld. Volgens hulle word hierdie metode baie verwaarloos, want dit is ook van die moeilikstes. Sending / evangelisasie is om gestuur te wees. Terwyl die ander evangelies se sendingopdragte spesifiek is, is die opdrag in Johannes slegs om gestuur te wees. Alhoewel dit die kortste sendingopdrag is, beklemtoon dit wel die essensie van evangelisasie. God is die Een wat stuur en Jesus die “Gestuurde”. Jesus het vlees geword en tussen ons kom woon. Dit is inkarnasie. Die dissipels word na die wêreld gestuur sodat dit gered kan word. God het juis die wêreld so lief gehad dat hy sy enigste Seun as Verlosser vir ons gestuur het.

Guthrie (2000:125) verwys in sy motivering vir holistiese evangelisasie na die volgende aanhaling van die Lausanne Kongres van wêreldevangelisasie in 1974: “We affirm that evangelism and socio-political involvement are both part of our Christian duty.” Die gelofte bevestig dat “both are necessary expressions of our doctrines of God and man, our love for our neighbour and our obedience to Jesus Christ.” Guthrie (2000:125,126) verwys ook na John Stott wat meen dat die groot sendingopdrag eintlik beslag kry in Joh 17:18 waar Jesus aandui dat hy sy dissipels stuur soos die Vader Hom gestuur het. Hy verwys dan verder na Stott wat die mening het dat evangelisasie en sosiale aksie vir hom twee kante van dieselfde muntstuk is. Die een is nie 'n middel tot die ander nie maar elkeen 'n doel opsigself. Vir hom (Guthrie) is die wese van holistiese evangelisasie dan die bediening van die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van die hele mens. Guthrie (2000:127) meen dat daar rekenskap gehou moet word met holistiese evangelisasie in die nuwe millenium. Volgens hom is daar bewyse dat hele gemeenskappe, waarvan baie uiters arm is, deur Jesus se gewillige dienaars, in sy koninkryk getransformeer word. Guthrie (2000:127, 128) verwys na Jay Gary wat meen dat die tradisionele verdeling tussen evangelisasie en barmhartigheid besig is om te

verdwyn. Hy (Guthrie) maan ten slotte dat daar met die klem op holistiese evangelisasie net gewaak moet word dat daar nie 'n oormatige klem is op ontwikkelingsprogramme en gemeenskapsverhoudinge nie, en dat die verkondiging van die Woord in die proses afgeskeep word nie.

Stone (1996:149) se pleidooi vir holistiese evangelisasie is dat daar in die kerk se bediening nie 'n siening moet wees dat behoeftiges net meer tyd moet kry om Jesus aan te neem nie. Hy is dan ook nie verbaas dat die kerk wat so 'n siening (verlossing van die siel is hoofsaak) het, nie by barmhartigheid, opheffing en geregtigheid uitkom nie. Hy meen dat die kerk wat so werk in sy haas om siele te red, van die mens vergeet het. Volgens Stone (1996:150) is Christelike (holistiese) evangelisasie niks anders as om die mens sy menslikheid te gee nie. Sy siening is dat 'n barmhartige evangelis 'n model, getuie en agent is van die menslikheid soos gevind in Jesus en dit in die mens en gemeenskap, met die werking van die Heilige Gees, 'n werklikheid maak. Die kern van sy redenasie is dat dit 'n totale mens is wat gered moet word en nie net 'n siel nie. Dit gaan dus nie oor of die siel of die liggaam die belangrikste is nie, maar dat die twee saamgevoeg baie belangrik is.

#### 4.1.2 Die Drie-enige God en holistiese evangelisasie

##### 4.1.2.1 God die Vader is die oorsprong en vervulling van holistiese evangelisasie.

Knoetze (2002:102-108,119-120,124) grond die feit dat God die Vader die oorsprong van holistiese evangelisasie is op die volgende bespreking:

Jesus leer ons dat God ons Vader is. Die verhouding met ons hemelse Vader is naby, intiem en sag en veronderstel dat hy vir ons wil sorg. Ons lees onder andere in Matteus 6:31-32 dat ons ons nie hoef te bekommer nie want ons hemelse Vader weet wat ons alles nodig het.

Die Ou Testament bring die volgende beelde van God as Vader na vore:

- Deuteronomium 1:31. Hy is die Vader wat sy kinders dra “soos 'n man sy seun dra”,
- Deuteronomium 32:10. Hy is 'n Vader wat sy kinders “vertroetel en versorg soos die appel van sy oog”, en
- Hosea 11:1-4. Hy is die Vader wat sy kinders liefhet. Hy leer hulle loop, dra hulle op sy arms, lei hulle met sorg en liefde en gee hulle gereeld kos.

God se liefde is genade wat ons nie verdien nie. God het ons lief nie oor wat ons is nie, maar oor wat hy is. God is liefde. God se liefde sluit niemand uit nie en hy verwag



dieselfde van sy kinders. Die mens moet deur die kruis na God se liefde kyk want dit het die Vaderhuis oopgemaak vir elkeen wat wil ingaan. Die hele skeppingsverhaal is tekenend van God se liefde vir die mens. God reik van die begin af in liefde en ontferming uit na die mens. Die sonde het egter skeiding gebring maar tog reik God deur Jesus weer in liefde uit na die mens. God se bemoeienis met die mens kan gesien word as 'n barmhartige diens aan die mens wat in sonde verval het. Die eienskappe van God is die basis vir holistiese evangelisasie want die mens is na God se beeld geskape, wat die eienskappe insluit. God is die een wat sorg en versorg en middele tot beskikking stel. Dit is Missio Dei. God gebruik egter mense vir sy bediening op aarde. Dit is Missio Ekklesia. Die mens kan slegs waarlik mens wees in sy verhouding met ander mense. God roep die mens om vir mekaar tot hulp te wees en mekaar met ons gawes te bedien. Die kerk mag hom dus nie van die nood van die mens onttrek nie. God verwag van gelowiges as rentmeesters om so te leef dat daar nie armes onder gelowiges sal wees nie. Deuteronomium 15 stel dit egter duidelik dat daar altyd armes sal wees maar daar is 'n duidelike opdrag dat vrygewigheid teenoor die behoeftiges openbaar moet word.

Stone (1996:xi) dink langs dieselfde lyne as Knoetze met sy mening dat God barmhartig is en dat daar 'n wesenlike verband is tussen God se barmhartigheid en die diens waartoe God die mens roep. Sy mening is dat diens van barmhartigheid nie 'n bo-en-behalwe diens is nie, maar 'n diens wat verrig word in respons op die barmhartigheid van God.

Dit is volgens Knoetze (2002:68-72) nie moontlik om God los van die naaste lief te hê nie. Ons lees reeds in Deuteronomium 15:11 dat God gesê het dat daar armes in die land sou wees en dat Israel vrygewig moes wees. Daar word ook in Levitikus 19:33-34 aangedui dat selfs die vreemdeling nie onderdruk mag word nie maar soos 'n medeburger liefgehê en behandel moet word. God se gebod is juis dan ook liefde teenoor die naaste. Beide ryk en arm mense is deur God geskape en daar mag dus geen onderskeid wees nie. Die ryke word juis deur die Here geseën om die arme te kan dien.

#### 4.1.2.2 Jesus Christus as model vir holistiese evangelisasie

##### 4.1.2.2.1 Inleiding

Vir Knoetze (2002:126-128,132,133-135,144) is Jesus Christus die model vir holistiese evangelisasie. Hy bespreek die saak soos volg:

Hy verwys na Johannes 1:18 waarin gelees word dat niemand God nog ooit gesien het nie en dat sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, Hom bekend

gemaak het. Jesus is die Gestuurde van God na die wêreld. Hy meen dat alles wat van die Vader oor holistiese evangelisasie gesê is, net so oor Jesus gesê kan word. Jesus het God se heerskappy en sending op die aarde kom voortsit. God se barmhartigheid word juis in Jesus se inkarnasie as dienskneg begrond. Jesus se hele aardse lewe word deur 'n sending en diakonale intensie en dimensie gekenmerk. Die Ou Testament verbind nie Messias en Dienskneg aanmekaar nie, maar die Nuwe Testament bring die twee figure in Jesus Christus bymekaar. Jesus is selde "Dienaar" genoem maar het tog duidelik die rol vervul. Jesus se diens het duidelik ook die geestelike nood van mense aangespreek. Hy het gepreek (Mark 1:38), sondes vergewe (Mark 2:10), en hy het gekom om verlore nes te soek en te red (Luk 19:9). Jesus het die voorbeeld vir diens gestel en dit moet die wyse bepaal hoe ons as gelowiges moet dien. Jesus het nie net vir die armes gepreek nie. Hy was self arm. Hy het arm vir die armes geword (2 Kor 8:9). Die Lukasevangelie dui duidelik aan dat Jesus as die Gesalfde van God die evangelie aan die armes verkondig het (Luk 4:18-19). Soos God Jesus na die wêreld gestuur het, so stuur hy ook sy dissipels. Jesus stel dit in Luk 22:24-27 duidelik dat die een wat dien, die belangrikste is. Hy leer ook sy dissipels om voete te was (Joh 13:14-17). Die krag van holistiese evangelisasie lê egter nie in wat gedoen word nie maar in die Een in wie se Naam dit gedoen word.

#### 4.1.2.2.2 Die aard en karakter van Jesus se diens

Ons lees in Lukas 12:37 dat Jesus sy dissipels aan die tafel laat aansit en hulle bedien. En dan in Lukas 22:37 dat hy in die kring is soos een wat dien. Johannes 13:15, Matteus 20:26 en verskeie ander tekste beklemtoon die diensaspek van Jesus se bediening.

Knoetze (2002:59,79,82) meen die oorsprong van die diens moet gesoek word in Jesus se beskouing dat hy nie gekom het om gedien te word nie maar om te dien (Mark.10:45). Hy beklemtoon die volgende aspekte in hierdie verband:

- In teenstelling met wêreldvorste se heerskappy gaan dit in Jesus se koninkryk oor nederige diens,
- Die diepste wese van Jesus se diensbeskouing is dat dit op sondaars gerig is,
- Jesus se diens hang nou saam met God se liefde vir die wêreld,
- Die motief van Jesus se diens is dus dat dit tot die eer van God moet strek, en
- Dit gaan egter nie net oor die verlossing van die siel en die verhouding met God nie. Dit is ook gerig op die behoud van die mens in al sy verhoudings.

Sy beskouing is dat Jesus se hele bediening in die konteks van sy stuur na hierdie wêreld gesien moet word. Hy bevestig dat Jesus nie net gepreek het nie maar ook

dade gedoen het. Jesus se prediking is in sy daade ingebed. Gesien teen dié agtergrond meen hy dat woord en daad onlosmaaklik is in Jesus se bediening. Hy verwys ook na Markus 10:45 waar dit duidelik gestel word dat die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe as losprys te gee. Volgens hom is die kerk dus geroep om nie net deel aan Jesus se sendingtaak te kry nie maar ook aan sy diakonaat. Die verhoogde Jesus wil sy omvattende diens deur sy gemeente voortsit.

Watson (1976:27, 30) sê dat Jesus se proklamasie van die goeie nuus ook gekoppel was aan die demonstrasie van daardie goeie nuus. God het nie net vir Jesus na hierdie wêreld gestuur om 'n "preektoer" te onderneem nie, maar ook om die God wat die mens in sy nood ontmoet, te demonstreer. Jesus se verkondiging van die evangelie is dus onlosmaaklik van die daade wat daarmee gepaardgaan. Sy (Watson) siening is dat indien Jesus se evangelie nie deur sy daade ondersteun was nie, dit net so leeg soos die van die vals profete sou gewees het. Hy verwys na die Evangelies wat vol voorbeelde is van Jesus se verkondiging van die evangelie wat met daade aan die siekes, armes, ensovoorts gepaard gegaan het. Dit is volgens hom baie duidelik dat verkondiging en daade, proklamasie en demonstrasie, sê en doen, nie geskei kan word in Jesus se bediening nie. Woorde sonder daade is leeg en betekenisloos. Die mensdom skree dit vandag uit dat hulle siek is vir woorde want hulle wil sien. Dit is vanaf die vroeë kerk tot en met vandag in die een en twintigste eeu duidelik dat evangelisasie vrugteloos is indien dit nie onderskryf word deur die kragtige werking van die Heilige Gees nie.

Arias & Mortiner (1992:37-39) beskou Markus 16:15, naamlik dat die goeie nuus aan alle mense in die hele wêreld verkondig moet word, as een van die belangrikste tekste wat as motivering vir evangelisasie dien. Hulle beklemtoon egter dat die proklamasie van die koninkryk van God meer as net mondelingse verkondiging geag word. Dit moet holisties benader word, en sluit prediking, onderrig, gesondmaking, duiweluitdrywing, roeping en dissipelmaking, voeding, ensovoorts in. Dit is verkondiging in aksie. Volgens hulle mening plaas Markus meer klem op daade as woorde. Jesus se genesings was holisties, in die sin dat dit nie net fisiese nood aangespreek het nie, maar ook geestelike nood soos vergifnis, bevryding en aanvaarding. Toe die massas honger was het Jesus nie net gepreek nie maar ook vir hulle kos gegee om te eet. Jesus het dus wel geestelike kos gegee maar simpatie met hulle fisiese nood gehad. Jesus se daade van mededeelsaamheid was 'n diens aan God.

Volgens De Klerk (1990:4-5) is diens van die Griekse woord “diakonia” afgelei. Begrippe soos diaken, diakonie en diakonologie is op hulle beurt van diakonia afgelei. Hy meen diakonia wil teologies dui op die Christusbediening soos dit in die wêreld plaasgevind het. Jesus het Homself nie net as die Diakonos (Dienskneg) geopenbaar nie maar ook opdrag gegee om te dien (Mat 25:25-28). Volgens hom was Jesus se hele aardse lewe en bediening tekenend van die nederige diens wat nodig was in sy rol as Verlosser. Hy beklemtoon die feit dat Jesus se dienswerk nie met die Golgotagebeure opgehou het nie, maar dat hy dit vandag nog deur die werking van die Heilige Gees voortsit. Diakonia, alhoewel gegrond in Jesus se werk, kan nie van die trinitariese konteks losgemaak word nie. Volgens hom was Diakonia, of te wel kerklike dienswerk, ‘n vreemde begrip vir die wêreld maar Jesus het dit op ‘n besondere wyse geïllustreer. Die feit dat Jesus Here is maar ook die kneg van God was, is onlosmaaklik van mekaar. Dit was nie ‘n situasie dat Jesus geheers het en terselfdertyd gedien het nie, maar eerder dat soos hy gedien het, hy ook geheers het. Hierdie diakonia moet deur die liggaam van Jesus verrig word. Die dienswerk kan egter nie sonder die gawes (charismata) wat die Heilige Gees gee, gedoen word nie. Hierdie Geesverrykte dienswerk is omvattend, en sluit alle vorms van die kerk se dienswerk in soos die profetiese, priesterlike en koninklike werk.

#### 4.1.2.3 Die Heilige Gees as die een wat holistiese evangelisasie bemagtig

Knoetze (2002:146,148,150-152) se opinie is dat dit die Heilige Gees is wat holistiese evangelisasie bemagtig. Volgens hom was Die Heilige Gees van die begin van die skepping saam met die Vader en die Seun betrokke, en het die Heilige Gees ook die lewe aan die Seun geskenk. Jesus se hele lewe was onder die Heilige Gees se beheer. Die Heilige Gees is egter ook volledig in die Vader en die Seun se diens om die werk van Jesus op die aarde voort te sit. Sy gevolgtrekking is dan dat holistiese evangelisasie dus onder die leiding van, en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees gedoen word. Die Heilige Gees rus die ganse kerk toe vir die taak. Dieselfde Gees wat Jesus vir sy werk toegerus het, het Jesus aan sy dissipels gegee en dié werk vandag nog in gelowiges. Die Gees leer gelowiges ook om op die weg van diens te gaan. Die Heilige Gees het Jesus in ‘n diensverhouding van gehoorsaamheid aan God geplaas en sal ook so hierdie diensverhouding in gelowiges plaas. Hy verwys ten slotte na Handeling 2, wat dit duidelik stel dat die Gees verhoudings bou en gelowiges in Christus aan mekaar bind. Die Gees van God steek alle grense oor om mense in ‘n verhouding met God te plaas.

#### 4.2 Die kerk en holistiese evangelisasie

DuBose (1983:105-107) het 'n sienswyse dat daar geen ander kerk is as die kerk wat na die wêreld gestuur word en dat daar geen ander evangelie is as die evangelie van Jesus nie. Sending kom volgens hom nie van die kerk nie maar die kerk moet in terme van die evangelie verstaan word. Die kerk is dus nie die stigter van die evangelie nie maar die kerk moet sy sending en doel in terme van die evangelie verstaan. Die kerk het nie opsigself 'n evangelie nie maar slegs in soverre wat dit Jesus Christus se evangelie deel. Die kerk demonstreer sy diepste wese vir bestaan slegs insoverre hy gehoorsaam is aan sy sendingopdrag. Die kerk is as 'n gestuurde gemeenskap die instrument vir sending / evangelisasie. Die kerk is op 'n sendinggrondslag gestig en het hierin sy funksie, doel en identiteit. Bosch (1979:225) ondersteun die voorafgaande gedagtes met sy siening dat die kerk slegs kerk is as hy vir andere daar is. Hy stel dit duidelik dat die kerk helpend en dienend aan die gemeenskapslewe moet deelneem en nie heersend nie. Die kerk word uit die wêreld geroep, maar ook weer na die wêreld gestuur. Volgens hom sluit hierdie dubbele dimensie mekaar nie uit nie maar juis in. Dit is 'n nuwe lewe met mekaar en met Christus, asook 'n lewe vir andere waar die verkondiging van die evangelie met die totale nood van die mens in verband gebring moet word.

Bosch (1979:227) se siening is verder dat die kerk se totale Missio in die Bybelse begrip "marturia" (getuienis), beskou moet word. Hy sê dan verder dat dit kerugma (prediking), koinonia (gemeenskap) en diakonia (diens) insluit. Dit kan meebring dat woordgetuienis en daadgetuienis teenoor mekaar gestel word. Die onderskeid kan tog egter nie, want God se woord is 'n klankvolle daad, en God se daad is 'n sigbare en tasbare woord. Dit is nie volgens die beelde van die Christengemeenskap in Matteus 5:13-16 moontlik om die sout, lig en stad in kerugma en diakonia te onderskei nie. Dit is ewenwel nie moontlik om die groot opdrag in Matteus 18:18-20 net as kerugma en die groot gebod in Matteus 22:39 as diakonia te onderskei nie. Dit is eerder twee aspekte van die kerk se Missio wat deur die koinonia soos gom aanmekaar gehou word. Met die bogenoemde siening word nie bedoel dat kerugma en diakonia dieselfde is nie. Bosch (1979:228-229) se mening is eerder dat egte kerugma ook 'n diensdimensie het, en dat egte diakonia ook 'n verkondigingsdimensie het. Hy stel dit egter duidelik dat dit nou nie beteken dat elke element nie ook die ander dimensie moet bevat nie. Die barmhartige Samaritaan het nie vir die slagoffer van die rowers gepreek nie, maar sy wonde versorg. Die spesifieke situasie sal die dimensie bepaal

van hoe die getuienis oorgedra moet word. Mense sal nie bloot glo in terme van wat hulle hoor as dit deur daad weerspreek word nie. Dit is betreurenswaardig dat die kerk se mondelingse prediking deur die kwaliteit van die mense se lewens weerspreek word.

Volgens Knoetze (2002:185-187,189-190,198-199) bestaan die kerk ter wille van die "Een" deur wie dit tot stand gekom het. Hy stel dit duidelik dat die kerk se oorlewing deur Christus self gewaarborg word. Die getuienis van die kerk is nie net gesetel in wat hy doen nie, maar ook wie hy in Christus is. Dit bepaal die kerk se geloofwaardigheid. Volgens hom bestaan die kerk uit armsaliges, dit is diegene wie se belange, tradisies en gebruike nie vir hom belangriker is as die koninkryk van God nie. Die gemeente se identiteit word bepaal deur sy verhouding met God, want die gemeente behoort aan God. Die plaaslike gemeente moet saam met God werk waar hy besig is en moet nie met sy eie agendas besig wees nie. Daar word saamgestem met Knoetze wanneer hy sê dat die kerk kan nie beweer dat hy 'n lewendige verhouding met God het nie as dit nie sigbaar is in sy verhouding met die wêreld nie. Die kerk kan nie God se genade vir homself hou nie. Die kerk moet God verheerlik deur tot seën te wees vir die nasies. Die kerk moet nie wag om gestuur te word nie, want ons is soos Jesus, die Hoof van die kerk, gestuurd. Die kerk moet doen soos wat Christus gedoen het. Die kerk se eenheid gaan om eenheid as gestalte van die liefde. Die liefde is die vrug van die geloof wat deur liefde tot daad oorgaan. Die kerk is die skepping van die Vader, Seun en Heilige Gees, en mag in die navolging van Jesus nie die werk van die Drie-eenheid uit die oog verloor nie. Jesus die Kurios, is ook Jesus die Diakonos. Kerkwees is dus ook diens doen want Jesus sit sy werk deur sy gemeente voort. Holistiese evangelisasie moet as dankbaarheidsdaad in verskillende diakonale vorme gestalte kry in die kerk. Die beeld van die kerk moet eerder 'n gemeenskap wees wat in diens is as 'n gemeenskap wat bedien wil word. Die kerk bestaan nie vir homself nie, maar moet agente vir God se genade in die wêreld wees. Die getuienislewing moet gemeenskapgerig wees, en moet uit die hart van die gemeente kom en nie net uit die hart van enkelinge nie. Hulpverlening aan die hulpbehoewendes moet met die regte gesindheid gepaard gaan. Die barmhartige Samaritaan het die hulpbehoewende met 'n Jesusgesindheid gehelp. Die liefde van Jesus ken geen grense nie. Die ontferming van God strek oor alle grense, en moet van binne na buite uitkring. Dit mag nie tot ons vermoëns, geloof of gemeenskap beperk word nie. Dit moet tot die liefde van Jesus beperk word. Die kerk is nie belangriker as Jesus nie, wat self bereid was om in die midde van mense se nood te staan en hulle te dien. Diens / hulpbetoning moet onder

andere ekonomiese, fisiese, psigologiese, geestelike, politieke, sosiale en andere aspekte aanspreek (Knoetze 2002:205,209,212-213,215-217).

Watson (1976:50-51,57-58) meen dat 1 Johannes 4:12 dit duidelik stel dat nog niemand vir God gesien het nie, maar dat indien ons mekaar liefhet, God in ons woon. Sy opinie is dat God Homself deur sy kerk openbaar indien ons mekaar liefhet. Daar is dus geen beter manier om met die armes te kommunikeer as om die liefde van Jesus aan hulle te demonstreer nie. Die vroeë kerk het dit goed gedemonstreer toe hulle hulle besittings verkoop het en dit met die behoeftiges gedeel het. Mense wil vandag steeds God se teenwoordigheid voel alvorens hulle na sy Woord sal luister. Die kerk moet daarteen waak dat daar nie 'n polarisasie ontstaan tussen die sosiale en opregte evangelie nie. Jesus het vir mense se materiële en geestelike behoeftes omgee. Jesus het riglyne vir sowel die sosiale en private optrede van die mens gegee. Jesus het nie net die groot opdrag vir evangelisasie gegee nie maar ook die groot liefdesgebod naamlik dat ons ons naaste soos onself moet liefhê. Ons naaste is nie 'n liggaamlose siel nie en ook nie 'n sielloose liggaam nie. God het die mens 'n fisiese, geestelike en sosiale wese gemaak. Die mens kan dus nie net vir een van die fasette van sy naaste lief wees nie. Christelike diens is nie opsioneel nie. As ons nuwe skepsels in Jesus is, sal ons ook sy diensbaarheid in ons hê. Dit is dus sinneloos om te argumenteer wat die belangrikste is, naamlik woord of daad, want dit is nie die een of die ander nie, maar beide.

Van Engen & Thiersma (199:106,109) maan dat die kerk van vandag daarteen moet waak dat hulle strukture nie geïnkarneerde evangelisasie inhibeer nie. Dit kan maklik gebeur dat hulle wel na die noodlydendes op verskeie wyses uitreik, maar tog nie in vriendskap na die vreemdelinge uitreik nie. Sake soos stand, klas en professionalisme kan maklik sekere vreemdelinge uit die gemeenskap van gelowiges uitsluit. Daar moet gewaak word dat diegene wat minder gegoed, geklee en van 'n laer stand is, nie as mense beskou word wat niks as teenprestasie kan bied nie of selfs die potensiaal het om van ons te "vat" wat ons ookal het.

Ter afsluiting van hierdie bespreking van die kerk en holistiese evangelisasie is dit belangrik om kennis te neem van 'n bepaalde standpunt van Guder (2000:156,157) wat nie in enige van die ander bronne se standpunte bespreek is nie. Hy (Guder) maan dat die klem van die kerk se aanbidding nie na die teikengroep van evangelisasie moet verskuif nie. Dit kan meebring dat aanbidding se klem nou geplaas word op die bedien / vermaak van mense. Elke byeenkoms waar mense met die evangelie bedien word is

dit is nie 'n erediens nie, en moet as sodanig ook nie die erediens vervang nie. Die kerk sal die wyses hoe hy die evangelie in sy evangeliesasiebedieninge aanbied, moet diversifiseer. Guder (2000:157) se siening dat “not all evangelization is worship, but all worship is evangelization” word dus onderstreep.

#### **4.3 DIE VERHOUDING TUSSEN WOORD EN DAAD (HOLISTIESE EVANGELISASIE)**

Dit is eerstens belangrik om van Stott (1982:20) se mening kennis te neem. Hy oordeel dat die verdeling wat tussen evangelisasie en barmhartigheidsdiens plaasgevind het die gevolg was van die verdeling wat in die mens se denke plaasgevind het. Die mens neig om die siel en liggaam teenoor mekaar te stel en gepaardgaande hiermee ook geloof en werke. Hy bevestig dat alhoewel die Bybel ook onderskeid oor die sake tref, dit ook die verwantskappe aandui. Hy verwys dan ook na paragraaf 5 van die Lausanneverslag wat bevestig dat beide evangelisasie (woord) en barmhartigheid (daad), deel van die Christen se taak en verantwoordelikheid is. Hy beklemtoon egter dat, in die proses om aan te dui dat evangelisasie en barmhartigheid verband het, die bedoeling nie is dat dit onlosmaaklik beoefen kan word nie. Omstandighede, soos byvoorbeeld die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, kan bepaal dat die een voorrang bo die ander moet geniet.

Knoetze (2002:83-84) verwys na die Johannesevangelie as bewys dat die woord en daad nie geskei kan word nie. Die tekens (wonders) wat Jesus gedoen het alleen kan nie geloof werk nie, maar slegs as dit met die Woord toegelig word. Volgens hom is die tekens egter nie gedoen asof die Woord nie genoegsaam was nie. Baie mense het geglo sonder dat hulle tekens gesien het. Woord en teken het op dieselfde oomblik dieselfde waarheid ge-openbaar. Hy verwys ook na Paulus wat self in sy briewe baie klem lê op die diens van die gemeente. Paulus verwys ook na homself as diaken van God (2 Kor 6:40) Christus (2 Kor 11:23) en die nuwe verbond (2 Kor 3:5)

Knoetze (2002:88) kom dan tot die slotsom dat woordverkondiging en daad nie geskei mag word nie, maar wel onderskeibaar is. Die een aspek word nie deur die ander opgeneem nie, maar wanneer dit wel geskei word, lei dit tot 'n afgewaterde evangelie.

Miles (1986:19-20,22) verwys na die “World Evangelical Fellowship” en die “Lausanne Committee for World Evangelization” wat in 1982 'n gesamentlike vergadering gehou het om die verhouding tussen evangelisasie en sosiale verantwoordelikheid te bespreek. Een van die vraagstukke was wat die balans is tussen evangelisasie en sosiale verantwoordelikheid en watter een van die twee funksies prioriteit moet geniet,



indien enige. 'n Verdere vraag was hoe moet die kerk die geestelike en fisiese nood van die wêreld aanspreek? Die uiteindelijke verslag het drie fasette van die twee dissiplines as gelykwaardig geag, naamlik:

- sosiale besorgdheid as 'n gevolg van evangelisasie,
- sosiale besorgdheid as 'n brug na evangelisasie, en
- sosiale besorgdheid as 'n vennoot van evangelisasie.

Hy voer aan dat dit belangrik is om evangelisasie en sosiale aksie as vennote te beskou. Volgens hom kan die koninkryk van God verskraal word deur evangelisasie net tot sosiale strukture te beperk, of om individue te verander. Die evangelis moet eerstens met berou en vergifnis handel. Dit is aspekte wat gevolge inhou vir sowel die individu as die gemeenskap.

Die groot sendingopdrag en die groot liefdesopdrag is volgens Miles (1986:28-29,33) ewe belangrik. Hy meen die een kan nie bo die ander gestel word nie. Hy is oortuig dat dit 'n teologiese fout is om enige een van die twee opdragte eksklusief net met evangelisasie of net met etiek te verbind. Hy meen dat indien iemand werklik God met sy hele hart liefhet, sal hy nie anders kan as om sy naaste lief te hê nie. Indien jy jou naaste dan wel liefhet en hy is honger vir die brood van die lewe (die evangelie), sal jy hom vir seker van die brood van die lewe vertel wat jy in Jesus gevind het. Jou liefde aan jou naaste kan dus nie stop by net geestelike of net vleeslike behoeftes nie. Ons naaste is nie sielloos, dat ons net vir sy liggaam kan omgee nie, en ook is hy nie liggaamloos dat ons net vir sy siel kan omgee nie. God het 'n totale mens geskape en ons moet vir die totale mens omgee. Miles sê verder dat 'n noukeurige beskouing van Lukas 4:18-19 dit haas onmoontlik maak om vas te stel waar evangelisasie en sosiale betrokkenheid begin en eindig. Volgens hom verdeel hierdie Skrifdeel nie die mens in kompartemente soos liggaam, siel, gees, ensovoorts nie, en dit stel ook nie die een deel bo die ander nie.

Miles (1986:41-42, 65) se gevolgtrekking is dan ook dat dit nie nodig is om altyd eksplisiet in alle toepaslike skrifdele te soek na verwysings na beide evangelisasie en sosiale betrokkenheid nie. Volgens hom is 'n sprekende voorbeeld hiervan die genesing van Ananias in Handeling 9. Petrus sê slegs in vers 34 dat God hom gesond maak en dat hy moet opstaan. Daar is nie eksplisiete evangelisasie nie. Maar indien vers 35 gelees word, dan merk ons dat die inwoners van Lydia en Sharon hom gesien het en tot geloof gekom het. Dit is volgens hom (Miles) 'n wonderlike voorbeeld waar 'n diens van barmhartigheid ook die evangelieboodskap "verkondig" sodat mense tot geloof kon kom. Om die boodskap van God te verkondig beteken dat daar omgegee moet word vir die hele mens en alle soorte mense. Sy mening is dat indien daar 'n

ongevoeligheid is vir die nood van die mens, ons nie verbaas moet wees as die mens ongevoelig is vir die evangelie nie.

#### 4.4 SPANNING TUSSEN WOORD-EN DAADVERKONDIGING

Overduin het reeds in 1956 (13-15) aangedui dat daar verskillende antwoorde is op die vraag of Jesus Christus in woord of daad of beide verkondig moet word aan 'n verlore gaande wêreld. Sy mening was verder dat daar Christene is wat meen dat daar met die Christelike daad siele gewen moet word vir Christus. Hy stel dit ook duidelik dat teenoor hierdie pool daar diegene is wat niks van die Christelike daad verwag nie want hulle meen dat dit Christus kan verdring. Hy voel egter sterk dat God wil sien dat die daadgetuie die woordgetuie ondersteun. Die woord kan nie vrugtelos wees nie, maar word deur die werking van die Heilige Gees 'n vrugdraende woord in die lewe van die kerk. Volgens hom het Jesus self gedemonstreer dat Gods Woord 'n klankvolle daad is en God se daad 'n sigbare en tastbare woord is. Hy verwys in hierdie verband na Matteus 5:13-16 wat immers bevestig dat gelowiges hulle lig sodanig moet laat skyn dat mense hulle goeie werke kan sien, sodat God daarmee verheerlik word. Hy verwys verder na Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 23 en 24, wat goeie werke verwerp waar dit verdienstelikheid en menslike moontlikheid ten doel het. Dit bevestig egter die noodsaaklikheid daarvan, indien dit die karakter dra van dankbaarheid en egtheid van geloof. Volgens hom lê die verskil in siening tussen Rome en die Reformasie juis in die feit dat Rome dit noodsaaklik ag om verlossing te verdien, terwyl die Reformasie dit sien as 'n egtheid van geloof.

Sy mening is dat bepaalde omstandighede soos nood, armoede, ensovoorts, 'n invloed kan hê of die klem meer op daad as op woordverkondiging sal wees. In tye van voorspoed, rus en vrede, mag die klem weer meer op woordverkondiging wees. Hy stel dit duidelik dat daar dus nie rigied vir alle tye onder alle omstandighede opgetree moet word nie, maar dat die Heilige Gees toegelaat moet word om die kerk hierin te lei. Hy besef egter dat bepaalde krisisse in die wêreld natuurlik meer vir daadverkondiging sal roep, want die mensdom is moeg vir mooi woorde en leë beloftes. Hy voel dat die kerk met al sy mooi preke nie daarin geslaag het om die maatskaplike, politieke, seksuele en ander probleme op te los nie. Volgens hom kon die kerk moontlik te veel gepoog het om die probleme in terme van sonde te verklaar maar dit het nie daarin geslaag om die nood weg te neem nie (Overduin 1956:18-19).

Overduin (1956:23-26) bevestig dat die Woord van God aandui dat die mens nie net Here! Here! mag roep nie, maar wel ook die wil van die Vader moet doen. Volgens hom is die Ou Testament tekenend daarvan dat God gespreek en gehandel het. Jesus

het ook in woord en daad aangedui dat die koninkryk van God naby gekom het. Die daade van Christus kan nie goed sonder die kommentaar van die woord verstaan word nie. Daar is dus 'n wisselwerking tussen die Woord en die daadverkondiging. Hulle ondersteun mekaar onderling. Daadverkondiging sonder die Woord grens aan humanisme. Die oormatige klem op daadverkondiging kan meebring dat die evangelie versmal word tot 'n "social gospel". Daarteenoor kan die oormatige of eensydige beklemtoning van die Woord meewerk dat die Woord gedevalueer word tot goedkoop genade verkondiging.

#### **4.5 BEDOELING VAN HOLISTIESE EVANGELISASIE**

Knoetze (2002:89-91) se bedoeling met holistiese evangelisasie is dat die kerk eerstens op sy eie lidmate sal konsentreer. Volgens hom moet die lede van die sogenaamde "Diensknegkerk" mekaar bedien. Dit is dus 'n gemeenskap wat onderling gee en neem. Hy stel dit egter duidelik dat dit ook in die wêreld moet plaasvind waar geloof en ongeloof mekaar ontmoet. Die opdrag volgens Markus 16:15 is dat die hele wêreld en mensdom met die evangelie bedien moet word. Jesus maak dit in Markus 10:35-45 duidelik dat dit nie gaan om te heers nie maar om te dien. Handeling 2 stel dit ook duidelik dat gelowiges verantwoordelikheid vir mekaar se nood moet aanvaar. Die klem op die eie geledere maak holistiese evangelisasie sentripetaal. Volgens Knoetze beteken die klem op die eie geledere nie dat daar nie ook 'n klem op die gerigtheid na buite moet wees nie. Dit is die sentrifugale benadering.

Knoetze (2002:92-93, 97-98) vra die vraag waarom evangelisasie diens van barmhartigheid moet insluit? Sy eie antwoord is dan dat die verlossing aan die hele mens verkondig moet word. Dit sluit die mens en al sy omstandighede in. Hy bepleit dat die verhouding met Jesus in die verkondiging en diensbetoning ge-aksentueer word. Die redding van die hele mens, geestelik en fisies, is ter sprake. Geloof sonder daade is dood (Jak 2:14-17 en Gal 5:6b). Dit moet egter beklemtoon word dat holistiese evangelisasie nie in die eerste plek ten doel het om mense se omstandighede te verbeter nie, maar om hulle in die regte verhouding met God te bring. Die bedoeling kan dus gestel word om mense nie te laat voortleef in hulle sondige natuur en strukture nie, maar om die koninkryk van God in hulle lewens te laat kom. Daar moet dus in die voetspore van Jesus verseker word dat die verantwoordelikheid teenoor die naaste nagekom word. Daar moet verder besef word dat daar nie net "ontvangers" of net "gewers" is nie. Die beginsel is tog dat die wat die meeste gee meesal die meeste ontvang en vice versa. Dit is vir die welsyn van die mens noodsaaklik dat hy in die regte verhouding met God moet leef.

Knoetze (2002:99) verwys na 'n Chinese spreekwoord wat sê: “Leer 'n mens eerder visvang as om vir hom vis te gee.” Sy reaksie hierop is dat dit egter in die hedendaagse lewe nie so eenvoudig is nie, want daar is baie faktore wat dit kan beïnvloed, byvoorbeeld mense kan so verswak en verarm wees dat hulle eers gevoed moet word en met die nodige gerei gehelp moet word om hulleself te help.

#### **4.6 BYBELS - TEOLOGIESE FUNDERING VAN DIENS (DIAKONIA) VAN BARMHARTIGHEID**

##### **4.6.1 Agtergrond**

Volgens Knoetze (2002:3) bring die feit dat daar in baie gemeentes twee kommissies is, naamlik Sending en Evangelisasie, en Diens van Barmhartigheid, mee dat die Sendingkommissie die fisiese nood vir die Diens van Barmhartigheid los. Die Diens van Barmhartigheid aan die anderkant is so met 'n oorlewingstryd besig, dat hulle nie aan die sendingdimensie van barmhartigheid aandag gee nie. Dit gee volgens hom aanleiding tot 'n verskraalde, verwaterde evangelie. Knoetze (2002:4) pleit in die lig van die voorgenoemde vir 'n koninkryksbenadering, want die kerk bestaan nie vir homself nie maar vir die wêreld. Die een faset is nie belangriker as die ander nie. Evangelisasie sluit diens van barmhartigheid in, en vice versa (Knoetze 2002:5).

Knoetze (2002:14-15) vra die vraag of evangelisasie ook 'n diakonale dimensie insluit of is dit net woordverkondiging? Sy siening is egter dat die sending van God verskillende dimensies insluit, en Missio Dei roep ook vir die diakonia. Dit is volgens Handelingte duidelik dat die verspreiding van die evangelie in die vroeë kerk met woord en daad gepaard gegaan het. Die daad van gelowiges, soos gebede, onderlinge mededeelsaamheid, versorging van die weduwees, ensovoorts, was almal belangrik in die uitbreiding van die koninkryk. Die mening is dat die kerk van vandag egter sukkel om hom met die nood van die mens te vereenselwig. Dit is vir baie gelowiges belangriker om die regte geloof te hê as om liefdesdade te doen. Met hierdie vergeesteliking van die evangelie word woordverkondiging belangriker geag as daadverkondiging (Knoetze 2002:18).

#### 4.6.2 Diakonaat

##### 4.6.2.1 Agtergrond

Knoetze (2002:49, 52) se mening is dat die kerk getuigend moet dien. Sy beskouing van diakonaat is dat dit die verhouding aandui van wat ons glo en hoe ons daardie geloof uitleef. Indien daar volstaan word met die teorie, naamlik wat ons glo, is dit dooie geloof wat niks vir iemand beteken nie (Jak 2:14-17). Diakonaat het met die koms van God se koninkryk te doen, en sluit verandering, vernuwing en verbetering van hierdie wêreld in. Knoetze (2002:57,58) voel ernstig oor die feit dat die diensaspek van diakonaat nie in die term diaken gesoek moet word nie, maar eerder wat die opdrag van God is in terme van die werkerrein vir die versorging en diens aan hulpbehoewendes. Volgens hom gaan dit dus eerder oor die diakonale roeping van die kerk, en nie die amp nie. Letterlik beteken diakonaat “diensbetoon”. Dit gaan wyer as om iemand aan tafel te bedien want dit gaan ook oor die diens aan die medemens oor die algemeen, veral die medemens wat minder het.

Knoetze (2002:60-62) bevestig ook dat die diens aan Christus gebonde is en dit kan dus alleen uit geloof voortkom. Diakonaat hoort volgens hom tot die wese van die Christelike gemeente, want gelowiges is daar om God, mekaar, en die wêreld te dien. God word verheerlik waar die mens se nood verlig word. Diakonia wys profeties na die volmaakte koninkryk van God, want daar sal die nood nie meer bestaan nie. Diens kan nie losgemaak word van die opbou van die gemeente nie. Ware diens word herken aan die feit dat elke daad die liggaam van Christus bou. Diakonia wat die versorging van die minderbevoorregtes insluit, is ook ten nouste verbonde aan die diens van die versoening deur die verkondiging van die evangelie. God het nie net Jesus gestuur nie, maar ook sy Heilige Gees om gelowiges vir hulle dienswerk in die wêreld toe te rus. Knoetze (2002:66) stel dit duidelik dat diakonaat nie net vanuit die mens kan geskied nie. Die mens word as gevolg van sy redding as't ware verantwoordelik om diakonaal te leef. Die diakonaat is daarop gerig om die koninkryk van God alhoemeer in hierdie wêreld sigbaar te maak tot eer en verheerliking van God. Diakonaat is inherent deel van die wese van die kerk, en is onlosmaaklik deel van die mens se geloof. Dit het nie grense nie, en is op alle mense gerig.

Lemmer (1994:11-12) se standpunt is dat diakonaat nie net is om kospakkies aan die hongeres uit te deel nie of klere te gee aan dié wat daarsonder is nie. Dit gaan volgens hom dus nie bloot om noodsaaklike middele aan die behoeftiges te gee nie. Sy siening is dat mense ook geleer moet word om vir hulleself te sorg (self visvang in plaas van elke dag vis kry). Hy veronderstel natuurlik dat die nodige strukture in plek is om die

lewensbeginsel te kan toepas. Die strukture mag nie teen die armes diskrimineer nie. Volgens Lemmer het armoede nie toevallig ontstaan nie, maar is ten diepste die gevolg van die sonde. Hy stel dit duidelik dat diakonaat dus nie net die simptome mag dokter nie, maar ook aandag moet gee aan die aanleidende faktore.

Volgens Lemmer (1994:15-18) mag diakonaat nie geskied sonder dat daar opregte medelye met die naaste is nie. Hy meen dat dit sonder medelye bloot net 'n finansiële plig word wat afgehandel moet word. Hy verwys na die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:33) waar dit duidelik gestel word dat die Samaritaan die man innig jammer gekry het. Ons lees ook in Matteus 9:36 dat Jesus die skare innig jammer gekry het. Jesus het nie op 'n afstand probeer help nie maar is diep aangegryp deur die nood van die mens. Lemmer se siening is dat die ingesteldheid om te help volgens Jesus se voorbeeld nie moet wees om self iets te baat nie, maar weens liefde en ware empatie met die mens in nood. Volgens die gelykenis van die barmhartige Samaritaan gaan dit nie meer oor die mens se eie belange nie, maar oor die belang van die mens in nood. Geen grense mag naasteliefde keer nie, soos byvoorbeeld waar die persoon dalk van 'n ander kerkverband, geloof of ras is nie. Die kerk mag dus nie net vir sy eie lede sorg nie.

Ten slotte dui Van Klinken (1989:50) 'n noue verwantskap aan tussen diakonia en gebed. Hy meen God is steeds verbonde aan sy troue verbond en die mens is steeds verbonde aan sy totale wese wat geluk, hartseer, verhoudinge met die armes, en sondes insluit. Gebed is die enigste geestesweg buite die verdriet van hierdie wêreld. Die mens is sonder gebed steeds vasgevang in die verdrukking van hierdie wêreld. Veral intersessie is soos ander dade van diakonia 'n proses van hoop, barmhartigheid en regverdigheid. Gebed moet egter nie as plaasvervanger of verskoning aangebied word, om nie by ander dade van diakonia betrokke te wees nie.

#### 4.6.2.2 Ontwikkeling en tendense van die diakonaat

Vervolgens is 'n kort samevatting van Lemmer (1994:19-20, 23, 40-41) se sienswyse betreffende die ontwikkeling en tendense van die diakonaat:

Hy meen dat die gemeente aanvanklik self verantwoordelik was vir die diakonaat. Na die uitstorting van die Heilige Gees het die gemeente hulle grond en besittings verkoop en volgens behoefte uitgedeel (verwys Hand 2:43-47). Hierna het die apostels die leiding met die diakonaat begin neem (verwys Hand 4:32-37). Hulle het die gawes wat hulle van die gemeente ontvang het na behoefte uitgedeel. In die derde fase het die diakons die versorging by die apostels oorgeneem (verwys Hand 6:1-7). Die fases

impliseer nie dat die een die ander uitsluit nie. Die apostels en die diakens ontnem dus nie die gelowiges die verantwoordelikheid vir barmhartigheidsdiens nie. Die diakens moet wel die leiding neem, maar die taak kan nie op hulle uitsluitlik afgeskuif word nie. Elke gelowige moet as lid van die liggaam van Christus in woord en daad getuig en liefde aan die noodlydendes betuig. Ongelukkig het daar in die evangeliese stroom 'n benadering ontstaan van versigtigheid om by sosiale aangeleenthede betrokke te raak en eerder die evangelie suiwer te verkondig. In die suiwer verkondiging van die evangelie mag God se belangstelling in die fisiese lewensomstandighede van die mens nie geïgnoreer word nie. Die diakonale dimensie het ongelukkig baie skade gekry in gemeentes. Die gevoel is eerder dat lidmate en kerkraadslede veel eerder op hulleself en hulle kerk ingestel is. Die diakonale rol word byvoorbeeld na professionele mense (maatskaplike werkers) afgeskuif en die gemeentelike diakonale rol word verskraal tot die voorsiening van fondse. Diakens konsentreer op die insameling van fondse, met die gevolg dat die oorspronklike doel van die diaken, naamlik om na behoeftiges om te sien, byna heeltemal verdwyn het. Lemmer (1994:43, 45-47) meen die probleem is dat waar die barmhartigheidstaak deur professionele persone gedoen word, die evangeliseringstaak nou grootliks verlore gaan. Die kospakkie wat die maatskaplike werker aan die persoon in nood gee verteenwoordig nie holistiese evangelisasie nie. Die gemeente konsenteer nou intern, en staan as't ware koud teenoor die noodlydendes wat buite staan. Indien gemeentelike wel by uitreikaksies betrokke raak, is dit hoofsaaklik evangeliseringsaksies. Daar is weinig projekte waar gemeentelike self by die fisiese en geestelike nood van hulle medemense betrokke raak. Dit kom voor of evangelisasie-uitreike makliker is as om sokombuise of toevlugsoorde vir haweloses te reël. Veranderde politieke omstandighede, afgeskaalde staatsubsidies en dies meer, sal egter lidmate uitdaag om meer by barmhartigheidsdienste betrokke te raak. Dit sal meewerk dat gelowiges hulle geloof in woord en daad kan uiteleef.

#### 4.6.3 Diens (diakonia)

##### 4.6.3.1 Kenmerke van diakonia

McKee (1989:107) voel sterk oor die saak dat diakonia noodsaaklik is vir die lewe en voortbestaan van die kerk. Sy siening is dat diens nie opsioneel is vir die Christen nie, maar uiters noodsaaklik. Diakonia begin in die plaaslike kerk. Die kerk moet dienskneg van God wees in die gemeenskap waar hy is. Die lokale diens van die kerk moet egter aangevul word met diakonia tot ver buite sy grense. Diakonia moet nie net simptome

“dokter” nie maar die oorsake van probleme aanspreek en probeer oplos. Die kerk moet ook besorgd wees dat geregtigheid sal seëvier. Dit mag verder nie net tot die kerk en Christene beperk word nie maar diens aan alle mense lewer.

#### 4.6.3.2 Diakonia as ‘n reaksie op die gekruisigde Here

Castro (1987:21-22) benader die reaksie vanuit die oogpunt dat Paulus dit duidelik in Galasiërs 6:14 stel dat hy slegs in die kruis van Christus kan roem. Hy (Castro) voel dus sterk oor die feit dat die kruis die enigste model is vir die Christen om met die wêreld te assosieer. Volgens hom open die kruis die mens se oë vir die sonde, die verdruktes en magteloses soos wat Jesus aan die kruis was. Aan die ander kant is die kruis vir hom ook die teken van God se verlossende genade en sy liefde. Dit bring mee dat die mens nie van die werklikheid van die wêreld kan ontsnap nie. Die mens word juis geroep om in die wêreld God se liefde te demonstreer. Dit is ‘n liefde van totale oorgawe en opoffering. Christelike diakonia is dus bewus van God se bediening as ‘n diens van rekonsiliasie aan die mensdom. Dit is juis die kruis van Christus wat die mens tot ‘n bediening van diakonia uitdaag. Adedeji (1987:43) vra wat is Christene, enkelinge sowel as die kerk, se reaksie op hierdie uitdaging? Hy meen dat indien Christene nie heelhartig aanvaar dat hulle eintlik hulle broer se wagtters is nie, asook dat alle mense, ongeag ras of geslag, gelykwaardig voor God is en almal ten volle geregtig is op die volheid van die lewe, sal hulle geloof probeer om aan die realiteite van die uitdaging wat Jesus twee duisend jaar terug gerig het, te ontsnap. Die wêreld sou aan God se liefde kon twyfel as die kruis nie daar was nie. Die kruis openbaar God se liefde vir ‘n lydende en sondige wêreld. Barnard (1982:37) dink ook oor die saak en pleit dat die diakonaat die tekens van die kruis lewendig moet hou. Sonder die teken van missionêre diakonaat sal dit lyk of die wêreld oorgegee is aan selfsug, lyding, siekte en die dood. Alleen die heil van Christus wat in die woorde en dade van Christene vergestalt moet word, sal hoop en verwagting bring aan ‘n lydende en sterwende wêreld. Ook Guillen (1987:50) meen dat die kerk nie net moet voortgaan om siele te red nie maar ook die voortou moet neem om onderdrukking van mense te beveg. Die kerk moet altyd diakonaat met ‘n Samaritaangesindheid doen. Dit is om die “gevallenes” op te help sodat hulle bevry kan word en die lewe in oorfloed kan hê. Dit is ten diepste om bystand te verleen daar waar die persoon geval het, al is dit nie binne die bestek / grense van my wêreldjie nie. Dit is geïnkarnearde diakonia volgens die voorbeeld van Jesus. Jesus het na ons wêreld gekom en aan die kruis gesterf.



Volgens McKee (1989:29,30) behoort die wedergebore Christen se lewe twee fokuspunte te hê naamlik God en sy naaste. Hy stel dit duidelik dat hierdie verantwoordelikeareas nie gelykwaardig is nie maar wel onskeibaar. Hy bevestig dat liefde vir God eerste prioriteit neem en liefde vir die naaste is ondergeskik daaraan. Die liefde teenoor die naaste is in wese 'n bewys van ons liefde vir God. Naasteliefde is ook 'n bewys van die aanbidding wat in ons harte leef. Hy verwys na die samevatting van die liefdesgebod wat tog bepaal dat die mens sy naaste soos homself moet liefhê en haal ook Calvyn aan wat self klem daarop gelê het dat die vrug van die mens se liefde vir God sigbaar is in sy liefde vir die naaste.

#### 4.6.3.3 Diakonia en koinonia

Die volgende bespreking is 'n kort oorsig van die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986:35,40) soos reeds in 1986 gestel:

Die wêreld verkeer in nood, en smag na die hulp van die kerk. Die hulp moet nie net van bepaalde diensaksies kom nie, maar van 'n nuwe gemeenskap. Die gelowiges moet hulle vervreemding van hulleself, God en die medemens oorwin. Dit is vanweë die feit dat die kerk nie in die twintigste eeu advies vir alle probleme het nie dat mense dink dat die kerk en die evangelie irrelevant is. Dit is noodsaaklik dat die kerk die koinoniale nood sal raaksien en deur sy diakonale werkerterrein daaraan aandag sal gee. Die diakonale taak is nie net die verantwoordelikheid van sekere mense nie, maar van elke dooplidmaat. Die kerk moet as liggaam van Christus deur middel van al sy lidmate opregte belangstelling en medemenslikheid aan die behoeftiges en eensames bied. Die diaken moet die gemeente inspireer en leiding gee om die taak ten uitvoer te bring. Die kerk sal nuut moet nadink oor hoe hy hierdie taak met die mens van die een- en-twintigste eeu gaan uitvoer.

Paulus se gebruik van die begrip koinonia is om spesifiek uitdrukking te gee aan die gelowige se verhouding tot Christus en tot die Heilige Gees. Uit hierdie aspek ontspring 'n verdere aspek van koinonia, naamlik dit wat op die medemens gerig is. Dit dui op 'n eenheidsgevoel en liefde en tot 'n daad van mededeelsaamheid. Die Heidelbergse Kategismus beklemtoon dat gelowiges enersyds saam deel het aan die gemeenskap met Christus, en aan die anderkant mekaar met hulle gawes en seëninge tot diens moet wees. Lidmate mag nie vir hulleself leef nie, en moet mekaar aanvaar soos wat Christus hulle aanvaar.

Pretorius (1988:155) is ook van mening dat die suksesvolle funksionering van die kerk afhanklik is van die koinonia. Hy sê: "Egte koinonia bewerkstellig diakonia. Diakonia

kan eers werklik tot stand kom tussen die onderlinge lede van die liggaam van Christus as daar koinonia aanwesig is.”

Louw (1984:145) wil sien dat die diens aan mekaar onlosmaaklik is van die diens aan God. Hy sê: “Die “vertikale dimensie” en die “horisontale dimensie” vloei ineen. Verbondenheid aan God bring mee verbondenheid aan mekaar.”

#### 4.6.4 Barmhartigheid

##### 4.6.4.1 Inleidende opmerkings

Stone (1996:xi) omskryf barmhartigheid soos volg: “The word “compassion” originally comes from the two Latin roots, *cum* (with) and *pati* (to suffer) – thus, “to suffer with.” “The idea is that one individual enters into the hurt and suffering of another with true feeling and solidarity. To be compassionate to others, therefore, is to be there with them, to hurt with them, and to feel with them.”

Elliston (1989:122) verwys in sy omskrywing van begrippe na die internasionale konsultasie wat plaasgevind het tussen die Lausanne Committee for World Evangelization en die World Evangelical Fellowship in 1982 te Grand Rapids in Michigan. Daar is besluit dat daar onderskei moet word tussen sosiale diens en sosiale aksie. Sosiale diens poog om die behoeftes van die mens in ‘n direkte vorm aan te spreek, soos byvoorbeeld die voorsiening van kos aan die hongeres. Sosiale aksie, daarenteen, poog om onregverdige sosiale strukture aan te spreek en te verander, soos byvoorbeeld om onregverdige behandeling van minderheidsgroepe teen te werk.

Miles (1986:16) se siening stem grootliks ooreen met die voorgenoemde siening van Elliston. Volgens hom is sosiale diens daed van liefde en genade. Daarteenoor meen hy dat sosiale aksie poog om sondige, sosiale strukture te verander. Hy kwoteer die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan ter verduideliking. Wat hy gedoen het, is sosiale diens. Indien hy egter sou gepoog het om die strukture te verander wat tot die roof gelei het, sou dit sosiale aksie gewees het.

Barnard (1982:52-53) voel ernstig oor die noodsaaklikheid om die dienskarakter van barmhartigheid as diens te beklemtoon. Die persone wat die diens lewer mag nie hooghartig wees nie, en die indruk moet nooit geskep word dat die persone aan wie die diens gelewer word minderwaardig is nie. Volgens hom beteken diens om tot die ander persoon se beskikking te wees en hom liggaamlik en andersins te versorg, te help en te ondersteun. Hierdie diens is die essensie van die diens van barmhartigheid. Die diens moet geestelike, maatskaplike en materiële versorging insluit. Die koninkryk

van God groei soos wat gelowiges konkreet vir mekaar sorg. In aansluiting hierby meen Nel (1994:47):

Barmhartigheidsdiens is daarom die mees logiese diens wat die gemeente in sy missionêre gerigtheid op God se wêreld kan lewer. Dit is niks anders as missionêre diens of diakonaat nie. So neem die gemeente deel aan dit waarmee God besig is. Hulle raak betrokke by dit wat God reeds uit liefde doen vir mense in en rondom die gemeente – mense in hulle bestaan van sonde, hartseer, ongeregtigheid, onderdrukking, intimidasie, armoede, werkloosheid, eensaamheid, geweld en nog meer.

#### 4.6.4.2 Barmhartigheid en God

De Klerk (1990:7-8,11) benader die barmhartigheid van God soos volg:

Diens van barmhartigheid berus op die barmhartigheid van God, en is gerig op die mens. Die Ou Testament verbind die begrip “barmhartigheid” of “goedgesindheid” telkemale met die Here se “verbondsliefde”. Barmhartigheid kan egter nie sonder begrippe soos reg, geregtigheid, liefde en medelye beskou word nie. Die Nuwe Testament illustreer God se barmhartigheid in die stuur van sy Seun Jesus na hierdie wêreld asook die stuur van die Heilige Gees. Hierdie barmhartigheid van God moet Christene ook tot dade van barmhartigheid, weldadigheid en mededeelsaamheid aanspoor. Die begrip barmhartigheid dui in wese dus op die volgende:

- God se genadige en ontfermende verbondstrou, veral aan die sorgbehoewende;
- Jesus Christus en die Heilige Gees is ‘n duidelike uitdrukking van God se barmhartigheid;
- Die sorgbehoewende (persoon in nood) kan staat maak op God se hulp en bystand;
- Christene het die plig om barmhartigheid teenoor mekaar en andere te bewys;
- Die begrip “barmhartigheid” sluit ‘n Bybelse term in wat ‘n teosentriese fundering bied vir die kerk se opdrag tot weldadigheid en mededeelsaamheid. Hebreërs 13:16 maan juis dat ons nie moet ophou om goed te doen en mededeelsaam te wees nie. Dit sluit ook die geloof in wat in liefde tot dade moet oorgaan (Gal 5:6). Teosentries in hierdie konteks beteken dat wie die Godgegewe bestemming in diens wil bereik, vanaf die troon van die Drie-enige God moet vertrek. God alleen kan die bron van hierdie diens wees. Hierdie begrip word pragtig geïllustreer in Psalm 146:7-9:

“Die Here laat reg geskied aan verdruktes  
 en gee brood aan die hongeres  
 Die Here bevry die gevangenes,  
 Die Here laat blindes sien,  
 Hy ondersteun die wie bedruk is.

Die Here het die regverdige lief.  
Hy beskerm vreemdelinge  
En help weeskinders en weduwees”.

Barnard (1982:1-2, 4-7, 37-38) se mening oor barmhartigheid en God is soos volg:  
Daar was in die geskiedenis van die kerk 'n mening dat Jahweh 'n wrede en toornige God is in teenstelling met die liefdevolle God van die Nuwe Testament. Hierdie siening verstaan nie die wese van die Ou Testament nie en degradeer dit in werklikheid. Daar is talle tekste in die Ou Testament wat God se barmhartigheid en liefde teenoor mense, veral die armes, aandui. Die Here is nie net die Almagtige Skepper nie maar ook die Barmhartige wat Hom intiem met die nood van mense bemoei. Die barmhartige God verwag dan ook van sy volk dat hulle op horisontale vlak, dit is aan die medemens, barmhartigheid moet bewys. Die Pentateug beklemtoon die saak van barmhartigheid sterk. Die opdrag van Jahweh om barmhartig te wees is nie opsioneel nie maar verpligtend vir elkeen wat bely dat hulle sy volk is. Die opdragte was nie toevallig nie maar moet dus gesien word binne die verhouding tussen God en sy volk. Dit was deel van die godsdiens van Israel en hulle moes onthou dat hulle self in Egipte gelyk het, dat God hulle daaruit gelei het en in 'n verbondsverhouding met hulle gestaan het. Hulle moes dus reg optree teenoor vreemdelinge, want hulle was self vreemdelinge in Egipte. God se beroep aan Israel op barmhartigheid berus dus op die heilsgeskiedenis. Hierdie daede van barmhartigheid was nie om verlossing te bewerk nie, ook nie 'n wettiese aspek nie, maar moes voortvloei uit dankbaarheid. Die daede van barmhartigheid moes konkreet bewys word soos byvoorbeeld om 'n tiende van die oes af te staan en nie die land heeltemal af te oes nie. Dit moet ook verstaan word binne die begrip dat die land en alles daarop aan die Here behoort en dat hy die goeie oes verseker. Gehoorsaamheid om die armes te help was dus eintlik 'n erkenning dat alles aan die Here behoort en dat hy dit kan gee aan enige iemand wat dit nodig het. Omdat alles aan die Here behoort, moet bevoorregtes en minderbevoorregtes in totale afhanklikheid van die Here leef. Die God van Israel onderskei Hom juis dat hy genadig, goedertieren en barmhartig is. Hy doen reg aan die arme en red hulle uit die kloue van die goddelose. Indien God dit nie gedoen het nie, sou hy geen God gewees het nie. Indien die diakonaat nie sigbaar in die kerk van Christus funksioneer nie, berooft dit God juis van 'n wesenskenmerk wat in die wêreld sigbaar moet wees. Die Christelike boodskap sal dan ook nie meer hoop bring vir mense in nood en lyding nie. Sending / evangelisasie / diakonia word aspekte waar gelowiges gehoorsame instrumente vir God se sending is. Dit omsluit God se omvattende verlossingswerk in die wêreld. Dit moet geskied in woord en daad, en is verkondiging en diens, verlossing en bevryding, bekering en genesing, redding van siele, en verandering van sondige strukture.

Getuienis en diens en sending en diakonaat het alles hulle grondslag in God se holistiese sending na 'n verlore en lydende wêreld. Getuienis en diens hoef nie teenoor mekaar te staan nie, maar moet saam die sigbare en hoorbare getuienis wees van God se heil wat in die wêreld teenwoordig is. God Drie-enig is nie net die bron van diens van barmhartigheid nie maar ook die doel daarvan. Die doel is die eer en verheerliking van God. Matteus 5:16 dui juis aan dat mense ons goeie werke moet kan sien en dan ons Vader in die hemel verheerlik.

Stone (1996:53) het 'n interessante siening betreffende God en barmhartigheid. Hy benader dit vanuit die hoek van om God te ken en van God te weet. Hy stel die twee nie teenoor mekaar nie, maar is van mening dat mens juis deur die diens van barmhartigheid God werklik kan ken. Die Bybel verklaar soms dat om barmhartig te wees en geregtigheid toe te pas is om God te ken. Aan die ander kant konstateer die Bybel dat hoe meer die mens van God weet, hoe meer is dit die basis om in diens van barmhartigheid betrokke te raak. Volgens hom sal die mens al hoe meer van God te wete kom hoe meer hy in barmhartigheid betrokke is. Hy vat die siening dan saam in die stelling dat diens van barmhartigheid lei tot kennis van God, en dat kennis van die barmhartige God die mens aanspoor om in barmhartigheidsdienste betrokke te raak. Volgens Stone (1996:55) identifiseer God met die armes, en sal dan ook tussen hulle gevind word. Sy mening is dat God se bemoeienis met die armes deur 'n diepe sagtheid en intensiteit gekenmerk word.

#### 4.6.4.3 Barmhartigheid en Christus (Fundering vanuit die Nuwe Testament)

De Klerk (1990:16,17) benader hierdie aspek met verwysing na Christus wat homself as losprys gegee het in sy barmhartigheidsbediening. Hy het nie die koste bereken nie, en sy bediening het Hom na Golgota gelei. Die motief vir Christus se barmhartigheid is sy liefde vir God en sy gemeente. Die doel van Christus se diens van barmhartigheid is die behoud van die ellendige. Die noodlydende moet opgehef word, sodat hy self in staat sal wees om sy talente tot God se eer aan te wend. Christus het in sy hantering van die nood 'n bepaalde volgorde gevolg. Waar sonde die oorsaak van die nood was, is dit eerste weggevat en eers daarna die gevolge van die nood. Christus het die noodlydendes gaan soek om redding en hulp aan te bied. Christus het Hom nie met sosiale vraagstukke en instellings van die gemeenskap besig gehou nie, maar die nood van die ellendiges aangespreek en verlig. Christus het nie sy diens van barmhartigheid op so 'n wyse gedoen om deur mense gesien en geprys te word nie. Jesus het self in Matteus 6:1-4 aangedui dat hulp nie verleen moet word om iemand te

beïndruk nie. God wat alles sien sal die nodige beloning daarvoor gee. Van Klinken (1989:52) ondersteun Jesus se benadering dat die wat eerste wou wees, eerder 'n slaaf moes wees en die wat belangrik wou wees, eerder 'n dienskneg. Van Klinken (1989:53) bevestig dat die behoeftiges 'n spesiale plek in Jesus se bediening gehad het en dat Jesus uit sy pad gegaan het om met hulle te identifiseer. Hy meen dat hierdie feit andere moet aanspoor om ook spesiale waarde aan diesulkes te heg. Hy vra die vraag of dit nie moontlik is dat die armes, wat 'n spesiale plek in God se koninkryk beklee het, nie dalk nuwe hoop, geloof en liefde na die res van die gemeenskap kan bring nie?

Ons lees in Lukas 6:36 dat Jesus aan sy dissipels sê om barmhartig te wees, soos wat God barmhartig is. God laat sy son skyn oor slegtes en goeies, en hy laat dit reën oor die wat goed doen en die wat sleg doen. Bosch (1991:27) vind met die volgende aanhaling van Hahn goeie aansluiting by die voorgenoemde siening van Van Klinken naamlik dat Jesus spesiale aandag aan behoeftiges gegee het: "The point is simply that Jesus turns to all people who have been pushed aside: to the sick who are segregated on cultic and ritual grounds, and to the tax-collectors who are excluded on religious and political grounds." Bosch (1991:27) bevestig dan ook die Lukasevangelie se siening dat Jesus die hoop vir die armes was. Volgens Bosch 1991:98) is dit: "common knowledge that Luke has a particular interest in the poor and other marginalised groups. Already in the Magnificat (Lk 1:53) we read: "(God) has filled the hungry with good things, and the rich he has sent away empty." Bosch (1991:98) haal Schottroff en Stegemann aan wie se mening dit is dat indien dit nie vir die Lukasevangelie was nie: "we would probably have lost an important, if not the most important, part of the earliest Christian tradition and its intense preoccupation with the figure and message of Jesus as the hope for the poor." Bosch (1991:28) bevestig egter tog ook dat Jesus se sending eintlik allesinsluitend was. Dit het die armes en die rykes, verdruktes, en onderdruktes, en die sondaars en heiliges ingesluit. Jesus het alle skeidsmure afgebreek.

Stott (1982:18) se ondergenoemde opmerking vind aansluiting by die voorgenoemde bespreking: "It is no surprise that Jesus reflected the lovingkindness of God his Father. He had compassion on the hungry, the sick, the bereaved, the outcast. He had compassion on the crowds because they were harassed and helpless, like sheep without a shepherd. And always his compassion issued in appropriate action."

Barmhartigheid moet volgens Barnard (1982:10,12,13,15) nie net tot bloedverwante beperk word nie maar voluit aan almal in liefde betoon word. Hy verwys ook na Lukas vir wie liefde 'n volmaakte lewenswyse is wat hy barmhartigheid noem en bevestig Bosch se stelling dat Lukas die evangelis van die armes genoem word. Volgens hom

(Barnard) is barmhartigheid nie net 'n emosie nie maar dit moet sigbaar wees in daad. 'n Mens kan dus nie net jammer voel vir iemand wat probleme het nie, maar moet daadwerlik iets daaraan doen. Barmhartigheid is selfs meer as net gawes gee, want dit is ook om lief te hê en jouself te gee. Elke gelowige het deel aan die salwing van Christus en ook sodoende deel aan sy diakonia. Elke gelowige is dus 'n diakonos van Christus in sy gemeente.

#### 4.6.4.4 Barmhartigheid en die Heilige Gees

Volgens De Klerk (1990:18-19) moet dieselfde Gees wat die gemeente van Christus tot stand laat kom het, ook die liefde en barmhartigheid van Christus in die Christen bekeer. Hy stel dit duidelik dat diens van barmhartigheid na Pinksterdag 'n groter klem as ooit tevore gekry het. Die barmhartigheidsdiens is deur die werkende teenwoordigheid van die Gees baie sterk in die gemeenskap van gelowiges beleef. Die liefdesmaaltyd wat deur die gelowiges gevier is, het 'n heel besondere betekenis gehad. Volgens hom was daar veral twee fokuspunte tydens die maaltye. Dit het eerstens met die aanroep van die Here se naam begin, en dan is die kos en drank vir die maaltyd, deur die gelowiges met mekaar gedeel. Dit het die versorging van die arm medegelowiges ten doel gehad. Die tweede fokus was die viering van Jesus se dood in die gebruik van die nagmaal na die liefdesmaal. Sy siening is dan dat hierdie twee fokuspunte die voorloper was vir die latere armesorg en die viering van die nagmaal. Die Heilige Gees het dus 'n gesindheid van onderlinge sorg en welwillendheid teenoor mekaar gewek. Met die koms van die Heilige Gees op Pinksterdag het 'n nuwe bedeling van barmhartigheidsdiens vir die kerk aangebreek.

Barnard (1982:38,55) se mening is dat die Heilige Gees die primêre ouditeur van diakonaat in die wêreld is. In 'n wêreld wat vol van haat, nyd, onderdrukking en uitbuiting is, en waar barmhartigheid en geregtigheid onmoontlik is, kom die Heilige Gees en maak die onmoontlike moontlik. Die Heilige Gees laat ons die Bron (God) van barmhartigheid ontdek en lei ons om daaruit te leef. Die Heilige Gees laat ons die nood van die medemens met die oë van God sien en lei ons om die dienende liefde van Jesus orals en te alle tye uit te straal. Indien die diens van barmhartigheid van die werking van die Heilige Gees losgemaak word, kan dit maklik ontaard in vertoon.

#### 4.6.4.5 Motiewe vir barmhartigheid

Van Klinken (1989:7-9, 25) voer die volgende redes aan as motiewe vir barmhartigheid:

Aspekte soos naasteliefde, omgee, bejammering, emosie en dankbaarheid kan onder andere motiewe wees hoekom barmhartigheid beoefen word. Alhoewel dankbaarheid in 'n mens se eie lewe 'n belangrike motief is, is die heel belangrikste motief gesetel in 'n mens se verhouding met Jesus Christus en gehoorsaamheid aan sy oproep tot dissipelskap. Naasteliefde in die Israeliese tyd was hoofsaaklik beperk tot diegene in iemand se eie omgewing en veral iemand met wie daar simpatie was. Die verhaal van die barmhartige Samaritaan belig die saak natuurlik heeltemal vanuit 'n ander hoek. Die vraag is nou nie meer wie is jou naaste nie maar vir wie kan jy 'n naaste wees. Dit is nou nie meer beperk tot 'n seker ras, groep of nasie nie. Die klem verskuif nou van selfliefde tot naasteliefde. Die motiewe wat kommunikasie tussen mense en groepe stimuleer is solidariteit, samehorigheid, regverdigheid en barmhartigheid. Barmhartigheid en regverdigheid is as't ware 'n begeerte dat die noodlydendes in 'n meer regverdige samelewing kan lewe en sodoende hulle talente kan gebruik om andere te dien. Barmhartigheid is nie net die uitvoering van 'n klomp aktiwiteite nie maar 'n lewenstyl.

#### 4.6.4.6 Barmhartigheidsdiens en die koms van die Here

Volgens De Klerk (1990:57) bewys Jesus aan die begin van sy openbare optrede in Nasaret dat hy die beloofde Messias van Jesaja 61:1-2 is. Hy is die Messias wat die gevangenes, siekes en blindes bevry, genees en verlos. Hierdie dienste is dan ook die eerste kenmerke van die Christelike geskiedenis.

#### 4.6.5 Die gemeenskaplike liefdesverpligting van die gemeente

Nel (1981:49-51) voer aan dat volgens Efesiërs 4:11-12 die ampte aan die gemeente gegee word om gelowiges vir hulle taak toe te rus sodat die gemeente opgebou kan word. Lidmate moet dus gereed gemaak word om in staat te wees om te doen wat God wil hê hulle moet doen. Die doel van die toerusting is dat die gemeente tot eenheid van geloof kan kom en die kennis van die Seun van God. Nel (1981:58-59) se siening is dat veral die amp van die diaken hier van belang is. Hy meen die diaken is bo en behalwe sy ander take, ook verantwoordelik vir die beoefening van barmhartigheid. Dit



beteken nie dat die gemeentelede nie self ook 'n verantwoordelikheid het nie, en dat die diaken alle diens van barmhartigheid self moet doen nie, maar hy moet lidmate help om die taak / roeping te vervul. 'n Evangelisasiebediening sluit barmhartigheid in. Die formulier dui juis aan dat die diaken die evangelie saam met offergawes moet uitdeel. Die diaken het dus saam met die ander twee ampte, naamlik die leraar en die ouderling, 'n verantwoordelikheid om die gemeente toe te rus.

Pretorius (1988:135) sluit mooi by hierdie gedagte aan in die volgende stelling van hom: "Terwyl hy sy kerk bedien vir die uitreik na die sorgbehoewendes, kom hy met die eis dat elke gelowige en die kerk as diakonale gemeenskap die ampswerk van Christus "onontwykbaar" as lewenstaak moet beoefen. Die diakonale lidmaat en die gemeente moet – priesterlik – 'n gevoelige oor, oog en hart, om Christus ontwil, vir sy sorgbehoewende naaste ontwikkel, en nie soos die priester en Leviet van Lukas 10 "verlangt verby" hou nie." Volgens Pretorius (1988:137) dui diakonia nie op 'n spesifieke amp of funksie nie, en kan dit nie net aan 'n paar spesifieke mense oorgedra word nie. Dit is die hele gemeente se verantwoordelikheid. Pretorius (1988:145) vat dit in sy verwysing na Smuts mooi soos volg saam: "Die klem word nie langer gelê op die diens van die diaken nie, maar op die diens van die gemeente. Die gemeente self word die subjek van die diakonaat, en dit is die taak van die amp om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk."

Volgens McKee (1989:32-33) was die vroeë Christene baie gestel op liefdadigheidswerk. Hy meen egter dat die aspek sedert die sestiende eeu nie meer 'n kern van die erediens uitgemaak het nie. Die Protestante het egter weer die barmhartigheidaspek in die liturgie van die Christelike lewe geïntegreer. Dit het as't ware diakonia en liturgie nader aan mekaar getrek in die Sondageredienste. Volgens hom het die model van Handeling 2:42 ook weer 'n praktiese uitvoering tussen Sondag en die res van die week geword. Hy beskou barmhartigheidsdiens nie as die enigste vorm van diakonia nie. Dit bewerk egter 'n noue verwantskap tussen die diens aan die naaste en diens aan God. Die diens aan die gemeenskap in die week moet 'n verlengstuk wees van ons aanbidding op Sondag aan God. Wat ons dus van Maandag tot Saterdag doen moet voortvloei vanuit ons gebedslewe en moet ook gerig word vanuit die gepredikte woord en deelname aan die sakramente.

Volgens Van Klinken (1989:84-85) was diakonia in terme van bepaalde Bybelse konsepte nie net die verantwoordelikheid van die voltydse bedienaar van die Woord nie. Die veronderstelling was dat elke lidmaat sy of haar gawes tot diens van andere moes aanwend. Die eerste dade van diakonia in die Nuwe Testament was nie vanuit 'n spesiale bediening nie, maar vanuit die gemeente. Die gemeente is in elke faset van sy

bestaan aan Christus en die wêreld verbind. Hierdie verbondenheid word sigbaar in die liturgie, getuigenis en diakonia van die gemeente. Indien hierdie verbondenheid met Christus en die wêreld nie meer in die gemeente sigbaar is nie, is dit waarskynlik nie meer 'n gemeente nie, maar slegs 'n klomp gebruikers van geestelike "voedsel" met 'n geringe mate van diakonia vir sy eie lede.

Die diens van die kerk aan God en die naaste is volgens McKee (1989:34, 37) die voorreg en verantwoordelikheid van elke Christen. Volgens hom is daar ook bepaalde menings dat dit Skriftuurlik korrek is dat sekere lede van die gemeenskap die res van die gemeenskap moet lei in gemeenskapsdiens. Hierteenoor noem hy dat daar ongelukkig ook 'n mening is dat slegs die bedienaar van die Woord, met ander woorde die geestelike leier, verantwoordelik is vir die diens. Hy maak dit egter baie duidelik dat elke mens dienskneg van God behoort te wees en hulle naaste behoort te dien. Hy voel dan dat daar met hierdie benadering slegs 'n onderskeid sal wees of die diens in die openbaar of in die private lewe gedoen moet word. Die priesterskap van gelowiges beteken nie gereserveerde heilige take vir sommiges nie, maar sekere individue is tog wel geroepe om sekere verantwoordelikhede na te kom. Hy meen dat die kerk se bediening almal se taak is, maar besef ook dat sommige mense tog deur God en die kerk geroep is om formeel sekere take te verrig. Die diens wat Christene aan hulle naaste lewer, hetsy privaat of in die openbaar, is gewortel in hulle verhouding en gehoorsaamheid aan Christus. Die vorm wat hierdie diens aanneem, word hoofsaaklik bepaal deur die omstandighede in die omgewing. Geen gelowige kan ontsnap aan die eis dat elkeen 'n dienskneg moet wees soos wat Christus dit was nie. Indien iemand wel aan die eis ongehoorsaam is, is dit nie moontlik om te sê dat 'n mens wel aan God en die kerk gehoorsaam is nie. Diakonia bring die gemeentelede nader aanmekaar. Die mening is dat lidmate wat nie saam aanbid nie, ook nie saam diens kan lewer nie. Dit gebeur dikwels dat vrywillige organisasies wat deur die dienskneggestalte van Jesus gemotiveer word, die kerk dienoreenkomstig aanspoor om nuwe geleenthede vir diakonia te identifiseer. Die hele gemeente moet bewus wees wat die verantwoordelikheid van die diakonie is. Die diakonie kan nie orals wees nie, en daarom moet gemeentelede hulle van spesiale probleme inlig, sodat dit die nodige aandag kan kry. Baie lidmate besef nie dat hierdie taak implisiet in hulle geloof ingewef is nie, en los die taak dan maar eerder vir andere om te doen. Hulle het ook nie erkenning vir die feit dat hulle geleenthede het om self diakonaal op te tree nie. Die priesterskap van gelowiges is gelyk aan die diensbaarheid van gelowiges, maar beide word deur sommige lidmate afgeskeep. Baie mense hoor nie die geroep en gehuil van die noodlydendes nie, want hulle is bang om betrokke te raak (McKee 1989:47,93-94,111-113).

De Klerk (1990:23, 48) se siening is dat Koinonia **diens** en **goeddoen** teenoor mekaar veronderstel. Hy beveel aan dat gelowiges hulle gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van mekaar moet aanwend. Die verbondenheid aan Christus noodsaak dat Christene na mekaar se lewensbehoefte moet omsien, en hulle mag nie net na hulle eie belange omsien nie. Die kerk mag egter nie so met homself besig wees dat hy nalaat om sy diens na buite te doen nie. Getuienis en diens, oftewel sending en diakonaat, het een gemeenskaplike grond, naamlik God se sending na 'n verlore wêreld.

Die Heilige Gees het Jesus se kerk toegerus om sy diens van barmhartigheid voort te sit. Die kerk moet in sy woordverkondiging gedurig sy diakonale karakter na vore bring. Die woordverkondiging moet in die praktyk in daadverkondiging oorgaan. Barmhartigheid moet die lewenspatroon van elke gelowige wees, veral in 'n wêreld wat gebuk gaan onder die smarte van die sonde. Die diakonale gemeente moet dus bedag wees op alle vorme van barmhartigheid, wat geestelik sowel as liggaamlik insluit. Die totale mens moet in al sy verhoudinge erken en bedien word. Barmhartigheid mag nie net bepaalde vorms van nood aanspreek nie. Dit moet alle mense aanspreek, ongeag taal, kultuur, ras, geloof en geslag. Woord en daadverkondiging is onlosmaaklik deel van mekaar. Die woord is stom sonder die daad, en die daad is dood sonder die woord. Barmhartigheidsdienste moet die volle spektrum van voorkoming, versorging, en nasorg aanspreek. Die kerk moet daarna streef dat reg en geregtigheid altyd seëvier. Alhoewel die staat en ander organisasies ook na noodlydendes uitreik, mag die kerk nie ongevoelig teenoor die saak staan nie. Daar moet deurlopend gesoek word na samewerkingsooreenkomste in sulke gevalle (De Klerk 1990:108-110).

Van Klinken (1989:45) se mening is dat, waar barmhartigheidsdienste in die gemeenskap verwaarloos word, die nood en siektes kan toeneem wat selfs tot sterftes kan lei. 'n Regverdige gemeenskap is 'n helende gemeenskap. Volgens hom het Diakonia 'n helende uitwerking, want dit besef dat die swakkeres hulp nodig het. Die lede van die liggaam moet vir mekaar omgee en na mekaar se belange omsien. Selfs die swakkeres en noodlydendes het gawes wat hulle tot voordeel van die gemeenskap kan aanwend.

Barnard (1982:38-39, 45) sê die kerk moet homself die vraag afvra of hy alles moontlik doen om 'n dienende gemeente te wees? Die kerk mag nie net na binne gerig wees nie maar moet ook op diens aan die nie-Christene gerig wees (missionêre diakonaat). Baie gemeentes het nie hulpbehoewendes in hulle eie geledere nie, maar dit mag nie

verhoed dat hulle 'n barmhartigheidsgerigtheid na buite het nie. Die kerk moet barmhartigheid bewys orals waar daar armoede, lyding, en siekte is, al is dit buite gemeentelike grense.

Barnard (1982:57-58, 60-61) meen dat diens van barmhartigheid die taak van die gemeente is. Die kerk mag dit nie vir ander instansies laat nie, al is hulle hoe goed daarvoor toegerus. Diens van barmhartigheid moet in die wese van die kerk leef en sigbaar wees in die gemeente se leer en orde. Indien dit nie diep in die wese van die kerk geanker is nie, kan dit afgeskaal word, en kan die kerk sy evangeliese karakter verloor. Lidmate mag nie hierdie taak van elke gelowige verontagsaam nie, want waar dit ontbreek, word die ware aard van lidmaatskap ontken. Elkeen moet sy gawes ontdek en doelmatig gebruik ten dienste van die hele liggaam. Die diens moet behoorlik georganiseer word. Lidmate moet tot die diens aangespoor word en die ware nood uitgewys en aangespreek word. Diens van barmhartigheid is 'n omvattende diens om die heil van God aan die ander oor te bring. Heil beteken om heel te word in die omvattende sin soos God dit bedoel. Daar is 'n omvattende spektrum van node wat aangespreek moet word. Die vraag word gevra wat die mens se verhouding met God is te midde van al die node. Diens van barmhartigheid moet dus hulp wees aan die mens wat geen helper het nie, om heil te bring wat die mens heel en geloofshulp as lewenshulp aan te bied. Daar moet 'n onverbreekbare eenheid wees tussen die woord en daad in die diens van barmhartigheid. Die daad oortuig, spreek aan, en bring die heil. Die woord moet egter die daad verklaar, sodat die persoon die essensie daarvan duidelik sal sien. Die daad moet die woorde illustreer en dit verpraktiseer.

Volgens Lemmer (1994:57-60, 69-70) is die gemeente se lewende verhouding met die Here die basis vir gemeentebou. Hy meen dat 'n gemeente se barmhartigheidsdiens wat nie in 'n verhouding met die Here gegrond is nie, bloot op humanitêre diens neerkom. Verder kan 'n gemeente wat barmhartigheidswerk wil doen sonder 'n sterk geestelike opbou soos Bybelstudies, prediking, ensovoorts, nie werklik 'n missionêre gemeente wees nie. Gemeentede moet in gesonde teologie geskool word en op 'n stewige teologiese fondament staan. Lidmate moet die nodige opleiding kry ten einde holistiese evangelisasie te kan doen. Elke lidmaat, met ander woorde die hele gemeente, predikant en kerkraad, moet die visie van holistiese evangelisasie deel. Daar moet dus 'n "ons" benadering wees en nie "hulle" of die "dominee" nie. Elke lidmaat moet weet wat die doelwitte is en prakties deelneem. Die gemeente moet soos die barmhartige Samaritaan bereid wees om die werk te doen wat die ander nie wil doen nie. Die kerkgebou mag nie net op Sondag vir enkele ure gebruik word nie maar moet ook in die week vir geestelike bedienings beskikbaar wees. Bestaande

geboustrukture leen hulle goed uit vir dié doel, en kan ruim daarvoor gebruik word. Die gemeente bestaan ook uit professionele mense soos dokters, onderwysers, prokureurs, ensovoorts, wat vir barmhartigheidswerk aangewend kan word. Gemeentes moet ook samewerking met ander gemeentes en denominasies bevorder. Dit kan duplisering teenwerk, asook verseker dat 'n omvattende diens gelewer kan word.

Lemmer (1994:77-79) beveel aan dat die implementering van holistiese evangelisasie stelselmatig en gestruktureerd moet geskied. Die visie moet goed gekommunikeer word, en moet nie op lidmate geforseer word nie. Preke, sprekers, gebedsgeleenthede, ensovoorts, moet gebruik word om die beginsels te internaliseer. Reëlins kan selfs getref word om bestaande projekte te besoek om die beginsel in praktyk waar te neem. Die hele saak moet biddend opgedra word aan die leiding van die Heilige Gees. Alhoewel alle lidmate betrek moet word, moet die leiers verantwoordelikheid neem om die koers te verander en leiding te gee.

Elliston (1989:122) beklemtoon die belangrikheid dat kerke duidelikheid moet kry oor wat hulle moet doen en hoekom hulle dit moet doen. Dit verbaas hom dat, alhoewel die meeste kerke erken dat hulle die armes moet help, slegs sowat een persent van Amerikaanse kerke suksesvolle programme het om die armes te help. Hy besef dat die kerk nie volmaak is nie, maar noem ook dat dit darem nie so ver van volmaaktheid kan wees nie, en dus nie aan die Bybelse opdrag van barmhartigheid voldoen nie.

Stott (1982:46) beklemtoon ook dat, net soos die kerk 'n verantwoordelikheid het om die evangelie aan alle mense te verkondig, dit ook 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van barmhartigheidsdiens. Hy lê veral klem op die verantwoordelikheid van die plaaslike kerk in die gemeenskap waar dit gesetel is (Stott 1982:48).

Knoetze (2002:72-73, 76) sê die liefdesdaad is nie net 'n oproep tot gevoel of geneigdheid nie, maar 'n liefdevolle daad teenoor die medemens, veral in hulle nood waarin hulle nie self kan voorsien nie. Barmhartigheid konsentreer volgens hom nie net op die stoflike hulpverlening nie, maar moet die liggaamlike sowel as die geestelike aspekte van die hele mens aanspreek. Dit is ook geldig vir alle mense. Die verhouding tussen medegelowiges en alle mense is dat barmhartigheid in die eerste plek bewys moet word aan die plaaslike gemeentelede. Maar dit is op sigself nie die einddoel nie. Die liefde van God in Christus soek egter alle mense en wil niemand uitsluit nie. Die gemeente word dus gedring om ook na buite gerig te wees tot alle mense. Daar is dus geen grense vir diakonaat nie.

Watson (1999:75-95) is van mening dat dit algemeen bekend is dat baie mense vandag eensaam, verlate en depressief voel. Volgens hom word mense alhoemeer geïsoleer en voel hulle nie meer deel van 'n gemeenskap nie. Om kind van God te wees, vereis natuurlik om jou liefde en gawes volgens die voorbeeld van Jesus, te deel met die noodlydendes rondom jou. Hy beklemtoon dat geloofslowe nie geïsoleer is van die geloofsgemeenskap nie. Individue het mekaar nodig en ons het tesame die genade van God nodig. Die dienswerk wat gelowiges kan lewer is juis deesdae, waar daar 'n tekort aan geld is vir voltydse bedienaars, soveel meer belangrik. Die kerk moet veral in hierdie dae 'n atmosfeer van liefde en warmte skep waarin die buitestaander homself kan tuisvoel en bedien kan word. Hierdie optrede is slegs moontlik indien dit in die liefde van God gegrondves is.

Volgens Green (1990:96-97) sou dit skynheiligheid wees as die kerk meen dat evangelisasie net die verkondiging van die goeie nuus van Jesus is, mooi preke lewer en gewyde liedere sing, maar die nood van die samelewing ignoreer. Ongelowiges verwag van Christene om anders te wees en te lewe en die nood van behoeftiges aan te spreek. Die kerk van Antiogië het 'n goeie voorbeeld hierin gestel toe hulle sonder voorbehoud die gemeente in Jerusalem finansieel ondersteun het. Kerke wat saam met hulle evangelisasie-aksies ook die nood en sosiale vraagstukke aanspreek, groei terwyl kerke wat andersins net na binne leef, ook in hulleself sal sterf. Die kerk wat nie in die week in kontak is met die mense se nood nie, sal ook nie effektief kan evangeliseer nie.

Dit is vir Nel (1994:39) krities belangrik dat die kerk deurlopend moet toets hoe hy meer en meer diensbaar kan word in God se Koninkryk op aarde. Hy meen dat die klem eerstens op die eie gemeente moet wees, maar dat die kerk ook tot diens aan God en sy wêreld moet wees. Nel (1994:40) sê: "Om versorgend binne en buite die gemeenskap van gelowiges te wees, is op sigself reeds diakonia." asook (Nel 1994:43) "Sonder dié liefdesgemeenskap en –diens is daar geen werklike bekendwording van God, kommunikasie van die evangelie, geloof, geen bediening en geen kerk nie."

#### 4.7 DIENSEVANGELISASIE

Volgens Nel (1996:39) is daar in die ryke verskeidenheid van die wese van die kerk ook die feit gesetel dat dit dienskneg van God is. Hy brei uit op die gedagte in die sin dat God die kerk gebruik as instrument om sy liefde aan die wêreld te openbaar. Nel (1996:39) meen dan “Diens-evangelisasie het daarom alles te make met die wese en die missionêre bestaansdoel van die gemeente.” Nel bevestig dat Richard Armstrong, die outeur van “Service Evangelism” nie daarmee ‘n spesifieke evangelisasiemetode in gedagte het nie, maar eerder ‘n styl wat in enige metode beslag kan kry. Nel (1996:39) onderstreep dan die verskil tussen styl en metode in sy siening naamlik “metodes het te doen met die wat van hoe evangelisasie gedoen word en is as sodanig belangrik. Styl het te doen met die hoe van hoe.” Nel (1996:40) stel dit duidelik dat die gemeente as evangelis as’t ware tot hierdie styl van diensvaardigheid bekeer moet word en “die gemeente is tot diens aan God en die wêreld geroep.”

Volgens Armstrong (1979:53) is diensevangelisasie grootliks op dienslewering ingestel. Dit impliseer evangelisering wat omgee, ondersteun, onselfsugtig is en sensitief is vir mense se behoeftes is. Armstrong (1979:61, 65) is van opinie dat Christene in alle fasette van die lewe betrokke moet wees en pogings moet aanwend om die wêreld, wat so baie probleme het, ‘n beter plek te maak. Nel (1996:41) sluit mooi aan by hierdie gedagte, en beklemtoon die gemeente word deur die Heilige Gees “gelei en geleer om dienende liggaam van Christus te wees.”

Armstrong (1979:69, 73, 81-82) se siening is dat evangelisering nie mense moet probeer oorreed om te glo wat die getuie glo nie, maar dat dit mense na Jesus heen moet wys. Hy wil verder sien dat daar ook gepoog word om mense betrokke te kry in die kerklike lewe. Sy mening is dat die beste manier om die kerk te vernuwe, is om na ander mense uit te reik. Hy stel dit duidelik dat die diensingesteldheid van diensevangelisasie nie ‘n benadering het van getuig en verdwyn nie. Wanneer die gelowige ‘n behoefte ontdek, moet hy die nodige besorgdheid openbaar om dit te bevredig. Dit vra ‘n verbintenis om betrokke te wees. Die getuies moet demonstreer dat hulle omgee, wil luister en vriende wil wees. Daar moet besef word dat daar agter elke deur nood is, en oplettende getuies sal dit identifiseer. Getuies besef dat hulle nie alle behoeftes self kan oplos nie, en daarom moet die kerk se bronne gebruik word om te help. Nel (1996:41) is ook van mening dat die diens aan God effektief moet uitkristalliseer in diens aan mekaar en diens aan die wêreld. Dit teken as’t ware God se gratis genade aan die mens wat nooit terug betaal kan word nie. Die beginsel van diensevangelisasie is dat die mees effektiewe manier van evangelisering is om mense

fisies te besoek. Nel (1996:42) onderstreep hierdie gedagte as hy sê “Diensknegte raak betrokke by diens-evangelisasie” en dat lidmate niks anders as “Christians on the job” moet wees nie.

Armstrong (1987:91) voel baie sterk dat elke kerk sy sendingtaak binne sy eie grense en onder sy eie gemeenskap ernstig moet benader. Hy meen dat die kerk se doel nie moet wees om sy lidmaatgetalle te verhoog nie, maar om die groot opdrag getrou uit te voer, en as diensknegte van Jesus die nood van mense aan te spreek. Die doel van die besoeke kan wees om mense uit te nooi om in die kerk te kom aanbid, of om by ‘n kerklike aktiwiteit betrokke te raak, of om geloof te deel. Die omstandighede sal bepaal wat die aard van die besoek sal wees. Die uiteindelige doel is om die kerkvervreemdes in die gemeenskap van gelowiges te betrek. Evangelisasie word nie beskou as ‘n program wat die kerk net vir ‘n bepaalde periode wil uitvoer nie, maar eerder as deel van die kerk se missie om evangelies te wees. Christene moet sorg dat hulle evangeliseringsaksies meewerk daartoe dat ongelowiges se geloof groei en dat hulle in begrip toeneem, asook dat hulle self later oor hulle geloof sal kan getuig. Die leraar van die kerk moet self die leiding neem in hierdie wyse van evangelisering, wat gebaseer is op besoeke aan kerkvervreemdes. Hy moet beseef dat daar kerkvervreemdes is wat deur sy gemeente bearbei moet word (Armstrong 1987:92, 93). Volgens Elliston (1989:126) kan die ontvangers van die Christene se diens van barmhartigheid in drie kategorieë verdeel word, te wete diens aan:

- die direkte familie. Die omvang hiervan kan verskil van kultuurgroep tot kultuurgroep;
- medegelowiges. verwys Gal 6:10 wat spesifiek aandui dat daar veral aan medegelowiges goed gedoen moet word;
- alle mense wat in nood is. Christene wat ‘n koninkryksbenadering het sal nie hierdie derde groep as opsioneel beskou nie.

Hy (Elliston) meen dat Christene weens hulle nuwe natuur in Christus om twee redes vir hulle naaste omgee, te wete:

- om hulle met Christus te herenig, en
- om aan hulle behoeftes te voldoen sodat hulle ‘n sinvolle lewe kan lewe.

Met die opleidingsprogram van Diensevangelisasie van Armstrong (1987:14-22) word gelowiges volgens ‘n spesiale opleidingsprogram opgelei om getroue getuies te wees of dan te wete diensingestelde evangelisering te doen. Studente moet duidelike insig hê in wat hulle van die kursus verwag, asook in wat hulle opinie van evangelisasie is. Daar word beklemtoon dat evangelisasie ‘n bediening vir die hele kerk is, en nie net vir



'n paar uitgesoekte bevoorregtes nie. Alle mense is nie predikers of evangeliste nie, maar almal moet getuig.

Armstrong (1987:30) beklemtoon die belangrikheid van om te luister in diensevangelisasie. Volgens hom moet daar versigtigheid aan die dag gelê word om nie eerder te wil praat as om te luister nie, of om woorde in die ander persoon se mond te lê nie. Getroue getuies word ook gesensiteer om nie net met hulle ore te luister nie maar ook met hulle harte. Hulle moet dus gesindhede van barmhartigheid, simpatie en empatie openbaar tydens hulle evangeliseringsaksies. Dit is die diensingesteldheidsaspek van hierdie diensevangelisasie. Daar moet tot aksie oorgegaan word. Hierdie getuies besef dat hulle niks sonder die inwerking van die Heilige Gees kan doen nie. Die Gees se leiding word in elke geestelike gesprek gesoek (Armstrong 1987:22-32). Nel (1996:44) ondersteun die belangrikheid van luister en meen die doel is om te verstaan. Die evangelis moet duidelik hoor wat die persoon se probleem is. Deur goed te luister demonstreer hy dat hy werklik omgee. Die evangelis moet dan ook toelaat dat God hom sodanig verander dat hy werklik iemand is wat omgee en wat goed luister.

Daar word verder in diensevangelisasie (Armstrong 1987:38-64) verseker dat getuies die paradoks van geloof verstaan as 'n geskenk van God aan die een kant en die mens se verantwoordelikheid om te glo aan die ander kant. Getuies moet ook gereed wees om te getuig wat hulle glo en waarom hulle glo. Die korrekte verstaan van hierdie begrippe maak dit soveel makliker om daarvoor te getuig. Die benadering dat een gelowige sy geloof met 'n ander persoon deel, berus op die feit dat dit nie konfronterend van aard is nie, en dat die persoon teenoor wie getuig word, nie nodig het om iets te verdedig nie. Die getuienis is self nie veroordelend of dogmaties van aard nie. Die getuie het geen druk om iemand in die hemel in te redeneer nie of om die bestaan van God te probeer bewys nie. Die getuie moet eerstens 'n goeie luisteraar wees en dan by die ander persoon se ondervinding inskakel. Dit gesprek is meer 'n hart-tot-hart gesprek as kop-tot-kop. Die algemene gesprek word deur middel van taktvolle vraagstelling beweeg tot 'n gesprek van getuienislewering van geloof. Daar word dan juis met hierdie vraagstelling tot die ander persoon se geloofsondervinding ingeskakel. Geloofsake waarvoor getuig kan word is die kruisiging en opstanding van Jesus, die essensie van die Evangelies, beloftes van die Skrif, voorwaardes om die koninkryk te beërwe, sondebelydenis, vergifnis, ensovoorts.

#### 4.8 EVANGELISERINGSAKSIES EN SOSIALE BETROKKENHEID

Nel (1996:45) meen “sosiale betrokkenheid is ‘n natuurlike konsekwensie van diens-evangelisasie. Sosiale aksie op sigself is nog nie evangelisasie nie, maar evangelisasie daarsonder is baie selde holistiese evangelisasie.”

Volgens De Klerk (1990:115) kan sosiale vraagstukke meebring dat noodlydendes ly weens verontregting, verdrukking, en wantoestande. Die kerk moet help soek na oplossings vir die probleme. Gelowiges moet sensitief wees om diegene wat nie vir hulleself kan opkom nie, te help. Omstandighede moet aan die Woord getoets word, om toe te sien dat dit reg en billik is. Die kerk moet help om die kwade te bestraf, onreg te bestry, en die voorkoms hiervan te help uitwis.

Coleman (1986:60-72) voel dit is noodsaaklik dat Christene Christus se sienswyse deel betreffende geregtigheid en versoening van alle mense. Hy is ook van mening dat Bybelse evangelisasie nie net bedoel is om siele te red nie. Dit moet mense transformeer en by die gemeenskap van heiliges laat inskakel. Mense moet nie net die geestelike brood kry nie, maar ook die lewensbrood. Hy (Coleman) pleit dat hierdie saak van sosiale geregtigheid en bevryding van onderdrukking met uiterste omsigtigheid gehanteer word, sodat dit nie aan liberalisme gekoppel kan word nie. Hy is verder van mening dat die kerk nie moet toelaat dat sekulêre sieninge en ideologieë voorskrytelik begin raak nie. Die Bybel moet die finale gesag vir Christene wees. Hy stel dit duidelik dat die voorveronderstellings van die mens subjektiewe interpretasies van die Skrif tot gevolg kan hê. Hy beveel aan dat kerke spesiale projekte moet loods om evangelisasie en kerkplanting te kombineer met sosiale opheffing. Christene moet aangespoor word om prakties by hierdie vraagstukke betrokke te raak. Hy maan egter dat daar in die proses gewaak moet word om nie perspektief van die essensie van evangelisasie te verloor nie in die sin dat die blye nuus aan alle mense verkondig moet word. Indien mense se lewenstandaarde verhoog word en hulle van onderdrukking bevry word, maar hulle kry nie ‘n basis van vergiffenis, vrede, en ‘n ewige lewe perspektief nie, sal hulle steeds in sonde bly voortleef. Versoening tussen mense is nie versoening met God nie. Sosiale opheffing is ook nie evangelisasie nie. Daar is geen plaasvervanger vir die verlossingsboodskap van God nie. Die liefdesgebod sal slegs gerealiseer word soos mense dissipels van Jesus word. Guder (2000:123) verwys in dieselfde verband na hoe Jesus in sy bediening aan die armes gedemonstreer het dat “God’s justice requires a complete reordering of any and every society.” Jesus het sy volgelinge geleer dat gemeenskappe nie deur verdeeldheid en onderdrukking

gekenmerk moet word nie. Jesus se opdrag (Joh 13:34) was dat mense mekaar moes liefhê.

Volgens Green (1990:329-330) kom baie mense tot geloof as hulle die Christelike geloof ook in aksie sien. Hy pleit dringend dat gelowiges die nood in hulle eie gebiede of selfs afgeleë lande moet ontdek en iets prakties doen om dit aan te spreek. Gemeenskapsdienste trek die aandag van die gemeenskap en dit mag mense nader aan die kerk en Jesus trek.

Jesus het self gesê (Joh.10:10) dat hy gekom het sodat mense die lewe in oorfloed kan hê. Douglas (1975:698-709) ondersteun die konsep van die verkondiging van die evangelie deur middel van die lewering van gemeenskapsdienste, en meen as Christene Jesus se voorbeeld wil volg, moet hulle 'n bydrae lewer dat mense volheid van die lewe kan hê. Volgens hom bestaan evangelisasie nie net daarin om 'n vertikale verhouding met God te bewerkstellig nie. Daar moet ook aandag aan die horisontale vlak van mens tot mens gegee word. Jesus het die evangelie aan die armes verkondig maar bevryding aan die onderdrukte gebring. Sy (Douglas) siening is dat hierdie aspekte nie geïgnoreer mag word nie, en die behoeftiges se nood moet aangespreek word waar dit saak maak. Hy stel dit duidelik dat Christene die verantwoordelikheid het om die aarde te bewerk en daarvoor te heers. Dit sluit in dat Christene by sosiale vraagstukke soos armoede, mediese sorg, opvoeding, ensovoorts, betrokke raak. Hy ondersteun ander outeurs dat indien evangelisasie net op die geestelike verlossing van die mens konsentreer, dit besig is om die volledige opdrag van God te ignoreer. Volgens hom is die Bybel vol aanhalings oor God se besorgdheid oor die armes, en God se opdragte is dat daar aan hulle goed gedoen moet word. Daar is 'n geweldige wanbalans tussen die rykes en die armes van die wêreld, en invloedrykes sal iets moet doen om die balans te verbeter. Christene mag nie van hierdie taak wegstroom nie. God sorg vir die hele aarde deur byvoorbeeld reën te gee, maar ongelukkig word daar ondervind dat 'n klein persentasie mense hulleself verryk, en dat groot hoeveelhede mense honger ly. Guder (2000:124) sê self "the concern for justice and morality is an essential part of Christian witness." Hy maan egter dat God se genade en geregtigheid wat hy in Jesus aan die kruis gedemonstreer het, nie verwater moet word tot 'n menslike poging van sosiale opheffing nie. Wanneer moraliteit losstaande van Christelike etiese waardes gesien word, grens dit as't ware aan nie-Christelike sosiale betrokkenheid wat homself byvoorbeeld net met aspekte soos opvoeding, mediese versorging, ensovoorts besig wil hou sonder enige verwysing na die evangelieboodskap van Jesus Christus (Guder 2000:124). Die hele evangelie moet dus in woord en daad in sy volle konsekwensie aan die mens verkondig word.

Christene sal opnuut moet verstaan wat dit beteken om mekaar se laste te dra en dit dan in die praktyk toepas om volheid van lewe te bring na die wat daarna soek.

Elliston (1989:172) verwys na die Grand Rapids verslag van 1982, waartydens evangeliese leiers besluit het om meer klem te lê op die geïntegreerde benadering van evangelisasie en gemeenskapsdiens, en beskryf die sosiale bediening van die kerk as “a consequence of evangelism” en ‘n “bridge to evangelism” en ‘n “partner to evangelism”. Elliston (1989:173) bevestig dan dat die groot sendingopdrag en die liefdesopdrag ineengevleg is en nie geskei kan word nie. Sy mening is dat die goeie nuus met diens van barmhartigheid op so ‘n wyse gedemonstreer word dat die persoon aangespoor word om Jesus as Here van sy lewe te erken. Elliston (1989:175) haal in sy behandeling van Christelike gemeenskapsdienste Bosch soos volg aan:

“The central aim of the Great Commission is making disciples, which includes simultaneously practicing love and righteousness, that is, upholding justice. The tendency to narrow mission down to personal, inward, spiritual, and heavenly concerns makes a travesty of the gospel; yet this tendency is not far from much of modern evangelism. In the minds of some foreign mission administrators, “the church exists for the purpose of worship, communion, spiritual growth and evangelistic witness...”

Hy (Elliston) beklemtoon dat holistiese evangelisasie elke aspek van ‘n persoon se lewe moet aanspreek en dat die kerk langs hierdie weg moet poog om mense in die koninkryk van God in te bring. Stott (1982:17) haal die volgende aanhaling aan vanuit paragraaf 5 van die Lausanne-verslag:

“Hereto we express penitence both for our neglect and for having sometimes regarded evangelism and social action as mutually exclusive.”

asook

“The salvation we claim should be transforming us in the totality of our personal and social responsibilities. Faith without works is dead.”

Brueggemann (1993:43) meen dat die skeiding wat tussen evangelisasie en barmhartigheidsdiens gemaak word misleidend is. Hy meen dat daar geen gronde daarvoor in die Bybel is nie en dat diegene wat dit doen nie teologies daarvoor dink nie. Sy siening is dat, indien die klem op evangelisasie alleen is, met ander woorde waar die doel van ‘n nuwe lewe daarvan uitgesluit is, dit vals is. Indien die klem egter weer net op barmhartigheid is sonder die beklemtoning van wie die Bron daarvan is, naamlik God, dit nie die ware bedoeling van barmhartigheid is nie, en dus onbybels is.

#### **4.9 VERHOUDING TUSSEN KERKLIKE EN STAATGEORIËNTEERDE EVANGELISASIE EN DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

Kuiper (1961:199-201) het reeds in 1961 aangedui dat die probleem van die verhouding tussen die kerk en die staat in evangelisasie 'n ou probleem is. Dit is veral 'n probleem in die sin dat 'n evangelisasie-organisasie aan twee "base" moet rapporteer, naamlik die staat en sy eie bestuurstruktuur. Hy meen dat die kerk en die staat nie werklik in die saak van mekaar geskei kan word nie. Die staat het byvoorbeeld 'n sê oor die eiendomsregte van die kerk. Die kerk weer, moet insette aan die staat gee oor sekere etiese aspekte. Hy beveel aan dat die twee institute egter nie in mekaar se soewereiniteit mag inmeng nie. Die kerk hoef nie die staat toestemming te vra om evangelisasie te doen nie. Die kerk mag nie 'n instrument van die staat word nie.

Volgens Mckee (1989:114-115) het regerings tot en met die twintigste eeu min verantwoordelikheid geneem vir sosiale probleme van diegene oor wie hulle regeer het. Hy meen barmhartigheidsdienste is hoofsaaklik deur die kerk, privaat individue, en organisasies gedoen. Dit is egter vir hom duidelik dat geen enkele gelowige groep in die hedendaagse samelewing volle verantwoordelikheid vir die behoeftiges kan neem nie. Volgens hom word daar veral in die Weste ondervind dat maatskaplike strukture in plek kom om geregtigheid te verseker. Kerke, veral die gereformeerde groepe, erken hierdie openbare organisasies. Hy meen dat baie kerkmense geen verantwoordelikheid vir enige welsynsprogramme aanvaar nie want hulle beskou dit as sekulêr van aard, en meen dat dit niks met die kerk te make het nie. Hy voel egter sterk oor die feit dat die kerk se betrokkenheid wel tot groter heling kan lei. Volgens hom kan maatskaplike werksters, hoe toegewy en hardwerkend ookal, nie by alle gevalle uitkom nie. Die verdeling wat tussen kerk en staat bestaan beteken nie dat hulle in kompetisie moet wees op die gebied van barmhartigheidsdiens nie, of dat daar geen samewerking hoef te wees nie.

Volgens Barnard (1982:62-63) mag die kerk nie sy diens van barmhartigheid deur die welsyn van die staat laat vervang nie. Die kerk se diens van barmhartigheid staan in diens van die verkondiging van die evangelie. Die eie aard van elkeen moet erken word en tog mag daar geen poging wees om dit te konsolideer nie. Die kerk kan nie samewerking gee aan instansies wat sy karakter kan aantast nie

Lemmer (1994:73) weer, wil sien dat die kerk 'n goeie verhouding handhaaf met besighede, staatsdepartemente, plaaslike owerhede, ensovoorts, ten einde hulle

samewerking in projekte te verseker. Daar kan ook van vakkundiges gebruik gemaak word vir meer gekompliseerde sake wat nie deur gewone lidmate hanteer kan word nie.

Volgens Stone (1996:103) moet liefdadigheidsdienste van die staat en ander organisasies nie gelyk gestel word aan die kerk se barmhartigheidsdienste nie. Die blote feit dat iemand kos aan hongeres gee of geld aan behoeftiges gee beteken nie dat werklike barmhartigheid gedemonstreer is nie. Sy siening is dat sulke vorme van liefdadigheid baie male slegs gebruik word om die gewete te sus.

Volgens Pretorius (1988:162) staan die kerk in sy diens van barmhartigheid as't ware in die middel tussen die arme en die opdrag van God. Hy staan egter nie alleen nie want die owerheid, wat ook dienaar van God moet wees, moet ook na die welsyn van die mense omsien. Hy verwys in die sin na Smuts wat op sy beurt na Luther verwys, wat gesê het dat 'n goeie owerheid 'n besondere diaken van Christus is. Hy meen dat in die gevalle waar die staat werklik barmhartigheidsdienste lewer, dit nie beteken dat die kerk se dienste nou minder belangrik is nie. Beide die instansies se dienste het 'n eie fundering en aard.

## **DEEL 2: EMPIRIESE STUDIE**

### **HOOFSTUK 5: BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN RESULTATE VAN HOLISTIESE EVANGELISASIE IN GEMEENTES EN VAN SAMEWERKING MET ANDER INSTANSIES SOOS WELSYNSORGANISASIES.**

#### **5.1 INLEIDING**

Soos reeds bespreek in Deel 1, Hoofstuk 1, paragraaf 6.2.1, moet die teorie in die praktyk getoets word. Dit moet volgens Heitink (1999:152) met empiries georiënteerde, prakties-teologiese navorsing gedoen word. Die bedoeling van hierdie navorsing is om die praxis te analiseer met die oog daarop om regstellende stappe te neem met regulerende aksies. Die resultate van die bevindinge sal ook gebruik word om die gestelde hipotese te toets.

Deel een van hierdie verhandeling het die hermeneutiese fase van navorsing in Praktiese Teologie behels. Heitink (1999:221) stel dit egter duidelik dat navorsing op hierdie gebied nie by die hermeneutiese fase kan ophou nie. Daar moet deur middel van empiriese navorsing vasgestel word hoe die teorie in die praktyk vergestalt word.

#### **5.2 BESPREKING VAN EMPIRIESE ONDERSOEK: VOORBEREIDING, SELEKSIE VAN TEIKENGROEP, EN INWIN VAN INLIGTING**

##### **5.2.1 Onderzoek by gemeentes**

##### **5.2.1.1 Vraelys vir gebruik by gemeentes**

Alhoewel hierdie navorsing (verhandeling) die saak van holistiese evangelisasie (dit is 'n totale bediening aan die totale mens) aanspreek, is die vraelys in die volgende hoofareas ingedeel:

- i) Evangelisasie algemeen;
- ii) Diens van barmhartigheid;
- iii) Totale bediening: Diens van barmhartigheid en evangelisasie, en
- iv) Totale bediening aan armes (behoeftiges).

Die bedoeling van die verdeling was:

- i) enersyds om te voorkom dat dit nie net een lang ongestruktureerde vraelys is nie;
- ii) tweedens om respondente se aandag op spesifieke elemente van evangelisasie toe te spits wat hulle behulpsaam kon wees met die voltooiing van die betrokke vrae;

- iii) Derdens om spesifieke siftingsvrae by sekere afdelings te kon aanbring met die doel dat indien die antwoord by sodanige vrae nee is, respondente direk na 'n volgende afdeling moes gaan.

Daar is met die opstel van die vrae gepoog om respondente nie in 'n drukgang te forseer nie. Daar is geleentheid gegee dat enige inligting wat hulle van waarde geskat het, as sodanig by 'n item "spesifiseer ander" in te vul.

Die vraelys is dus opgestel met die voorgenoemde benadering (struktuur) in gedagte maar ook met die klem op die volgende aspekte:

- probleemstelling van navorsing,
- hipotese van navorsingsvoorstel, en
- verbandhoudende inligting soos tydens die literatuurstudie gedokumenteer.

Hierdie konsepvraelys is bespreek met beamptes van die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria, en voorstelle wat hulle gemaak het is aangebring.

#### 5.2.1.2 Loodsstudie by gemeentes

Die konsepvraelys is as 'n loodsstudie aan enkele voorafgeïdentifiseerde gemeentes gestuur. Die doel van hierdie loodsstudie was om te verseker dat die konsepvraelys maklik verstaanbaar, interpreteerbaar en beantwoordbaar was. Waardevolle insette is vanaf deelnemers verkry, en die konsepvraelys is dienooreenkomstig tot die finale formaat bygewerk. Dit word as Bylaag A hierby ingesluit.

#### 5.2.1.3 Seleksie van gemeentes, uitstuur en inwin van vraelyste

Daar is besluit om die ondersoek tot die volgende denominasies in Pretoria te beperk:

- Apostoliese Protestantse Kerk
- Apostoliese Geloofsending
- Volle Evangelie Kerk
- Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
- Gereformeerde Kerk
- Charis Gemeente
- Evangelies Gereformeerde Kerk
- Lewende Woord
- Christelike Gereformeerde Kerk
- Pinkster Protestantse Kerk



- Sewendedagse Adventiste

'n Volledige lys is opgestel van die totale populasie van al die bogenoemde denominasies se gemeentes. Dit is 'n totaal van twee honderd en vyftien gemeentes. Die gemeentes is volgens ligging in die volgende gebiede gesorteer:

- Middestad
- Noordelike gebied
- Oostelike gebied
- Suidelike gebied
- Westelike gebied

Daar is volgens 'n gestratifiseerde ewekansige seleksie sewentig gemeentes geselekteer. Elke gemeente is telefonies gekontak en daar is gevra of hulle sou toestem en bereid sou wees om aan die Navorsingsprogram deel te neem. Elke gemeente het positief aangedui dat hulle wel bereid was om deel te neem. Die aanvanklike bedoeling was om elke geselekteerde gemeente se vraelys en begeleidende brief per hand te laat aflewer en na 'n gestelde voltooidatum weer per hand te laat afhaal. Die meeste gemeentes het egter versoek dat die dokumentasie aan hulle gefaks word of per e-pos gestuur word. Enkele vraelyste is wel ook per hand afgelewer.

Daar is egter nieteenstaande die onderneming van elke gemeente om wel aan die navorsingsprogram deel te neem, ondervind dat sake nie so voorspoedig sou verloop nie. Daar is teen die sluitingsdatum, wat drie weke was nadat die vraelyste uitgestuur is, gevind dat slegs sowat tien persent van die gemeentes hulle vraelyste voltooi het en teruggestuur het. Dit was ondanks die feit dat daar deurlopend skriftelik en telefonies met al die geselekteerde gemeentes gekommunikeer is ten einde goeie respons te verseker. Dit het genoodsaak dat 'n verdere agtien gemeentes ook geselekteer is op die basis van 'n gestratifiseerde ewekansige seleksie en ook met hulle vooraf goedkeuring van vraelyste voorsien is. Uiteindelik is voltooide vraelyste van nege-en-veertig gemeentes ontvang. Dit is 'n respons van 22,79% van die totale populasie en 55,68% van die geselekteerde gemeentes. Daar word aanvaar dat die respons verteenwoordigend genoeg is van die totale populasie van die tweehonderd-en-vyftien geïdentifiseerde gemeentes, en dat geldige afleidings gemaak kan word van die inligting wat ingewin is.

## 5.2.2 Onderzoek by welsynsorganisasies

### 5.2.2.1 Vraelys vir gebruik by welsynsorganisasies

Daar is met die klem op die volgende aspekte 'n konsepvraelys (Bylaag B) opgestel wat aan geselekteerde welsynsorganisasies gestuur moes word:

- probleemstelling van navorsing, maar met die klem op die samewerking tussen die kerk en welsynsorganisasies
- verbandhoudende inligting soos gedokumenteer tydens die literatuurstudie.

Hierdie konsepvraelys is met beamptes van die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria bespreek, en voorstelle wat hulle gemaak het, is aangebring.

### 5.2.2.2 Seleksie van welsynsorganisasies, uitstuur en inwin van vraelyste

'n Volledige lys van alle welsynsorganisasies in Pretoria is verkry vanaf die die Departement Welsyn, plaaslike regeringsvlak. Die verskillende organisasies is persoonlik telefonies gekontak ten einde slegs die betrokke organisasies wat met behoefdiges werk, te identifiseer. Altesaam tien welsynsorganisasies is as sulks geïdentifiseer en as totale populasie gelys. Daar is weens die klein populasie besluit om vraelyste na almal te stuur. Dit is ook met hulle voorafverkreë goedkeuring gedoen. Daar is sewe response ontvang wat 'n 70% van die totale populasie verteenwoordig. Dit word as voldoende geag om geldige aannames te maak van die inligting wat tydens hierdie empiriese ondersoek ingewin is.

## 5.3 BESPREKING VAN BEVINDINGE VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.3.1 Gemeentelike besonderhede

#### 5.3.1.1 Evangelisasie algemeen


Vraag 1.1 van die vraelys is 'n siftingsvraag ten einde vas te stel watter gemeentes aktief by evangelisasie-aksies/projekte betrokke is. Slegs gemeentes wat "Ja" op hierdie vraag geantwoord het, is in terme van hierdie kategorie (vrae 1.2 tot 1.7) naamlik "Evangelisasie Algemeen" ontleed. Indien 'n gemeente "Nee" aangedui het by die vraag (1.1) of hulle aktief by evangelisasie betrokke is en tog sekere dele van die daaropvolgende vrae (1.2 tot 1.7) ingevul het, is dit buite berekening gelaat in die statistiese ontleding.

Die ondersoek het getoon dat 71,43% (35 van die 49) van alle gemeentes aktief betrokke is by evangelisasie aksies / projekte. Soos hierbo genoem, is slegs hierdie gemeentes in ag geneem vir die volgende bevindinge, soos hieronder bespreek.

#### 5.3.1.1.1 Motiewe

Dit is noodsaaklik dat 'n mens verstaan wat gemeentes se belangrikste motiewe vir evangelisasie is. Die bevinding in hierdie opsig is dat die volgende motiewe vir evangelisasie as baie belangrik tot baie belangrik beskou word:

	<b><u>Motief</u></b>	<b><u>Baie belangrik</u></b>	<b><u>Belangrik</u></b>
i)	Sielewen (bekering)	23 (65,71%)	10 (28,57%)
ii)	Dissipelmaking	21 (60,00%)	11 (31,43%)
iii)	Gemeentegroei	17 (48,57%)	13 (37,14%)



Nota:

Dit is dus uit die bostaande gegewens duidelik dat vir 94% van die gemeentes sielewen (bekering) 'n baie belangrike tot belangrike motief vir evangelisasie is.


#### 5.3.1.1.2 Opleiding in, en volhoubare betrokkenheid by evangelisasie

Die bedoeling met hierdie gedeelte was om vas te stel of gemeentes persone oplei om evangelisasie te doen asook om die volhoubare betrokkenheid van opgeleide persone vas te stel. Die ondersoek toon dat 32 (65,31%) gemeentes wel persone met gawes in

aspekte van evangelisasie en / of diens van barmhartigheid oplei. Die teendeel is dus ook waar, naamlik dat 17 (34,69%) gemeentes geen opleiding in hierdie uiters belangrike sake doen nie.

Die EE111 evangeliseringsmodel is die gewildste, en word deur 45,71% van die gemeentes as gekose model gebruik. Die Getroue Getuies (Service Evangelism) wyse van evangelisering word deur 40,00% van die gemeentes vir evangelisasie gebruik. Die feit dat die EE111 evangelisasiemetode die gewildste onder die gemeentes is, kan **moontlik** die rede wees waarom sielewen (bekering) by die meeste gemeentes die belangrikste motief vir evangelisasie is. Dit was ook in hierdie deel van die ondersoek belangrik om vas te stel of persone wat in een of ander vorm van evangelisasie opgelei is, volhoudend daarby betrokke is en bly. Die resultaat van hierdie saak lyk soos volg:

- i) Persone wat minder as 6 maande betrokke was : 13 (37,14%)
- ii) Persone wat betrokke was vir 6 tot 12 maande : 9 (25,71%)
- iii) Persone wat langer as 12 maande betrokke was/is : 9 (25,71%)




Nota:

Dit is kommerwekkend dat meer as 60% van die gemeentes se lidmate wat opleiding in evangelisasie en diens van barmhartigheid ontvang het, na 'n tydperk van twaalf maande nie meer aktief daarby betrokke is nie.

Ten einde vas te stel watter persentasie van gemeentes se lidmate wel by evangelisasie betrokke is, ongeag die tydperk daarvan, lyk die resultate soos volg:

- i) Minder as 10% van die lidmate : 24 (68,57% van die gemeentes)
- ii) Tussen 10% tot 25% van die lidmate : 6 (17,14% van die gemeentes)
- iii) Tussen 26% tot 50% van die lidmate : 3 (08,57% van die gemeentes)
- iv) Meer as 51% van die lidmate : 1 (02,86% van die gemeentes)




Nota:

Volgens die bogenoemde statistiek is daar by die meeste gemeentes 'n redelike klein hoeveelheid lidmate wat by evangelisasie betrokke is.

Indien dié lidmate wat wel by evangelisasie betrokke is ingedeel word in verskillende kategorieë, is die bevinding soos volg:

- |      |                                  |   |                               |
|------|----------------------------------|---|-------------------------------|
| i)   | Enkele lidmate                   | : | 32 (91,43% van die gemeentes) |
| ii)  | Leraars                          | : | 30 (85,71% van die gemeentes) |
| iii) | Sending / Evangelisasiekommissie | : | 31 (88,57% van die gemeentes) |
| iv)  | Kleingroepe / Selgroepe / Wyke   | : | 19 (54,29% van die gemeentes) |
| v)   | Diens van Barmhartigheid Kom     | : | 20 (57,14% van die gemeentes) |




Nota:

Die bevinding van hierdie ontleding rym met die feit dat dit maar in werklikheid enkele lidmate is wat by evangelisasie betrokke is. Dit is ook verblydend dat die leraars by soveel as 85% van die gemeentes wel by evangelisasie-aksies betrokke is.

#### 5.3.1.1.3 Teikengroepe

Ten einde vas te stel wie die **primêre** teikengroep vir evangelisasie is, het gemeentes soos volg gereageer:

A)	Persone binne en buite gemeentelike grense	:	27 (77,14%)
B)	Gemeentelede	:	5 (14,29%)
C)	Persone buite gemeentelike grense	:	3 (08,57%)



Nota:

Dit wil volgens die bevindinge voorkom of die meeste gemeentes 'n redelik gesonde balans handhaaf in hulle primêre teikengroepe vir evangelisasie.

#### 5.3.1.2 Diens van barmhartigheid

Daar was nie by hierdie afdeling 'n siftingsvraag nie. Gemeentes moes hierdie afdeling invul ongeag hulle antwoorde op deel 1. Sommige van die nege-en-veertig gemeentes wat aan die empiriese navorsing deelgeneem het, het sekere van die vrae onder hierdie afdeling van diens van barmhartigheid ongelukkig nie ingevul nie. Daar word nie vervolgens enige statistieke aangedui van gemeentes wat wel sekere vrae

onbeantwoord gelaat het nie. Let egter daarop dat statistiese berekenings gedoen is slegs op die aantal gemeentes wat 'n spesifieke vraag geantwoord het.

5.3.1.2.1 Die bevindinge op die vraag watter aktiwiteite deel uitmaak van die gemeente se diakonale aksies lyk soos volg:


AKTIWITEIT	RESULTAAT
Dankofferinsameling	38 (79,17%)
Nagmaalbediening	45 (93,75%)
Oorbetaling van fondse	40 (86,96%)
Donasies	42 (89,36%)
Skenkings kos en klere	47 (97,92)

Dit is verblydend dat alhoewel tussen 79% tot 94% van die gemeentes se diakonale aksies hulle besig hou met standaard diakonale aktiwiteite soos dankofferinsameling, nagmaalbediening, ensovoorts, 97,92% van die gemeentes aangedui het dat hulle ook barmhartighedsaksies het soos die fisiese skenking van kos en klere.

5.3.1.2.2 Betrokkenheid

Die vraag om vas te stel watter groepe / persone uitsluitlik en gedeeltelik verantwoordelik is vir die barmhartighedsaksies in gemeentes, het die volgende resultate opgelewer:

	Uitsluitlik	Gedeeltelik	Glad nie
Diakonie	20 (41,67%)	27 (56,25%)	1 (2,08%)
Leraars	10 (21,44%)	32 (69,57%)	4 (8,70%)
Sel / kleingroepe	7 (18,42%)	28 (73,68%)	3 (7,89%)
Elke lidmaat	8 (18,18%)	32 (72,73%)	4 (9,09%)




Nota:

Die historiese tendens dat die diaconie steeds die grootse uitsluitlike verantwoordelikheid vir die barmhartigheidaksies het, blyk steeds die geval te wees. Dit is egter 'n positiewe teken dat ongeveer 73% van die gemeentes aandui dat selgroepe en lidmate ook 'n gedeeltelike verantwoordelikheid vir die taak aanvaar.

#### 5.3.1.2.3 Teikengroepe

Die gegewens vir gemeentes se teikengroep aan wie diens van barmhartigheidaksies gelewer word, sien soos volg daaruit:

- i) Persone binne en buite die gemeente: 36 (73,47% van die gemeentes)
- ii) Gemeentelede : 11 (22,45% van die gemeentes)
- iii) Persone buite gemeentelike grense : 2 (4,08% van die gemeentes)



Nota:



Die meeste gemeentes het, soos by evangelisasie, 'n goeie balans in hulle na buite- en binnegerigtheid vir diens van barmhartigheid.


### 5.3.1.3 Totale bediening: Diens van barmhartigheid en evangelisasie

Die benadering van hierdie afdeling se statistieke berekeninge is dieselfde as by paragraaf 5.3.1.2, met ander woorde die getal van die nege en veertig gemeentes wat wel die vrae beantwoord het.

Die bedoeling van hierdie afdeling is om die geïntegreerdheid tussen diens van barmhartigheid en evangelisasie (holistiese evangelisasie) vas te stel. Die volgende gegewens het aan die lig gekom:

#### 5.3.1.3.1 Wyse van funksionering van gemeentes se diens van barmhartigheid en evangelisasiekommissies:

Aparte kommissies; elkeen treë selfstandig op	10 (20,41%)
Aparte kommissies, maar samewerking per geval	28 (57,14%)
Een geïntegreerde kommissie	11 (22,45%)



Nota:

Dit is verblydend om te merk dat meer as die helfte van die gemeentes se evangelisasie en diens van barmhartigheidskommissies wel per geval / projek saamwerk. Aan die anderkant is dit tog, in die lig van holistiese evangelisasie, kommerwekkend dat daar by 20% van die gemeentes geen samewerking tussen die kommissies is nie en dat hulle afsonderlik bestaan en opereer.

5.3.1.3.2 Na aanleiding van 'n vraag wat gemeentes as die belangrikste bediening ag, het hulle soos volg gereageer:

- 41 (83,67%) gemeentes ag diens van barmhartigheid en evangelisasie ewe belangrik;
- 5 (10,20%) gemeentes ag diens van barmhartigheid as die belangrikste; en
- Slegs 3 (6,12%) gemeentes ag evangelisasie as die belangrikste.

Twee-en-veertig (85,71%) gemeentes het aangedui dat hulle evangelisasiebedieninge wel een of ander vorm van diens van barmhartigheid insluit.

5.3.1.4 Holistiese bediening aan armes


Daar is met hierdie afdeling van die vraelys gepoog om gemeentes se beskouing van 'n holistiese evangelisasiebediening aan armes / hulpbehoewendes vas te stel. Daar was weereens 'n siftingsvraag in hierdie afdeling. Slegs die drie-en-dertig gemeentes wat positief "Ja" geantwoord het dat hulle 'n volhoubare, holistiese bediening aan armes / behoeftiges het, se response op die ander vrae is verwerk en ontleed.

Dit is verblydend om te merk dat 33 (67,35%) gemeentes wel 'n volhoubare holistiese evangelisasie bediening aan armes / behoeftiges het.

5.3.1.4.1 Frekwensie

Gemeentes is ook gevra wat die frekwensie van die holistiese bediening aan die armes is, en die resultate lyk soos volg:

- |      |                 |   |                               |
|------|-----------------|---|-------------------------------|
| i)   | 1 of 2 weekliks | : | 18 (54,55% van die gemeentes) |
| ii)  | Maandeliks      | : | 13 (39,39% van die gemeentes) |
| iii) | Kwartaalliks    | : | 1 (3,03% van die gemeentes)   |




Nota:

Slegs ongeveer 54% van die gemeentes is weekliks in holistiese bedieninge betrokke, en die res slegs maandeliks of kwartaalliks. Die vraag kan dus gevra word of gemeentes in hierdie tye van groot armoede en geestelike honger nie meer gereeld in holistiese bedieninge betrokke moet wees nie?

#### 5.3.1.4.2 Kernaksies

Dit is ook belangrik om die wese van die holistiese bedieninge te analiseer. Daar is in hierdie saak gepoog om te identifiseer watter kernaksies in die holistiese bedieninge ingesluit is. Vervolgens is die resultate van hierdie ontleding:

<b>Tipe aktiwiteit</b>	<b>% gemeentes daarby betrokke</b>
Evangelisasie (Woordverkondiging)	93,94% (31)
Bybelstudie	51,52% (17)
Pastorale berading	75,76% (25)
Vaardigheidsopleiding	45,45% (15)
Skenking van kos en klere	96,97% (32)




Nota:

Dit is volgens hierdie ontleding duidelik dat die belangrikste aktiwiteite van holistiese evangelisasie goed deur die meeste gemeentes aangespreek word. 'n Mens kon dalk verwag dat meer gemeentes betrokke kan wees by die vaardigheidsopleiding van die armes. Die mense moet tog gehelp word om hulle self te help.

#### 5.3.1.4.3 Samewerking

In die lig van die feit dat holistiese evangelisasie onder andere 'n geïntegreerde benadering insluit, was dit noodsaaklik om vas te stel of gemeentes in hierdie bedieninge van hulle met enige ander instansies saamwerk. Die resultate van die vraag wat die spesifieke saak aangespreek het, sien soos volg daaruit:

Ander gemeentes	29 (87,88%)
Staat / semistaat	15 (45,45%)
Privaatsektor	14 (42,42%)
Ander denominasies	17 (51,52%)
Professionele dienste	21 (63,64%)
Welsynsorganisasies	28 (84,85%)



Nota:

Dit is uit die gegewens duidelik dat die meeste gemeentes uit 'n tradisionele oogpunt onderling goed integreer en dat daar 'n goeie mate van integrasie met die welsyn en professionele dienste is. Dit wil tog voorkom of daar ruimte is vir beter samewerking tussen die staat en semistaatsorganisasies.

#### 5.3.1.4.4 Terrein

Daar is in hierdie afdeling vasgestel op watter terrein gemeentes hulle holistiese bediening aan armes uitvoer. Dertien (39,39%) gemeentes verwag meestal van die armes / behoeftiges om na die kerkterrein te kom om die holistiese evangelisasie bediening te ontvang, terwyl veertien (42,42%) gemeentes hulle holistiese bediening meestal in die armes se eie woongebied aanbied.

#### 5.3.1.4.5 Belangstelling in model


Omdat die resultate van hierdie literatuurstudie en empiriese studie ná die finale ontleding moet lei tot die ontwikkeling van 'n geïntegreerde holistiese evangelisasiemodel vir bediening aan armes, is daar besluit om gemeentes se bereidwilligheid te toets om so 'n ontwikkelde model te gebruik. 87,76% van die gemeentes het positief aangedui dat hulle wel so 'n model sal gebruik indien dit ontwikkel word.

### 5.3.2 Bevindinge van ondersoek wat gedoen is by welsynsorganisasies

#### 5.3.2.1 Oogmerk van welsynsorganisasie

Daar is in hierdie afdeling vasgestel wat die oogmerk, met ander woorde die primêre funksies, van die organisasies is. Die bevindinge is soos volg:

- Verligting van nood 86% van die organisasies
- Berading 86% van die organisasies
- Rehabilitasie 71% van die organisasies




Nota:

Dit is volgens die bogenoemde gegewens verblydend dat primêre oogmerke soos verligting van nood, berading aan, en rehabilitasie van die armes baie goed deur die welsynsorganisasies ondersteun word.

#### 5.3.2.2 Bediening onder armes

Die spesifieke vraag wou identifiseer tot watter mate die organisasies bepaalde bediening aan die armes lewer. Die resultaat sien soos volg daaruit:

- Fisiese hulp met kos en kler 86% van die organisasies
- Finansiële bystand 83% van die organisasies
- Vaardigheidsopleiding 71% van die organisasies




Nota:

Die grootste persentasie welsynsorganisasie gee kos, klere en finansiële bystand aan die armes. Daar is egter ruimte vir verbetering vir vaardigheidsopleiding.

### 5.3.2.3 Kerk se betrokkenheid by welsynsorganisasies

Hierdie afdeling wou bepaal tot welke mate die kerk by sekere aspekte by welsynsorganisasies betrokke is. Dit is vanuit die organisasies se oogpunt gedoen. Die resultaat is soos volg:

- Arbeidshulp : By 57% van die organisasies
- Evangelisasie : By 43% van die organisasies
- Finansiëel : Aan 71% van die organisasies
- Pastoraat : By 57% van die organisasies




Nota:

Behalwe vir finansiële bystand, is daar beslis ruimte vir verbetering in die kerk se betrokkenheid by welsynsorganisasies in die dienslewering aan die armes.

#### 5.3.2.4 Die staat se betrokkenheid by welsynsorganisasies

Dit was in hierdie afdeling belangrik om vanuit die welsynsorganisasie se oogpunt te bepaal in welke mate die staat by bepaalde aspekte by hulle betrokke is. Die resultate sien soos volg daaruit:

- Mannekraghulp                      Aan 57% van die organisasies
- Finansiële hulp                      Aan 86% van die organisasies
- Opleidingshulp                      Aan 43% van die organisasies
- Werkverskaffing                      Aan 57% van die organisasies



Nota:

Alhoewel dit 'n positiewe teken is dat die staat steeds ruim finansiële hulp aan die welsynsorganisasies gee, is dit ook kommerwekkend dat daar op die ander terreine soos mannekrag, opleiding en werkverskaffing 'n baie kleiner betrokkenheid van die staat is.



## **DEEL 3 : REGULERENDE FASE**

### **HOOFSTUK 6: ONTWIKKELING VAN 'N GEÏNTEGREERDE HOLISTIESE EVANGELISASIEBEDIENING AAN DIE ARMES**

#### **6.1 INLEIDING**

Volgens Heitink (1999:202) wil Praktiese Teologie, wat as 'n teorie die Christelike geloof aan die praxis van die moderne gemeenskap verkondig, poog om verandering te bewerkstellig deur middel van bestuur en regulering. Strategiese aksie wil metodies volgens plan teweerk gaan. Dit is vir Heitink (1999:204) verder belangrik dat Praktiese Teologie, as normatiewe dissipline, ten doel het om te voldoen aan die Bybelse beroep naamlik dat die mens hom moet bekeer. Die regulerende fase wil dan dit wat verkeerd is, regstel. Heitink (1999:212) stel dan voor dat die regulerende proses soos volg lyk:

- Definisie van die probleem,
- Diagnose
- Plan van aksie vir regstellende stappe
- Inwerkingstelling van plan, en
- Evaluasie.

#### **6.2 REGULERENDE AKSIES AS INTEGRALE DEEL VAN GEMEENTEBOU**

##### **6.2.1 Agtergrond tot benadering van voorgestelde proses**

Ek het lank gedink, gebid en baie naslaanwerk gedoen oor die beste benadering om te volg vir hierdie regulerende fase. Ek glo dat dit 'n antwoord op gebed is dat die Heilige Gees my gelei het om dit vanuit 'n gemeentebouerspektief te benader. Holistiese evangelisasie (evangelisasie en diens van barmhartigheid) staan nie los van die gemeente nie. Dit vorm deel van die totale spektrum van gemeentewees. Daar word in hierdie verband weer na figuur 1, hoofstuk 1, paragraaf 1.5.1 verwys. Hierdie regulerende fase word benader vanuit 'n sistemiese beskouing in die konteks van gemeentebou. Die sistemiese benadering word hieronder in paragraaf 6.2.2 bespreek. Die literatuur bespreek verskeie modelle van gemeentebou. Bisschoff (1991:276) verwys in hierdie verband na Lissenberg wat onderskei in inisiatief, diagnose, motivering, beplanning, aksie, evaluasie en die eindverhouding asook na die vyf fases van Hendriks, naamlik motivering en besluitvorming, ondersoek deur middel van opname, analise en van prioriteitstelling, uitvoering, en evaluasie.

Die bedoeling is nie om gemeentebou per sé te behandel nie, maar om die regulerende fase binne die konteks van gemeentebou te behandel. Nel se benadering

tot gemeentebou, soos bespreek in sy publikasie “Gemeentebou” van 1994, stem grootliks ooreen met die regulerende fases van Heitink, soos hierbo in paragraaf 6.1 bespreek. Dit word soos volg gestaaf:

TABEL VAN VERGELYKING TUSSEN REGULERENDE EN GEMEENTEBOUFASES

<b>Regulerende fases, Heitink</b>	<b>Gemeentebou fases, Nel</b>
Definisie van die probleem	Motivering, ontvriësing en missieformulering
Diagnose	Gemeenteanalise
Plan van aksie vir regstellende stappe	Strategiebeplanning
Inwerkingstelling van plan, en	Implementering van strategiese plan ter bereiking van doelwitte
Evaluasie.	Evalueer-, stabiliseer- en herhaal proses

Daar word dus in die lig van hierdie ooreenstemming asook dat Nel se gemeentebouproses wat oor baie jare in verskillende gemeentes in die Suid Afrikaanse konteks geïmplementeer en beproef is, grootliks daarvan gebruik gemaak om regulerende stappe voor te stel vir die implementering van volhoudende holistiese evangelisasie in gemeentes. Daar word in die lig van die feit dat hierdie verhandeling holistiese evangelisasie aan armes aanspreek, wat ‘n primêre na-buite-gerigtheid het, aanklank gevind by Nel (1994:31) wanneer hy vra: “Kommunikeer die gemeente die Evangelie ook na buite? Wanneer ‘n gemeente sonder hierdie perspektief “opgebou” word, is dit nie langer Bybelse gemeentebou nie.”

Louw (1984:151, 152, 153, 154) noem ‘n paar doelwitte van gemeentebou naamlik:

- die verheerliking van God,
- die bereiking van die wêreld, en
- die geestelike volwassenheid van die wêreld.

Die tweede doelwit soos hierbo gestel, naamlik: “die bereiking van die wêreld” ondersteun Nel se siening dat die evangelie ook na buite gekommunikeer moet word. Louw sê verder: “As die koms van die Koninkryk tot die verheerliking van God dan die einddoel van alles is, is dit vanselfsprekend dat die wêreld bereik moet word met die boodskap van die Koninkryk.”

Ek poog nie in hierdie bespreking om die saak van gemeentebou te stel nie, maar wel om langs die lyne van die proses, regulerende stappe vir volhoubare holistiese evangelisasie in gemeentes voor te stel.

### 6.2.2 GEMEENTEBOU AS 'N SISTEMIESE BENADERING

Dit is vir doeleindes van hierdie regulerende fase, wat soos hierbo genoem binne die bestek van gemeentebou bespreek gaan word, eerstens noodsaaklik om aan te dui dat dit binne die begrip van 'n sistemiese benadering beskou moet word. Nel (1994:191) stel voor dat die gemeente in beplanning as 'n sisteem benader moet word. Volgens hom bestaan die gemeente soos enige ander sisteem uit kleiner eenhede, oftewel subsisteme. Hy noem dan as voorbeeld dat elke lidmaat en bedieningsafdeling 'n subsisteem is. Volgens my eie verstaan van hierdie benadering, verduidelik ek dit aan die hand van figuur 1 soos per paragraaf 1.5.1: Die gemeente het verskillende bedieninge byvoorbeeld:

- Verkondiging,
- Erediens,
- Pastoraat,
- Getuienis, en
- Diens van barmhartigheid.

Hierdie verhandeling bepaal hom tot holistiese evangelisasie as bediening wat, soos in die literatuurstudie bespreek is, die integrasie is van getuienis en diens van barmhartigheid. Elkeen van die bedieninge, dus ook holistiese evangelisasie, is dan 'n subsisteem van die gemeente. Alhoewel Nel dit in sy verdere verduideliking stel dat daar 'n onderlinge samehang tussen die subsisteme is, gaan die samehang nie verder bespreek word nie, maar daar sal slegs gekonsentreer word op holistiese evangelisasie as subsisteem. Ek stem egter steeds saam met Nel (1994:192) wanneer hy sê dat al die dele sinvol geïntegreer moet word in belang van die geheel. Die doelwitte van die subsisteme moet dus die doel van die sisteem (gemeente) dien in die beplanning en uitvoering van gemeentebou.

6.3 Begrensing van primêre probleme wat tydens die empiriese fase gediagnoseer is.

Ek het besluit om na aanleiding van die "diagnose" wat tydens die empiriese ondersoek gedoen is, in hierdie afdeling hoofsaaklik op die volgende knelpunte te konsentreer:

- Indien evangelisasie beskou word vanuit die tradisionele oogpunt naamlik hoofsaaklik woordverkondiging, is slegs 71% van die gemeentes aktief daarby betrokke. Indien evangelisasie egter volgens Bybelse norme as 'n holistiese bediening beskou word en indien daar op die bediening aan die armes

gekonsentreer word, is slegs 67% van die gemeentes by so 'n holistiese bediening betrokke.

- Baie min lidmate is aktief betrokke by evangelisasie en diens van barmhartigheidaksies (holistiese evangelisasie).
- Alhoewel gemeentes lidmate oplei in evangelisasie en diens van barmhartigheidsaspekte, is die meeste van hulle nie vir langer as een jaar daarby betrokke nie.
- Iemand het een keer gesê: “evangelisasie is nie om daarheen te gaan en af te laai nie maar om daar te wees en te gee.” Die tendens is egter steeds dat baie gemeentes eerder kos-en-klere-skenkings aan die armes doen. Daar word selfs van die mense verwag om na die kerkterrein te kom om die skenkings te ontvang. Dit is nie geïnkarnearde evangelisasie nie.
- Nieteenstaande die feit dat 'n bepaalde aantal gemeentes tog meen dat evangelisasie en diens van barmhartigheid ewe belangrik is, word daar steeds tot 'n groot mate onderskeid getref in die sin dat die sending / evangelisasiekommissie en diens van barmhartigheidskommissie van gemeentes aparte kommissies is en slegs per geval saamwerk.

Na my mening is die bogenoemde gediagnoseerde probleme in wese niks anders nie as elemente van die primêre probleem soos gestel in paragraaf 1.1.2 en wat gerieflikheidshalwe weer hier herhaal word naamlik:

**“Gebrek aan, en/of ontbreking van, holistiese evangelisasieprojekte aan armes in gemeentes.”**

Die benadering is voorts om, waar hierdie probleem voorkom, vanuit gemeentebou se sistemiese benadering, regulerende aksies voor te stel.

#### 6.4 VOORGESTELDE REGULERENDE PROSES

##### 6.4.1 Fase 1: Motivering, ontvriësing en missieformulering

###### 6.4.1.1 Inleidende notas

Dit sal volgens my eie opinie weinig tot niks help as 'n gemeente wel bewus is van die gestelde probleem, en ook kennis dra dat daar so iets is soos gemeentebou, maar verder niks aan die saak doen nie. Volgens Nel (1994:125) moet die gemeente vir sy

eie opbou gemotiveer word. Hy stel dit so: “Motivering is in gemeentebou wat suurdeeg in die baksel is. Dit sit die proses aan die gang, verleen daar krag aan en deursuur, in die positief idiomatiese sin van die woord, die hele deeg.”

Volgens Nel (1994:126) sal nie noodwendig alle lidmate die probleem begryp, daarmee saamstem of ‘n aanvoeling daarvoor hê nie. Hulle moet as’t ware “ontvries” word, om in te koop in die probleem, en so ‘n aksie vorm integraal deel van die motiveringstaak. Die gemeente moet besef dat hulle van die wêreld verskil en nie maar net dieselfde kan bly nie. Nel (1994:128) motiveer dit soos volg: “Omdat hulle *in Christus* is, deur Hom aan die Vader behoort en die Gees in hulle woon, kan hulle alhoemeer *word (verander), wees, en doen* wat God in en deur hulle wil doen.” Lidmate moet besef dat hulle verbondenheid in Christus hulle verplig om deel te neem aan die gemeentebouproses. Volgens Bisschoff (1991:95, 96) is die Skrif baie duidelik, dat elke gelowige verantwoordelik is om mee te doen aan die funksieervulling van die gemeente. Hierdie standpunt is vir hom ‘n primêre vertrekpunt in gemeenteboudenke. Bisschoff (1991:101) sê dan ook: “Met hierdie klem op elke gelowige word weereens bevestig dat dit in gemeentebou om mense gaan en nie om strukture of organisasies nie.” “Lede word gemotiveer om betrokke te wees omdat die bedieningsmoontlikhede op hulle belange en behoeftes fokus.”

Dit is vir Nel (1994:135) belangrik dat daar verstaan word op watter vlak verandering moet plaasvind. Gaan die verandering byvoorbeeld plaasvind binne die verstaan van die wese van die gemeente, of byvoorbeeld binne die funksionering van die gemeente in ‘n bepaalde situasie? Sover dit die spesifieke subsistemiese bediening van holistiese evangelisasie betref, moet die gemeente sy Bybelse opdrag hieroor besef en moet hy verstaan hoe hy in dié bediening wil funksioneer. Nel (1994:137) stel dit duidelik dat: “Motivering is tot ‘n groot mate om lidmate te help om vanuit die Skrif en die eise van die situasie te verstaan wat tot die inhoud van hierdie vlakke behoort.” Die vraag ontstaan nou: hoe vind motivering plaas? En hierop antwoord Nel (1994:139) dat alle bedieninge van die gemeente ingespan moet word en beklemtoon verder dat die leierskap ‘n belangrike rol speel.

Vir Bisschoff (1991:291) moet motivering onderskei word van ontvriësing. Hy meen dat ontvriësing met die bewuswording en voorbereiding te doen het, terwyl motivering te doen het met die aanvaarding van ‘n besluit en die wil om dit uit te voer. Hy voel sterk dat motivering deur geïnspireerde leiers gedoen moet word en nie onder dwang nie. Daar moet as’t ware ‘n klimaat wees dat lidmate gemotiveer wil word. Volgens Bisschoff (1991:292) meen Wilson dat lidmate moet weet waarheen hulle op pad is, hoe hulle daar gaan uitkom en dat hulle ‘n bydrae kan lewer. Volgens hom (Bisschoff) moet daar met die fase van motivering en ontvriësing besef word dat dit God is wat

mense bewus maak van sy plan en die noodsaaklikheid om te verander. Hy sê dan ook tereg: “Daarom moet ontvriësing en motivering gedra word deur ‘n diepe afhanklikheid en ernstige soeke na sy wil.”

#### 6.4.1.2 Toepaslike wyses van motivering vir holistiese evangelisasie aan die armes

##### 6.4.1.2.1 Verheldering van armes en armoede

Volgens my mening en ondervinding het die gemiddelde lidmaat in die meer gegoede gemeentes weinig insig in die armoedesituasie in ons land. Ek is van mening dat alvorens daar met die fisiese motiveringsfase begin kan word, dit noodsaaklik is dat daar eers iets gesê word oor die kerk en armes en armoede. Ek vermoed dat indien die gemeente nie die konteks (kerk, armes en armoede) waarbinne holistiese evangelisasie moet plaasvind, verstaan nie, hy moeilik gemotiveer sal word om daarmee te begin of bestaande bediening uit te brei / te verbeter. Elke gemeente kan na gelang van omstandighede self besluit hoe die toeligting van die besondere tema gedoen moet word, asook wie die teikengroep/e moet wees. Dit kan byvoorbeeld as preektemas gehanteer word, wat die voordeel het dat byna die hele gemeente aan die inligting blootgestel sal word. Dit kan egter ook tot selgroepe of gemeentekonferensies beperk word, of selfs met 'n inligtingsbrochure versprei word. Gemeentes kan die inligting soos die wat in BYLAAG C weergegee word, tot toepaslike materiaal verwerk of self enige ander inligting versamel en weergee.

Enkele praktiese riglyne word vervolgens bespreek oor hoe die bediening van holistiese evangelisasie aan armes in die gemeente gemotiveer kan word:

##### 6.4.1.2.2 Prediking, temas vir selgroepe, gemeentekonferensies ens.

Prediking kan 'n belangrike platform wees vir die motivering, maar hoef nie die enigste kanaal daarvoor te wees nie. Ek beveel aan dat elke gemeente self na gelang van omstandighede bepaal wat die mees effektiewe wyse/s en kanaal/e vir motivering is. Daar word in hierdie bespreking maar enkele opmerkings gemaak oor prediking as kanaal vir motivering.

Vir Nel (1994:140) is prediking van kardinale belang om die gemeente tot sy roepingsvervulling te motiveer. Ek stem saam met sy mening dat deurlopende temas belangrik is, en veral met sy stelling (1994:141) dat: “Onder die leiding en heerskappy van die Gees moet die Woord met entoesiasme en erns in die werklikheid van mense se bestaan in 'n bepaalde omgewing en situasie ingedra word.” Dit beteken dan dat

holistiese evangelisasie aan die armes 'n spesifieke tema moet wees waaroor daar gepreek moet word. Daar is 'n rype versameling van Skrifdele wat preekstof in hierdie verband kan lewer.

Pieterse (2001:94) stel voor dat predikers op hoogte moet wees van ekonomiese omstandighede, Nie Regeringsorganisasies (NRO's) se opheffingsprogramme, asook die betrokkenheid van ander kerke in die omgewing en dan by die bestaande programme inskakel. Pieterse (2001:101) maak die volgende stelling betreffende onderlinge samewerking ten einde sy punt te staaf: "Dit is verder belangrik om te besef dat die kerk en haar prediking maar een van die rolspelers is te midde van talle en talle instansies wat programme en projekte aan die gang het om armes by te staan in hul ontwikkeling. Die kerk en haar prediking sal dus onmoontlik hierdie taak alleen in isolasie kan aanpak. Samewerking op plaaslike vlak met die eie kerkgenootskap, die ander nie-kerklike instansies en met kerke in ekumeniese verband is ook 'n fundamentele uitgangspunt." Volgens Pieterse (2001:120, 121, 123) is baie organisasies onder die leiding van die Heilige Gees besig met projekte onder die armes, en sal die kerk wat werklik kerk wil wees, by hierdie werk van God moet inskakel. Hy waarsku dat dit 'n moeisame proses is, en dat lewenslange toewyding nodig sal wees. Die kerk moet kies om 'n getroue navolger van God te wees.

#### 6.4.1.3 Formulering van 'n missie vir holistiese evangelisasie

Vir Nel (1994:145) is missieformulering die volgende stap na motivering en ontvriëing. Hy sien missie as die: "fondament vir die bepaling van prioriteite, doelstellings, doelwitte, strategieë, planne, werkaktiwiteite en organisasiestrukture." Die missie moet aandui waarom die gemeente in die toekoms wil bestaan. Aangesien hier met 'n subsistemiese benadering gewerk word, word met "missie" in hierdie bespreking nie verwys na die gemeente se missie nie, maar na die kommissie/s en/of werkgroep wat die saak van holistiese evangelisasie moet hanteer. Dit is noodsaaklik dat die betrokke missie die gemeentelike missie moet ondersteun. Ek gaan uiteraard nie in hierdie behandeling van missieformulering poog om hoegenaamd 'n missie vir die bediening van holistiese evangelisasie in gemeentes te formuleer nie. Dit is ook my mening dat daar nie so iets is soos 'n generiese missie wat vir alle gemeentes geld nie. Volgens Nel (1994:146) kan soveel leiers en lidmate as wat wil, betrokke wees by die formulering van die gemeentelike missie. Wat in hierdie geval belangrik is, is dat die verantwoordelike werkgroep / kommissie wel 'n toepaslike (sub) missie formuleer.

#### 6.4.2 Fase 2: Gemeente-ontleding

Nel (1994:148) bevestig dat gemeente-ontleding die belangrikste enkele fase van gemeentebou is. Volgens hom wil daar met gemeente-ontleding antwoorde gekry word op die vrae **wie** die gemeente op 'n bepaalde tyd en plek is en **hoe** die gelowiges in die bepaalde omgewing funksioneer? Nel (1994:149) beklemtoon verder die noodsaaklikheid dat daar na die analisefase bepaalde aksies uitgevoer moet word en stel dit soos volg: “Sommige voeg eksplisiet hieraan toe dat dit die doel van die ondersoek is om tot aktiwiteit en beter funksionering te kom.” My interpretasie hiervan is dan dat gegewe die gestelde probleem ten opsigte van holistiese evangelisasie, daar na so 'n analisefase bepaalde aksies geïdentifiseer moet word om die bediening te doen volgens Bybelse beginsels. Ek is van mening dat daar nie noodwendig 'n gemeente-ontleding gedoen moet word net vir die bediening van holistiese evangelisasie nie, maar dat die makro gemeente-ontleding definitief ook die holistiese evangelisasie-subsisteem sal moet akkommodeer. Ek poog ook nie om in hierdie bespreking van gemeente-ontleding die spesifieke fase soos in 'n tipiese gemeentebouproses volledig te behandel nie, maar slegs om relevante raakpunte te verhelder van die subsisteem (holistiese evangelisasie) wat hier onder bespreking is. Volgens Nel (1994:150) spreek gemeente-ontleding ten minste die volgende drie sake aan:

- ontwikkeling en instandhouding van 'n gemeenteprofiel,
- situasie – en omgewingsdiagnose, en
- gemeentediagnose en –evaluering deur die gemeente self.

Nel (1994:150) meen: “Gemeenteprofiel het te doen met die versameling van saaklike gegewens ten opsigte van die gemeente.” Asook: “'n Gemeenteprofiel word eers werklik geteken wanneer twee stelle gegewens met mekaar in gesprek tree. Dit is gemeentelike gegewens wat in gesprek tree met die betrokke samelewing waarbinne die gemeente bestaan.” Bisschoff (1991:292) huldig dieselfde mening as Nel wanneer hy na Hendriks en Van der Merwe verwys wat meen dat die gemeente die feite moet insamel wat hulle raak. Bisschoff (1991:293) sê: “Gemeente-analise het die afgelope paar jaar ontwikkel in 'n gesofistikeerde instrument, wat 'n wye veld dek en diep invra na die gemeente se selfverstaan - - met die klem op die laasgenoemde.” Hy is ook van mening dat 'n gebrek aan die verstaan van die gemeente een van die oorsake is waarom gemeentes se programme misluk en nie in staat is om te verander nie. In Bisschoff (1991:295) se verwysing na Hendriks blyk dit dat die periode tussen die analise en die opstel van die gemeenteprofiel nie te lank uitgerek moet word nie want dit kan meebring dat deelnemers hulle belangstelling verloor.



Waar die **gemeenteprofiel** die direkte gegewens van die gemeente aanspreek, spreek die **situasie- en omgewingsdiagnose** volgens Nel (1994:153) die gegewens aan van die omgewing en samelewing waarbinne die gemeente geplaas is. Hy beveel dan ook aan dat die twee stelde gegewens gesprek moet voer met mekaar.

Om die saak van gemeenteprofiel en omgewingsdiagnose tot die subsistemiese bediening van holistiese evangelisasie deur te trek, beveel ek aan dat die volgende gegewens aandag kry:

#### 6.4.2.1 Gemeenteprofiel

Nel (1994:163) beveel aan dat die data wat vir die profiel van die gemeente benodig word verkieslik ingesamel moet word met 'n goed ontwerpte vraelys. Hieronder is volgens my mening tipiese vrae wat gevra kan word:

- Hoeveel lidmate het enige vorm van opleiding in evangelisasie ondergaan?
- Wie sou bereid wees om sulke opleiding te ondergaan indien hulle nog nooit te vore opgelei is nie?
- Indien lidmate onseker is of hulle die gawe vir evangelisasie het, hoeveel sou verkies om eers 'n "ontdek-jou-gawe-kursus" te doen?
- Wat is die ouderdomsverspreiding van lidmate wat wel enige kursus deurloop het? (Dit kan help wanneer spesifieke persone geïdentifiseer moet word vir spesifieke teikengroepe soos byvoorbeeld jeugevangelisasie, ensovoorts.)
- Sou belangstellendes bereid wees om 'n toepaslike kursus in holistiese evangelisasie te deurloop?
- Is daar voorkeure waarby lidmate eerder betrokke sal wil wees en toegerus wil word? (soos byvoorbeeld evangelisasie, diens van barmhartigheid, pastorale berading, Bybelstudie, en/of gebedsleiding, ensovoorts)
- Frekwensie beskikbaar vir die bediening? (byvoorbeeld weekliks, tweeweekliks, maandeliks)

#### 6.4.2.2 Situasie en omgewingsdiagnose

Volgens Nel (1994:164, 165) kan die inligting wat vir hierdie diagnose benodig word deur middel van 'n groepsbespreking ingewin word, of deur die invul van vraelyste. Wat belangrik is, is dat die ondergenoemde faktore, wat 'n invloed op die gemeente kan hê, behandel moet word:

- Sosiologiese faktore,

- Demografiese faktore,
- Ekonomiese faktore,
- Politieke faktore, en
- Godsdienstige faktore.

My aanbeveling is dan dat elke gemeente self moet oordeel watter vrae en inligting vir hulle belangrik is vir holistiese evangelisasie. Onderstaande is maar enkele voorbeelde van moontlike vrae:

- Is daar armes (straatkinders, haweloses, werkloses, ensovoorts) binne die gemeentelike grense, en wat is die voorkoms daarvan?
- Is daar mindergegoede woonbuurtes en/of arm gemeenskappe binne die eie of nabye grense van die gemeente? (Die inligting kan ook bekom word vir woonbuurtes/gemeenskappe ver buite die gemeentegrense)
- Is daar ander kerke / instansies wat reeds met 'n holistiese evangelisasiebediening besig is by die geïdentifiseerde teikengroepe?
- Kan daar met die ander partye saamgewerk word indien hulle wel aktief betrokke is?
- Ensovoorts.

#### 6.4.2.3 Gemeentediagnose en –evaluering

Volgens Nel (1994:153) baan die gemeenteprofiel en die omgewingsdiagnose die weg tot hierdie belangrike derde stap in die gemeente-ontleding naamlik Gemeentediagnose en –evaluering. Hy (Nel) meen: “Dit behels dan ‘n proses waar *die gemeente self, so eerlik en objektief moontlik, sy eie funksionering in die lig van sy wese en doel ontleed en evalueer.*” Dit is vir Nel (1994:160) belangrik dat bedieninge, verhoudings en programme onderwerp word aan diagnose en evaluering.

Die vraag is of die gemeente is wat dit volgens die bepaalde teorie behoort te wees?” Nel (1994:160, 164, 165) stel voor dat daar deur middel van onderhoudvoering en ontledingsvraelyste in: “...gemeentediagnose gevra word na:

- die gemeente se verstaan van sy wese en bestaansdoel;
- die gemeente se doelgerigte en doeltreffende funksievervulling;
- die gemeente se strukturering in diens van die heilshandeling van God deur sy gemeente in die wêreld.”

Nel (1994:153) wil sien dat die teorie oor wie die gemeente is en hoe die gemeente behoort te funksioneer, in die praktyk ondersoek word.

Dit is nou nodig dat die teoretiese beginsels soos hierbo bespreek, deurgetrek word na die bediening van holistiese evangelisasie. Volgens my vertolking kan die volgende aspekte in die evalueringsfase aangespreek word:

- Na die opstel van die gemeenteprofiel (interne gegewens) en die situasie en omgewingsdiagnose (eksterne gegewens) kan daar bepaalde inligting oor holistiese evangelisasie verkry word.
- Aanvullend tot hierdie inligting is daar ook die Bybels-teologiese fundering vir holistiese evangelisasie aan die armes. (perspektiewe soos per paragrawe 6.4.1.2.1 en 6.4.2.4.1 kan waardevol wees in hierdie verband)
- Hierdie stelling inligting moet nou as't ware dialoog begin voer, en met mekaar in verband gebring word.
- 'n evaluasie moet gedoen word van wat die gemeente se insig is oor sy doel, funksionering en strukturering vir holistiese evangelisasie. Volgens Nel (1994:153) sluit dit: "n so sorgvuldig moontlike ontleding (analise) van die sterkpunte, die swakpunte en knelpunte van die gemeente en bediening." in.

Die kommissie / werkgroep wat die bediening van holistiese evangelisasie as sub-sisteem van die globale gemeentebouproses hanteer, behoort volgens my mening na hierdie eerlike selfevaluering in staat te wees om die gemeente se swakpunte, sterkpunte, uitdagings en bedreigings (SWOT analise) in terme van holistiese evangelisasie te dokumenteer. Hierdie inligting sal as belangrike insette dien tot die volgende fase van strategiese beplanning.

Ek besef terdeë dat geen gemeente dieselfde profiel het nie, en dat die omgewing waarin gemeentes funksioneer van mekaar verskil. Juis hierdie feite kan meebring dat gemeentes se swak-en sterkpunte asook die geleenthede en bedreigings van mekaar kan verskil. Ek wil tog na aanleiding van die resultate van die empiriese fase soos in deel twee bespreek, enkele algemene voorbeelde uitlig van swak-en sterkpunte ten opsigte van evangelisasie wat gemeentes as aanvullende inligting (riglyne) kan gebruik ten einde hulle SWOT analise te formaliseer.

#### 6.4.2.3.1 Voorbeelde van algemeenste swakpunte

- min lidmate is aktief betrokke by holistiese evangelisasie bediening,
- die meeste lidmate wat in een of ander vorm van evangelisasie opgelei is verlaat die bediening weer binne een jaar,
- gemeentes werk nie baie goed saam met die staat, semistaatsorganisasies en met ander denominasies in die bediening van armes nie, en

- die meeste gemeentes beskou diakonaat steeds as die plig van diakens wat hoofsaaklik die insameling van dankoffers en die bediening van die heilige nagmaal behels.

#### 6.4.2.3.2 Voorbeelde van algemeenste sterkpunte

- Heelwat gemeentes lei wel lidmate op wat gawes in evangelisasie het,
- Gemeentes het wel 'n na-binne- en 'n na-buite gerigtheid in hulle evangelisasie en barmhartigheidsbedieninge,
- Daar is goeie onderlinge samewerking tussen gemeentes in holistiese bedieninge

#### 6.4.2.3.3 Enkele voorstelle vir moontlike bedreigings

- Moderne materialisties-georiënteerde samelewing laat min tyd vir lidmate om by gemeentelike aktiwiteite betrokke te raak,
- Wanpersepsie onder lidmate dat evangelisasie die predikant se taak is,
- Ekonomiese druk plaas ook druk op gemeentes se begroting, met die resultaat dat min fondse beskikbaar is vir 'n holistiese bediening aan armes,

#### 6.4.2.3.4 Enkele voorstelle vir uitdagings

- Motivering en opleiding van lidmate om by holistiese evangelisasie bedieninge betrokke te raak,
- Identifisering van gebiede en / of groepe waar bedieninge aan armes begin kan word,
- Moontlikheid van samewerking met vennote soos die staat, semistaatsorganisasies en ander denominasies.

#### 6.4.2.4 Agtergrondinligting vir gemeentes

Die literatuurstudie soos per Deel 2 van hierdie verhandeling gee heelwat aandag aan die verantwoordelikheid van die gemeente vir holistiese evangelisasie. Ek ag dit tog raadsaam om in hierdie regulerende fase en spesifiek in hierdie gedeelte, ook in BYLAAG D agtergrondinligting deur te gee wat gemeentes kan gebruik om hulleself te

evalueer, ten einde vas te stel of hulle met die bediening van holistiese evangelisasie is wat hulle behoort te wees.

Ek wil ter afsluiting van hierdie fase van gemeentebou by Nel (1994:157) aansluit wanneer hy die vraag aan gemeentes vra naamlik: “Hoeveel sien kans vir die indringende selfondersoek en om dan beslissings te neem wat van ‘n moontlike skyngemeenskap ‘n egte, lewende werkgemeenskap te maak.”

#### 6.4.3 Fase 3: Strategiese beplanning

##### 6.4.3.1 Agtergrondinligting

Nel (1994:183) stel ‘n eenvoudige definisie vir beplanning in die gemeentebouproses voor, naamlik: “Dit gaan naamlik om die opstel van ‘n strategiese aksieplan met die nodige doel en doelwitte.” Hy beklemtoon ook dat die wil van God en die behoeftes en probleme van die gemeente nie teenoor mekaar hoef te staan nie. Daar moet dus deeglik rekening gehou word met wat God reeds besig is om in sy gemeente te doen, en die beplanning moet vanuit hierdie oogpunt benader word. Die behoeftes en probleme van die gemeente moet egter ook in berekening gebring word. Hy (Nel) wil sien dat strategiese beplanning in die gemeentebouproses die volgende aspekte aanspreek:

- Vasstelling van die gemeente se swak-en sterkpunte;
- Omskrywing van geïdentifiseerde behoeftes en probleme;
- Spesifisering van die missie;
- Formulering van doelwitte;
- Aksiestappe ter bereiking van doelwitte, en
- Strategiese program met tydskedules, metodes, bronne, en verantwoordelike persone.

Vir Nel (1994:184) lei die behandeling van sterk-en swakpunte, asook behoeftes en probleme, tot geleenthede. Geleenthede op hulle beurt gee dan aanleiding tot die beplanningsfase. Hy stel dit ook duidelik dat: “Vir ‘n gemeente wat aangegryp is deur God se doel vir hulle bestaan, word beplanning deel van die doen van God se wil.”

Bisshoff (1991:297) noem in sy verwysing na Warmington, Lupton en Gribbon vier interafhanklike aspekte wat in strategiese beplanning belangrik is naamlik:

- Daar moet ooreengekom word oor dié aspek, wat sal meebring dat die gemeente beter sal presteer in sy omgewing,

- Daar moet besluit word oor hoe die gemeente van die bestaande situasie na die nuwe situasie gaan beweeg,
- Daar moet aanpasbaarheid / buigsaamheid in die strategie wees want alle faktore wat 'n invloed kan uitoefen is nie bekend nie,
- Behoorlike beplanning in die uitvoering van aksies is uiters belangrik. Daar moet verkieslik een stap op 'n slag beweeg word, in plaas van een groot "hap" te vat.

Haveman (1996:173) definieer strategiese teologiese beplanning soos volg:

Sinnvolle beplanning is beplanning wat ten volle op die wese en roeping van die kerk betrek word. Hierdie realisering van die wese en doel van die kerk, is die resultaat van doelgerigte, sinvolle beplanning om die gemeente agogies, vernuwend en reformerend te begelei, en sodoende verandering te bewerk vanaf 'n gemeentesentriese oriëntasie, na 'n koninkryksentriese oriëntasie. Sou die gemeente egter nie in hierdie sin "sinvol beplan" nie, stagneer hy en bly die gemeente vassteek in bogenoemde gemeentesentriese oriëntasie.

Haveman (1996:176) beweer gemeentebou rus lidmate toe om binne bepaalde kategorieë te verstaan wat die koninkryksperspektief is. Hulle kan dan binne bepaalde kategorieë, as toegeruste lidmate, hulle dienswerk op kreatiewe wyses in die Koninkryk uitvoer. Sy siening is dat elke lidmaat onontbeerlik is om in die groter verantwoordelikheid van die gemeente, deel te hê aan die verwesenliking van God se doel met sy koninkryk. Hy (Haveman 1996:177) sê: "Gemeentebou voorsien die gemeentede van die nodige toerusting hiervoor en skool die gemeentede in die gebruik daarvan. In wese beteken dit dat gemeentebou die gawes wat die Heilige Gees aan gemeentede gee, ontvries vir dienswerk in die gemeente, én in die wêreld, onder leiding van die besondere dienste – Iq. is self die gawes van die Gees aan die gemeente."

#### 6.4.3.2 Strategiese beplanning vir 'n holistiese evangelisasiebediening

##### 6.4.3.2.1 Vasstelling van die gemeente se swak-en sterkpunte, asook behoeftes en probleme

Die swak-en sterkpunte en die behoeftes en probleme van die gemeente se holistiese evangelisasie is reeds in paragraaf 6.4.2.3 by die selfevaluering van die gemeente bespreek. Indien dit reeds op daardie stadium goed en volledig gedokumenteer is, hoef dit nie weer op hierdie stadium aandag te kry nie. Dit kan dalk net vlugtig hersien en bevestig word. Indien dit egter nie op daardie stadium gefinaliseer is nie, moet dit nou tydens hierdie fase gedoen word. Nel (1994:184) sê in hierdie verband:

“Bewuswording van sterk-en swak punte, bewuswording van behoeftes en probleme, word tegelyk ook bewuswording van geleenthede en juis dit is die begin van die beplanningsfase.”

#### 6.4.3.2.2 Verfyning van die missie

Die formulering is reeds in paragraaf 6.4.1.3 bespreek as deel van die motiveringsfase. Daar is egter nou, nadat die gemeente-ontleding afgehandel is, baie meer inligting op die tafel, en Nel (1994:185) is van mening dat die missie op hierdie stadium verfyn kan word. Die (sub) missie kan nou meer spesifiek in terme van holistiese evangelisasie herwerk word, met inagneming van inligting oor die gemeenteprofiel, omgewingsfaktore en gemeente-evaluering. Nel (1994:186) vat dit goed saam wanneer hy sê: “Doelformulering of liever ‘n verdere herformulering van die missie gedurende hierdie fase word dus moontlik gemaak deur die bepaling van die gemeente se sterk en swak punte en die omskrywing van behoeftes en probleme soos uit die gemeente-analise verkry.”

#### 6.4.3.2.3 Formulering van doelwitte

Volgens Nel (1994:186): “gaan dit in die doelwitte om die spesifieke gedetailleerde stappe wat vertel hoe daar tree vir tree in die rigting van en ter bereiking van die doel gewerk gaan word.” Doelwitte moet spesifiek aandui wat gedoen moet word, asook wanneer en deur wie. Nel (1994:187) stel dit baie duidelik dat doelwitte en doelwitbeplanning nie sonder die wil van God gedoen kan word nie. Hy sê: “die uitdaging vir die gemeente is om volgens die wil van God in die behoeftes van die mense te voorsien, en om daardie voorsiening in doelwitte in woorde uit te druk.” Volgens hom moet doelwitte so geformuleer word, dat dit sin maak en wel uitgevoer kan word. Nel (1994:189) wil verder sien dat doelwitte die geïdentifiseerde sterk punte wil verbeter en die swakpunte tot sterkpunte omskep.

Die voorgenoemde teoretiese riglyne kan aan die hand van die volgende voorbeeld geïllustreer word:

Die doelstelling kan byvoorbeeld wees:

“Om ‘n holistiese evangelisasie bediening onder die armes te vestig.”

Indien die voorbeelde van swakpunte soos in paragraaf 6.4.3.2.1 genoem asook die sterkpunte soos per paragraaf 6.4.3.2.2 as inset gebruik word, kan enkele doelwitte,

met hulle onderskeie teikendatums vir afhandeling en die verantwoordelike party in die praktyk, soos volg daar uitsien:

NO	DOELWIT	TEIKENDATUM	VERANTWOORDELIK
1	Sensiteer lidmate van hulle Christelike plig om aktief by holistiese evangelisasie betrokke te wees	30/09/2004	Leraars dmv preekreekse
2	Verseker opgeleide lidmate se volhoudende betrokkenheid by evangelisasie bedieninge	Deurlopend	Geïntegreerde kommissie vir holistiese evangelisasie
3	Identifiseer meer lidmate met gawes en / of belangstelling in evangelisasie en doen toepaslike opleiding	31/03/2005	Toegewese taakgroep

Dit is vir Nel (1994:192) belangrik dat dieselfde mense wat aan die analisefase deelgeneem het, ook aan hierdie beplanningsfase deelneem. (Onthou dat dit steeds die regulerende fase is wat hier onder behandeling is, en dat dit 'n sub-sistemiese benadering is tot die makromodel van gemeentebou. Dit kan beteken dat 'n kleiner groep lidmate deurgaans by hierdie spesifieke subproses van gemeentebou betrokke kan wees maar dat daar verseker moet word dat hulle ook by hierdie beplanningsproses betrokke bly.)

Nel (1994:193) stel voor dat sodra alle partye met die doelwitte tevrede is, dit behoorlik gedokumenteer moet word en aan die kerkraad voorgelê moet word vir goedkeuring. Ten slotte is dit ook vir hom belangrik dat die hele saak in biddende afhanklikheid van God gedoen word. Hy meen: "Gebed is nodig om voortdurend te verseker dat God 'n sê in sy gemeente behou."

#### 6.4.4 Fase 4: Implementering van strategiese plan ter bereiking van doelwitte

Dit is vir Nel (1994:196) belangrik dat beplanning gedoen word om uitvoering aan die doelwitte te gee want hy sê: "Doelwitte bereik nie hulle self nie." "Dit moet deur gemotiveerde lidmate op 'n georganiseerde wyse uitgevoer word." Hy is ook van mening dat die doelwitplan op makrovlak deur 'n besluitnemende vergadering



gekoördineer word en dan aan die sub-taakgroepe opgedra word vir uitvoering. Volgens my verstaan van die sistemiese benadering kan 'n mens in die praktyk vind dat verskillende taakgroepe belangrike insette en/of 'n bydrae kan maak, tot die ander se uitvoering van aksies. Nel (1994:197) maan ook dat leiers nie groepe wil "oorheers" nie, maar dat daar verseker word dat daar goeie onderlinge samewerking op alle vlakke is.

Indien doelwit 3 soos hierbo in paragraaf 6.4.3.2.3 genoem, naamlik "Identifiseer meer lidmate met gawes en / of belangstelling in evangelisasie en doen toepaslike opleiding" as voorbeeld genoem word, sal die insette van lidmate met gawes vir holistiese evangelisasie van die taakgroep wat vir die aksie verantwoordelik is, verkry word. Hierdie inligting kan heel moontlik verkry word tydens die opstelling van die gemeenteprofiel. Die taakgroep wat verantwoordelik is vir holistiese evangelisasie mag dalk self besluit om die opleiding te doen. 'n Ander moontlikheid is egter dat die gemeente besluit het om in sy gemeentebouprogram alle opleiding onder een sentrale taakgroep te sentraliseer. So 'n taakgroep kan dan op hulle beurt kundige lidmate betrek wat die opleiding moet doen. Dit is dus uit die voorbeeld duidelik dat die onderskeie taakgroepe en hulle leiers afhanklik is van mekaar, en nie in isolasie kan opereer nie.

Nel (1994:197) vra dat daar in die implementering van die strategiese plan aandag gegee word aan die opleiding van leiers in menseverhoudings, onderling, en teenoor andere.

Vir Bisschoff (1991:280) is dit andersyds ook belangrik dat daar in strategiebeplanning en die uitvoering daarvan deeglik aandag gegee word aan die kommunikasieproses. Hy verwys na Faber wat daarop wys dat verandering nooit slegs saaklik van aard kan wees nie, want daar is steeds emosies op die spel. Bisschoff (1991:280) sê dan in hierdie verband: "Dus, beide die saak van gemeentebou en die mense betrokke by gemeentebou, moet in die veranderingsproses deur doelgerigte en verantwoorde kommunikasie aandag geniet." "Dit moet letterlik in alle rigtinge versprei word, van bo na onder, van onder na bo, tussen mense en groepe op dieselfde vlak."

Kyk BYLAAG E vir agtergrondinligting aan gemeentes wat erns wil maak met die opleiding van lidmate in holistiese evangelisasie:

#### 6.4.5 Fase 5: Evalueer, stabiliseer, en herhaal proses

Volgens Nel (1994:199) is dit belangrik dat die gemeente in sy gemeentebouproses deurlopend evalueer of hy nog op koers is. Dit is veral belangrik na die implementering van fase 4. Hierdie evaluering moet met gereelde intervalle plaasvind. Evaluering moet egter ook een keer per jaar formeel gedoen word.

Volgens Bisschoff (1991:300): “is die aksie van terugvoer in die sisteemteorie van groot belang. Die terugvoer dien as kontrole of die kommunikasie effektief verloop het en die boodskap ontvang is.” Asook: “Terugvoer moet lei tot evaluering en aanpassing. Deur evaluering en aanpassing word die proses gestabiliseer.” Hy is verder van mening dat evaluering en aanpassing die gemeente weer die vraag laat vra wat die doelwitte en aksies is waarmee hy besig is.

Dit is volgens my eie mening dan ook belangrik dat die aksieplanne van die bediening van holistiese evangelisasie aan armes geëvalueer word. In aansluiting by Nel (1994:200) is van die belangrikste doele met evaluasie die volgende:

- Om vas te stel of die uitvoering van die gestelde doelwitplan doeltreffend is,
- om vordering met die uitvoering van die aksies te meet, en
- indien nodig, enige regstellende aksies met die doelwitte en / of gepaardgaande organisasiestrukture uit te voer. Ek sou verwag dat enige taakgroep nie op eie inisiatief veranderings aan organisasiestrukture sal maak sonder gesprekvoering met ander belanghebbendes en onderlinge konsensus nie.

Hy (Nel) is van opinie dat evaluering sal aandui of die gemeente erns maak met sy gemeentebouprogram. Aanpassings moet doelgerig maar ook biddend gedoen word. Indien daar tydens evaluasie gevind word dat die bediening van holistiese evangelisasie aan armes goed funksioneer, moet daar verseker word dat dit stabiliseer. Dit kan egter nie hier stop nie, want deurlopende groei en verdere ontwikkeling is ook nodig. Die gemeente moet uiteraard ook in hierdie fase van gemeentebou, net soos gedurende die ander fases, op die Here vertrou (Nel 1994:201, 202).

## HOOFSTUK 7: SAMEVATTING VAN STUDIE

### 7.1 AGTERGROND

Ek noem in Hoofstuk 1, paragraaf 1.4 dat ek na aanleiding van my wye praktiese ervaring oor 'n tydperk van bykans dertig jaar in gemeentelike aktiwiteite, kerkrade en evangelisasie bedieninge, tot die gevolgtrekking gekom het dat gemeentes nie die volle wese van holistiese evangelisasie, veral aan die armes, verstaan en uitleef nie. Ek het na aanleiding van hierdie persoonlike opinie van my die volgende probleemstelling geformuleer:

**Gebrek aan en/of ontbreking van holistiese evangelisasieprojekte aan armes in gemeentes.**

Asook die volgende hipotese:

**Gemeentes wat die Bybels-teologiese fundering van evangelisasie verstaan en internaliseer, is volhoudend betrokke by holistiese evangelisasieprojekte.**

Daar is op grond hiervan besluit om die saak verder te ondersoek aan die hand van literatuurstudies asook 'n empiriese studie. Die resultate van veral die empiriese studie sou bewys of my probleemstelling enige substansie dra al dan nie, en sou my hipotese waar of vals bewys.

### 7.2 DOEL VAN DIE NAVORSING

Evangelisasie staan uiteraard nie los van die kerk nie. Holistiese evangelisasie bemoei hom egter met evangelisasie en diens van barmhartigheid, en die ondersoek is grotendeels tot hierdie aktiwiteite beperk. Die doel van die navorsing was om vas te stel of die veronderstelde probleme enige substansie het en, indien wel, remediërende aksies te identifiseer en te formuleer vir praktiese implementering en deurlopende instandhouding, met ander woorde 'n voorgestelde, geïntegreerde gemeentelike model vir holistiese evangelisasie.

### 7.3 BENADERING TOT NAVORSING

Heitink (1999) beskryf drie fases vir navorsing in die veld van Praktiese Teologie. Hierdie navorsing is soos volg benader volgens die voorgeskrewe fases:

### 7.3.1 Hermeneutiese fase:

Die Bybels-teologiese fundering van holistiese evangelisasie is deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek en deskriptief beskryf. Soos in die literatuurstudie bespreek, is die Bybels-teologiese fundering van holistiese evangelisasie 'n omvattende saak en dit kan kwalik kortliks opgesom word. Ek ag egter die volgende aspekte as 'n paar van die belangrikste beginsels van dié saak, en poog daarmee om die wese van holistiese evangelisasie weer te gee:

#### 7.3.1.1 Die kerk as God se “holistiese” evangelis

- Volgens Green (1990:19-20) is die kerk die ambassadeurs van Jesus en hy wil graag deur die kerk na die wêreld uitreik. Christene het nie net die genade ontvang nie maar ook die voorreg om die evangelie met andere te deel.
- Hodges (1977:49-50) huldig dieselfde denkgang, in die sin dat, met die opbouing van die kerk, gelowiges toegerus word vir aanbidding maar ook om getuies in die wêreld te wees. Die gawes wat die Heilige Gees aan die kerk gee is nie om die kerk mooi te laat lyk nie, maar is noodsaaklike gawes waarsonder die kerk nie kan funksioneer nie. Dit is noodsaaklik vir die oorlewing en ontwikkeling van die kerk, en het 'n noue band met die bediening van elke lid van die liggaam van Christus.
- Dit is vir Nel (1994:26) belangrik dat elke kerk en plaaslike gemeente die evangelie met woord en daad kommunikeer. Hy sê dat indien dit gedoen word: “word die gemeente onderhou en versorg en só groei die gemeente en kom nuwe gemeentes tot stand.”
- Bosch (1979:225) se siening is dat die kerk slegs kerk is as hy vir andere daar is. Hy stel dit duidelik dat die kerk helpend en dienend aan die gemeenskapslewe moet deelneem en nie heersend nie. Die kerk word uit die wêreld geroep, maar ook weer na die wêreld gestuur. Sy (Bosch 1979:227) siening is dat die kerk se totale Missio in die Bybelse begrip “marturia” (getuienis), beskou moet word. Hy sê dan verder dat dit kerugma (prediking), koinonia (gemeenskap) en diakonia (diens) insluit. Dit kan meebring dat woordgetuienis en daadgetuienis teenoor mekaar gestel word. Die onderskeid kan tog egter nie, want God se woord is 'n klankvolle daad en God se daad is 'n sigbare en tastbare woord.

### 7.3.1.2 Die Drie-enige God en holistiese evangelisasie

- Volgens Van Engen & Thiersma (1994:9-11) is geïnkarneerde inkarnasie as't ware om langs diegene te wees wat deur die samelewing verwerp is. Jesus het deur alle tyd en grense gebreek om by ons te wees en so moet ons ook bereid wees om met die fisiese en emosionele stryd van ons naaste gemoed te wees.
- Guthrie (2000:125) verwys in sy motivering vir holistiese evangelisasie na die volgende aanhaling van die Lausanne Kongres van Wêreldevangelisasie in 1974: "We affirm that evangelism and socio-political involvement are both part of our Christian duty," bevestig die ooreenkoms. "For both are necessary expressions of our doctrines of God and man, our love for our neighbour and our obedience to Jesus Christ."
- Volgens Stone (1996:150) is Christelike (holistiese) evangelisasie niks anders as om die mens sy menslikheid te gee nie. Sy siening is dat 'n barmhartige evangelis 'n model, getuie, en agent is van die menslikheid soos gevind in Jesus, en dit in die mens en gemeenskap met die werking van die Heilige Gees, 'n werklikheid maak. Die kern van sy redenasie is dat dit 'n totale mens is wat gered moet word, en nie net 'n siel nie. Dit gaan dus nie om of die siel of die liggaam die belangrikste is nie, maar dat die twee saamgevoeg baie belangrik is.
- Vir Knoetze (2002:126-128,132,133-135,144) is Jesus Christus die model vir holistiese evangelisasie. Jesus het God se heerskappy en sending op die aarde kom voortsit. God se barmhartigheid word juis begrond in Jesus se inkarnasie as dienskneg. Jesus se hele aardse lewe word deur 'n sending- en diakonale voorneme en dimensie gekenmerk. Ons lees in Lukas 12:37 dat Jesus sy dissipels aan die tafel laat aansit en hulle bedien. En dan in Lukas 22:37 dat hy in die kring is soos een wat dien. Johannes 13:15, Matteus 20:26 en verskeie ander tekste beklemtoon die diensaspek van Jesus se bediening. Knoetze (2002:59,79,82) meen die oorsprong van die diens moet gesoek word in Jesus se beskouing dat hy nie gekom het om gedien te word nie maar om te dien (Mark.10:45).
- Knoetze (2002:146,148,150-152) se opinie is dat dit die Heilige Gees is wat holistiese evangelisasie bemagtig. Volgens hom was Die Heilige Gees van die

begin van die skepping af saam met die Vader en die Seun betrokke, en het die Heilige Gees ook die lewe aan die Seun geskenk. Jesus se hele lewe was onder die Heilige Gees se beheer. Die Heilige Gees is egter ook volledig in die Vader en die Seun se diens om die werk van Jesus op die aarde voort te sit. Sy gevolgtrekking is dan dat holistiese evangelisasie dus gedoen word onder die leiding van, en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees. Die Heilige Gees rus die ganse kerk toe vir die taak.

- Die groot sendingopdrag en die groot liefdesopdrag is volgens Miles (1986:28-29,33) ewe belangrik. Hy meen die een kan nie bo die ander gestel word nie. Hy is oortuig dat dit 'n teologiese fout is om enige een van die twee opdragte eksklusief net met evangelisasie of net met etiek te verbind. Hy meen dat indien iemand werklik vir God met sy hele hart liefhet, hy nie anders sal kan nie as om sy naaste lief te hê. Indien jy jou naaste dan wel liefhet en hy is honger vir die brood van die lewe (die evangelie), sal jy hom vir seker van die brood van die lewe vertel wat jy in Jesus gevind het. Jou liefde aan jou naaste kan dus nie stop by net geestelike of net vleeslike behoeftes nie.

### **7.3.1.3 Gemeenskaplike (holistiese) liefdesverpligting van die gemeente**

- Volgens Knoetze (2002:3) bring die feit dat die Sending en Evangelisasie en Diens van Barmhartigheidskommissies in baie gemeentes in twee kommissies verdeel is, mee dat die Sendingkommissie die fisiese nood vir die Diens van Barmhartigheid los. Die Diens van Barmhartigheid aan die anderkant is so met 'n oorlewingstryd besig, dat hulle nie aan die sendingdimensie van barmhartigheid aandag gee nie. Dit gee volgens hom aanleiding tot 'n verskraalde, verwaterde evangelie. Knoetze (2002:4) pleit in die lig van die voorgenoemde vir 'n koninkryksbenadering want die kerk bestaan nie vir homself nie, maar vir die wêreld. Die een faset is nie belangriker as die ander nie. Evangelisasie sluit diens van barmhartigheid in, en vice versa (Knoetze 2002:5).
- Lemmer (1994:11-12) se standpunt is dat diakonaat nie net daar is om kospakkies uit te deel aan die hongeres nie of klere te gee aan die wat nie het nie. Dit gaan volgens hom dus nie bloot daaroor om noodsaaklike middele aan die behoeftiges te gee nie. Sy siening is dat mense ook geleer moet word om vir hulleself te sorg (self visvang in plaas van elke dag vis kry). Hy veronderstel natuurlik dat die nodige strukture in plek is om die lewensbeginsel te kan toepas. Die strukture mag nie teen die armes diskrimineer nie. Volgens Lemmer het

armoede nie toevallig ontstaan nie maar is ten diepste die gevolg van die sonde. Hy stel dit duidelik dat diakonaat dus nie net die simptome mag dokter nie, maar ook aandag moet gee aan die aanleidende faktore.

- Nel (1981:49-51) voer aan dat, volgens Efesiërs 4:11-12 die ampte aan die gemeente gegee word om gelowiges vir hulle taak toe te rus, sodat die gemeente opgebou kan word. Lidmate moet dus gereed gemaak word om in staat te wees om te doen wat God wil hê hulle moet doen. Die doel van die toerusting is dat die gemeente tot eenheid van geloof kan kom en tot die kennis van die Seun van God.
- Barnard (1982:38-39,45) sê die kerk moet homself die vraag afvra of hy alles moontlik doen om 'n dienende gemeente te wees? Die kerk mag nie net intern gerig wees nie, maar moet ook op diens aan die nie-Christene gerig wees (missionêre diakonaat). Baie gemeentes het nie hulpbehoewendes in hulle eie geledere nie, maar dit mag nie verhoed dat hulle 'n barmhartigheidsgerigtheid na buite het nie. Die kerk moet orals waar daar armoede, lyding, en siekte is barmhartigheid bewys, al is dit buite gemeentelike grense.
- Volgens Nel (1996:39) is daar in die ryke verskeidenheid van die wese van die kerk ook die feit gesetel dat die kerk dienskneg van God is. Hy brei uit op die gedagte in die sin dat God die kerk as instrument gebruik om sy liefde aan die wêreld te openbaar. Nel (1996:39) meen dan "Diens-evangelisasie het daarom alles te make met die wese en die missionêre bestaansdoel van die gemeente."
- Brueggemann (1993:43) meen dat die skeiding wat tussen evangelisasie en barmhartigheidsdiens gemaak word misleidend is. Hy meen dat daar geen gronde daarvoor in die Bybel is nie, en dat diegene wat dit doen nie teologies daarvoor dink nie. Sy siening is dat, indien die klem op evangelisasie alleen is, met ander woorde waar die doel van 'n nuwe lewe daarvan uitgesluit is, dit vals sal wees. Indien die klem egter weer net op barmhartigheid is, sonder die beklemtoning van wie die Bron daarvan is, naamlik God, is dit nie die ware bedoeling van barmhartigheid nie en dus onbybels.

### 7.3.2 Empiriese fase

Gestruktureerde vraelyste is na geselekteerde gemeentes van die mees verteenwoordigende denominasies in Pretoria gestuur, ten einde na te vors hoe die belangrikste beginsels wat in die Hermeneutiese Fase bespreek is, in die praktyk in gemeentes verstaan en uitgevoer word. Daar is ook vraelyste aan 'n klein hoeveelheid

Welsynsorganisasies gestuur om bepaalde teorieë te toets. Die response is statisties verwerk en getabuleer. Hier volg 'n opsomming van die mees toepaslike bevindinge:

- Indien evangelisasie volgens Bybelse norme as 'n holistiese bediening beskou word en indien daar op die bediening aan die armes gekonsentreer word, is 67% van die gemeentes by so 'n holistiese bediening betrokke.
- Baie min lidmate is aktief betrokke by evangelisasie en diens van barmhartighedsaksies (holistiese evangelisasie).
- Alhoewel gemeentes lidmate oplei in evangelisasie en diens van barmhartighedsaspekte, is die meeste van hulle nie langer as een jaar daarby betrokke nie.
- Die tendens is steeds dat baie gemeentes eerder kos en klere skenkings aan die armes doen. Daar word selfs van die mense verwag om na die kerkterrein te kom om die skenkings te ontvang. Dit is nie geïnkarneerde evangelisasie nie.
- Nieteenstaande die feit dat 'n bepaalde getal gemeentes tog meen dat evangelisasie en diens van barmhartigheid ewe belangrik is, word daar steeds in 'n groot mate onderskeid getref in die sin dat die sending / evangelisasiekommissie en diens van barmhartighedskommissie van gemeentes aparte kommissies is en slegs per geval saamwerk.

### 7.3.3 Regulerende (Strategiese) fase

Soos reeds hierbo genoem in paragraaf 7.2, staan holistiese evangelisasie nie buite die konteks van die gemeente nie, veral nie buite die opbou van die gemeente nie. Met die oog op dié feit is daar besluit om die voorstelle vir die regulerende fase te maak binne die beginsels van die gemeentebouproses. In die lig van die feit dat daar in hierdie studie nie gewerk word met die gemeente in sy volle konsekwensie nie, maar slegs met die bediening van holistiese evangelisasie, is daar besluit om 'n sistemiese benadering te volg. Dit beteken dat die bediening van holistiese evangelisasie as sub-sisteem van al die ander bedieninge van die kerk beskou word, en dat die meeste beginsels van gemeentebou wat van toepassing is op die makrovlak van die gemeente, ook van toepassing is op die subsisteem holistiese evangelisasie. Met hierdie benadering in gedagte, is daar 'n geïntegreerde model ontwikkel wat gemeentes kan gebruik vir volhoudende holistiese evangelisasie aan armes. Die kern van hierdie strategie word vervolgens kortliks bespreek:



## **7.4 GEÏNTEGREERDE MODEL VIR HOLISTIESE EVANGELISASIE**

### **7.4.1 Fase 1: Motivering, ontvriësing en missieformulering**

Volgens my mening en ondervinding, het die gemiddelde lidmaat in die meer geëde gemeentes weinig insig oor die armoedesituasie in ons land. Ek is van mening dat alvorens daar met die fisiese motiveringsfase begin kan word, dit noodsaaklik is dat daar eers iets oor die kerk en armes en -armoede gesê word. Ek vermoed dat indien die gemeente nie die konteks (kerk, armes en armoede) verstaan waarbinne holistiese evangelisasie moet plaasvind nie, hy moeilik gemotiveer sal word om daarmee te begin of bestaande bediening uit te brei / te verbeter. Elke gemeente kan na gelang van omstandighede self besluit hoe die toeligtig van die besondere tema gedoen moet word, asook wie die teikengroep/e moet wees. Dit kan byvoorbeeld as preektemas hanteer word, wat die voordeel het dat byna die hele gemeente aan die inligting blootgestel sal word. Dit kan egter ook tot selgroepe, gemeentekonferensies beperk word of selfs met 'n inligtingsbrochure versprei word.

Aangesien hier met 'n subsistemiese benadering gewerk word, word met "missie" in hierdie bespreking nie na die gemeente se missie verwys nie maar na die kommissie/s en/of werkgroep wat die saak van holistiese evangelisasie moet hanteer. Dit is noodsaaklik dat die betrokke missie die gemeentelike missie moet ondersteun. Volgens Nel (1994:146) kan soveel leiers en lidmate wat wil, betrokke wees by die formulering van die gemeentelike missie. Wat in hierdie geval belangrik is, is dat die verantwoordelike werkgroep / kommissie wel 'n toepaslike (sub) missie formuleer.

### **7.4.2 Fase 2: Gemeente analise**

#### **7.4.2.1 Gemeenteprofiel**

Nel (1994:163) beveel aan dat die data wat vir die profiel van die gemeente benodig word, verkieslik met 'n goed ontwerpte vraelys ingesamel moet word. Hieronder is volgens my mening tipiese vrae wat in terme van die sub-sisteem holistiese evangelisasie gevra kan word:

- Hoeveel lidmate het enige vorm van opleiding in evangelisasie ondergaan?
- Wie sou bereid wees om sodanige opleiding te ondergaan indien hy/sy nog nooit te vore opgelei is nie?
- Sou belangstellendes bereid wees om 'n toepaslike kursus in holistiese evangelisasie te deurloop?

- Is daar voorkeure waarby lidmate eerder betrokke sal wil wees en toegerus wil word? (soos byvoorbeeld evangelisasie, diens van barmhartigheid, pastorale berading, Bybelstudie en/of gebedsleiding, ensovoorts)

#### 7.4.2.2 Situasië en omgewingsdiagnose

Volgens Nel (1994:164, 165) is dit belangrik dat die ondergenoemde faktore wat 'n invloed op die bepaalde gemeente kan hê, behandel moet word:

- Sosiologiese faktore,
- Demografiese faktore,
- Ekonomiese faktore,
- Politieke faktore, en
- Godsdienstige faktore.

Onderstaande is maar enkele voorbeelde van moontlike vrae:

- Is daar armes (straatkinders, haweloses, werkloses, ensovoorts) binne die gemeentelike grense en wat is die voorkoms daarvan?
- Is daar minder gegoede woonbuurtes en/of arm gemeenskappe binne die eie of nabye grense van die gemeente? (Die inligting kan ook bekom word vir ver buite die gemeentegrense)

#### 7.4.2.3 Gemeentediagnose en –evaluering

Volgens my interpretasie kan die volgende aspekte in die evalueringsfase aangespreek word:

- Daar is na die opstel van die gemeenteprofieël (interne gegewens) en die situasie en omgewingsdiagnose (eksterne gegewens) bepaalde inligting betreffende holistiese evangelisasie.
- Aanvullend tot hierdie inligting is daar ook die Bybels-teologiese fundering vir holistiese evangelisasie aan die armes.
- Hierdie stelling inligting moet nou as't ware dialoog begin voer en met mekaar in verband gebring word.

'n Evaluasie moet gedoen word wat die gemeente se insig is betreffende sy doel, funksionering en strukturering ten opsigte van holistiese evangelisasie. Volgens Nel (1994:153) sluit dit: "'n so sorgvuldig moontlike ontleding (analise) van die sterkpunte, die swakpunte en knelpunte van die gemeente en bediening." in.

### 7.4.3 Fase 3: Strategie beplanning

Nel (1994:183) wil sien dat strategiese beplanning in die gemeentebouproses die volgende aspekte aanspreek:

- Vasstelling van die gemeente se swak-en sterkpunte
- Omskrywing van geïdentifiseerde behoeftes en probleme
- Spesifisering van die missie
- Formulering van doelwitte
- Aksiestappe ter bereiking van doelwitte
- Strategiese program met tydskedules, metodes, bronne, en verantwoordelike persone.

#### **7.4.4 Fase 4: Implementering van strategiese plan ter bereiking van doelwitte**

Dit is vir Nel (1994:196) belangrik dat beplanning gedoen word om uitvoering aan die doelwitte te gee, want hy sê: “Doelwitte bereik nie hulle self nie.” “Dit moet deur gemotiveerde lidmate op ‘n georganiseerde wyse uitgevoer word.” Hy is ook van mening dat die doelwitplan op makrovlak deur ‘n besluitnemende vergadering gekoördineer word, en dan aan die sub-taakgroepe opgedra word vir uitvoering.

#### **7.4.5 Fase 5: Evalueer, stabiliseer en herhaal proses**

Volgens Nel (1994:199) is dit belangrik dat die gemeente in sy gemeentebouproses deurlopend evalueer om seker te maak of hy nog op koers is. Dit is veral belangrik na die implementering van fase 4. Hierdie evaluering moet met gereelde intervalle plaasvind. Evaluering moet egter ook formeel een keer per jaar gedoen word.

Volgens Bisschoff (1991:300): “is die aksie van terugvoer in die sisteemteorie van groot belang. Die terugvoer dien as kontrole of die kommunikasie effektief verloop het en of die boodskap ontvang is.” Asook: “Terugvoer moet lei tot evaluering en aanpassing. Deur evaluering en aanpassing word die proses gestabiliseer.” Hy is verder van mening dat evaluering en aanpassing die gemeente weer die vraag laat vra wat die doelwitte en aksies is waarmee hy besig is. In aansluiting by Nel (1994:200) is van die belangrikste doele met evaluasie die volgende:

- Om vas te stel of die uitvoering van die gestelde doelwitplan doeltreffend is,
- Vordering met die uitvoering van die aksies te meet, en
- Indien nodig, enige regstellende aksies met die doelwitte en / of gepaardgaande organisasiestrukture te maak.

BYLAAG A

VRAELYS : GEMEENTELIKE EVANGELISASIE

o Respondentnr Vir kantoorgebruik

V1				1-3
----	--	--	--	-----

1 EVANGELISASIE ALGEMEEN

Vir kantoorgebruik

1.1	Is u gemeente aktief by evangelisasie aksies / projekte betrokke?								
	<table border="1" style="width: 100%;"> <tr> <td>* Ja</td> <td></td> </tr> <tr> <td># Nee</td> <td></td> </tr> </table>	* Ja		# Nee		<table border="1" style="width: 100%;"> <tr> <td>V2</td> <td></td> <td>4</td> </tr> </table>	V2		4
* Ja									
# Nee									
V2		4							

**NOTA:**

# Gaan direk na vraag 2 indien u antwoord op vraag 1.1 "Nee" is

\* **Voltooi die volgende vrae slegs indien u antwoord op vraag 1.1 "Ja" is**

Vir kantoorgebruik

1.2	Hoe belangrik is die volgende aspekte in u gemeente se evangelisasie ?																																												
	<table border="1" style="width: 100%; text-align: center;"> <tr> <td></td> <td>Baie Belangrik</td> <td>Belangrik</td> <td>Nie belangrik</td> </tr> <tr> <td>Sielewen (bekering)</td> <td></td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Dissipelmaking</td> <td></td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Gemeentegroei</td> <td></td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Spesifiseer ander</td> <td></td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>1.....</td> <td></td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>2.....</td> <td></td> <td></td> <td></td> </tr> </table>		Baie Belangrik	Belangrik	Nie belangrik	Sielewen (bekering)				Dissipelmaking				Gemeentegroei				Spesifiseer ander				1.....				2.....				<table border="1" style="width: 100%;"> <tr> <td>V3</td> <td></td> <td>5</td> </tr> <tr> <td>V4</td> <td></td> <td>6</td> </tr> <tr> <td>V5</td> <td></td> <td>7</td> </tr> <tr> <td>V6</td> <td></td> <td>8-9</td> </tr> <tr> <td>V7</td> <td></td> <td>10-11</td> </tr> </table>	V3		5	V4		6	V5		7	V6		8-9	V7		10-11
	Baie Belangrik	Belangrik	Nie belangrik																																										
Sielewen (bekering)																																													
Dissipelmaking																																													
Gemeentegroei																																													
Spesifiseer ander																																													
1.....																																													
2.....																																													
V3		5																																											
V4		6																																											
V5		7																																											
V6		8-9																																											
V7		10-11																																											
1.3	Volgens watter model doen u gemeente evangelisasie?																																												
	<table border="1" style="width: 100%;"> <tr> <td>Getroue getuies</td> <td></td> </tr> <tr> <td>EEIII</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Alfa</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Spesifiseer ander</td> <td></td> </tr> <tr> <td>.....</td> <td></td> </tr> </table>	Getroue getuies		EEIII		Alfa		Spesifiseer ander		.....		<table border="1" style="width: 100%;"> <tr> <td>V8</td> <td></td> <td>12</td> </tr> <tr> <td>V9</td> <td></td> <td>13</td> </tr> <tr> <td>V10</td> <td></td> <td>14</td> </tr> <tr> <td>V11</td> <td></td> <td>15-16</td> </tr> </table>	V8		12	V9		13	V10		14	V11		15-16																					
Getroue getuies																																													
EEIII																																													
Alfa																																													
Spesifiseer ander																																													
.....																																													
V8		12																																											
V9		13																																											
V10		14																																											
V11		15-16																																											
1.4	Wat is die gemiddelde tydperk wat lidmate wat enige kursus gedoen het, by evangelisasie betrokke is?																																												
	<table border="1" style="width: 100%;"> <tr> <td>&lt; 6 maande</td> <td></td> </tr> <tr> <td>6 tot 12 maande</td> <td></td> </tr> <tr> <td>&gt; 12 maande</td> <td></td> </tr> </table>	< 6 maande		6 tot 12 maande		> 12 maande		<table border="1" style="width: 100%;"> <tr> <td>V12</td> <td></td> <td>17</td> </tr> </table>	V12		17																																		
< 6 maande																																													
6 tot 12 maande																																													
> 12 maande																																													
V12		17																																											

## Vir kantoorgebruik

1.5	Is die volgende kategorieë in u gemeente by evangelisasie betrokke?		Ja	Nee			
		Klein (sel) groepe / wyke			V13		18
		Sending / evangelisasie kommissie / aksie			V14		19
		Diens van Barmhartigheid kommissie /aksie			V15		20
		Leraar/s			V16		21
		Enkele lidmate			V17		22
1.6	Watter persentasie van u lidmate is by evangelisasie betrokke?				V18		23
		< 10%					
		10-25%					
		26-50%					
		51-75%					
	> 75%						
1.7	Wie is die <b>primêre</b> teikengroep vir u gemeente se evangelisasie? (merk slegs een)						
		Gemeentelede					
		Persone buite gemeentelike grense			V19		24
		Persone binne en buite gemeentelike grense					

## 2 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Voltooi hierdie gedeelte ongeag antwoorde op vorige dele

Vir kantoorgebruik

2.1	Is die volgende aktiwiteite deel van u gemeente se diakonale aksies?	Ja	Nee	V20		25	
							V21
	Dankoffer insameling			V22		27	
	Nagmaalbediening			V23		28	
	Diens van barmhartigheid			V24		29	
	(A) Oorbetalings aan vooraf gedefinieerde organisasie/s volgens kerk se hoofkantoor / ring / sinode reëlings			V25		30-31	
	(B) Addisionele (kontant, tjeks, debietorders, ens.) donasies aan welsyns en ander verdienstelike organisasies			V26		32-33	
	(C) Fisiese skenking van lewensnoodsaaklikhede (bv. Kos, klere)						
	Spesifiseer ander:						
	1.....						
	2.....						
2.2	Tot watter mate is die volgende groepe in u gemeente verantwoordelik vir diens van barmhartigheidaksies?	Uitsluitlik	Gedeeltelik	Glad nie	V27		34
	Diakonie of toegewysde kommissie volgens kerkraadsbesluit				V29		36
	Leraar/s				V30		37
	Sel (klein) groepe				V31		38-39
	Elke lidmaat				V32		40-41
	Spesifiseer ander						
	1.....						
	2.....						
2.3	Wie is die <b>primêre</b> teikengroep vir u gemeente se diens van barmhartigheidaksies?				V33		42
	Gemeentelede						
	Persone buite gemeentelike grense						
	Persone binne en buite gemeentelike grense						

## 3 TOTALE BEDIENING : DIENS VAN BARMHARTIGHEID EN EVANGELISASIE

Vir kantoorgebruik

3.1	Wat is <b>primêre</b> wyse van funksionering van die diens van barmhartigheid en evangelisasie / sending kommissies / organisasies in u gemeente?	V34	43
	Aparte kommissies /organisasie / strukture (Geen samewerking, elkeen treë selfstandig op		
	Apart maar samewerking per geval / projek		
	Een kommissie (Een geïntegreerde kommissie / organisasie)		
3.2	Wat ag u gemeente as die <b>belangrikste</b> ?	V35	44
	Diens van barmhartigheid		
	Evangelisasie		
	Ewe belangrik		
3.3	Bied u gemeente enige kursusse aan waar lidmate se gawes in diens van barmhartigheid en / of evangelisasie ontwikkel word?	V36	45
	Ja		
	Nee		
3.4	Sluit u evangelisasiebediening (Woord) enige vorm van diens van barmhartigheid (daad) bediening in?	V37	46
	Ja		
	Nee		

## 4 TOTALE BEDIENING AAN ARMES / HULPBEHOEWENDES

Vir kantoorgebruik

4.1	<p>Het u gemeente 'n volhoubare, geïntegreerde (holistiese) evangelisasie en diens van barmhartigheid bediening(e) aan armes / behoeftiges?</p> <table border="1" data-bbox="427 461 986 528"> <tr> <td data-bbox="427 461 863 495">Ja</td> <td data-bbox="863 461 986 495"></td> </tr> <tr> <td data-bbox="427 495 863 528">*Nee</td> <td data-bbox="863 495 986 528"></td> </tr> </table> <p>* Doen direk vrae 4.6 en 4.7 indien u "Nee" gemerk het</p>	Ja		*Nee		<table border="1" data-bbox="1106 461 1406 495"> <tr> <td data-bbox="1106 461 1209 495">V38</td> <td data-bbox="1209 461 1305 495"></td> <td data-bbox="1305 461 1406 495">47</td> </tr> </table>	V38		47
Ja									
*Nee									
V38		47							

Voltooi die volgende vrae slegs indien u antwoord op vraag 4.1 "Ja" is

Vir kantoorgebruik



4.2	Wat is die frekwensie van die bediening(e)? Kies slegs 1																																								
	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>1 of 2 Weekliks</td><td></td></tr> <tr><td>Maandeliks</td><td></td></tr> <tr><td>Kwartaalliks</td><td></td></tr> <tr><td>Halfjaarliks</td><td></td></tr> <tr><td>Jaarliks</td><td></td></tr> </table>	1 of 2 Weekliks		Maandeliks		Kwartaalliks		Halfjaarliks		Jaarliks		<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>V39</td><td></td><td>48</td></tr> </table>	V39		48																										
1 of 2 Weekliks																																									
Maandeliks																																									
Kwartaalliks																																									
Halfjaarliks																																									
Jaarliks																																									
V39		48																																							
4.3	Is die volgende aksies in u bediening aan armes / behoeftiges ingesluit is?																																								
	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th></th> <th style="width: 10%;">Ja</th> <th style="width: 10%;">Nee</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>Evangelisasie (Woordverkondiging)</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Bybelstudie</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Pastorale berading</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Vaardigheidsopleiding</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Skenking van lewensnoodsaaklikhede (bv. Kos en klere)</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Spesifiseer ander 1.....</td><td></td><td></td></tr> </tbody> </table>		Ja	Nee	Evangelisasie (Woordverkondiging)			Bybelstudie			Pastorale berading			Vaardigheidsopleiding			Skenking van lewensnoodsaaklikhede (bv. Kos en klere)			Spesifiseer ander 1.....			<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>V40</td><td></td><td>49</td></tr> <tr><td>V41</td><td></td><td>50</td></tr> <tr><td>V42</td><td></td><td>51</td></tr> <tr><td>V43</td><td></td><td>52</td></tr> <tr><td>V44</td><td></td><td>53</td></tr> <tr><td>V45</td><td></td><td>54-55</td></tr> </table>	V40		49	V41		50	V42		51	V43		52	V44		53	V45		54-55
	Ja	Nee																																							
Evangelisasie (Woordverkondiging)																																									
Bybelstudie																																									
Pastorale berading																																									
Vaardigheidsopleiding																																									
Skenking van lewensnoodsaaklikhede (bv. Kos en klere)																																									
Spesifiseer ander 1.....																																									
V40		49																																							
V41		50																																							
V42		51																																							
V43		52																																							
V44		53																																							
V45		54-55																																							
4.4	Werk u gemeente met enige van die volgende organisasies saam in die bediening van armes / hulpbehoewendes?																																								
	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th></th> <th style="width: 10%;">Ja</th> <th style="width: 10%;">Nee</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>Ander gemeentes</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Staat en / of semistaat</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Privaat sektor</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Ander denominasies</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Professionele dienste bv. dokters, prokureurs, maatskaplikewerksters</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Welsynsorganisasies</td><td></td><td></td></tr> </tbody> </table>		Ja	Nee	Ander gemeentes			Staat en / of semistaat			Privaat sektor			Ander denominasies			Professionele dienste bv. dokters, prokureurs, maatskaplikewerksters			Welsynsorganisasies			<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>V46</td><td></td><td>56</td></tr> <tr><td>V47</td><td></td><td>57</td></tr> <tr><td>V48</td><td></td><td>58</td></tr> <tr><td>V49</td><td></td><td>59</td></tr> <tr><td>V50</td><td></td><td>60</td></tr> <tr><td>V51</td><td></td><td>61</td></tr> </table>	V46		56	V47		57	V48		58	V49		59	V50		60	V51		61
	Ja	Nee																																							
Ander gemeentes																																									
Staat en / of semistaat																																									
Privaat sektor																																									
Ander denominasies																																									
Professionele dienste bv. dokters, prokureurs, maatskaplikewerksters																																									
Welsynsorganisasies																																									
V46		56																																							
V47		57																																							
V48		58																																							
V49		59																																							
V50		60																																							
V51		61																																							

Vir kantoorgebruik

4.5 Dui aan waar die bediening aan armes / behoeftiges aangebied word?

	Meesal	Soms	Nooit
Kerkterrein			
Lokaal / terrein in armes se eie woongebied			
Spesifiseer ander			
1.....			
2.....			

V52		62
V53		63
V54		64-65
V55		66-67

4.6 Sou u gemeente bereid wees om 'n holistiese evangelisasie bedieningsmodel vir armes te gebruik indien dit ontwikkel word?

Ja	
Nee	

V56		68
-----	--	----

4.7 Meld hier enige ander inligting wat u meen van belang kan wees in 'n holistiese evangelisasie bediening aan die armes / hulpbehoewendes.

.....  
 .....  
 .....  
 .....  
 .....

V57		69-70
-----	--	-------

BYLAAG B

**VRAELYS : WELSYNSORGANISASIE**

Respondentno. 

V1				1-3
----	--	--	--	-----

Vir kantoorgebruik

<p>1 Wat is die <b>primêre</b> oogmerk van u welsynsorganisasie?</p> <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>Verligting van nood</td><td></td></tr> <tr><td>Berading</td><td></td></tr> <tr><td>Rehabilitasie</td><td></td></tr> <tr><td>Spesifiseer ander .....</td><td></td></tr> </table> <p>2 Het u welsynsorganisasie enige van die volgende bediening onder die armes / hulpbehoewendes?</p> <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 80%;"></th> <th style="width: 10%;">Ja</th> <th style="width: 10%;">Nee</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>Fisiese hulp met kos en klere</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Finansiële bystand</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Vaardigheidsopleiding</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Spesifiseer ander .....</td><td></td><td></td></tr> </tbody> </table> <p>3 Is die kerk op enige van die volgende wyses by u welsynsorganisasie betrokke?</p> <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 80%;"></th> <th style="width: 10%;">Ja</th> <th style="width: 10%;">Nee</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>Werkkrag (arbeid) hulp</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Evangelisasie</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Finansieël</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Pastoraat</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Spesifiseer ander .....</td><td></td><td></td></tr> </tbody> </table> <p>3 Is die staat op enige van die volgende wyses by u welsynsorganisasie betrokke?</p> <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="width: 80%;"></th> <th style="width: 10%;">Ja</th> <th style="width: 10%;">Nee</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>Mannekrag (arbeid) hulp</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Finansieël (bv. Subsidies)</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Opleidingshulp (fisies, lokaal, studiemateriaal, ens.)</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Werkverskaffing</td><td></td><td></td></tr> <tr><td>Spesifiseer ander .....</td><td></td><td></td></tr> </tbody> </table>	Verligting van nood		Berading		Rehabilitasie		Spesifiseer ander .....			Ja	Nee	Fisiese hulp met kos en klere			Finansiële bystand			Vaardigheidsopleiding			Spesifiseer ander .....				Ja	Nee	Werkkrag (arbeid) hulp			Evangelisasie			Finansieël			Pastoraat			Spesifiseer ander .....				Ja	Nee	Mannekrag (arbeid) hulp			Finansieël (bv. Subsidies)			Opleidingshulp (fisies, lokaal, studiemateriaal, ens.)			Werkverskaffing			Spesifiseer ander .....			<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>V2</td><td></td><td>4</td></tr> </table>  <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>V3</td><td></td><td>5</td></tr> <tr><td>V4</td><td></td><td>6</td></tr> <tr><td>V5</td><td></td><td>7</td></tr> <tr><td>V6</td><td></td><td>8-9</td></tr> </table>  <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>V7</td><td></td><td>10</td></tr> <tr><td>V8</td><td></td><td>11</td></tr> <tr><td>V9</td><td></td><td>12</td></tr> <tr><td>V10</td><td></td><td>13</td></tr> <tr><td>V11</td><td></td><td>14-15</td></tr> </table>  <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr><td>V12</td><td></td><td>16</td></tr> <tr><td>V13</td><td></td><td>17</td></tr> <tr><td>V14</td><td></td><td>18</td></tr> <tr><td>V15</td><td></td><td>19</td></tr> <tr><td>V16</td><td></td><td>20-21</td></tr> </table>	V2		4	V3		5	V4		6	V5		7	V6		8-9	V7		10	V8		11	V9		12	V10		13	V11		14-15	V12		16	V13		17	V14		18	V15		19	V16		20-21
Verligting van nood																																																																																																									
Berading																																																																																																									
Rehabilitasie																																																																																																									
Spesifiseer ander .....																																																																																																									
	Ja	Nee																																																																																																							
Fisiese hulp met kos en klere																																																																																																									
Finansiële bystand																																																																																																									
Vaardigheidsopleiding																																																																																																									
Spesifiseer ander .....																																																																																																									
	Ja	Nee																																																																																																							
Werkkrag (arbeid) hulp																																																																																																									
Evangelisasie																																																																																																									
Finansieël																																																																																																									
Pastoraat																																																																																																									
Spesifiseer ander .....																																																																																																									
	Ja	Nee																																																																																																							
Mannekrag (arbeid) hulp																																																																																																									
Finansieël (bv. Subsidies)																																																																																																									
Opleidingshulp (fisies, lokaal, studiemateriaal, ens.)																																																																																																									
Werkverskaffing																																																																																																									
Spesifiseer ander .....																																																																																																									
V2		4																																																																																																							
V3		5																																																																																																							
V4		6																																																																																																							
V5		7																																																																																																							
V6		8-9																																																																																																							
V7		10																																																																																																							
V8		11																																																																																																							
V9		12																																																																																																							
V10		13																																																																																																							
V11		14-15																																																																																																							
V12		16																																																																																																							
V13		17																																																																																																							
V14		18																																																																																																							
V15		19																																																																																																							
V16		20-21																																																																																																							

**BYLAAG C****AGTERGRONDINLIGTING OOR DIE KERK EN ARMES EN ARMOEDE**

Stone (1996:140) is van mening dat die kerk nie altyd 'n vriend van die armes was nie. Volgens hom was die kerk dalk te behop om sy dogma teenoor 'n klein minderheid intellektuele te verdedig. In die proses het dit versuim om diegene wat sonder stem, mag en status is, enige petisie op die lewe en bediening van die kerk te gee. Hy dink wel die kerk het 'n begeerte gehad om 'n rol in die lewe van die armes te speel maar die kerk het nie altyd die armes genooi om 'n integrale deel in sy lewe te speel nie. Die situasie is nie vir hom verlore nie, en hy dink dit is steeds moontlik dat die kerk kan transformeer tot die barmhartige gemeenskap wat God wil hê dit moet wees. Sodanige transformasie sal egter die kerk noop om ernstig oor die saak te dink en te herstruktureer, veral in hierdie tye van geweldige armoede. Dit kan uiteraard meebring dat die kerk se totale verhouding met die armes moet verander. Hy vat dit mooi soos volg saam: "A complete reversal of the church's relationship to the poor must take place. In a world that is predominantly poor, the church must first become a church for the poor, or as Gustavo Gutiérrez advocates, "a poor church".” Hy beklemtoon dat om 'n arm kerk te wees nie beteken dat daar nie plek vir die welgesteldes is nie, maar dat die kerk se lewe en bediening as't ware deur die behoeftiges en noodlydendes gevorm moet word. Hy gaan sover om te sê dat die kerk wat nie wil toelaat dat die armes en armoede 'n impak op hom het nie, onmenslik en onchristelik is. Volgens Stone (1996:141) sal die "arm" kerk, soos Jesus, homself met die uitgewekenes en armes moet vereenselwig. Wanneer die kerk Jesus se voorbeeld in sy praktyke van barmhartigheid navolg, reflekteer hy God se karakter en dien hy God.

Hiebert and Meneses (1995: 295) tref onderskeid tussen relatiewe en absolute armoede. Volgens hulle is relatiewe armoede diegene wat wel alle basiese noodsaaklikhede het maar voel dat hulle nie soveel as byvoorbeeld die bure het nie. Indien iemand egter glad nie die basiese items soos kos, water, elektrisiteit, werk, ensovoorts het nie, is dit absolute armoede. Hulle mening is dat daar 'n wêreldwye tendens is dat hele gemeenskappe van armes buite die normale sisteme van die stad ontstaan. Hierdie mense het nie basiese geriewe soos water, krag of riolering nie, en weinig het werk in die formele sektor. Hierdie mense en hulle kinders het min hoop om ooit in die hoofstroom van die stedelike lewe opgeneem te word.

Volgens Hiebert en Meneses (1995: 296, 299) is bepaalde eienskappe van armes dat hulle mededeelsaam is. Elkeen besef dat hy wat vandag het, moet deel met die wat nie het nie, want hy kan die volgende dag self weer in die situasie wees waar hy van

iemand anders afhanklik is. Hulle siening is dat hierdie mense nie noodwendig minder intelligent is as ander mense nie en ook nie luier as enige iemand anders nie. Hulle is bloot slagoffers van die chroniese armoedesituasie regoor die wêreld en gebrekkige geleenthede om te ontwikkel. Hulle stel dit duidelik dat geldelike sorg nie noodwendig hierdie mense se probleme oplos nie. Hulle stel ten slotte voor dat die armes gehelp moet word om 'n nuwe visie te kry met nuwe waardes wat hulle sal help om aan die stelsels van die normale ekonomiese gemeenskap deel te neem.

Van Engen en Thiersma (1994:208 -217) omskryf armoede kortliks soos volg:

- armoede ondermyn die arme se identiteit en ontnem hom die reg om te behoort,
- armoede word veroorsaak wanneer die gegoede selfgemaakte idees van hulle (die armes) vorm,
- armoede is wanneer die gemeenskap van die armes tot 'n niksseggende gemeenskap gereduseer word, en
- armoede is wanneer die armes doelbewus uitgesluit word van die gemeenskap.

**BYLAAG D****DIE KERK EN HOLISTIESE EVANGELISASIE ONDER DIE ARMES**

Vir Hiebert & Meneses (1995:328,341) is die saak van belang in hierdie bespreking die kerk se kortsigtigheid (onwilligheid ?) om na groepe uit te reik wat nie hulle eie kerk het nie. Die feit is dat indien die kerk nie na die onbereikte groepe uitreik nie, hulle nie die evangelie sal hoor nie.

Hulle (Hiebert & Meneses 1995: 352-355) vra wat doen die kerk om die geestelike en materiële behoeftes van die arme aan te spreek, en is dan onmiddellik van mening dat alhoewel sekere kerke baie gedoen het om die vraagstukke aan te spreek, die meeste maar weinig gedoen het aan die saak. Volgens hulle is 'n moontlike rede dat mense maar verkieslik wegbly van dié dele van die stad waar armoede 'n groot probleem is, en dus sodoende nie die armoede raaksien nie. 'n Ander wanopvatting is dat indien daar wel ekonomiese oplewing is, die situasie van die armes dienoreenkomstig verbeter, of dat indien die armes harder sou werk, dit beter met hulle sou gaan. Hulle bevestig dat hierdie sienings natuurlik nie voldoende substansie hou nie. Die vroeë kerk het nie die armes veroordeel nie, en hulle nie as minderwaardig en lui beskou nie. Hulle beveel dan in die lig hiervan aan dat 'n teologie van die armes, soos gedemonstreer deur Christus en sy bediening, onder hulle begin word. Die koninkryk omraam as't ware die bestek vir holistiese evangelisasie aan die armes, naamlik die verkondiging van die evangelie van verlossing, heling van die siekes, voeding van die hongeres, en verandering van strukture wat mense verarm en arm hou. Hulle bepleit dat die armes nie vanuit 'n meerderwaardige posisie bedien word nie, want dit sal hulle net verder onderdruk laat voel. Die bevoorregtes kan nie die minder bevoorregtes red nie maar net die genade van God. Die bevoorregtes het niks gedoen om hierdie genade te verdien nie, en kan slegs hierdie genade wat ontvang is deel met diegene wat dit nog nie ontvang het nie. Volgens hulle is die bedoeling van holistiese evangelisasie nie net om die armoede van behoeftiges te verlig nie, maar ook om te poog dat hulle deur die transformerende krag van God verander word.

Stone (1996:16) is van mening dat die kerk wat besluit het om 'n bediening onder die armes te hê, moet beseft dat daar bepaalde implikasies sal wees. Die kerk sal moet besluit hoe hy sy hulpbronne gaan allokkeer, en leraars en lidmate gaan oplei en suksesse gaan meet. Volgens hom moet die kerk wat in so 'n bediening betrokke wil raak, beseft dat hy met die harde werklikhede van daaglikse politieke, sosiale en ekonomiese realiteite te doen sal kry. Hy beveel verder aan dat die kerk gedetermineerd moet wees om die verdruktes te bevry, eerder as om algemene

kerklike sake in stand te hou. Dit is vir Stone (1996:107, 108) 'n saak van belangrikheid dat die kerk kreatief moet dink en optree in sy diens van barmhartigheid. Dit beteken dat die kerk innoverend moet wees in sy programme om die armes te dien. Argaiëse en of uitgediende programme, wat dalk net 'n bo en behalwe bediening van die kerk se barmhartighedsaksies is, sal nie vrug lewer nie. Hy voel redelik sterk dat 'n werklik barmhartige kreatiwiteit in die kerk nodig is. Dit moet van toepassing wees op die bepaalde kerk se konteks en kultuur wees. Sy siening is dat liefdadigheid net barmhartig kan wees indien dit God se barmhartigheid op 'n deurlopende wyse demonstreer. Hy beveel aan dat daar in die kreatiewe denke oor barmhartigheid ernstig aandag gegee moet word aan oplossings om armes en verstoteling ook te bemagtig. Die kern van hierdie bemagtiging is dat diesulkes self verantwoordelikheid vir hulle toekoms moet neem. Die gaan dus nie altyd om hulle (die armes en verdruktes) met meer geld in te stop nie, maar om te poog dat hulle eienaarskap vir hulle eie toekomsbeplanning neem.

Ek kry die indruk dat Stone nie met hierdie voorgenoemde siening van hom in gedagte het dat die mense aan hulle lot oorgelaat moet word om self oor die weg te kom nie. Hy (Stone 1996:109) beveel in hierdie verband dan ook aan dat die kerk die nodige hulpbronne vir sodanige bemagtiging- en opheffingsprogramme moet voorsien. Dit moet juis kreatief so gestruktureer word dat dit die mense help om uit die bouse kringloop van armoede, onderdrukking en afhanklikheid te breek. Daar kan programme wees soos geletterheidsklasse, vaardigheidsontwikkeling en werkverskaffing. Die kerk moet dus geleenthede verskaf wat sulke persone nie andersins sou gehad het nie.

Pieterse (2001:101, 124) onderskryf die voorgenoemde benadering van Stone in die volgende stelling van hom: "Die idee van "self hul situasie te verbeter en so bevryding uit hulle armoede te bewerkstellig" is fundamenteel in ons benadering. Boff en Elizondo (1995) stel dit baie duidelik dat die armes self diegene moet wees wat hulleself bevry en eienaarskap van hulle eie ontwikkeling moet aanvaar, selfs wanneer ander mense die bronne en ondersteuning bied." Hy voel sterk oor die saak dat kerke wat by die kerk van die armes betrokke wil raak, 'n vennootskap moet aangaan met die kerk van die armes. Dit kom basies daarop neer dat die kerk wat wil help na die behoeftes van die kerk van die armes moet luister om dit te verstaan. Die basiese uitgangspunt is dus steeds dat die armes moet sê wat hulle behoeftes is en dat hulle gehelp moet word om hulleself te bevry. Pieterse (2001:124) sê hieroor: "Hulle moet uiteindelik tot die besluit kom om mee te gaan met God se bevrydingswerk in hulle midde as medewerkers van God."

Pieterse (2001:118) het geen twyfel nie dat indien die kerk God se liefde, genade, heil en bevryding aan die armes wil kommunikeer, dit met woord en daad gedoen sal moet

word. Die kerk moet dus sterk diakonaal van aard wees en gerig wees sodat armes God se genade kan beleef. Pieterse (2001:121) staaf hierdie siening van hom soos volg: “'n Diakonale kerk in ons land is 'n kerk wat in die naam van die Here konkreet uitreik na die armes en solidêr met hulle is. Die einddoel van hierdie diakonie is bevryding: dat die armes in Christus die bevryding wat sy heil bring deur geloof in Hom sal ervaar, en materieel van hulle armoede bevry sal word tot 'n beter lewe.”

Green (1990:401-408) benader hierdie aspek eerstens vanuit die belangrikheid dat die leraar/s self 'n passie vir evangelisasie moet hê. Hy meen dat die kerk kwalik vir evangelisasie gemotiveer en gemobiliseer sal word as die passie nie in die harte van die leierskorps brand nie. Hy beklemtoon dus die belangrikheid dat die saak gepropageer sal moet word. Dit is naas aanbidding die belangrikste opdrag vir Christene. Leraars sal nie net 'n passie daarvoor moet hê en daaroor praat nie, maar sal ook die voorbeeld moet stel in hulle prediking, aanbidding, Bybelstudie en gebedslewe. Indien hulle as modelle optree, sal dit ander mense aansteek om dieselfde te wil doen. Sy siening is verder dat, indien aanbiddingspatrone nie ondersteunend is tot evangelisasie nie, sal dit dienooreenkomstig aangepas moet word. Hy maan ook dat daar gesorg moet word dat die nodige hulpbronne aangestel word en in liefde toegerus word om die leiding te neem in evangelisasie in die gemeente. Gewone lidmate moet integraal deel wees van al hierdie aksies, want so word die liggaam opgebou terwyl dit die ander lede dien. Hy lê besondere klem op die feit dat evangelisasie in die lewenstyl van almal sigbaar moet wees naamlik in die werkplek, kerk, skool, en alle ander terreine van die mense se lewens. Alhoewel die uitwendige gerigtheid van kardinale belang is, is dit ook noodsaaklik dat interne aspekte nie afgeskeep word nie. Soos mense meer en meer van God se liefde bewus raak, sal hulle alhoemeer gemotiveer word om self kanale daarvan te wees wat tot kragtige en effektiewe evangelisasie sal lei. Hy (Green) sluit sy voorgenoemde benadering af met die noodsaaklikheid dat die kerk die liefde van God in alle fasette (holistiese evangelisasie) van die lewe uitleef.

Watson (1999:298-299) sluit by die voorgenoemde bespreking aan met sy standpunt dat die kerk altyd, ook in hierdie eeu, erns moet maak met **evangelisasie**. Hy voel sterk dat die kerk elkeen moet aanmoedig om op een of ander wyse by evangelisasie betrokke te wees, en indien persone wel betrokke raak, moet die kerk hulle ondersteun. Hy (Watson) meen dat in hierdie dae waar daar baie weerstand teen die Woord is, die kerk nie net kan aanhou om Bybelse stellings te maak nie, maar die Bybel moet ook in die kerk se gedrag sigbaar, wees ten einde te bewys dat Christus in hom lewe. Hy maan dat die kerk in die uitvoering van sy sendingopdrag daarteen moet waak dat hy nie sy barmhartigheidstaak afskeep nie. God is ewe-eens besorg oor die



wen van siele, asook dat geregtigheid en barmhartigheid, veral teenoor die armes, geskied. Die kerk moet Jesus se liefde aktief demonstreer in sy uitreik na die minderbevoorregtes, wat dit heelwaarskynlik nie vanuit ander oorde sal ontvang nie. Volgens (Watson 1999:299-330) het die praktyk bewys dat diegene wat die grootste nood het, heel dikwels die meeste ontvanklik vir die evangelie is. Die bewese vorme van sending / evangelisasie is steeds geldig. Die kerk moet die kommunikasiemetodes wat hy gebruik om die evangelie te verkondig, deurlopend vir toepaslikheid evalueer en die nodige aanpassings maak. Dit sou fataal wees om aan uitgediende vorme van evangelieverkondiging te bly vaskleef. Sodra die plaaslike kerk nuwe vorme van evangelisasie geïdentifiseer het, wat in sy bepaalde omstandighede werk, moet hy lidmate dienooreenkomstig inspireer en oplei. Daar mag heelwat struikelblokke ondervind word, maar dit sal tragies wees as die kerk die uitdagings ignoreer (Watson 1999:330).

Dit is vir Schutte (1998:38-39) belangrik dat die gemeente die nood van mense moet raaksien en aanspreek. Hierdie siening van hom ondersteun een van die beginsels van diensevangelisasie. Hy bevestig dat die gemeente 'n goeie infrastruktuur nodig het om dit te kan doen, want behoeftes wat geïdentifiseer word, moet aangespreek kan word.

Guder (2000:133) neem ook aan die debat van uitdagings mee maar skets eerstens 'n probleem. Hy is bekommerd oor die feit dat die kerk die verkondiging van die evangelie tot persoonlike redding gereduseer het, en dat dit nou die doel van die kerk geword het. Samehangend hiermee het die kerk van 'n sogenaamde "Beweging" tot die hedendaagse "Institusie" getransformeer, en was die klem alhoemeer gerig op die bediening van redding. Guder (2000:133) meen dan dat die kerk se aanbidding, bediening van die sakramente, en dogma alles op die redding van die mens gefokus het. Die primêre vraag wat die kerk gevra het wie is en wie nie is gered? Hy (Guder 2000:135) vat dit dan eintlik mooi saam as hy sê dat die kerk meer op sy eie interne sake gerig was en nie die verband verstaan het tussen sy interne lewe en roeping na buite nie. Aanbidding het 'n doel opsigself geword in plaas daarvan om dit as God se voorbereiding vir sending te sien. Vir Guder (2000:144) lê die uitdaging vir die kerk se evangeliese bediening dan in die feit om voortdurend na die voorbeeld en sending van Christus te transformeer. Guder (2000:155) beklemtoon sy betoog vir hierdie voortdurende transformasie van die kerk met die volgende woorde: "The continuing conversion of the church happens and is demonstrated here, when we encounter and celebrate Jesus Christ as our risen and present Lord, in our midst. Our worship is therefor the first demonstration before the world of our sentness, as we respond to God's grace in the good news of Jesus Christ."

Volgens Nel (1981:126-128) is evangelisasie elke gelowige se taak. Hy verwys na verskeie teksdele om die siening te staaf, byvoorbeeld in Lukas 10:1-18 waar Jesus aan sewentig van sy dissipels opdrag gee om te verkondig dat die koninkryk van God naby gekom het. 'n Verdere verwysings is Matteus 5:11-16 waar Jesus sy volgelinge maan om sout vir die aarde te wees en in Matteus 28:18-20 stuur Jesus sy dissipels die hele wêreld in. Dit is na aanleiding van hierdie tekste en die hele Skrif duidelik dat die verkondiging van die evangelie elke gelowige se taak is. Die besorgdheid vir die redding van siele en naasteliefde moet gestalte kry in die omgee vir die swakkes, verlore nes, kerkvervreemdes, ensovoorts.

Nel (1981:129-130) brei dan verder uit oor hierdie aspek, in die sin dat evangelisasie nie soseer in 'n persoon gesetel is nie maar in die kerk. Die kerk is die evangelis. Hy stel dit dus duidelik dat evangelisasie nie net enkele gelowiges of belangstellendes se taak is nie, maar dié van die hele kerk. Dit is die sentrale taak van die kerk en vorm die hart en siel van die kerk, want Christus stuur self die kerk soos hy in die wêreld gestuur is.

Green (1990:8-11) se standpunt vind aansluiting by Nel, naamlik dat evangelisasie ook nie net die taak van die leraar of die kerkraad is nie. Volgens hom het elke Christen die verantwoordelikheid om van sy verlossing en die genade van Jesus te getuig. Elke Christen het nie nodig om professioneel opgelei te word om sy getuieis te lewer nie. Dit is in werklikheid een bedelaar wat vir 'n ander vertel waar hy "brood" gekry het. Green (1990:11) bevestig dat die taak van evangelisasie is ook nie afgehandel as die getuieis gelewer is nie. Gelowiges moet in die liggaam van Christus, dit is sy kerk, opgeneem word. Mense moet ook as't ware versoek word om 'n besluit vir of teen Jesus te neem en indien die besluit vir Jesus is, moet die proses van dissipelmaking voortgesit word.

Volgens Nel (1981:131,134-136,139) is evangelisasie weens verskeie redes oor baie jare afgeskeep. Dit het egter volgens hom in die latere jare van die twintigste eeu aandag begin kry. Sy mening is dat die kerk weer in 'n tydperk lewe waar sy taak herontdek en gehandhaaf word. Die gemeente word onder die leiding van die ampte weer as die tweede onderwerp van evangelisasie gehandhaaf. Hy stel dit onomwonde dat die kerk nie ware kerk kan wees as hy nie evangeliserend in hierdie wêreld besig is nie. Die kerk het nie net die taak om sy eie te bewaar en teen die aanslae te verdedig nie. Hy het ook 'n uitbreidende taak en met die evangelie 'n aanslag op die wêreld te doen. Dit is noodsaaklik dat die gemeente se lewe en sy woorde sy evangelisasieaksies weerspieël. Die woordgetuieis moet in die lewe van die gemeente sigbaar wees.

Nel (1981:140-143) bepleit dat gemeentes 'n gesonde balans moet handhaaf tussen die "kom" en "gaan" benaderings. Solank as wat evangelisasie as die taak van die leraar beskou word, sal dit 'n "kom" benadering hê. Indien die beskouing is dat dit 'n gemeentelike bediening is, met ander woorde elke lidmaat se taak, sal daar 'n gesonde balans wees tussen "gaan" en "kom". Die Skrif (Mat 28:18-20 en andere) is tog duidelik dat Jesus se opdrag aan die kerk is om te "gaan". Die duiwel mislei die kerk deur te glo dat ongelowiges agter die evangelie moet aankom. Die kerk mag nie selfgerig wees nie, maar moet 'n instrument in God se hande wees om die wêreld onder sy heerskappy te bring. Die kerk moet as't ware sy geboue verlaat om na sondaars uit te reik en dan weer tesame met die sondaars terugkeer na die geboue. Daar moet dus strukture in plek wees om die nuwe bekeerlinge te huisves.

Volgens Stedman (1995:111-118) het die konsep "om vir die kerk te werk", oor jare heen redelik verander. Hy meen in die vroeër jare was die konnotasie wat aan die begrip geheg was, dat dit iemand was wat 'n gawe enige plek in die liggaam van

Christus aangewend het. Volgens hom is die huidige konnotasie ongelukkig dat dit 'n spesiale taak is wat in 'n kerkgebou verrig moet word. Die begrip dat elke Christen 'n priester moet wees het dus grootliks verlore gegaan. Hy brei verder uit en meen die bediening van die evangelie word nou vir die professionele predikante gelos en mense glo dat hulle enigste plig is om op Sondag kerk toe te kom. Volgens hom plaas hierdie onbybelse siening 'n geweldige en onredelike druk op predikante. Hulle is bloot net nie alleen in staat om die evangelie te verkondig en die siekes te besoek en die nood van almal aan te spreek nie. Die hele liggaam van Christus is toegerus met gawes om take van bediening te doen. Hy beklemtoon die belangrikheid dat elke lidmaat opgelei en aangespoor moet word om die liggaam in wysheid te dien. Paulus stel dit in Efesiërs 4:12 duidelik dat dit apostels, profete, evangeliste en herders se taak is om gelowiges vir hulle diens toe te rus en om die liggaam op te bou.

Green (1990:86-87) gebruik die voorbeeld van die kerk van Antiogië om die betrokkenheid van lidmate in bediening te beklemtoon. Die kerk van Antiogië het nie net geleentheid aan lidmate gegee nie, dit is deur gewone Christene gestig. Hy maan dat nie net onbenullige take aan gewone lidmate gegee moet word nie en dat al die "belangrike" take nie aan die predikant en kerkraad oorgelaat moet word nie. Volgens hom kan hierdie benadering tweespalt veroorsaak en die indruk skep dat lidmate niks weet nie en die formele amptenare alles. Die predikant moet waak dat hy nie inisiatief demp nie. Effektiewe evangelisasie is slegs moontlik indien alle lidmate die werking van al die ledemate van die liggaam besef en dit ook toelaat. Daar is baie bewyse van kerke wat groei waar lidmate toegelaat word om hulle roeping en funksie in die kerk van Christus te volvoer.

Watson (1999:250-267) sluit mooi aan by die gesprek in sy pleidooi dat die kerk opnuut na sy funksie van bediening en leierskap moet kyk. Volgens hom sê die Bybel dat **elke Christen 'n priester** is. Daar is verskillende vorme van bediening wat onder die leiding van die Heilige Gees in die kerk bestaan. Die oudmodiese benadering van leraar teenoor lidmaat het die groei van die kerk en die werk van die Heilige Gees ernstig gekortwiek. Hy (Watson) meen hierdie benadering het veroorsaak dat die gewone lidmate oor die algemeen redelik passief was, want die bediening is vir die predikant gelos. Hierdie model is vreemd aan die Nuwe Testamentiese model waar alle Christene verantwoordelik was vir die werk van die gemeente. Hy beklemtoon verder die belangrikheid dat in hierdie tye van geldnood, waar spesialiste vir die bediening in die kerk nie meer oor die algemeen bekostig kan word nie, alle gelowiges aktief en doelgerig in die bediening van die kerk gebruik moet word. Hy beveel aan dat die kerk vir die uitvoering van sy funksies volgens sy gawes gestruktureer word. Die een gawe

(funksie) is nie belangriker as die ander nie, maar die kerk moet in hierdie dae van baie hartseer, beproewinge en terugslae 'n gemeenskap wees wat vir sy naaste omgee en hom versorg. Hy voel sterk dat die kerk wat sy bedieninge ernstig opneem, geestelike groei en getallegroei sal beleef.

Buchanan & Hendrik (1995:40) is ook van mening dat die predikant hoofsaaklik tot sy direkte bedieningsomgewing beperk is, terwyl lidmate oor 'n breë spektrum van die samelewing versprei is om hulle invloed te laat geld. Volgens hulle sal kerkleiers wat 'n visie hieroor het, sonder versuim begin om te belê in die opleiding van potensiële lidmate, sodat die Koninkryk van God uitgebrei kan word deur hulle werk en getuienisse. Hulle bevestig dat outokratiese kerkleierskap nie meer aanvaarbaar is nie, en die kerk moet weer besef dat hy 'n dienskneggestalte sal moet aanneem wat onder die gesag van die Skrif leef en bedien (Buchanan & Hendrik 1995:78). Om dienskneg te wees beteken nie om die ander persoon te gee wat hy wil hê nie, maar wat hy nodig het. Die diens is nie tot eer van die persoon nie maar tot eer van God (Buchanan & Hendrik 1995:87).

Nel (1981:144-150) spreek ook die rol aan van die leraar ten opsigte van evangelisasie in die gemeente. Sy siening is dat die ampte histories die gewone lidmate begin oorheers het en dit het aanleiding gegee tot die onderskeid tussen "geestelikes" en "leke". Gelowiges is as't ware tot onmondige leke gedegradeer. Dit het meegebring dat "leke" al hoe minder in die evangelisasietaak belang gestel het, en allermens om daarby betrokke te raak. Ampsdraers het die evangelisasietaak alhoemeer as hulle verantwoordelikheid gesien, ten spyte van die feit dat die Skrif dit as elke gelowige se taak sien. Dit is die leraar se taak om die gemeente weer tot volle betrokkenheid in evangelisasie te lei. Dit is egter 'n langsame proses. Lidmate moet begelei word om nie selfgerig te wees nie, maar tot diens aan ander. Dit bring mee dat die gesindheid moet verander van om niks te doen nie na betrokke raak. Lidmate moet begelei word om nie langer stil te bly nie maar om te luister en oor te dra. Leraars moet dus opnuut hulle Skrifgefundeerde roeping volgens Efesiërs 4:11-16 verstaan, naamlik die toerusting van die gemeente vir hulle dienswerk. Die leraar moet dus die lidmaat toerus sodat hy met sy werk kan aangaan. Hy (Nel) meen die leraar moet bo en behalwe hierdie toerusting, die kerkraad en die gemeente begelei tot 'n nuwe visie van die wese en taak van evangelisasie. Die leraar moet in dit alles die voorbeeld stel. Hy mag dus nie sy eie taak ten opsigte van evangelisasie afskeep nie. Dit gaan essensieel oor saamdoen met die lidmaat, tot waar die lidmaat sodanig toegerus is dat hy die leraar kan help met die evangelisasietaak. So word die lidmaat geleer om te doen wat hy veronderstel is om doen.

**BYLAAG E****AGTERGRONDINLIGTING AAN GEMEENTES WAT ERNS WIL MAAK MET OPLEIDING**

Volgens Guder (1985:167-174) het elke Christen 'n plig om te getuig maar is dit ook tog 'n feit dat God sekere mense roep en toerus om gespesialiseerde funksies van evangelisasie te doen. Dit is deel van die Heilige Gees se toerusting van die kerk. Hierdie spesiale funksies het nie ten doel om elke Christen se verantwoordelikheid as getuie te vervang nie, maar dien as ondersteuning vir die totale bediening deur die kerk. Hierdie gespesialiseerde bedieninge vereis spesiale strategieë en toegeruste mense. Indien die kerk sy evangelisasieveld vernou, verminder dit ook die impak wat dit op die wêreld kan hê. Indien die kerk hierdie spesiale bedieninge ignoreer of afskeep, kan ander organisasies ontstaan wat dit sal oorneem. Die vraag ontstaan of God nie juis sulke organisasies toerus om evangelisasie te doen waar die kerk dit afskeep nie? Sou die kerk die werk gedoen het as die Heilsleër ("Salvation Army") nie daar was om te doen wat hulle doen nie? Die diversiteit van die verskillende bedieninge is heeltemal Bybels in die lig van die verskeidenheid gawes wat die Gees gee, en dit hoef nie in stryd met mekaar te wees nie.

Volgens Coleman (1986:134-136) leer die Here ons in Matteus 9:38 dat daar gebid moet word vir arbeiders wat na die oeslande gestuur kan word. Vir hom begin dit dus by gebed en God sal werkers verskaf wat die werk in sy koninkryk sal doen. Hy bevestig verder dat dit noodsaaklik is dat diegene wat as arbeiders in God se koninkryk wil werk, geïdentifiseer en opgelei moet word. Geleenthede moet dan geskep word dat diesulkes opgelei kan word. Hulle moet onderlê word in die beginsels van dissipelskap soos gehoorsaamheid, Bybelstudie, gebed, ensovoorts. Elke nuwe leerling kan volgens sy bepaalde gawe in die praktyk opgelei word, en self deel hê aan suksesse en mislukkings. Dit is vir hom kritiek belangrik dat elke persoon iets moet doen, en hy stel voor dat 'n persoon aanvanklik net gebruik word om ander nuwe gelowiges te ondersteun. Hulle verantwoordelikheidsveld kan uitgebrei word soos wat hulle beter toegerus word. Hy ag dit noodsaaklik dat hierdie identifisering en toerusting van nuwe dissipelmakers geskied onder die leiding van die Heilige Gees want die mens kan dit nie in eie krag doen nie. Hy beklemtoon die belangrikheid dat hierdie konsep van dissipelmaking goed verstaan word, want dit is die Bybelse bedoeling daarvan naamlik die reprodusering van dissipels. Hy besef natuurlik daar is diegene wat nie met hom saamstem nie, want volgens hulle mening is dissipelmaking slegs die bekering van mense en om hulle by die kerk betrokke te kry.

Nel (1994:52) wil nie sien dat die gemeente gereduseer word net tot dit wat die leraar en 'n paar helpers kan doen nie. Hy lê klem op die Bybelse beginsels dat die leiers die gemeente moet oplei vir sy taak. (Nel 1994:53) sê: “Om die dienste van die leiers en die diens van alle Christene in Gemeentebou te begryp, is dit nodig om die gemeente te help om in te sien dat die bediening van Christus deur die hele liggaam tot uitdrukking kom.” Malan (1994:56) stel dit dan verder dat: “Gewortel in 'n opregte en persoonlike verhouding met die Vader, Seun en Gees moet die gelowige gebou en gevoed word tot geestelike groei, vrugdra en diens in die Koninkryk.” Hy wonder of die feit dat sekere gemeentes geen volgehoue en doelgerigte toerustingsprogram vir lidmate het nie, dalk die rede kan wees dat sulke gemeentes stagneer of agteruit gaan nie (Malan 1994:57).

Louw (1984:81, 82) voel dat dit 'n sterk oorweging vir gemeentes moet wees om vanuit die gawes wat aan die gemeente gegee is, 'n verskeidenheid plaaslik bedieninge te vestig. Dit is vir hom van die grootste belang dat die dienswerk van die gelowiges in die praktyk sal realiseer.

## **AANHANGSEL F**

### **VOORBEELD VAN PRAKTIESE HOLISTIESE EVANGELISASIEBEDIENING AAN BEHOEFTIGE GESINNE TE JAN NIEMANDPARK, PRETORIA.**

#### **1 AGTERGROND**

Jan Niemandpark is 'n woongebied aan die oostekant van Pretoria. Dit grens aan die meer bekende East Lynne. Alhoewel 'n mens nie kan veralgemeen nie, is die woonbuurt bekend as een van Pretoria se mindergegoede gebiede en herinner die omgewing sterk aan Danville aan die westekant van Pretoria. Die gebied het heelwat kerke wat die verskillende denominasies goed verteenwoordig. Daar word aanvaar dat gemeentes weens die armoedesituasie self ook maar finansiële swaarkry en dus afhanklik is van eksterne hulpverlening. Die woonbuurt is dus 'n tipiese "teiken" vir holistiese evangelisasie.

#### **2 OORSIG VAN BEDIENING**

##### **2.1 Keuring van mense**

Die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) Derdepoort bedien die gebied. Persone (enkeltlinge en gesinne) wat minder as 'n vasgestelde inkomste verdien, kan by die CMR registreer vir voedsel- en kosbystand. Sulke aanmeldings word volgens bepaalde kriteria geëvalueer en indien hulle suksesvol is, as sodanig geregistreer. Daar is tans vyf en sestig mense (mengsel van enkeltlinge en gesinne) geregistreer wat vir voedsel- en klerehulp kwalifiseer. Die keur- en registrasieproses word twee of drie keer per jaar herhaal.

##### **2.2 Holistiese evangelisasiebediening**

###### **2.2.1 Bedieningspan**

Die bedieningspan sien soos volg daaruit:

- Musiekspan
- Bedienaars van die Woord
- Jeugbedieningspan
- Verversingspan
- Aankopers en kospakkers



Elke lid van die bedieningspan doen die taak omdat die Here hom / haar persoonlik daartoe geroep het. Elkeen het natuurlik ook sy / haar bepaalde gawe wat uitgeleef kan word in die bediening.

### **2.2.2 Lofsang en Woord**

Die groep mense (ongeveer negentig persone) kom tweeweekliks bymekaar op Saterdagoggende om 9h00 by die CMR se terrein. Die eerste vyftien minute word gewy aan lofsang. Daarna lewer een van die bedienaars van die Woord 'n boodskap vir ongeveer vyftien tot twintig minute. Daar word gepoog om 'n jaartema uit te werk en die bediening van die Woord geskied in terme van die tema. Daar kan in plaas van die Woordbediening 'n Bybelvasvra gehou word om "eentonigheid" te voorkom. Die kinders verlaat normaalweg die volwassenes ná die lofsang en word dan verder deur die jeugspan bedien met toepaslike aktiwiteite soos speletjies, Bybelonderrig ensovoorts.

### **2.2.3 Pastorale Berading**

Persone word gedurende die duur van die hele bediening geleentheid gegee om enige probleme en / of gebedsversoeke met lede van die bedieningspan te bespreek. Indien berading nodig is, word dit gehanteer deur die spanlid wat daarvoor opgelei is. Daar is weens die armoede en ander aanverwante faktore heelwat gevalle van egskedings, drank-en dwelmprobleme, kindermolestering, werkloosheid, huweliksgeweld, ensovoorts. Dit is haas onmoontlik om in die bestek van twee ure elke tweede Saterdag sinvol aandag te gee aan die probleme, en dit is 'n groot leemte. Die CMR hanteer natuurlik ook die meeste van die probleme sover dit in hulle vermoë is. Indien die tyd en omstandighede dit toelaat, sal persone ook op spesiale versoek by hulle huise besoek word, waar berading meer privaat gedoen kan word.

### **2.2.4 Kospakkies**

Die kosaankope word gedurende die week deur die aankopers gedoen. Fondse word deur 'n spesifieke gemeente vanuit hulle Geloofsbelofte-offer voorsien. Die kospakkers pak die pakkies op Donderdagaande. Die pakkies word volgens die grootte van die gesin gepak. Sodra die Woordbediening afgehandel is, word die mense met verversings getraakteer, en word die kospakkies volgens 'n register uitgedeel. Dit is vir menige gesinne die enigste kos wat hulle vir die volgende twee weke ontvang. Dit is

egter totaal onvoldoende, en moet deur die gesin gerantsoeneer word sodat hulle dit tot die volgende keer kan hou.

Klereskenkings wat ontvang word, word nie tydens Saterdag uitgedeel nie maar word aan die CMR gegee om te versprei na gelang van behoeftes.

**Bronnelys:**

- Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1986. Diakonia en koinonia. "Die Diakonaat en die gemeenskap van die heiliges. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Arias, M & Mortiner, M 1992. The great commission. Biblical models for evangelism. Nashville: Abingdon Press.
- Armstrong, R S 1979. Service evangelism. Philadelphia: Westminster.
- Armstrong, R S 1987. Faithful witnesses. Philadelphia: Geneva.
- Barna, G 1995. Evangelism that works. Ventura: Regal.
- Barnard, A C (red) 1982. Die diens van barmhartigheid in Skrif en praktyk. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Barret, C K 2002. Acts. A Shorter Commentary. Edinburgh: T&T Clark.
- Berkouwer, G C 1976. The church. Grand Rapids: Eerdmans.
- Bisschoff, J H 1991. Gemeentebou: 'n Prakties – Teologiese Basisteorie. DD, Universiteit van Pretoria.
- Bosch, D J 1979. Heil vir die wêreld. Die Christelike sending in teologiese perspektief. Transvaal: N.G. Kerkboekhandel.
- Bosch, D J 1991. Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission. Maryknoll: Orbis Books.
- Brueggemann, W 1993. Biblical Perspective on Evangelism. Nashville: Abingdon.
- Buchanan, D & Hendriks, J (reds) 1995. Meeting the future. Randburg: Knowledge Resources.
- Carson, D A (red) 1987. The church in the Bible and the world. Grand Rapids: Baker Books.
- Chirgwin, A M 1954. The Bible in world evangelism. New York: Friendship.
- Coleman, R E (red) 1986. Evangelism on the cutting edge. Old Tappan: Revell.
- De Klerk, J J (red) 1990. Die diens van barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- De Villiers, J L 1977. Die handeling van die apostels. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers
- Douglas, J D (red) 1975. Let the earth hear his voice. Minneapolis: World.
- Douglas, J D (red) 1984. The work of an evangelist. Minneapolis: World Wide.
- DuBose, F M 1983. God who sends: A fresh quest for Biblical mission. Nashville Tennessee: Broadman.
- Dulles, A 1987. Models of the Church. Broadway: Doubleday.
- Elliston, E J (red.) 1989. Christian Relief and Development. Developing Workers For Effective Ministry. Dallas: Word.

- Green, M 1990. Evangelism through the local church. London: Hodder & Stoughton.
- Green, M 1995. Evangelism in the early church. Guildford: Inter Publishing.
- Groenewald, EP 1989. Die evangelie volgens Lukas. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- Guder, DL 1985. Be my witnesses: The church's mission, message, and messengers. Grand Rapids: Eerdmans.
- Guder, DL 1998. Missional Church. A Vision for the Sending of the Church in North America. Grand Rapids: Eerdmans.
- Guder, DL 2000. The continuing conversion of the church. Grand Rapids: Eerdmans.
- Guthrie, S 2000. Missions In The Third Millenium. 21 Key Trends For The 21<sup>st</sup> Century. Cumbria: Paternoster.
- Haveman, GG 1996. Gemeentebou In Diens Van Die Koninkryk Van God. DT, Universiteit van Suid-Afrika.
- Heitink, G 1999. Practical theology: History, theory, action domains. Grand Rapids: Eerdmans.
- Henry, M 1991. Matthew Henry's commentary on the whole Bible. USA: Hendrickson.
- Heyns, J A 1977. Die kerk. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Hiebert, P G & Meneses, E H 1995. Incarnational ministry. Planting churches in band, tribal, peasant and urban societies. Grand Rapids: Baker.
- Hodge, C 1975. A commentary on Romans. Edinburgh: Banner Of Truth Trust.
- Hodges, M L 1977. A theology of the church and its mission. Missouri: Gospel.
- Kennedy, J 1983. EEIII. Dissipelskap opleidingsprogram vir persoonlike evangelisasie. Pretoria: Gutenberg.
- Kistemaker, SJ 1990. New Testament Commentary. Grand Rapids: Baker
- Knoetze, J J 2002. Teologiese motiewe vir 'n missionêr diakonale bediening van die kerk: Op weg na 'n begronding van die missionêr diakonale ekklessiologie. DD Tesis, Universiteit van Pretoria.
- Kraus, C N (red) 1980. Missions, evangelism, and church growth. Scottdale: Herald.
- Kuiper, R B 1961. God-centred evangelism. Pennsylvania: Baker.
- Lemmer, L A S 1994. Missionêre diakonaat en die middestad gemeente. 'n Studie gegrond in die middestad van Pretoria. BD, Universiteit Van Pretoria.
- Louw, LK 1984. Dienswerk. 'n Eietydse Bedieningsmodel Vir Die Opbou Van Die Gemeente. DT, Universiteit van Suid-Afrika.
- McKee, E A 1989. Diakonia in the classical reformed tradition and today. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Miles, D 1986. Evangelism and social action. Nashville: Broadman.
- Nel, M 1981. Jeuevangelisasie deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk. DD Tesis, Universiteit van Pretoria.

- Nel, M 1994. Gemeentebou. Halfway House: Orion.
- Nel, M 1996. *Diens-evangelisasie: 'n styl waar teologie en metodologie mekaar ontmoet*. Praktiese Teologie in Suid Afrika, Vol11, 38-47.
- Overduin, J 1956. Die evangelie vandag! Lesings en preke. Potchefstroom: Pro Rege.
- Pauck, W (red) 1961. Luther. Lectures on Romans. Philadelphia: Westminster.
- Pieterse, HJC 2001. Prediking in 'n konteks van armoede. Pretoria: Unisa.
- Poser, K 1987. Diakonia 2000. Called to be neighbours. Official report WCC. World consultation inter-church aid, refugee and world service, Lanaca, 1986. Geneva: WCC.
- Pretorius, LA 1988. Heil Of Gemeenskapsontwikkeling. 'N Ondersoek Na Kerklik-Diakonale Betrokkenheid In Die Suider Afrikaanse Konteks. DT Tesis, Universiteit van Suid-Afrika.
- Schutte, P J W 1998. Evangelisasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. DT Tesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Stedman, R C 1995. Body life. Grand Rapids: Discovery House.
- Stock, A 1994. The method and message of Matthew. Collegeville: Liturgical.
- Stone, BP 1996. Compassionate Ministry. Theological Foundations. Maryknoll: Orbis.
- Stott, J (red) 1982. Evangelism and Social Responsibility. An Evangelical Commitment. Grand Rapids: A Joint Publication of the Lausanne Committee for World Evangelization and the World Evangelical Fellowship.
- Talbert, CH 1982. Reading Luke. A Literary And Theological Commentary On The Third Gospel. New York: Crossroad.
- Van Engen, C & Tiersma, J (red) 1994. God so loves the city. Seeking a theology for urban mission. California: MARC.
- Van Klinken, J 1989. Diakonia. Mutual helping with justice and compassion. Grand Rapids: Eerdmans.
- Wagner, CP 2000. Acts of the Holy Spirit. A Modern Commentary On The Book of Acts. Ventura: Regal.
- Watson, D 1976. I believe in evangelism. Grand Rapids: Eerdmans.
- Watson, D 1999. I believe in the church. London: Hodder and Stoughton.
- Bybel In Praktyk 1996. Vereniging: CUM.